

**'N LITERATUURSOSIOLOGIESE ONDERSOEK NA 'N GROEP  
AFRIKAANSE TAGTIGERPROSASKRYWERS**

deur

**JOHAN DIRK HEYNS**

voorgelê luidens die vereistes  
vir die graad

**DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE**

in die vak

**AFRIKAANS**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**PROMOTOR: PROFESSOR E BOTHA**

**JUNIE 1995**

## INHOUDSOPGAWE

	bladsy
LYS VAN TABELLE	i
OPSOMMING	iv
SUMMARY	vi
HOOFSTUK EEN	
VERANTWOORDING	1
1.1.       Probleemstelling en vertrekpunte	7
1.2.       Bestaande navorsing oor studieterrein	11
1.3.       Werkswyse	13
HOOFSTUK TWEE DIE TAGTIGERSKRYWERS	16
2.1.       Die terme "Tagtiger" en "tagtigerskrywer"	16
2.2.       Wie en wat is die belangrikste Afrikaanse tagtigerskrywers en -tekste?	23
2.2.1. <i>Tydskrif vir Letterkunde</i>	24
2.2.2.     Geschiedskrywing: J.C.Kannemeyer	27
2.2.3.     Die bekroning van tagtigertekste	30
2.2.4.     Vertalings van tagtigertekste	35
2.2.5.     Herdrukke en klankopnames van tagtigertekste	39
2.3.       Die negentien gekose tagtigerskrywers as proefgroep, hulle tekste en uitgewers	44
2.4.       Biografiese inligting: vraelyste	48
2.5.       Biografiese besonderhede van die proefgroep	55
2.6.       Die proefgroep se skryfmotivering	67
2.7.       Gevolgtrekking	71

<b>HOOFSTUK DRIE ENKELE SAMEBINDENDE ASPEKTE IN DIE PROEFGROEP</b>		
	<b>SE TAGTIGERPROSATEKSTE</b>	<b>73</b>
3.1.	Algemeen	73
3.2.	Terugkerende kategorieë in die proefgroep se tekste	74
3.2.1.	Betrokke en politieke literatuur	76
3.2.2.	Tekste met realistiese elemente	81
3.2.3.	Grens- en geweldliteratuur	83
3.2.4.	Tekste met postmodernistiese elemente	88
3.2.5.	Tekste met homoërotiese inhoud	94
3.2.6.	Goeie gewilde prosa	97
3.3.	Die kortverhaal	101
3.4.	Gevolgtrekking	107
 <b>HOOFSTUK VIER ASPEKTE VAN DIE LITERÊRE KANAAL</b>		 <b>110</b>
4.1.	Algemeen	110
4.2.	Die proefgroep en hulle uitgewers	112
4.3.	Handelaars en bemerking van die proefgroep se tekste	113
4.4.	Biblioteke en die proefgroep se tekste	119
4.5.	Literatuuronderrig op skool en universiteit	122
4.5.1.	Die Kühn-proefskrif en die Mulder-verslag	122
4.5.2.	Die voorskrif van prosatekste op sekondêre vlak	124
4.5.3.	'n Tersiêre perspektief op Afrikaans studentegestelle as potensiële lesers van Afrikaanse tekste	131
4.6.	Sensuur in die Afrikaanse letterkunde	139
4.6.1.	Die invloed van sensuur op die proefgroep	143
4.7.	Literêre prys-polemieke	147
4.7.1.	<i>Die hemel help ons</i>	147
4.7.2.	<i>Liegfabriek</i>	150
4.7.3.	<i>Toorberg</i>	152
4.8.	Die rol van die Afrikaanse Skrywersgilde in die tagtigerjare	153

4.9.	Die "little magazines" van die tagtigerjare	156
4.10.	Tydskrifpublikasies van die proefgroep	161
4.11.	Film- en dramaproduksies van die proefgroep se tekste	168
4.12.	Gevolgtrekking	170

## HOOFSTUK VYF DIE POSISIE VAN DIE "TAGTIGERLESER" 172

5.1.	Algemeen	172
5.2.	J.C.Kannemeyer as geskiedskrywer se evaluering van 'n aantal van die proefgroep se tekste	174
5.3.	Resensente se reaksie op die proefgroep se tekste	179
5.4.	Lesers se reaksie op die proefgroep se tekste	199
5.4.1.	Lesers in die tagtigerjare	199
5.4.2.	Die lesers van tagtigertekste	200
5.5.	Gevolgtrekking	202

## HOOFSTUK SES DIE REALISERING VAN SOSIALE WERKLIKHEDE IN 'N WêRELD SONDER GRENSE 205

6.1.	Die seleksie van 'n <i>Wêreld sonder grense</i> as ondersoekterrein	205
6.2.	Vanheste se model	206
6.3.	Die sosiologiese posisie van die skrywer	208
6.4.	Die sosiologiese posisie van die literêre teks	213
6.4.1.	Die begin- of basiswerklikheid	214
6.4.2.	Die veranderingspogings	218
6.4.3.	Die eindwerklikheid	231
6.5.	Die sosiologiese posisie van die literêre kanaal	238
6.6.	Die sosiologiese posisie van die leser	245
6.7.	Gevolgtrekking	248

## HOOFSTUK SEWE BESLUIT 252

## ADDENDUM A: Die Afrikaanse prosatekste van die tagtigerjare 258

<b>ADDENDUM B: Opsommings van die 51 gekose tagtigertekste</b>	<b>300</b>
<b>ADDENDUM C: Belangrike resensies en artikels oor <i>'n Wêreld sonder grense</i></b>	<b>315</b>
<b>BRONNELYS</b>	<b>321</b>

**LYS VAN TABELLE:**

	bladsy	
Tabel 1.1	Die tradisionele kommunikasiemodel	2
Tabel 1.2	Instansies betrokke by verhalende literêre werk	3
Tabel 2.1	<i>Tydskrif vir Letterkunde: Boekbesprekings</i>	24-27
Tabel 2.2	J.C.Kannemeyer se aandag aan tagtigertekste	28-29
Tabel 2.3	Pryse aan Afrikaanse literêre tekste toegeken	30-32
Tabel 2.4	Die toeken van literêre pryse gedurende die tagtigerjare	33-35
Tabel 2.5	Vertalings uit Afrikaans	36
Tabel 2.6	Vertalings van tagtigertekste	37-38
Tabel 2.7	Herdrukke van tagtigertekste	39-41
Tabel 2.8	Klankopnames van tagtigertekste	42-43
Tabel 2.9	Braille-opnames van tagtigertekste	43
Tabel 2.10	Die proefgroep	44
Tabel 2.11	Die proefgroep se tekste	45-46
Tabel 2.12	Kategorieë waarin die proefgroep publiseer	47
Tabel 2.13	Vraelys	48-49
Tabel 2.14	Beroepe aan die einde van 1989	50
Tabel 2.15	Hoogste akademiese kwalifikasie	50
Tabel 2.16	Betrokkenheid by skryforganisasies (einde 1989)	51
Tabel 2.17	Houding teenoor die gebruik van terme soos "Tagtiger" en "tagtigerskrywer"	51
Tabel 2.18	Motivering vir houdings	51-52
Tabel 2.19	Sou u uself as 'n tagtigerskrywer beskou?	53
Tabel 2.20	Opinie oor literêre kritiek, resensies ens. betreffende eie werk(e) uitgespreek of gelewer	53
Tabel 2.21	Opinie oor literêre pryse	54
Tabel 2.22	Opmerkings oor literêre pryse	54-55
Tabel 2.23	Houding teenoor sensuur	55
Tabel 2.24	Hoe beïnvloed die samelewing 'n skrywer se	

	tematiese keuse?	55
Tabel 3.1	Ses belangrike kategorieë waarin die proefgroep se tekste verdeel kan word	75-76
Tabel 3.2	Betrokkenheid van bepaalde tekste van die proefgroep	79-80
Tabel 3.3	Die drie tipes prosatekste	98
Tabel 4.1	Eksterne verhoudings wat literêre werke beïnvloed	111
Tabel 4.2	Produksie van literêre tekste gedurende die tagtigerjare	112
Tabel 4.3	Die proefgroep se uitgewers	113
Tabel 4.4	Kopieë van die proefgroep se tekste in die kleinhandel	114-116
Tabel 4.5	Bekendstelling en bemarking van Dalene Matthee se bosboeke	117-118
Tabel 4.6	Kopieë van die proefgroep se tekste in biblioteke in 1994	120-121
Tabel 4.7	Natalse Onderwysdepartement: voorgeskrewe prosatekste 1980-89	126-127
Tabel 4.8	Transvaalse Onderwysdepartement: voorgeskrewe prosatekste 1980-89	128-129
Tabel 4.9	Vrystaatse Onderwysdepartement: voorgeskrewe prosatekste 1980-89	129-130
Tabel 4.10	Universiteit van Pretoria: voorgeskrewe Afrikaanse prosatekste 1989	131-132
Tabel 4.11	Universiteit van Suid-Afrika: voorgeskrewe Afrikaanse prosatekste 1989	132-133
Tabel 4.12	Statistiek: Universiteit van Pretoria en Universiteit van Suid-Afrika	133
Tabel 4.13	Voor- en nagraadse tersiêre Afrikaans studente-getalle	135-137
Tabel 4.14	Hooggeregshofsake	141
Tabel 4.15	Ongewensde publikasies	142
Tabel 4.16	Die ontbanning van publikasies	143
Tabel 4.17	Proefgroep se houding teenoor sensuur	146-147
Tabel 4.18	Reaksie op die terugtrek van die Rapport-prys	148-150
Tabel 4.19	Afrikaanse Skrywersgilde-berade	154

Tabel 4.20	Tydskrifpublikasies van die proefgroep	162-165
Tabel 4.21	Gepubliseerde kortverhale wat opgeneem is in kortverhaalbundels van die proefgroep	166-167
Tabel 5.1	J.C.Kannemeyer se evaluering van die proefgroep se tekste	175-179
Tabel 5.2	<i>De Kat</i> briewekolomme	199
Tabel 5.3	Lesers van Alkantrant takbiblioteek	200-202
Tabel 6.1	Vanheste se aangepaste literatuursosiologiese model	207-208
Tabel 6.2	Die gebruik van die weermagidoom	219-222
Tabel 6.3	Die gebruik van geweld in <i>'n Wêreld sonder grense</i>	223
Tabel 6.4	Geweld in die bos	223-224
Tabel 6.5	Geweld tydens pas	224-225
Tabel 6.6	Sosiale werklikhede in <i>'n Wêreld sonder grense</i>	227-228
Tabel 6.7	<i>'n Wêreld sonder grense</i> : resensies oor die film	242-244
Tabel 6.8	<i>'n Wêreld sonder grense</i> : resensies oor die teks	246-248



## OPSOMMING

In hierdie studie word 'n bydrae tot die beskrywing van 'n resente periode in die Afrikaanse prosageskiedenis, naamlik die dekade 1980-1989, aangepak. Die terme "Tagtiger" en "tagtigerskrywer" word bespreek en gedefinieer. Negentien skrywers word aan die hand van vyf kanoniseringsmeganismes as belangrike Afrikaanse tagtiger-prosaskrywers geïdentifiseer. Hierdie skrywers en hulle 51 prosatekste wat tussen 1980-1989 gepubliseer is, word dan deur Vanheste (1981) se vier geïdentifiseerde literatuursosiologiese aandagsvelde naamlik die outeur, die literêre werk, die literêre kanaal en die leser ondersoek ten einde die posisie van die gekose skrywers m.b.t. maatskappy en skrywerskap, enkele samebindende aspekte in die proefgroep se tagtigerprosatekste, die funksionering van die literêre kanaal t.o.v. hierdie tekste en die resepsie daarvan te bepaal.

Met behulp van vraelyste aan die proefgroep is hul houdings t.o.v. 'n aantal aktuele aangeleenthede ondersoek. Ses onderskeidende kategorieë in die proefgroep se tekste, naamlik politiek en betrokkenheid; realisme; grens- en gewelddliteratuur; postmodernisme; homoërotiek en goeie gewilde prosa word aangedui.

Die posisie van verskillende "hekwagters" in die literêre kanaal, saam met die invloed van sensuur op die proefgroep, die rol van die Afrikaanse Skrywersgilde en die "little magazines" wat publikasiegeleenthede vir dié jong skrywers gebied het, ontvang aandag. J.C.Kannemeyer as geskiedskrywer en 'n verskeidenheid resensente se waarde-oordele word nagegaan. Aan die hand van Vanheste se literatuursosiologiese kommunikasiemodel, gekombineer met sy (aangepaste) analisemodel, word etlike sosiale werklikhede in Alexander Strachan se *'n Wêreld sonder grense* dan onder die loep geneem.

Die ondersoekterrein van die literatuursosiologie dek só 'n wye veld dat heelwat interessante aspekte noodwendig agterweë moes bly. Resepsiestudies van lesers gedurende die tagtigerdekade was nie moontlik nie en 'n resepsiestudie kon ongelukkig eers vyf jaar ná die tagtigerdekade uitgevoer word.

Die gevolgtrekking waartoe in hierdie studie gekom word, is dat, hoewel waarskynlik nie op dieselfde betekenisvlak as die term "Sestigters" nie, daar wel van ooreenkomste in die werk van Afrikaanse tagtigerskrywers gepraat kan word. Samehang word ook aangedui tussen die sosiale omwêreld en die tagtigertekste wat daarbinne tot stand gekom het, veral met betrekking tot tematiese en stilistiese keuses. Terselfdertyd het die literêre werke van hierdie dekade 'n invloed uitgeoefen op die omwêreld waarbinne dit verskyn het.

## SUMMARY

This study attempts to make a contribution to the description of a recent period in Afrikaans Prose History, namely the decade 1980-1989. The term writer of the Eighties is defined and discussed. Nineteen writers have been identified as important Afrikaans Eighties writers with the aid of five canonization mechanisms. These writers and their 51 prose texts published between 1980-1989 are then investigated by means of Vanheste's four identified attention areas in the sociology of literature, namely the author, the literary work, the literary channel as well as the reader.

Questionnaires have been used to investigate the attitude of the trial group with regards to a number of current affairs. Six distinguishing categories have been identified in the texts of the trial group namely politics, realism, border and violence literature, postmodernism, homo-erotics and popular prose.

The position of different gate-keepers in the literary channel, together with the influence of censorship on the trial group, the role of the "Afrikaanse Skrywersgilde" and the "little magazines", together with publication opportunities offered to these young writers, have enjoyed attention. J.C.Kannemeyer as historian, together with the critics as readers of the trial group's texts are investigated. The manipulation of a few social realities in Alexander Strachan's *'n Wêreld sonder grense* is investigated in terms of Vanheste's communication model of literary sociology, combined with his (adapted) analysis model.

The field of investigation of the sociology of literary covers such a wide field that numerous interesting aspects had to be omitted. Reception studies during the decade of the eighties were not possible and could, unfortunately, only be done five years after the decade of the eighties.

The conclusion of this study is that, although not at quite the same level of significance as the term "Sixties", one could still find similarities in the works of Afrikaans writers from the Eighties decade. Cohesion between the social world and the texts of the

eighties have evolved from it, especially with regards to thematic and stylistic choices. At the same time, the literary works of this decade have contributed to the social world in which they were published.

Key terms:

Sociology of literature; Vanheste; Vanheste's communication model; Afrikaans prose writers of the Eighties; Decade of the Eighties; Canonization mechanism; Reception studies; Literary channel; Literary gatekeepers; 'n Wêreld sonder grense.

## **BEDANKINGS**

Eerstens wil ek graag vir prof. Elize Botha bedank vir haar bekwame hulp en bystand as promotor. Haar entoesiasme en ongelooflike wye vakkennis was 'n voortdurende bron van inspirasie.

Dankie aan Louise Malan, Vakbibliotekaris Unisa, vir haar bereidwilligheid om te help met verskeie soektogte.

Dankie aan al die persone (waarvan slegs 'n paar name in die teks genoem word) wat gehelp het om bepaalde inligting te versamel: die departementshoofde van verskillende Universiteite; die vakinspekteurs vir Afrikaans van drie provinsies; die biblioteekpersoneel van die Universiteite van Suid-Afrika; Pretoria; Potchefstroom; die Oranje Vrystaat; Natal en Stellenbosch; Johann de Jager, Louis Esterhuizen, M.M. van der Watt van NALN; Frans Maree; Sylvia de Bruyn; Danie Botha en Jalna Schumann en die insiggewende gesprekke met proff. Tom Gouws, Réna Pretorius en P.H. Roodt. 'n Spesiale woord van dank aan Jaco Smuts en Alinda Jansen van Vuuren vir hulle rekenaarhulp.

Baie dankie aan Danielle, Paul en my ma sonder wie se ondersteuning hierdie studie nie moontlik sou wees nie.

**Soli Deo Gloria**

Hierdie studie word in liefdevolle herinnering opgedra aan my pa wie se voorbeeld altyd onberispelik en navolgingswaardig was.

Literature is an attempt made by men to understand their social experience; it is thus more of a witness to that particular experience than illuminating a full balanced account of the complete social scene. Consequently, it is necessary to take the self-advertisement of writers with a pinch of salt; they may write about something other than they themselves realise. John Hall (1979:36).

## HOOFSTUK EEN

### VERANTWOORDING

In elke samelewing vind daar voortdurend interaksie plaas tussen die faktore wat die gemeenskap en sy kuns (wat natuurlik literatuur insluit) reguleer. So het Harriet Beecher Stowe se beroemde dokumentêre roman *Uncle Tom's Cabin* (1852) bv. meegehelp om die bevryding van die slawe in Amerika te bespoedig en het skrywers soos Charles Dickens, John Steinbeck en Charles Kingsley die sosiale omstandighede van hulle tyd realisties uitgebeeld en soms ook bevraagteken. Net so min as wat verhaalelemente soos tyd, ruimte, intrige, karakterisering en die vertelinstantie volledig van mekaar geskei kan word, kan 'n roman afsydig staan teenoor die aard, funksie en effek van die sosiale werklikheid waaruit dit getransponeer word.

Ook in die Afrikaanse prosa is daar duidelike tekens van 'n kontinue wisselwerking tussen literatuur en sosiale werklikheid. Ná die Sestigters se sterk wegbreek van die "gemoedelike, lokale realisme" van sommige van die vroeëre skrywers, het outeurs soos André P. Brink in die sewentigerjare met politieke romans gevolg waarin spanninge wat sedert Sharpeville in 1960, maar veral sedert die Soweto-opstande van 1976 deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap geword het, aangespreek is. Ook die Afrikaanse prosa van die tagtigerjare is tot 'n groot mate *betrokke* (om dié geïkoneerde term te gebruik) by die eiesoortige - kontinuu veranderende - werklikhede van die gemeenskap. Daarvan getuig bv. die ontstaan van die sogenaamde "grensliteratuur" en die klem op die homoseksuele in verskeie werke.

'n Literêre werk is dié ruimte waarbinne die skrywer se drome en aspirasies gestalte vind. Ook verteenwoordig dit 'n bepaalde historiese siening en kan dikwels met reg as 'n tydsdokument beskou word. Teenoor teksinterne faktore (soos die onderskeie verhaalelemente) wat inherent werksaam is in die ontstaan en komposisie van 'n literêre teks en reeds deeglik in die Afrikaanse letterkunde bestudeer is, word 'n ander perspektief op die literêre werk verkry wanneer uit die mikrokosmos van die teks se interne samestelling wegbeweeg word na sy posisie in die oorweldigende makrokosmiese terrein van die maatskappy waarin 'n literêre werk tot stand kom.


Hierdie verweefde samehang van faktore wat veroorsaak dat 'n literêre werk op ander kunsvorme spesifiek en op die gemeenskap in die algemeen 'n invloed uitoefen (en *vice versa*), is die studieterrein van die literatuursosiologie.

Brink (1986a:24) stel die trefkrag van 'n volk se letterkunde op sy omwêreld soos volg:

The word is itself a form of action; the violence of its impact should never be underestimated. Only, it is a violence which affirms rather than denies; which propels meaning rather than destroys it; which brings together rather than to devastate.

Dié krag in letterkunde wat soms eenheid veroorsaak, maar dikwels ook diversiteit bevestig, bied dan ook die fassinerende verkenningsterrein wat in hierdie studie vanuit die literatuursosiologie ondersoek sal word<sup>1</sup>.

Vele romans reflekteer die aard, funksie en effek van die milieu waarin die karakters "leef" en die sosiale kragte wat op die karakters inwerk. Ten einde die interaksie tussen literatuur (die teks) en die gemeenskap (die skrywer en leser) te begryp, moet die algemene kommunikasiemodel *sender-boodskap-ontvanger* met sy literêre toepassing *skrywer-teks-leser* verstaan word. Scholes (1982:20) dui die tradisionele kommunikasiemodel só aan:




<sup>1</sup>Dit is duidelik dat die mens nooit kan loskom van samelewingsfaktore wat op sy lewe inwerk nie. N.P.van Wyk Louw (1975:66) beweer dat, selfs wanneer ons ons aan elke groepering onttrek en uit ons klas loskom, ons onttrekking en ons loskom sosiale dade is.



Daar moet in gedagte gehou word dat die verhouding skrywer-leser meestal eensydig is, deurdat 'n outeur gewoonlik nie weet wie sy werk sal lees nie. Dit beklemtoon dus die belangrikheid van die kode (die taal) waarbinne die kommunikasie plaasvind.

Schmid (Malan, 1983a:114) dui die instansies wat betrokke is by verhalende literatuur soos volg aan:



Vier<sup>2</sup> duidelike kommunikasievlakke word hierin onderskei: 1) die gewone sender en ontvanger binne 'n gesitende wêreld; 2) 'n fiktiewe verteller en leser; 3) 'n abstrakte outeur en implisiete (abstrakte) leser wat omvang word deur 4) 'n konkrete outeur en 'n konkrete leser (die geadresseerde). Met die oog op die doel van hierdie studie, word hierdie punte egter nie verder toegelig nie.

Die mens kan, meen W.Liebenberg (1988a:113), slegs in terme van sosiale betekenis suksesvol kommunikeer. Hoewel hierdie opmerking miskien die unieke aard van die

<sup>2</sup>Schmid (1973:29) beskou die drie hoofelemente van die kommunikasieproses as 1) outeur, 2) kunswerk as taalteken en 3) leser. Aan die leserskant van sy model bestaan twee "persoonlikhede" as splitsing van een individu: die "geadresseerde" en die "ontvanger". Hierop brei Harley (1987:61) uit deur ook aan die senderskant twee "persoonlikhede" te identifiseer: 1) die konkrete persoon in sy rol as skeppende kunstenaar (wat sy die *digterspersoonlikheid* noem) en 2) die konkrete, reële, historiese persoon in sy rol as "gewone" wese (volgens haar die *wesenspersoonlikheid*).

individu wat self emosionele voorkeure openbaar en morele betekenis aan gebeure heg misken, vind alle kommunikasie tog wel binne sosiale raamwerke plaas. Waar die deursnee individu se primêre sosiale raamwerk sy gesin is, het hy ook 'n vriendekring en staan in talle ander groepsverbande soos 'n werk- en godsdienstige verband. In elke sosiale groepering sal sy individuele insette natuurlik eiesoortige kenmerke aanneem, omdat sy posisie telkens verskil.

Die formalis Boris Eijzenbaum beskou literatuur as 'n totaliteit van aktiwiteite wat in terme van sistemiese verhoudings as 'n geheel saamwerk, alhoewel elke individuele aktiwiteit terselfdertyd aan ander sisteme mag deelneem waar ander reëls en faktore ter sprake kom (Even-Zohar, 1990:30-31). Vanuit hierdie vertrekpunt beskryf Even-Zohar die verfyning van 'n polisistemiese model as die netwerk van verhoudings wat o.a. die bestaan van literatuur beïnvloed. Daar is, meen hy, gelyktydige outonome en heterogene verbande tussen literatuur as semi-onafhanklike sosiokulturele instelling en *alle* ander verbandhoudende bestaande sisteme. Die bestaan van 'n interafhanklikheid tussen hierdie subsisteme veroorsaak die gesonde funksionering van elke sisteem.

Hoewel 'n teks as die manifestasie van die literêre proses beskou kan word, neig die klem in die moderne literatuurwetenskap weg van 'n suiwer teksgerigte studie na die bestudering van die teks in verhouding met ander tekste maar, belangriker nog, na die resepsie en interpretasie van die teks deur sy lesers. Literatuursosiologie, as moderne literatuurwetenskaplike rigting, bekyk nie alleen 'n teks se verhouding met ander tekste nie, maar ook die verhouding van die literêre werk tot die samelewing as geheel.

Segers (1975:735) toon drie maniere waarop daar in die verlede na die literatuursosiologie gekyk is: a) vanuit die sosiologie; b) vanuit die literatuurwetenskap en c) vanuit 'n ideologiese (bv. die Marxistiese) perspektief. Wanneer die sosiologie as vertrekpunt dien, meen Segers, word die literêre teks as 'n *produk* gesien en byna geen aandag word verleen aan spesifieke literêre tekste of bydraes wat sodanige tekste tot die literatuur maak nie. Volgens Segers beperk die literatuurwetenskaplike

metode 'n literêre studie tot die komponent "literêre teks", terwyl die navorsers wat vanuit die ideologiese perspektief werk, die outeur en leser in die eerste plek sien as sosiale wesens wie se gedrag bepaal word deur sosiaal-ekonomiese en algemeen-historiese faktore.

So sou Marxistiese literatuursosioloë bv. 'n analise van 'n literêre teks kon maak wat inpas in 'n bepaalde stadium van die ekonomiese ontwikkeling van 'n kultuur waartoe die teks behoort, omdat die teks volgens die Marxiste 'n makrotaaluiting of -handeling is wat binne 'n sosiaal-historiese konteks ondersoek behoort te word. Ook sien hulle die outeur as produk van die klas waaraan hy behoort en al sy optredes word dan daaraan gemeet.

Segers wys daarop dat die sosiologiese, literatuurwetenskaplike en ideologiese visies op die letterkunde aldrie meriete het. Tog, sê hy, moet meer aandag geskenk word aan die *literêre* aspekte van die kommunikasiemodel, en hou dit as 'n vierde moontlike ondersoekmetode voor. Nie alleen moet bv. vasgestel word wát die oplaagsyfers van bepaalde boeke is nie, maar ook *waarom* en op grond *waarvan* hierdie syfers tot stand gekom het.

In *Sociology of literature* (1979) bekyk John Hall die literatuursosiologie vanuit verskeie oogpunte. Hy bespreek die sosiologie van die skrywer, die eienskappe van literêre en populêre werke, bepaalde hekwagters ("gatekeepers") soos die publiseerders, sensors, kritici, verspreiders en die rol van openbare biblioteke, asook die rol van die lesende publiek. Tog waarsku hy egter ook dat te véél verwag kan word van 'n sosiologiese benadering van literatuur omdat dit tot naïewe, suiwer kultuurgeoriënteerde kritiek kan lei:

For too often in the past critics of one variety or another have felt it proper to read off criticism about the society from a few classics, on the apparent assumption that what is in the text is absorbed in society. There should never be any belief in the *automatic* correspondence between audience and text (p.47 - my kursivering).

Nooit mag daar dus 'n simplistiese verband tussen sosiale verwysings in 'n literêre werk en die werklikheid gelê word nie. Die literatuursosiologie is maar één metode om hoogstens 'n indruk te verkry van bepaalde samelewingstendense.

Twee jaar later beklemtoon Bert Vanheste in sy belangrike werk *Literatuursociologie: teorie en metode* (1981) die literatuursosiologie se posisie t.o.v. die kommunikasieproses:

De literatuursociologie vat de literatuur op als een communicatieproces. Uitgaande van de situatie waarin hij verkeert, zendt de auteur een boodschap uit die door bemiddeling van een kanaal de lezer bereikt (p.6).

Literatuursosioloë begin nou om telkens op verskillende aspekte van die kommunikasiekanaal, as synde die vertrekpunt waaruit literatuur bestudeer moet word, te konsentreer, en sien dit as taak om die wisselwerkende invloede van hierdie aspekte - en spesifiek hulle verhouding met die maatskaplike werklikheid waarbinne literatuur tot stand kom en funksioneer - te analiseer.

Teenoor Maatje (1974:185-186) se verdeling van die literatuursosiologie in *drie* hoofgroeperinge, naamlik: die sosiologie van die skrywer en sy wêreld; die sosiologie van die wêreld soos dit in die literêre werk gekonstrueer word; en die sosiologie van die leser, identifiseer en bespreek Vanheste (1981:126-145) nou *vier* belangrike aandagsvelde in die literatuursosiologie, onlosmaaklik met mekaar verbind as deel van die kommunikasieproses:

- 1 Die sosiologiese posisie van die outeur. Hieronder kan bv. die maatskaplike erkenning van die outeur as meningvormer bestudeer word. Elke skrywer se biografiese besonderhede kan noukeurig nagevors word en uitsprake gemaak word aan die hand van sy eie tydruimtelike posisie binne die samelewing.
- 2 Die sosiologiese posisie van die literêre werk. Die sosiale funksie van literêre werke en die teks se verhouding met die werklikheid kan hier ondersoek word. Tekste wat deur tagtigerskrywers gedurende die tagtigerjare geskryf is, kan in

isolasie bestudeer word en spesifieke raaklyne tussen hierdie tekste kan geïdentifiseer word.

- 3 Die sosiologiese posisie van die literêre kanaal. Die posisie van die sogenaamde "hekwagters" ("gatekeepers") wat verantwoordelik is vir die distribusie van literêre werke, sowel as die aandag wat literatuur in literêre organisasies ontvang, kan hier bestudeer word.
- 4 Die sosiologiese posisie van die leser. Die klem kan op 'n resepsie-ondersoek val waarvolgens tagtigerlesers se seleksie van, en kommentaar op, die tagtigertekste bestudeer word. Die kritiese lesershoek, leesgewoontes en die onderlinge subgroeperinge waarin 'n leser tuishoort kan, volgens Vanheste, hier nagevors word.

Dit is duidelik dat Vanheste se verdeling vollediger is as dié van Maatje, omdat dit ook die belangrikheid van die literêre kanaal in die kommunikasieproses bevestig. Tog verskaf ook hy egter baie min riglyne waarvolgens só 'n literatuursosiologiese studie aangepak sou kon word.

### 1.1. Probleemstelling en vertrekpunte

In literêre betoë rondom die sogenaamde tagtigerskrywers heers daar tans heelwat teenstrydighede betreffende die vraag óf kategorisering by hierdie skrywers enigsins aanvaarbaar is aldan nie. G.Olivier poneer bv. dat daar onder die Tagtigers 'n intuïtiewe gevoel van konsensus of solidariteit is (1983:2). Hierteenoor meen Koos Prinsloo, Lettie Viljoen, Etienne van Heerden en André le Roux (*Rapport*, 1988:3) dat daar nie iets soos Tagtigers in die sin van 'n literêre beweging is nie, maar dat dit bloot 'n praktiese manier is om oor 'n aantal skrywers wat sedert 1980 gedebuteer het en 'n sekere gemeenskaplikheid het, te praat.

In hierdie ondersoek wil ek poog om die volgende vrae te beantwoord: Kan 'n mens die term Afrikaanse tagtigerprosaskrywers gebruik en indien wel, wie van hulle se literêre tekste is die duidelikste tot op hede gekanoniseer in die Afrikaanse letterkunde? 'n Verdere vraag wat hiermee verband hou is: In watter verhouding staan hierdie tekste (wat tussen 1980 en 1989 gepubliseer is) tot die samelewing waarbinne dit verskyn het?

'n Vertrekpunt vir sodanige studie is deur eers die term *tagtigerskrywer* te definieer. Daarna kan 'n mens deur die ondersoek van 'n aantal kanoniseringsprosesse probeer bepaal watter skrywers as belangrike tagtigerskrywers geïdentifiseer kan word. Elkeen van hierdie gekose skrywers en hulle tekste wat tussen 1980 en 1989 gepubliseer is, moet dan geposisioneer word in die samelewing waarbinne die skrywer funksioneer en die teks tot stand gekom het. So 'n ondersoek, meen ek, maak dit ook moontlik om tekste met mekaar te vergelyk en te besluit in hoeverre eiesoortige tendense by die tagtigertekste aanwesig is. Sodoende kan ons, hopelik, 'n idee vorm van die aard van die belangrikste tagtigerskrywers en -tekste en in watter verhouding hulle tot die literêre bestel waarin hulle geskep is, staan.

'n Probleem wat ontstaan wanneer die sosiologiese posisie van óf die outeur, óf die literêre werk, óf die literêre kanaal, óf die leser afsonderlik bestudeer word, is dat die navorsingsveld wat elkeen individueel bied, beperk is. Dit sou, meen ek, onmoontlik wees om enigsins 'n geheelbeeld betreffende 'n literêre teks se verhouding met die literêre bestel op slegs een van hierdie maniere te bekom.

Die enigste moontlike manier waarop hierdie probleem oorkom kan word is deur 'n kombinasie van al vier bogenoemde verhoudings te gebruik. Gedurende die afgelope aantal jare het 'n nuwe bewuswording in die literatuurwetenskap ontwikkel waarin die verhouding teks-leser (die resepsie-estetika) en die verhouding tussen skrywer, literêre teks, literêre kanaal en leser (die literatuursosiologie<sup>3</sup>) ondersoek word. 'n

---

<sup>3</sup>Tot 'n groot mate omsluit die literatuursosiologie die resepsie-estetika, omdat die literatuursosiologie die totaliteit van sosiologiese handeling betrefende die

Resepsie-estetiese ondersoek sou dus gebruik kon word om die verhouding teks-leser te bestudeer. Weer eens, glo ek, is hierdie metode nie omvattend genoeg om 'n geheelbeeld oor die gekose ondersoekterrein te bekom nie, aangesien die rol van die skrywer (en ons wil dan juis ook die posisie van die tagtigerskrywer ondersoek) én die literêre kanaal negeer word.

Die vertrekpunt wat ek in hierdie studie wil gebruik is die literatuursosiologie, wat al vier bogenoemde vertrek wyses inkorporeer en die hele spektrum van die kommunikasiekanaal betrek. Om egter in een studie te poog om 'n volledige beeld te gee van die komplekse verbande wat tussen 'n aantal skrywers, hulle literêre werke, die literêre kanaal en die lesers (wat elkeen 'n eie, individuele interpretasie maak van elke literêre werk wat hy/sy lees), is 'n onmoontlike onderneming. Daar is gewoon net te veel sake wat in só 'n studie ondersoek sou moes word.

Om die saak verder te bemoelijk is daar tans drie algemene sosiologiese denkrigtings waarvolgens 'n literatuursosiologiese studie aangepak sou kon word:

- 1 Die *positiviste* veronderstel reëlmatigheid in 'n struktuur en maak van empiriese instrumente (soos vraelyste) gebruik. Silbermann, Fügen, Escarpit en Rosengren is belangrike voorstanders van hierdie skool.
- 2 Die *Marxiste* meet 'n literêre teks aan die hand van die ekonomiese ontwikkeling van die kultuur waarbinne die teks bestaan en sien die outeur as 'n produk van die klas waaraan hy behoort. Hierdie skool, wat gebaseer is op Karl Marx en Friedrich Engels se filosofieë, is minder homogeen as die positiviste. Lukács en Goldmann is belangrike inisieerders van hierdie beweging.

---

literatuur omvat. Tog bly dit twee selfstandige, eiesoortige literatuurwetenskaplike rigtings.

- 3 Die *humaniste* meen dat die werklikheid plooibaar is. Alles vloei. Dit wat vir een persoon ('n skrywer óf 'n leser) werklikheid is, word nie noodwendig deur 'n ander só beskou nie.

Uit bogenoemde drie leerskole sal 'n oorwegend positivistiese vertrekpunt waartydens hoofsaaklik *empiries* te werk gegaan word om inligting te bekom, die tipe studie wat ek wil onderneem die beste akkommodeer. Tog het 'n empiriese werkswyse verskeie leemtes. H.N.Fügen (Zima, 1978:187), meen dat só 'n benadering van 'n literêre werk slegs die intersubjektiewe handeling van 'n teks kan bestudeer:

Gezien het feit dat het voorwerp van onderzoek van de sociologie het maatschappelijk handelen is, dat wil zeggen het intersubjektiewe handelen, wordt door haar het literaire werk niet als esthetisch verschijnsel beschouwd, want voor haar is de betekenis van de literatuur uitsluitend gelegen in het specifieke intersubjectieve handelen dat de literatuur teweeg brengt.

Só 'n vertrekpunt kan afbreuk doen aan die estetiese waarde van 'n kunswerk. Omdat 'n totaal geïsoleerde benadering ten opsigte van letterkunde-onderzoek nie moontlik is nie, sal sodanige rigiede kategorisering nie in die praktyk toepasbaar wees nie en seersekerlik ook nie in hierdie studie 'n werklikheid kan word nie. Dit is duidelik dat die empiriese literatuurwetenskap nie slegs 'n lesersondersoek is nie, maar dat dit binne die totale literêre sisteem na geldige verklarings soek. Tans, meen Fokkema (1992:120), is daar twee hooftipes ondersoek wat deur empiriese navorsers onderneem word:

- 1 Het empirische onderzoek naar de cognitieve en emotionele reacties van literatuurrecipiënten en -producenten, in het kort aangeduid als *lezersonderzoek*, waarbij, zoals de meer volledige omschrijving aangeeft, auteurs niet zijn uitgesloten.
- 2 Het empirische onderzoek naar het functioneren van het literaire systeem, hetzij op basis van historische bronnen, hetzij op basis van eigentijds documentair materiaal; kortweg, *institutioneel onderzoek*.

Terwyl die eerste van bogenoemde ondersoekterreine literatuurpsigologies van aard is en nie verdere aandag in hierdie studie sal geniet nie, is die tweede literatuursosiologiese ondersoekterrein institusioneel van aard en kan as vertrekpunt vir hierdie studie dien.



'n Verdere vertrekpunt word deur Vanheste (1981:105ev) gebied as hy sê dat, deur die kommunikasieproses te bestudeer, insig verkry kan word in die vernaamste ondersoekterreine van die literatuursosiologie. Ten einde dus vas te stel wie die belangrikste tagtigerskrywers is en watter eenheid, maar ook diversiteit by hierdie skrywers teenwoordig is, maak ek gelyktydig van twee vertrekpunte gebruik:

Ten eerste gebruik ek die vier belangrikste aandagsvelde in die literatuursosiologie, soos deur Vanheste geïdentifiseer, naamlik die outeur, die literêre werk, die literêre kanaal en die lesers as basis vir hierdie studie ten einde die literatuursosiologiese posisie van die gekose skrywers, hulle literêre werke, die beïnvloeding van die literêre kanaal en die resepsie deur lesers te bepaal. Tweedens kies ek om empiries (bv. aan die hand van vraelyste) die posisies van die gekose skrywers en hulle werke te identifiseer, bepaalde aspekte van die literêre kanaal te ondersoek en die posisie van lesers, veral resensente, ten opsigte van hierdie gekose werke te ondersoek.

Die ondersoekterrein wat aan die hand van historiese bronne en dokumentêre materiaal in hierdie studie aandag sal geniet, is die tekste van 'n aantal Afrikaanse tagtigerskrywers. Ek wil probeer vasstel *wie* die belangrikste sogenaamde tagtigerskrywers is, *waaroor* hulle skryf en *hoe* hulle werk gelees word vanuit 'n breë literatuursosiologiese raamwerk.

## 1.2. Bestaande navorsing oor studieterrrein

Volgens 'n RGN-navraag is die enigste Afrikaanse nagraadse studies wat tot en met Maart 1994 geregistreer is waarin die terme *prosa van Tagtig*, *Tagtiger* of *tagtigerskrywer* voorkom en waarin literatuursosiologiese navorsing in 'n mindere of meerdere mate onderneem word, die volgende MA-verhandelinge (Geen doktorsale studie ondersoek nog, na my wete, die literatuursosiologie se interaktiewe verhouding met Afrikaanse prosa nie):

B.P.Strydom poog in 'n *Kritiese waardering van bepaalde hedendaagse teorieë in die sosiologie van die literatuur* (1972) om aan die hand van die destydse gangbare teorieë in die sosiologie die literatuur analities-krities te bestudeer ten einde 'n verwagtingsraamwerk te ontwerp en te ontwikkel waarvolgens konseptualisering op die gebied van die sosiologie van die literatuur kan plaasvind.

J.Francis registreer in 1980 vir 'n MA-graad getiteld '*n Literatuursosiologiese ondersoek na die karakterisering in AP Brink se "Gerugte van reën"*, maar in Maart 1994 is dit nog nie voltooi nie.

In die verhandeling '*n Sosiologiese ontleding van die sosiaalstrukturele rol van die Afrikaanse skrywer* (1980) bespreek K.L.Dreyer die sosiologiese ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde en die verhouding tussen "ernstige" skrywers sedert die ontstaan van Afrikaans. Sy onderneem twee empiriese ondersoeke, betreffende a) die houdings en motiverings van twintig Afrikaanse skrywers wat lede van die Afrikaanse Skrywersgilde is en b) die houdings en leesmotivering van 150 lesers van die "ernstige" Afrikaanse letterkunde (wat lede van Pretoria se Openbare Biblioteke is).

J.C.de Klerk gebruik in *Die laaste Sondag (Elsa Joubert) - 'n Literatuursosiologiese ondersoek* (1987) Vanheste se literatuursosiologiese model om aan die hand van Elsa Joubert se *Die laaste Sondag*, waarin die eietydse Suid-Afrikaanse werklikheid van kerk en politiek voorgehou word, aspekte van die historiese werklikheid te bepaal. Twee modelle vir 'n literatuursosiologiese analise, dié van Vanheste en Zima, word gebruik.

C.Palm toon in '*n Literatuursosiologiese ondersoek van enkele aspekte van die middelnederlandse exempel Beatrijs* (1988) bepaalde verbande aan tussen die literêre werklikhede, deur middel van 'n literatuursosiologiese analise-model geskoei op Vanheste. Betreffende die empiriese literatuursosiologie sê Palm dat daar baie ondersoekmoontlikhede is:

Hierdie moontlikhede behels onder meer die samestelling van die leserspubliek, die maatskaplike posisie van die outeur, die wedersydse betrekking tussen verkoopsyfers en mediabespreking en die invloed van die literêre bedryf op die resepsie van literêre tekste. Ondersoeke van hierdie aard word normaalweg gefundeer op resensies, die opvattinge wat agter waardeoordele skuil en die beïnvloeding deur skole en ander vorme van onderwys (p.11).

In *Die prosa van MER in sosiokulturele konteks* (1989) poog W.Streicher om aan te toon dat die konteks waarin MER geleef het, sowel as al haar belewenisse in 'n oorgangstyd vir die Afrikaner, 'n direkte óf indirekte invloed gehad het op die ontstaan van elkeen van haar tekste, die romans *Na vaste gange* (1944) en *Die eindelose waagstuk* (1948) en twee vertellings "Die susters" en "Kató; en Martjie" uit *Drie vertellings* (1944). Streicher poog om aan te toon watter inligting MER se werk oor die leefwyse van veral die mense van ou Swellendam verstrek.

Volgens H.Viljoen (1992:275) kan die literatuursosiologie beskou word as "n byna onoorsigtelike veld wat nog omtrent glad nie in institute of formele strukture georganiseer is nie". 'n Paar van die belangrikste publikasies wat wel verskyn het, is (in alfabetiese volgorde): P.Bürger (red.) *Seminar: Literatur und Kunstsoziologie* (1978); R.Escarpit (red.) *Le littéraire et le social* (1970); H.N.Fügen *Die Hauptrichtungen der Literatursoziologie und ihre Methoden* (1974); L.Goldmann (red.) *Littérature et société* (1967); John Hall *The sociology of literature* (1979); D.Laurenson en A.Swingewood *The sociology of literature* (1971); G.Lukács *Schriften zur Literatursoziologie* (1961); Bert Vanheste *Literatuursociologie: theorie en metode* (1981) en P.V.Zima *Literatuur en maatschappij* (1981).

### 1.3. Werkswyse

Ná die inleidende hoofstuk een, waarin die probleemstelling en werkswyse aangedui word, word die terme *Tagtiger* en *tagtigerskrywer* in hoofstuk twee ondersoek en word 'n definisie van wat in hierdie ondersoek onder 'n tagtigerskrywer verstaan sal word geformuleer. Daarvolgens word negentien tagtigerskrywers (voortaan die proefgroep

genoem) geïdentifiseer wat elkeen om verskeie aangetoonde redes gekanoniseer is binne die Afrikaanse prosa tussen 1980-1989. Persoonlike biografiese besonderhede oor elkeen van hierdie skrywers sal verskaf word ten einde sosiale profiele van die proefgroep daar te stel. Hiervoor is onder andere met behulp van vraelyste wat aan hierdie skrywers gestuur is, relevante inligting bekom. Dít wat vasstelbaar is aangaande wat hierdie skrywers motiveer om te skryf, word ook in hierdie hoofstuk bespreek.

Vanaf hoofstuk drie tot ses word die vier aandagsvelde van die Vanheste-model telkens gebruik as vertrekpunt om die gekose proefgroep en hulle tekste se posisies binne die literêre bestel te belig. In hoofstuk drie word ses van die belangrikste tendense wat in tagtigerwerke geïdentifiseer kan word, uitgelig. Hiermee wil aangetoon word dat daar inderdaad 'n groot diversiteit van kategorieë by die proefgroep se tekste voorkom, maar ook dat daar samebindende faktore bestaan wat eenheid binne bepaalde subgroepeerings in die tagtigergeleedere bewerkstellig.

In hulle reaksie op verskeie aspekte van die literêre kanaal tree die proefgroep oënskynlik uiteenlopend op, maar 'n mate van eensgesindheid word wel aangetref. In hoofstuk vier word gewys op die invloed van verskeie hekwagters soos uitgewers, handelaars, biblioteke, die voorskryfkomitees van voorgeskrewe boeke op hoërskole en universiteite en die rol van sensuurwetgewing (wat veroorsaak dat baie jong skrywers - in samewerking met van die gevestigde skrywers - die Afrikaanse Skrywersgilde stig en ondersteun). Ook die sukses van die "little magazines" van die tagtigerjare waarin talle tagtigerskrywers debuteer, wys op sterk ondersteuning en die oplewing van 'n gemeenskaplike gevoel van protes teenoor die "establishment"-uitgewers.

In hoofstuk vyf word die kanonisering van tagtigerwerke vanuit die oogpunt van die leser belig. In 'n studie by 'n openbare biblioteek in Pretoria is daar gepoog om vas te stel hoeveel van die respondente die proefgroep se tekste gelees het. J.C.Kannemeyer as geskiedskrywer se reaksie op die gekose tekste word ook ondersoek. Verder is daar

gepoog om vas te stel wat sommige resensente se opinies is betreffende die proefgroep as belangrike prosateurs van die tagtigerjare, die vernuwende bydraes wat hulle tekste lewer en die kwaliteit van hierdie tekste.

In hoofstuk ses word die sosiale werklikhede waarbinne 'n belangrike Afrikaanse tagtigerteks funksioneer beskryf. Aan die hand van 'n aangepaste kommunikasie- en analisemodel van Vanheste word aangetoon dat, ten spyte van die fiktiewe aard van die teks, 'n *Wêreld sonder grense* soos enige ander literêre teks, 'n barometer is van die werklikheid waarbinne dit ontstaan het en die grensoorlog-milieu inderwaarheid as gemanipuleerde werklikheid in die teks funksioneer. In hoofstuk sewe word die belangrikste bevindinge van die studie saamgevat.

Aan die einde van die tagtigerjare dui E.Botha (1989:13-14) aan dat die Afrikaanse leser gedurende die sewentiger- en tagtigerjare deur die bloei van die literatuursosiologie en die resepsie-estetika bewus gemaak is van die onlosmaaklike verband tussen literatuur en samelewing:

Die opkoms van die literatuursosiologie en van resepsiestudies dui die groeiende aandag vir konteks en leser aan; die leser is, gedurende die sewentiger- en tagtigerjare, deur 'n opkomende generasie (jong) dosente en navorsers al hoe skerper bewus gemaak van die wyse waarop die leser funksioneer in die verwerkliking en vertolking van 'n literêre teks, en van die feit dat die literêre teks nie net met heel besondere bande aan sy sosio-kulturele, kultuurhistoriese konteks gebind is nie, maar tewens deel uitmaak van 'n hele literêre bestel. Die literêre bestel is op sy beurt weer nie los te maak van die ingewikkelde weefsel van 'n ganse samelewing nie.

Juis hierin lê die doelwit van hierdie studie: om te poog om 'n grondslag te lê vir die ondersoek van die Afrikaanse letterkunde se interaktiewe verhouding met die samelewing waarbinne dit ontstaan en funksioneer. Die literatuursosiologie kan as teoretiese grondslag, maar ook as praktiese, empiriese verkenningsmetode, 'n bydrae lewer om die besondere verhouding tussen die (moderne) Afrikaanse literatuur en die samelewing waaruit dit ontstaan en waarbinne dit gelees word, te verhelder.

## HOOFSTUK TWEE

### DIE TAGTIGERSKRYWERS

#### 2.1. Die terme "Tagtiger" en "tagtigerskrywer"

Smuts (1991:21) dui aan dat die hele konsep van dekade-indelings problematies is omdat alle indelings geneig is om oor gestelde grense te vloei. Tog meen hy dat niks mens verhinder om wel van indelings gebruik te maak in literêre ondersoeke nie:

Dit is uiteraard onmoontlik om tendense in 'n literatuur hermeties binne dekades te verseël of tot genres te beperk. Niks verhoed 'n mens egter om enige periode te omlin of tot 'n spesifieke genre te besluit en te ondersoek watter patrone die literatuur binne die gekose terrein toon nie, al is dit dan in die wete dat talle van die verskynsels wat jy gaan aantref oor dekade- en genreskeidings heen sal staan en hulle oorspronge baie vroeër in die literatuur sal hê.

Vroeër dui dieselfde literator (Smuts, 1988:30) 1978 as een van die opvallendste meer resente grensdatums in die Afrikaanse prosa sedert sestig aan, omdat bepaalde aktualiteite in die Suid-Afrikaanse samelewing in dié jaar sterk, maar anders as vroeër, in ons prosa na vore begin tree het. In dié verband noem hy spesifiek die verskyning van Elsa Joubert se *Die swerfjare van Poppie Nongena* en J.C.Steyn se *Dagboek van 'n verraaier* wat albei in 1978 verskyn het.

Die benaming *Tagtiger* het egter vir die eerste keer by die sewende beraad van die Afrikaanse Skrywersgilde vanaf 2-4 April 1981 te Gordonsbaai sy beslag gevind toe Etienne van Heerden, Dan Roodt en Chris Pretorius referate gelewer het oor die vraag: Is die Tagtigers vervreemd? By hierdie beraad pleit Etienne van Heerden vir 'n kans vir die jong skrywer/digter om hom tot die volk te rig, ten spyte van hulle vervreemding van die literêre establishment. In sy toespraak (wat hier volledig aangehaal word vanweë die belangrikheid daarvan as karakterisering van die groep skrywers), wys hy op die verdeeldheid wat by die nuwe skrywers bestaan:

Toe Jan Rabie 21 en André P.Brink *Lobola vir die lewe* geskryf het, het ons jonges wat nou die naam van ons dekade moet dra, in Sub.A- of Graad 1-klasse met vetkryf leer skryf. In die vaal Sewentigs het ons

geluister na Bob Dylan en John Lennon, wat in sy laaste persoonderhoud voor sy dood opgemerk het: "Wasn't the Seventies a drag." Ons is gedwing om te leer van I.D. du Plessis en G.A. Watermeyer. Nou begin ons literêre verstandstande kry, en nou lyk dit vir my is die verwagting té dringend dat ons 'n eiesoortige dekade moet aphaap.

Ek sal nou net by wyse van inleiding raak aan 'n paar tipes vervreemding wat ons as jong skrywers ondervind. Eerstens, vervreemding tussen die skrywer en die formele strukture rondom die letterkunde, d.w.s. uitgewerye, literêre tydskrifte en alles wat met die Boek saamhang. Tweedens kan ons kyk na vervreemding wat moontlik tussen die jonges sélf aan die gebeur is, of wat kan plaasvind, en derdens, vervreemding tussen ons en dié wat voor ons was, m.a.w. die meeste van u wat hier om die tafel sit.

Die eerste aspek van vervreemding is dan die vervreemding tussen die jong skrywer en die literêre establishment. Die jong skrywer van Tagtig erf 'n dubieuse literêre establishment. Sy eerste instink, en dit is waarskynlik nie vreemd aan hierdie besondere geslag nie, is om weg te skram van hierdie erfdeel. Hy wil wegbreek van die erfsondes wat geslag na geslag pla. Hy wil die banvloek van uitgewerye, bekgevegte, kleinburgerlike papierstorms en ander letterkundige "byvoordele" verbreek. Dat die jong skrywer van Tagtig hom vervreemd voel van die formele strukture van die letterkunde: dit is een van die uitstaande kenmerke van die klein stukkie van die dekade wat ons nou-al het.

Met groot vreugde en heelwat minder sinisme as die oueres het ons die ontstaan van klein uitgewerye en tydskrifte dopgehou. Daar is nou-al meer little magazines as minor poets. Een van die dae is daar seker meer uitgewerye as boeke ... Dit is egter duidelik dat Tagtig iets wil sê, en dat hy dit op 'n ander manier wil sê as by wyse van gevestigde strukture. Of al hierdie dinge reg en goed is vir die literatuur, dáárvor kan daar verskil van mening wees, maar wat seker is: daar is darem bietjie vars lug.

En dank Vader dáárvor.

Met die little magazine-industrie gaan dit baie goed. *Graffier* se oplaag is reeds 1400, 'n paar nuwe tydskrifte is reeds weer aan die opstaan: *Ensovoort* in Pretoria en die *Tagtiger* in die Kaap. *Spado* is nie dood soos baie mense dink nie, maar smelt saam met die *Tagtiger*. *Taaldoos* word doodgesláán. Maar wat die geboorte- of sterftesyfer ook is: die belangrikste is dat die jong skrywers van Tagtig die hef in eie hand neem. Dat hy sê: ek is die ou wat dit op papier sit, ek sal sorg dat dit gedupliseer word en dat dit by mense uitkom.

Dit lyk dus asof Tagtig se jonges hierdie gemene deler het: dat ons ons eie tydskrifte wil hê, ons eie teaters, dat ons die hef in eie hand wil neem en al die pad wil loop met dít wat ons geskryf het, tot by die leser. Meer onmiddellike en warmer kontak word dus met 'n leserspubliek gesoek.

Die tweede aspek van vervreemding is moontlike vervreemding tussen die jonges self. Of noem dit groeppvorming binne Tagtig. Tagtig is nog baie jonk en lig in die broek en enige gesprek daaroor is in ieder geval skote in die wind. Maar dit lyk asof daar hier aan die begin van die dekade 'n gespletenheid aan die ontwikkel is. Aan die een kant is daar,

tematies nou, die Terug na die Volk-groep, en aan die ander kant is daar die meer eksperimentele groep, wat met hul besondere aanbieding van die werklikheid 'n groter vervreemding tussen skrywer en volk sal teweegbring.

Rondom enige gesprek oor Tagtig sal ons deeglik rekening moet hou met dié twee bewegings. Dit beteken nie dat dit 'n verdeling van spesifieke skrywers binne spesifieke kampe is nie. Ons is nog almal baie jonk. En ek hoop daar is nie nou-al by ons té veel sekerheid oor waarheen ons met ons skryfwerk gaan nie. Hier is baie jong skrywers hier wat sal erken dat hulle tegelykertyd werk aan 'n Terug na die Volk-roman én 'n eksperimentele werk. Daar is dus iets van 'n siamese tweeling. André du Toit, byvoorbeeld, het vandeeweek 'n storie in die *Sarie* en *Huisgenoot*, en gister het Skoppensboer 'n eksperimentele collagewerk van hom ontvang.

Die Terug na die Volkgroep word, as ek by wyse van voorbeeld name kan noem, verteenwoordig deur M.C.Botha en Francois de Jongh. 'n Tydskrif wat 'n faset hiervan verteenwoordig, is *Taaldoos*, wat die taal van barakke, perronne, latrines en duikwegte druk en versprei. Ook deel van hierdie beweging is die straatteater wat Chris Pretorius in Kaapstad se strate aanbied, dinge soos die luisterlied en kabaretskryf, waar Hennie Aucamp reeds die leiding geneem het. En die motivering vir hierdie beweging is seker so oud soos Langenhoven en C.M.van den Heever self: die gevoel dat Afrikaans nie gelees word nie, dat Afrikaans nog nie 'n behoorlike leserspubliek ontwikkel het nie. U weet dat die 3 ontvangsdames in die voorportaal tot gister nog nie geweet het wie is Etienne Leroux nie, en só Engels is hulle tog nie.

Die ander helfte van die Siamees is die eksperimentele. Die behoefte om tegnies en tematies nuwe gebiede te verken en oop te skryf, op die patroon van wat in Sestig gebeur het. In hierdie verband kan mens André le Roux se *Te hel met ouma!* en Dan Roodt se *Sonneskyn* en *Chevrolet* noem.

Miskien net 'n waarskuwing wat ons aan onself kan rig. Terug na die Volk gaan baie kompromie beteken. Die volk het 'n baie definitiewe siening van die werklikheid; hulle hou van maatskappy-bevestigende literatuur. As ons tematies wil teruggaan na die volk, sal ons baie goed oor hierdie kompromie moet besin.

Wat die eksperimentele betref, is een van die groot kenmerke van Tagtig die byna benoude aangryp van enigiets wat nuut of eksperimenteel is. En hier speel die ouer geslag nie 'n geringe rol nie. Van die middeljarige sestigers wil húl groot dekade herhaal sien: 'n soort geprojekteerde orgasme. Maar moenie van die jonges verwag om hulself ryp te druk nie. Ons gaan ons eerlikheid verloor, en 'n laatlammetjie van 'n Sestig-lammerseisoen word.

Dit dan wat die moontlike bewegings binne Tagtig betref. Ek sal graag wil sien dat dit nie as twee groepe bekend sal staan nie, maar as twee kamers binne dieselfde huis. Die genetika van die bekgeveg lê baie diep in ons. Ons letterkunde is vreeslik huishoudelik. Ek kry soms die gevoel dat as F.I.J.van Rensburg saans vir sy vrou die skottelgoed in die



Transvaal was, dan hoor Dr. So-en-so die geklink van skottels in sy studeerkamer in die verre Suide. Maar al verskil ons hóé, in dit wat ons skryf en in die manier waarop ons dit doen, ons móét gesels. Ons leef reeds in 'n land met te veel grense.

Wat vervreemding tussen die wit en swart skrywer betref: dááror is reeds gepraat. Al wat ék kan sê, is dat ek net één swart skrywer ken, en dit is Peter Snyders. Verder ken ek nie één nie. Dit is my erfsonde. Die grense van Apartheid is volkome.

Die derde aspek van vervreemding is die moontlike vervreemding tussen ons en dié wat voor ons is. Ek voel dat dit heeltemal te vroeg in die dekade is om te veel hieroor te sê. Ons moet eers skryf, en dan kan ons miskien later terugskouend wéét. Wat ek wel kan sê, is dat beduidende werk gelewer word, byvoorbeeld *Te hel met ouma!* en *Sonneskyn en Chevrolet*.

Ek het dus gekyk na vervreemding as bewuste handeling, waar dit gaan om die verwerping van bestaande strukture rondom die letterkunde, en ook na vervreemding as meer onbewuste handeling, naamlik as dit by die woord op papier kom.

En laasgenoemde, die woord op papier, is tog waaroor dit gaan. Hoe ons skryf en wat ons skryf. Dit is tog wat saakmaak op die duur. En in hierdie opsig moet elkeen op sy eie, privaat, die ding doen. In die huis van die literatuur is baie wonings. Laat ons eerlikheid vooropstel, en nie agter dekades of verwagtings van bewegings aan skryf nie. Netnou word stamelaars orakels en dwerge reuse.

Ons eerste verantwoordelikheid, lyk dit vir my, lê nie by 'n groep of 'n beweging of 'n dekade nie, maar by die private daad van skepping. En dáár moet elke ou sy eie ding doen.

Die strukture is geskep. Ons het uitgewerye, ons het tydskrifte, ons het teaters, ons het groepe. Al wat ons nóú moet doen, is om te gaan skryf. En Tagtig sal vir homself sorg (1981:7-9).

Dan Roodt lewer by dieselfde beraad 'n pleidooi dat vernuwing noodsaaklik is en teruggekeer moet word na 'n literêre nulpunt", terwyl die dramaturg Chris Pretorius homself en vir Roodt as tagtigers beskou en sê:

Gewoonlik as 'n mens praat van tagtigers dan praat jy van 'n beweging van skrywers. In die geskiedenis altyd as daar 'n intellektuele beweging plaasvind, of kunsbeweging gaan dit altyd gepaard met karikatuur van daardie beweging (1981).

Hy erken dat hy nie die Afrikaanse letterkunde ken nie, geen verbintenis met enige establishment-skrywers van die dag aanvoel nie en boonop nie vir Afrikaans omgee nie.

Tydens vraetyd ná die bespreking reageer van die ander skrywers heftig op Roodt en Pretorius se uitsprake. P.J.Haasbroek sê vir Roodt:

Skryf op die mure, deure en vensters. Skryf wat jy wil, soos jy wil, in jou eie handskrif of ander handskrifte met balpunte, potlood, verfkwas of spuitblik - enige iets. Maar net nie op papier nie; nooit weer onder jou eie irrelevante naam nie. Skryf en teken dan jou nuwe naam, die naam Nul, en jy sal gelees word en tevrede wees in jou gelesetheid en onbekendheid (*Die Vaderland*, 1981:7).

Hierna beweer Ronnie Belcher dat die Tagtigers maar pasgeborenes is "... en hoe praat mens met pasgeborenes wie se bestaan uit (bevuilde) doeke bestaan?" (*Die Vaderland*, 1981:7).

Heelwat skrywers en kritici besin tydens hierdie belangrike beraad, maar ook dwarsdeur die tagtigerjare, oor die toepassingswaarde van hierdie terme, maar ook oor die mate van vervreemding wat by die Tagtigers of tagtigerskrywers aanwesig is. So beweer die digter Peter Snyders dat Tagtig 'n reaksie is teen sy voorgangers se skryfwerk:

Tagtig voel dit sy taak om ou opvattinge af te breek. Hy voel dat Suid-Afrika opstand, onrus en woede nodig het. En hy kan dit bring. Maar myns insiens sal enige vernuwing spontaan en nie doelbewus geskied nie (1981:5).

Terwyl die Sestigters verruimend deel geword het van 'n internasionale tydsges waartydens Parys "in meer as een sin, die metafisiese sentrum van Sestig" geword het (Brink, 1985a:56), voorspel Louis Krüger (1981:7), miskien meer realisties as Snyders, reeds aan die begin van die tagtigerjare dat Tagtig waarskynlik eerder 'n *dekade* as 'n tydsges sal wees.

Die digter Johann Lodewyk Marais wys daarop dat dit reeds gebruiklik geword het om in Afrikaans te praat van Dertigers, Veertigers, ens:

Verskeie kritici staan skepties teenoor hierdie "plasing" van skrywers en rigtings in dekades. Ons moet egter teen wil en dank aanvaar dat die Afrikaanse literatuur van die twintigste eeu in hierdie dekadevakkies geplaas en gelaat gaan word. Eers daarna sal ons hopelik bevry word van hierdie eerste indeling waarmee die jong Afrikaans te doen gekry het toe hy besig was om sy kinderskoene te ontgroeï (1983:2).

Ook Gerrit Olivier heg nie veel waarde aan die naam Tagtigers nie omdat daar, volgens hom, nie by hulle - soos met die Sestigters - 'n duidelike doel is om iets te verander in die Afrikaanse letterkunde nie. Verder meen hy ook dat die Tagtigers nie duidelike idees het oor hóé vernuwing moet plaasvind nie. Hy erken egter wel dat daar solidariteit onder hierdie skrywers is:

Ek dink daar is onder die Tagtigers 'n intuitiewe gevoel van konsensus of solidariteit. Dis mense wat almal ontnugter is met die amptelike politiek, geen heil meer kan sien in die Afrikaanse kerk nie, wat moeg is vir die amptelike aura wat hang om die Afrikaanse letterkunde, wat verkies om meer informeel te werk te gaan, maar ek glo nie dat daardie sentimente 'n beweging tot stand bring nie. Ek dink ons moet die benaming maar los (1983:2).

Op die Stellenbosch boekefees van 1988 stem Koos Prinsloo, Lettie Viljoen, Etienne van Heerden, André le Roux e.a. saam dat daar nie iets is soos Tagtigers in die sin van 'n literêre beweging nie en dat hulle ook nie so iets genoem wil word nie. Hulle gee wel toe dat dit 'n praktiese manier van praat is oor 'n groep skrywers wat sedert 1980 gedebuteer het en tog 'n sekere gemeenskapslikheid het "... maar, asseblief en verdomp, niks meer nie" (*Rapport*, 1988:3).

Ten spyte daarvan dat Etienne van Heerden in 1981 wys op die vervreemding wat by die skrywers van Tagtig ontstaan het, distansieer hy hom in 1989 van die gebruik van die woord Tagtig

as teken vir 'n nuwe literêre generasie of beweging wat radikaal sou wegbeweeg van dit wat vorige skrywersgenerasies verrig het. Hierdie dekade het nie 'n literêre beweging gebring soos wat Sestig in die prosa of Dertig in die poësie dit was nie. Ek moet u dus teleurstel en sê dat u nie 'n *Tagtiger* voor u sien nie, maar 'n laatlammetjie van die Sestigters. Wanneer ek dus 80 bo-aan my stuk skryf (verwysend na die titel van sy lesing "80: Die onwillige dekade" -JDH), verwys ek na die dekade tagtig, dié klompie jare tussen die flou sewentigs en die onbekende negentigs. U sal waarskynlik by die ander skrywers hier meer hoor van 'n onwilligheid om Tagtiger as 'n literêre Pro Patria-medalje op die bors te dra (1989:3).

Tog erken hy ook dat bepaalde tendense wel in die tagtigerjare aantoonbaar is.

In sy sleuteltoespraak by die Nasionale Leeskringseminaar op Welkom (1988) waarsku Etienne Leroux dat ons nie dekade-indelings sommer so moet aanvaar nie. Ook hy meen dat daar nie 'n beweging van '80 was nie: "80 is 'n produk van '60 - die ultimaat van '60 sonder die romanse van ontdekking en die kleiduifskiet van die establishment" (1989:3).

Die digter Daniel Hugo som die algemene gevoel só op:

As ek die term "tagtigers" gebruik, bedoel ek daarmee doodgewoon dié skrywers wat sedert 1980 in Afrikaans gedebuteer het. Ek wil glad nie daarmee 'n bepaalde skool of uniforme literêre rigting aandui nie, daarom skryf ek "tagtig" en "tagtigers" met 'n kleinletter. Tog vertoon die skryfwerk van hierdie dekade kenmerke wat hom onderskei van die voorafgaandes (1989:33).

Dit is dus duidelik dat daar groot onsekerheid én verdeeldheid heers oor die gebruik van terme soos *Tagtig* en *Tagtiger*. Wanneer 'n mens 'n kategoriserende term soos Dertiger, Sestig of miskien selfs Tagtiger wil gebruik, impliseer dit 'n onderlinge binding wat betref aspekte soos tema en ideologiese ingesteldheid. Hoewel die term Tagtiger met die grootste versigtigheid gebruik moet word, is dit egter 'n redelik algemene beginsel in die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing (sien bv. hoe André P.Brink in sy *Literatuur in die strydperk* (1985) deurgaans na Sestig (bv. p.9) en Sewentig (bv. p.45) verwys) en sou 'n mate van kategorisering bloot vanweë hierdie gebruik wel toelaatbaar wees.

Terwyl die terme *Tagtig* en *Tagtiger* ook op bepaalde tematiese of ideologiese groepering(s) gebaseer word, dui die term *tagtigerskrywer* vir die doel van hierdie ondersoek hoofsaaklik op debuutpublikasiedatums: dus die tydstip waarop die werk van die skrywer deel van die Afrikaanse literêre sisteem geword het. Na analogie van die gebruikelike skryfwyses Sestig en Sestiger, wil dit aanvanklik lyk asof daar gerus ook van *Tagtig* en *Tagtiger* (met 'n hoofletter) gepraat kan word. Tog glo ek, en sal ek ook poog om dit later in hierdie studie te bewys, dat bogenoemde twee terme op dié wyse geskryf, reeds 'n ideologiese geladenheid veronderstel. Daarom verkies ek die terme

*tagtigerjare* en *tagtigerskrywers*. Laasgenoemde twee terme word deurgaans in hierdie studie met kleinletters gespél.

As vertrekpunt vir hierdie studie beskou ek die volgende persone as Afrikaanse tagtigerskrywers: *Enige skrywer wat 1) tussen Januarie 1980 en Desember 1989 in Afrikaans gedebuteer het met 'n bundel kortverhale, poësie, drama of 'n roman (of in meer as een genre), 2) wat gedurende die tagtigerjare in 'n ander Afrikaanse genre as vroeër gedebuteer het of 3) wat reeds vroeër in Afrikaans gedebuteer het, maar eers gedurende die tagtigerjare besondere erkenning verkry het en deur bekronings en ander toekennings in die Afrikaanse literêre kanon opgeneem is.* Die laaste groep verg versigtige seleksie op grond van resepsiedokumente.

Vir die doel van hierdie studie word slegs tekste van *prosaskrywers* van die tagtigerjare bestudeer en word dus die poësie en/of dramatekste nie betrek nie. In die res van hierdie studie sal die term *tagtigerskrywer* dus eintlik *tagtigerprosaskrywer* impliseer. Omdat hierdie groep skrywers en tekste so groot is<sup>1</sup>, moes ek egter metodes vind om die belangrikste tagtigerskrywers te kies.

## 2.2. Wie en wat is die belangrikste Afrikaanse tagtigerskrywers en -tekste?

Om kriteria te vind waarvolgens skrywers en tekste geselekteer kan word om in 'n studie soos hierdie as proefgroep bestudeer te kan word, is voorwaar 'n moeilike opdrag. Sonder om te poog om volledig aan te dui watter werke gekanoniseer is gedurende die tagtigerjare (want daarvoor is ons vandag heeltemal te ná aan dié dekade en moet, onder andere, eers tydruimtelik afstand verkry word voordat kanoniseringsprosesse ten volle duidelik word), sou 'n nadere beskouing van bepaalde kanoniseringsprosesse kon help in die selektering van 'n aantal tekste as synde belangrike tagtigertekste.

---

<sup>1</sup>Vir 'n omvattende lys van al die prosawerke van Afrikaanse skrywers wat in die tagtigerjare geskryf is, soos verskaf deur NALN, sien Addendum A.

Betreffende die Nederlandse letterkunde (en sekerlik ook t.o.v. ander letterkundes soos die Afrikaanse), dui Fokkema (1985:4) 'n aantal kanoniseringsinstansies aan:

Het is duidelik dat tijdschriftredacties, kunsredacties en recensenten van de dag- en weekbladen, jury's, uitgevers, wetenschappelijke onderzoekers, samestellers van schoolboeken en vele anderen die een functie vervullen in het onderwijs, bij de inspectie, bij de media of bij de produktie en distributie van boeken de canon(s) van de Nederlandse literatuur bepalen.

In my soektog na geskikte ondersoekmateriaal ten einde die belangrikste tagtigerskrywers en -tekste te identifiseer het ek, in aansluiting by Fokkema, die volgende vyf kanoniseringsinstansies bekyk:

### 2.2.1. Tydskrif vir Letterkunde

Die *Tydskrif vir Letterkunde* is die amptelike orgaan van die Afrikaanse Skrywerskring en bestaan reeds sedert 1951 as opvolger van die vroeëre *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring* (1936-51). Dié tydskrif het in toenemende mate die reputasie verwerf dat dit skeppende werk van Afrikaanse skrywers bekendstel. 'n Metode om vas te stel watter tekste as belangrike tagtigertekste beskou kan word, sou kon wees deur te bepaal watter Afrikaanse prosatekste (nie vertalings en herdrukke nie) die redaksie uithef om onder die afdeling "Boekbesprekings" in die blad te laat resenseer. Hierdie boekbesprekings kan soos volg aangedui word:

#### Tydskrif vir Letterkunde: Boekbesprekings

1980

*Soutsjokolade*

Ina Rousseau

*Reis deur 'n revolusie*

Christine Basson

*Sing vir ons, Mathilda*

Margaret Bakkes

1981

*Die Slagmes en ander nagelate verhale* D.F.Malherbe

*Twee nagelate novelles*

D.F.Malherbe

*Pas op vir Jantatarat*

Audrey Blignaut

<i>Koöperasie-stories op Donderdag</i>	P.G.du Plessis
<i>Die uur van die idiote</i>	Abraham H.de Vries
<i>Melk</i>	Elsa Joubert
<i>Die hartklop van gevoel</i>	M.C.Botha
<i>Die klipsweet sit aan my voetsool vas</i>	A.A.J.van Niekerk

1982

<i>Waar ek gelukkig was</i>	Karel Schoeman
<i>Die kremetartekspedisie</i>	Wilma Stockenström
<i>Verlange is verniet</i>	A.A.J.van Niekerk
<i>Die hol mense</i>	Shanie Joubert
<i>Daar's edelvrot in die wingerd</i>	Esme Mittner
<i>Die kampioen</i>	Kas van den Bergh
<i>Tussengebied</i>	Etienne Leroux
<i>Tussenspel</i>	Etienne Leroux
<i>Op die rug van die tier</i>	Anna M.Louw
<i>Die dood van 'n droster</i>	Chris Pelser
<i>Die reisiger</i>	Karel Schoeman
<i>Volmink</i>	Hennie Aucamp
<i>Trap sag terwyl jy hardloop</i>	Pirow Bekker
<i>Johanna se storie</i>	Jan Rabie

1983

<i>Die dood van 'n Engelsman</i>	Karel Schoeman
<i>Onse Hymie</i>	Etienne Leroux
<i>Familie</i>	Alexis Retief
<i>Jonkmanskas</i>	Koos Prinsloo
<i>Kortsluitings</i>	Henk Wybenga
<i>Nou's die Kaap weer Hollands</i>	André le Roux du Toit
<i>Voëls van die hemel</i>	Petra Müller

1984

<i>Die kêrel van die Pêrel of</i>	Henriette Grové
<i>Anatomie van 'n leuenaar</i>	Etienne van Heerden
<i>My Kubaan</i>	Elsa Joubert
<i>Die laaste Sondag</i>	P.J.Philander
<i>Hoefyster van die hart</i>	Pirow Bekker
<i>Witsalper</i>	Pirow Bekker
<i>Petronella van Aarde, burgemeester</i>	Dalene Matthee

<i>Tuin van klip en vuur</i>	George Weideman
1985	
<i>Weerkaatsings - 'n Sprokie</i>	Eleanor Baker
<i>Elegie vir 'n onbekende</i>	Margaret Bakkes
<i>Ontheemdes</i>	Margaret Bakkes
<i>Die muur van die pes</i>	André P.Brink
<i>Poorters</i>	Pieter W.Grobbelaar
<i>Wagkamer</i>	Marlene le Roux
<i>Kringe in 'n bos</i>	Dalene Mathee
<i>Fiela se kind</i>	Dalene Mathee
<i>'n Ander land</i>	Karel Schoeman
<i>'n Wêreld sonder grense</i>	Alexander Strachan
1986	
<i>Vir onskuldiges</i>	Frans Coetzee
<i>Die groot eier van Aghwibib</i>	W.F.van Rooyen
<i>My mense</i>	P.J.du Toit (samest.)
<i>En oseaan</i>	Jan Rabie
<i>Voordat berge gebore word</i>	Pirow Bekker
1987	
<i>Wat bly oor van soene?</i>	Hennie Aucamp
<i>Bome van kennis en ander verhale</i>	M.C.Botha
<i>Die verste grens</i>	Maretha Maartens
<i>Somer II</i>	André Letoit
<i>Kat in die sak</i>	Jeanne Goosen
<i>Half boom, half mens - en ander grensstories</i>	Bertrand Retief
<i>Die jaar nul</i>	P.J.Haasbroek
<i>Om 'n laaitie te maak</i>	Theunis Engelbrecht
<i>Die loop van die rivier</i>	Anna M.Louw
<i>Die walvisman</i>	Klaas Steytler
<i>Die alsiende oog</i>	Pieter W.Grobbelaar
<i>Breekwater en ander kortverhale</i>	André Letoit
1988	
Geen	



1989

<i>Toorberg</i>	Etienne van Heerden
<i>Kaapse rekwisiete</i>	Wilma Stockenström
<i>Sluvoet</i>	M.C.Botha
<i>Louoond</i>	Jeanne Goosen
<i>Is Sagie</i>	Jan van Tonder
<i>Die ou man en die duif</i>	F.A.Venter
<i>Uit 'n ander wêreld</i>	P.C.Haarhoff
<i>Sleep vir jou 'n stoel nader</i>	André le Roux
<i>Pofadder en Peddelford</i>	Ferdinand Deist

Tabel 2.1

Hoewel verskeie van bogenoemde skrywers reeds lank voor die tagtigerjare gedebuteer het, is die volgende persone skrywers wat volgens die definisie by hoofstuk 2.1 moontlik as Afrikaanse tagtigerprosaskrywers geklassifiseer kan word:

Christine Basson; M.C.Botha; Alexis Retief; Koos Prinsloo; Henk Wybenga; André le Roux du Toit (Letoit); Petra Müller; Etienne van Heerden; Dalene Matthee; Pieter W. Grobbelaar; Marlene le Roux; Alexander Strachan; Frans Coetzee; Jeanne Goosen; Bertrand Retief; Theunis Engelbrecht; Jan van Tonder; P.C.Haarhoff; André le Roux en Ferdinand Deist.

Die Skrywerskring kan dus, by monde van die *Tydskrif vir Letterkunde*, meehelp in die kanoniseringsproses van belangrike skrywers.

### 2.2.2. Geskiedskrywing: J.C.Kannemeyer

'n Verdere metode waarvolgens kanonisering vasgestel kan word, is deur die aandag wat belangrike geskiedskrywers aan bepaalde werke verleen na te gaan. In hierdie afdeling word die ruimte wat J.C.Kannemeyer in sy *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* aan die tagtigerskrywers afstaan bekyk. Die rede hoekom bogenoemde werk as basis gekies is, is omdat Kannemeyer allerweë as belangrike Afrikaanse geskiedskrywer bekend staan. In 1987 verwerf hy die Ou Mutual-prys vir sy biografie oor D.J.Opperman en in 1988 is hy deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Gustav Preller-medalje vir Literatuurwetenskap en Literêre Kritiek bekroon vir o.a. sy

*Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* band I en II. Tot op hede is sy *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* die laaste geskiedkundige oorsig wat oor die Afrikaanse letterkunde verskyn het, hoewel tekste ná 1987 ongelukkig nie hierin bespreek word nie.

In tabel 2.2 word die aandag wat Kannemeyer aan alle tagtigerskrywers en hulle werke (tot 1987) verleen het verduidelik aan die hand van die aantal reëls wat hy in bogenoemde werk aan elke teks afstaan. Die totaal (heel regs) is die totale aantal reëls wat Kannemeyer aan die bepaalde skrywer bestee (Net voorletters en vanne word gebruik ter wille van spasie):

**J.C.Kannemeyer se aandag aan tagtigertekste**

<u>Skrywer</u>	<u>Titel</u>	<u>Datum</u>	<u>Reëls</u>	<u>Totaal</u>
M.C.Botha	Die hartklop van gevoel	1980	5	49
	Skertse	1981	2	
	Die prys wat jy moet betaal	1982	13	
	Die einde van 'n kluisenaar se lewe	1982	8	
	Bome van kennis en ander verhale	1985	12	
	Sluvoet	1987	5	
T.T.Cloete	Die waarheid gelieg	1984	7	368
F.Coetzee	Vir onskuldiges	1985	3	3
F.Deist	Pofadder en Peddelford	1987	4	4
T.Engelbrecht	Om 'n laaitie te maak	1987	3	10
J.Ferreira	Sitate om 'n rewolusie	1985	7	10
J.Goosen	'n Kat in die sak	1986	21	65
	Louoond	1987	19	
R.Hattingh	Die tonnel	1984	2	4
	Markus vermoed 'n verhaal	1987	2	
E.Kotze	Halfkroon vir die nagmaal	1982	2	5
	Silt van die aarde	1986	1	
T.Kotzé	Die vlugroep van die kelkiewyn	1987	3	3
L.Krüger	Die skerpskutter	1981	6	23
	'n Basis oorkant die grens	1984	11	
A.le Roux	Te hel met ouma!	1980	4	16
	Sleep vir jou 'n stoel nader	1987	5	
A.Letoit	Nou's die Kaap weer Hollands	1982	7	38
	My nooi is in 'n tikmasjien	1983	7	
	Somer II	1985	8	
	Breekwater en ander kortverhale	1986	7	

D.Mathee	'n Huis vir Nadia	1982	3	81
	Die Judasbok	1982	3	
	Petronella van Aarde, burgemeester	1983	5	
	Kringe in 'n bos	1984	19	
	Fiela se kind	1985	18	
	Moerbeibos	1987	24	
H.Pienaar	Die lewe ondergronds	1986	6	6
F.Phillips	Die horlosie se wysers val af	1983	5	15
	77 stories oor 'n clown	1985	5	
	Die wilde kind	1987	6	
K.Prinsloo	Jonkmanskas	1982	34	73
	Die hemel help ons	1987	37	
A.Retief	Stad	1982	1	7
	Familie	1982	1	
	Die mense wat nooit vergeet het nie	1986	1	
B.Retief	Tweede prys is 'n houtjas	1983	3	3
	Half boom, half mens	1986	3	
D.Roodt	Sonneskyn en Chevrolet	1980	6	18
	Twee sinne	1985	5	
A.Strachan	'n Wêreld sonder grense	1984	29	30
F.Swart	Spinola se rooi angelier	1985	11	11
	Sirkus in die Steppe	1987	11	
	Gist'raand gousblom	1983	4	
W.Theron	Gist'raand gousblom	1983	4	4
E.van Heerden	My Kubaan	1983	51	227
	Om te awol	1984	17	
	Toorberg	1986	69	
J.van Tonder	Wit vis	1983	3	14
	Aandenking vir 'n vry man	1984	7	
	Is Sagie	1987	5	
E.Venter	Witblitz	1986	3	3
L.Viljoen	Klaaglied vir Koos	1984	20	21
	Erf	1985	20	
W.Vorster	Kruisvaart	1984	7	8
H.Wybenga	Kortsluitings	1982	6	7

Tabel 2.2

Hiervolgens is dit duidelik dat Kannemeyer die meeste ruimte in sy bespreking van tagtigerskrywers aan die volgende skrywers afstaan: Etienne van Heerden; Dalene Mathee; Koos Prinsloo; Jeanne Goosen en M.C.Botha. (Hoewel 368 reëls aan T.T.Cloete afgestaan is, is slegs 7 reëls hiervan vir sy *prosa*-bydrae en die res aan sy belangrike poësiebundels). Sonder om op 'n simplistiese vlak te probeer argumenteer dat bogenoemde skrywers (ten minste tot 1987) volgens Kannemeyer as belangrike tagtigerskrywers beskou word bloot omdat hy ruimte aan hulle afstaan, meen ek dat dit

korrek is om 'n mate van kanoniserings wél hierin raak te sien. Bogenoemde 29 skrywers en hulle 60 tekste word dus, voorlopig, as belangrike of, ten minste, vermeldingswaardige tagtigerskrywers geïdentifiseer.

### 2.2.3. Die bekroning van tagtigertekste

Wanneer 'n teks bekroon word met 'n belangrike toekenning neem ander skrywers, kritici en lesers kennis daarvan en veroorsaak dit onmiddellik dat dié werk opgeneem word in die hoofstroom-letterkunde. Sodoende word dit dus gekanoniseer. Volgens bv. Tafelberg se 1993 katalogus (p.53-55) is en word 'n groot verskeidenheid pryse deur verskillende instansies aan Afrikaanse literêre werke toegeken. Die volgende pryse (soos in die Tafelberg- en Human & Rousseau-katalogusse tussen 1980-1989 aangedui) is tussen 1980 en 1989 aan Afrikaanse literêre werke toegeken (sommige toekennings is egter voor 1989 gestaak):

#### Pryse aan Afrikaanse literêre tekste toegeken

- 1) *Die ATKV-prys vir gewilde prosa*  
Hierdie prys is eers in 1985 deur die ATKV ingestel en is die enigste Afrikaanse prys wat uitsluitlik aan prosa toegeken word.
- 2) *Die CNA-letterkundeprys*  
Die CNA-letterkundeprys is in 1961 ingestel. Twee pryse word jaarliks toegeken vir die beste boek in Afrikaans en Engels onderskeidelik. Enige gepubliseerde werk mag voorgelê word.
- 3) *Die Credo-prys*  
Die Credo-prys vir Christelike kinder- en jeuglektuur is in 1978 deur N.G.Kerk-Uitgewers ingestel.
- 4) *Die FAK-prys vir ontspanningsleesstof*  
Die prys word deur die FAK se Kaaplandse Helpmekeer-studiefonds geborg en word afwisselend aan ligte romans en kort kuns toegeken.
- 5) *Die Helgaard Steyn-prys*  
Dié prys word deur die Helgaard Steyn-trust toegeken en is in 1988 ingestel (hoewel dit nie nêr 'n letterkunde-prys is nie).

6) *Die Ingrid Jonker-prys*

Hierdie prys word deur die Afrikaanse Skrywersgilde beheer en word sedert 1965 om die beurt op 'n nie-rassige grondslag toegeken aan 'n Afrikaanse en 'n Engelse digdebuut.

7) *Die Louis Luyt-prys vir letterkunde*

Hierdie letterkundige prys is deur Louis Luyt in 1976 ingestel. Weens ekonomiese redes is die toekenning daarvan in 1985 deur Triomf-kunsmis gestaak.

8) *Die Ou Mutual-letterkundeprys*

Die prys word vir die eerste keer in 1985 toegeken en behels afwisselend vyf tipes bekronings: vir 'n kinder- of jeugboek in Afrikaans of Engels; belletrie (poësie en drama); nie-fiksie; debuutwerke en fiksie wat by Human & Rousseau verskyn het.

9) *Die Rapport-prys*

Die prys is in 1986 ingestel as 'n regstreekse gevolg van die opskorting van die Louis Luyt-prys. Ná die terugtrekking van die prys in 1988 wat aanvanklik aan Koos Prinsloo se *Die hemel help ons* toegeken is, gaan die prys tot niet en word sedert 1990 met die Rapport se Boeke van die Jaarprys vervang.

10) *Die Rapportryers-prys*

Die prys is in 1972 ingestel en word jaarliks toegeken aan 'n Afrikaanse publikasie wat gedurende die voorafgaande vyf jaar in 'n bepaalde genre verskyn het.

11) *Die Sanlam-prys vir jeuglektuur*

Sedert 1984 is die prys in oorleg met Tafelberg-uitgewers toegeken en poog om 'n sterk inheemse kinderlektuur te bevorder. Sedert 1988 word die prys elke twee jaar op grond van wedstrydinskrywings toegeken.

12) *Nasionale Boekhandel-pryse*

a) Die W.A.Hofmeyr-prys. Dit is in 1954 ingestel en word sedert 1978 toegeken aan enige verdienstelike letterkundige werk wat in die vorige jaar deur Nasionale Boekhandel (waaronder Tafelberg, Human & Rousseau en J.L.van Schaik resorteer) uitgegee word.

b) Die Recht Malan-prys vir verdienstelike nie-fiksiewerk word sedert 1978 toegeken.

c) Die MER-prys vir jeuglektuur wat in 1983 ingestel is, word jaarliks toegeken aan die beste kinder- of jeugboek wat in die voorafgaande jaar by 'n uitgewery in die Nasionale Boekhandel-groep verskyn het.

13) *Perskor-pryse*

a) Die Perskor-prys vir letterkunde.

b) Die Perskor-prys vir Jeuglektuur.

- c) Die Perskor-prys vir Ontspanningslektuur.  
Al drie pryse is elke drie jaar deur Perskor toegeken.

14) *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*

- a) Die Hertzog-prys wat in 1914 ingestel is en om die beurt toegeken word aan die drie letterkundige genres prosa, poësie en drama.
- b) Die Gustav Preller-prys vir bydraes tot die literatuurwetenskap is reeds in 1970 ingestel.
- c) Die Akademie-prys vir vertaalde werk is sedert 1948 toegeken.
- d) Die Hertzog-prys vir wetenskaplike prosa.
- e) Die Eugène Marais-prys wat jaarliks vir 'n eerste of vroeë belletristiese publikasie van 'n skrywer van ongeveer 30 jaar en jonger in Afrikaans toegeken word. 'n Outeur kan die prys net een keer ontvang.
- f) Die Scheepers-prys vir jeuglektuur wat in 1956 ingestel is en sedert 1974 elke drie jaar toegeken word.
- g) Die Alba Bouwer-prys vir kinderlektuur wat ingestel is in 1989 sluit boeke in vir lesers in die ouderdomsgroep sewe tot twaalf jaar en word elke drie jaar toegeken.
- h) Die Tienie Holloway-medalje vir kleuterlektuur wat in 1969 ingestel is, word sedert 1976 elke drie jaar toegeken.

15) *Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingswese-pryse*

- a) Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek is in 1960 ingestel en word toegeken aan die beste kinderboek van die vorige twee jaar in Afrikaans.
- b) Die SAIBI-vertaalprys.

Tabel 2.3

In die laat tagtigerjare het 'n paar van die pryse se waardes soos volg daar uitgesien: Die ATKV-prys - R12000; die CNA-prys - R7500 vir die wenner en R2500 vir die ander skrywers op die kortlys; die Hertzog-prys - R2000 en 'n goue medalje; die W.A. Hofmeyr-prys - R2000; Die Louis Luyt-prys (1984) - R15000; Die Ou Mutual-prys - R5000; Die Perskor-prys - R5000 en die Rapport-prys (1986) - R15000 en twee retoerkaartjies na Europa.

Omdat sekere van bogenoemde bekronings meer gerig is op *prosatekste* as ander; bepaalde bekronings meer gereeld geskied as ander en sekere bekronings meer aansien geniet in die media as ander, kan die volgende toekennings as belangrike bekronings vir die Afrikaanse letterkunde van die tagtigerjare beskou word:

Die toeken van literêre pryse gedurende die tagtigerjare

1) ATKV-prys vir gewilde prosa

<i>Datum</i>	<i>Outeur</i>	<i>Literêre werk</i>
1985	Dalene Matthee	<i>Kringe in 'n bos</i>
1986	Dalene Matthee	<i>Fiela se kind</i>
1987	Etienne van Heerden	<i>Toorberg</i>
1988	Dalene Matthee	<i>Moerbeibos</i>
1989	Etienne van Heerden	<i>Liegfabriek</i>

2) CNA-prys

<i>Datum</i>	<i>Outeur</i>	<i>Literêre werk</i>
1980	D.J.Opperman	<i>Komas uit 'n bamboesstok</i>
1981	--	Geen toekenning nie.
1982	Sheila Cussons	<i>Die woedende brood</i>
1983	Elisabeth Eybers	<i>Bestand</i>
1984	Henriette Grové	<i>Die kêrel van die Pêrel of Anatomie van 'n leuenaar en yk</i>
1985	Breyten Breytenbach	<i>Monsterverse</i>
1986	Wilma Stockenström	<i>Allotroop</i>
1987	T.T.Cloete	<i>Toorberg</i>
1988	Etienne van Heerden	<i>Amulet teen die vuur</i>
1989	Ernst van Heerden	<i>Liegfabriek</i>

3) Eugène Marais-prys

<i>Datum</i>	<i>Outeur</i>	<i>Literêre werk</i>
1980	Petra Müller	<i>Patria</i>
1981	Annesu de Vos	<i>Gebed van 'n groen perske</i>
1982	Louis Krüger	<i>Die skerpskutter</i>
1983	Elizabeth Kotze	<i>Halfkroon vir die nagmaal</i>
1984	Etienne van Heerden	<i>My Kubaan</i>
1985	Alexander Strachan	<i>'n Wêreld sonder grense</i>

1986	Freek Swart	<i>Spinola se wit angelier</i>
1987	Joan Hambidge Deon Opperman	<i>Bitterlemoene en More is 'n lang dag en Die teken</i>
1988	P.C.Haarhoff	<i>Uit 'n ander wêreld</i>
1989	Philip de Vos	<i>Daar's bitterals in die heuningwals</i>

## 4) Hertzog-prys

<i>Datum</i>	<i>Outeur</i>	<i>Literêre werk</i>
1980	D.J.Opperman	<i>Komas uit 'n bamboesstok</i>
1981	Henriette Grové	<i>Ontmoeting by Dwaaldrif</i>
1982	Hennie Aucamp	<i>Al sy prosawerk.</i>
1983	Sheila Cussons	<i>Al haar digbundels.</i>
1984	Henriette Grové Breyten Breytenbach	<i>Die kêrel van die Pêrel en yk</i>
1985	Uys Krige	<i>Al sy werke.</i>
1986	Karel Schoeman	<i>'n Ander land</i>
1987	T.T.Cloete	<i>Allotroop en Idiolek</i>
1988	Drama	<i>Geen toekenning nie.</i>
1989	Etienne van Heerden	<i>Toorberg</i>

## 5) Louis Luyt-prys

<i>Datum</i>	<i>Outeur</i>	<i>Literêre werk</i>
1980	J.C.Steyn	<i>Tuiste in eie taal</i>
1981	Sheila Cussons	<i>Die woedende brood</i>
1982	T.T.Cloete	<i>Jukstaposisie</i>
1983	Elisabeth Eybers	<i>Bestand</i>
1984	Wilma Stockenström	<i>Monsterverse</i>

## 6) W.A.Hofmeyr-prys

<i>Datum</i>	<i>Outeur</i>	<i>Literêre werk</i>
1980	D.J.Opperman	<i>Komas uit 'n bamboesstok</i>
1981	T.T.Cloete	<i>Angelliera</i>
1982	Sheila Cussons	<i>Die woedende brood</i>
1983	Elisabeth Eybers	<i>Bestand</i>
1984	Henriette Grové	<i>Die kêrel van die Pêrel</i>



1985	Karel Schoeman	<i>'n Ander land</i>
1986	T.T.Cloete	<i>Allotroop</i>
1987	Etienne van Heerden	<i>Toorberg</i>
1988	Ernst van Heerden	<i>Amulet teen die vuur</i>
1989	Elsa Joubert	<i>Missionaris</i>

Tabel 2.4

Uit 'n totaal van 52 toekennings gedurende die tagtigerjare in bogenoemde ses prys-kategorieë, is 21 aan prosawerke gemaak. Hiervan is vyftien pryse toegeken aan debuutskrywers en ses aan die ouer skrywers Hennie Aucamp, Uys Krige, Karel Schoeman (2), Henriette Grové en Elsa Joubert. Tog lyk hierdie statistiek nie só rooskleurig betreffende die toeken van pryse aan nuwe skrywers nie, aangesien die vyftien toekennings aan slegs ses tagtigerskrywers gemaak is, omdat Etienne van Heerden sewe en Dalene Matthee drie toekennings verwerf het. Vier ander tagtigerskrywers, P.C.Haarhoff, E.Kotze, Louis Krüger en Alexander Strachan, het elk een toekenning ontvang.

#### 2.2.4. Vertalings van tagtigertekste

Ten spyte daarvan dat Afrikaans in die tagtigerjare weens die akademiese en kulturele boikot beperk was in sy kontak met internasionale letterkundes, is, volgens Toerien se *Afrikaans literature in translation* (1993), 'n beduidende aantal Afrikaanse literêre werke vertaal en word van die Afrikaanse skrywers oorsee hoog aangeslaan. Ook word werke uit ander tale na Afrikaans vertaal en vind 'n gesonde, hoewel enigszins beperkte, wisselwerking met anderstalige letterkundes plaas.

So is ten minste vier van Louis Krüger se boeke in Nederlands vertaal en is die Nederlandse vertaling van *'n Basis oorkant die grens* in 1992 een van die voorgeskrewe werke in 'n kursus by die Vrije Universiteit in Amsterdam. Krüger meen dat daar 'n toenemende belangstelling vir Afrikaanse letterkunde in Nederland is, maar glo dat dié belangstelling veel groter sou wees as dit nie vir die kulturele boikot was nie (Keyser, 1993:4).

Voordat die uitgawe om 'n werk te vertaal aangegaan word, moet dit sekerlik eers 'n bewese verkooprekord in die oorspronklike taal hê, maar die uitgewer moet ook meen dat die milieu, karakteruitbeelding en storie geskik is om lesers in die vreemde taal te boei en kan kompeteer met oorspronklike werke in dié taal. Dat oorsese uitgewers wel geïnteresseerd is in Suid-Afrikaanse literêre werke, is duidelik<sup>2</sup>. Volgens Hettie Scholtz is daar oorsese uitgewers wat meen die beste skryfwerk in Suid-Afrika word in Afrikaans gelewer (Slabber, 1988:24)<sup>3</sup>.

Die volgende statistiek uit die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie (SANB) gee 'n aanduiding van hoeveel Afrikaanse letterkundige tekste gedurende die tagtigerjare uit Afrikaans na ander tale (meestal Engels) vertaal is (Hierdie getalle sluit ook heruitgawes en herdrukke in):

<u>Jaar</u>	<u>Vertalings uit Afrikaans</u>
1980	58
1981	65
1982	28
1983	62
1984	26
1985	43
1986	35
1987	12
1988	4
1989	13

Tabel 2.5

Die Afrikaanse skrywer van wie by verre die meeste vertalings verskyn het, is André

---

<sup>2</sup>Sien bv. *The Daily News* (1981:11)

<sup>3</sup>Elsa Joubert meen dat daar 'n literêre prys moet wees in die vorm van 'n subsidie vir die vertaling van Afrikaanse boeke in Engels. Sy stel voor dat die moontlikheid van 'n uitgewer wat uitsluitlik Afrikaanse boeke in Engels die wêreld instuur oorweeg moet word, omdat vertalings deure oopmaak vir 'n skrywer (Le Roux, 1988b:19).

P.Brink<sup>4</sup>. Wilma Stockenström se *Die kremetartekspedisie* is in Engels, Sweeds, Italiaans, Frans, Italiaans en Duits vertaal (die Italiaanse vertaling van die werk wen in 1988 die belangrike Guinzare Cavour prys - Odendaal, 1988:43), terwyl Eleanor Baker se *Weerkaatsings* in Engels, Sweeds, Hebreeus, Deens sowel as Fins vertaal is.

Die volgende vertalings van tagtigertekste deur nuwe Afrikaanse skrywers word in Toerien (1993) opgeneem:

Vertalings van tagtigertekste

<b>Dalene Matthee: <i>Kringe in 'n bos</i></b>		
<i>Circles in a forest</i>	1984	Engels
<i>Des cercles dans la forêt</i>	1984	Frans
<i>Cirkels in het woud</i>	1984	Nederlands
<i>Circulos na floresta</i>	1984	Portugees
<i>Unter dem Kalendarbaum, oder das Erwachsen des Saul</i> Barnard	1985	Duits
<i>Yigulim bay'ar</i>	1985	Hebreeus
<i>Rastros el al bosque</i>	1985	Spaans
<i>Skymnings skogen</i>	1985	Sweeds
<i>Hringir i skögi</i>	1985	Yslandies
<i>Met sän Kehät</i>	1986	Fins
<i>Il cerchio dell' elefante</i>	1986	Italiaans
<i>Elefantskogen</i>	1987	Noorweegs
 <b>Dalene Matthee: <i>Fielas se kind</i></b>		
<i>Fielas's child</i>	1986	Engels
<i>Fielas son</i>	1987	Sweeds
<i>Fielas Kind</i>	1988	Duits
<i>Le fils de Tiela</i>	1989	Frans
<i>Ljubljana: Drzavna Zalozba Slovenije</i>	198-	Slowaaks

<sup>4</sup>Sy boeke wat die meeste vertaal is, is volgens Toerien se *Afrikaans literature in translation* (1993): *'n Droë wit seisoen* (21 vertalings); *'n Oomblik in die wind* (18 vertalings); *Kennis van die aand* (15 vertalings); *Gerugte van reën* (14 vertalings); *Die muur van die pes* (12 vertalings) en *Houd-den-bek* (12 vertalings).

<b>Dalene Matthee: <i>Moerbeibos</i></b>		
<i>The mulberry forest</i>	1989	Engels
<i>Regn skogens dotter</i>	1991	Sweeds
<b>Koos Prinsloo: <i>Die hemel help ons</i></b>		
<i>De hemel help ons</i>	1991	Nederlands
<b>Etienne van Heerden: <i>My Kubaan &amp; Liegfabriek</i></b>		
<i>Mad dog and other stories</i>	1992	Engels
<i>De witte aap</i>	1992	Nederlands
<b>Etienne van Heerden: <i>Toorberg</i></b>		
<i>Ancestral voices</i>	1989	Engels
<i>Le domaine de Toorberg</i>	1990	Frans
<i>Slaegtens tale</i>	1991	Deens
<i>De betoverde berg</i>	1991	Nederlands
<i>Lähteensilmä</i>	1992	Fins
<i>Geisterberg</i>	1993	Duits
<b>Tabel 2.6</b>		

Dit is egter teleurstellend dat só min tagtigertekste internasionale blootstelling geniet. Terwyl L.Theunissen, 'n uitgewer van Perskor, aandui dat oorsese uitgewers veral in outobiografiese werke belangstel (hoewel daar ook 'n mark vir fiksie en nie-fiksie is), meen Petra Grütter dat 'n belangstelling in Suid-Afrikaanse boeke hoofsaaklik op sosiologiese en ideologiese gebied bestaan (*Die Transvaler*, 1989a:10). Miskien verklaar dit ook die groot oorsese belangstelling in Brink se sogenaamde "politieke" romans.

Deur sy positiewe opmerkings aan sy eie oorsese uitgewer help Brink om Dalene Matthee se *Kringe in 'n bos* in die buiteland bekend te stel. Die eerste oplaag van 10000 was binne drie weke verkoop en voor *Kringe in 'n bos* se manuskrip in Afrikaans verskyn het, is dit reeds in 1984 op 'n boekfees in Frankfort aan Amerika, Duitsland, Frankryk, Italië, Swede, Israel, Argentinië en Engeland verkoop (Prinsloo, 1984a:1).

J.A.Dautzenberg skryf in 'n resensie in die Nederlandse dagblad *De Volkskrant* dat Etienne van Heerden se *Toorberg* minstens so indrukwekkend is as García Márquez, wanner van die Nobelprys vir letterkunde in 1982, se *One Hundred Years of Solitude*. Gunstige resensies het ook in die gesaghebbende dagblad *NRC Handelsblad* en die oggendblad *Trouw* verskyn (Keyser, 1991:1).

### 2.2.5. Herdrukke en klankopnames van tagtigertekste

Om aan die hand van herdrukke te probeer aantoon welke tekste gekanoniseer is in die Afrikaanse letterkunde, kan baie gevaarlik wees. Daar moet in gedagte gehou word dat ernstige Afrikaanse literatuur maar deur 'n klein groepie lesers geniet word en dat die getal tekste wat verkoop word nie 'n presiese aanduiding kan wees van wat as belangrike Afrikaanse tekste beskou word nie. Tog word 'n mate van kanonisering sekerlik bereik as - óf weens die voorskryfmark, óf vanweë 'n lewendige belangstelling deur die algemene publiek - meer as een druk van 'n teks verskyn. Tot en met Desember 1993 het, volgens Sabinet en SANB, die volgende herdrukke van tagtigerwerke (in alfabetiese volgorde) die lig gesien:

<u>Herdrukke van tagtigertekste</u>			
<i>Titel</i>	<i>Herdruk</i>	<i>Prys</i>	<i>Datum</i>
<i>Die Judasbok</i>	1uit, 2druk	R12,95	1986
	1uit, 3druk	R12,95	1987
	1sagt uit, 1druk	R16,99	1990
	1sagt uit, 2druk	R21,99	1991
<i>Die kind</i>	1uit, 2druk	R18,95	1990
	1uit, 3druk	R18,95	1991
<i>Die skerpskutter</i>	1sagt uit, 1druk	R7,50	1983
	1sagt uit, 2druk	R16,95	1989
<i>Die wilde kind</i>	1sagt uit, 1druk	--	1989
<i>Fiela se kind</i>	1uit, 2druk	R15,95	1985
	1uit, 3druk	R15,95	1985

	1uit, 4druk	R15,95	1986
	1uit, 5druk	R15,95	1987
	1uit, 6druk	R17,50	1988
	1skooluit, 1druk	R11,50	1987
	1skooluit, 2druk	R11,50	1988
	1skooluit, 3druk	R13,95	1989
	1skooluit, 4druk	R13,95	1989
	1skooluit, 5druk	R17,95	1991
	1sagt uit, 1druk	R12,95	1988
	1sagt uit, 2druk	R12,95	1988
	1grootdruk uit	R35-00	1987
<i>Halfkroner vir die nagmaal</i>	1sagt uit, 1druk	R7,50	1984
	1sagt uit, 2druk	R7,50	1984
	1sagt uit, 3druk	R7,50	1985
	1sagt uit, 4druk	R16,95	1989
<i>Is Sagie</i>	1uit, 2druk	R14,95	1988
	1skooluit, 1druk	R9,95	1990
<i>Klaaglied vir Koos</i>	2uit, 1druk	R9-95	1987
<i>Kortsluitings</i>	nuwe hersiene uit	--	1989
<i>Kringe in 'n bos</i>	1uit, 2druk	R14,50	1984
	1uit, 3druk	R14,50	1984
	1uit, 4druk	R14,50	1985
	1uit, 5druk	R14,50	1985
	1uit, 6druk	R15,50	1985
	1uit, 7druk	R15,50	1985
	1uit, 8druk	R15,50	1985
<i>Kringe in 'n bos</i>	1uit, 9druk	R15,95	1987
	1uit, 10druk	R17,50	1988
	1sagt uit, 1druk	R9,95	1985
	1sagt uit, 2druk	R9,95	1985
	1sagt uit, 3druk	R9,95	1985
	1sagt uit, 4druk	R9,95	1985
	1sagt uit, 5druk	R9,95	1986
	1sagt uit, 6druk	R9,95	1986
	1sagt uit, 7druk	R11,50	1987
	1sagt uit, 8druk	R11,50	1987

	1sagt uit, 9druk	R11,50	1988
	1sagt uit, 10druk	R13,50	1988
	1sagt uit, 11druk	R16,95	1990
	1sagt uit, 12druk	R17,95	1991
	1sakformaat uit	R16,99	1989
	1grootdruk uit	R30-00	1986
<i>Liegfabriek</i>	1uit, 2druk	R16,95	1989
	1uit, 3druk	R16,95	1989
<i>Moerbeibos</i>	1uit, 2druk	R19-95	1987
	1sagt uit, 1druk	R49,95	1993
	1grootdruk uit	--	1992
<i>'n Basis oorkant die grens</i>	1uit, 2druk	R12-50	1987
<i>'n Wêreld sonder grense</i>	1uit, 2druk	R6,95	1986
	1uit, 3druk	R9,95	1987
	1uit, 4druk	R9,95	1989
	1uit, 5druk	R12,95	1991
<i>Om 'n mens na te boots</i>	nuwe hersiene uit	R7,99	1985
<i>Om te awol</i>	1uit, 2druk	R17,95	1990
<i>Toorberg</i>	1sagt uit, 1druk	R16,50	1987
	1sagt uit, 2druk	R16,50	1987
	1sagt uit, 3druk	R18,95	1989
	1sagt uit, 4druk	R18,95	1989
<i>Wie de hel het jou vertel?</i>	1uit, 2druk	R16,95	1989

Tabel 2.7

Volgens Sabinet se Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Databasis, sowel as publikasiekennisgewings van die Pionierskool in Worcester, is klankopnames van die volgende tagtigerwerke gemaak:

Klankopnames van tagtigertekste

Teks	Verteller	Jaar van opname	Kode
<i>Aandenking vir 'n vry man</i>	Charlotte Mare	1986	1
<i>Basis oorkant die grens</i>	Frik Potgieter	1987	1
<i>Breekwater en ander kortverhale</i>	--	1989	1
<i>Die einde van 'n kluisenaar se lewe</i>	Leon Steenkamp	1986	2
<i>Die hemel help ons</i>	Niel le Roux	1989	1
<i>Die mense wat nooit vergeet het nie</i>	Niel le Roux	1988	1
<i>Die skerpskutter</i>	Hilda Drake	1986	1
<i>Die tonnel</i>	Niel le Roux	1985	1
<i>Die waarheid gelieg</i>	Neil le Roux	1986	1
<i>Die wilde kind</i>	--	1988	1
<i>Die wilde kind</i>	Suna du Toit	1988	2
<i>Erf</i>	Niel le Roux	1988	1
<i>Halfkroon vir die nagmaal</i>	Gertie Jooste	1983	1
<i>Halfkroon vir die nagmaal</i>	Rykie Steenkamp	1983	2
<i>Fiela se kind</i>	Jan Swanepoel	1986	1
<i>Fiela se kind</i>	Ledevia van Vuuren	1987	2
<i>Kortsluitings</i>	Elsabe Jehle	1985	1
<i>Kortsluitings</i>	Helene Lambrechts	1989	2
<i>Kringe in 'n bos</i>	Neil le Roux	1985	1
<i>Liegfabriek</i>	--	1989	2
<i>Markus vermoed 'n verhaal</i>	Niel le Roux	1988	1
<i>Moerbeibos</i>	Ledevia van Vuuren	1987	2
<i>My Kubaan</i>	Jan Swanepoel	1984	1
<i>My nooi is in 'n tikmasjien</i>	--	1988	1
<i>My nooi is in 'n tikmasjien</i>	Myra le Roux	1989	2
<i>'n Huis vir Nadia</i>	Ester Dittrich	1985	1
<i>'n Kat in die sak</i>	Ria van der Merwe	1988	1
<i>Nou's die Kaap weer Hollands</i>	--	1988	1
<i>Nou's die Kaap weer Hollands</i>	Marie Scholtz	1986	2
<i>'n Wêreld sonder grense</i>	De Wet Brandt	1986	1
<i>Om te awol</i>	Neil le Roux	1986	1
<i>Petronella van Aarde, burgemeester</i>	Dalene Pienaar	1983	1
<i>Silt van die aarde</i>	Madelein Heyns	1989	1
<i>Silt van die aarde</i>	Myra le Roux	1990	2
<i>Sleep vir jou 'n stoel nader</i>	--	1987	1



<i>Somer II</i>	--	1988	1
<i>Suidpunt-jazz</i>	--	1989	1
<i>Toorberg</i>	--	1989	1
<i>Toorberg</i>	Ledivia van Vuuren	1986	2

Tabel 2.8

Sleutel: 1 = Bandhulp vir blindes, 2 = Pionierskool, Worcester

Die volgende tagtigerwerke is volgens Sabinet se Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Databasis en 'n persoonlike brief deur L.van Huyssteen van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes (1994) op braille vasgelê vir die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir die Blindes:

<u>Braille-opnames van tagtigertekste</u>	
Teks	Datum
<i>Die skerpskutter</i>	1981
<i>My Kubaan</i>	1984
<i>'n Huis vir Nadia</i>	1984
<i>Kringe in 'n bos</i>	1985
<i>Nou's die Kaap weer Hollands</i>	1985
<i>Fiela se kind</i>	1986
<i>Die mense wat nooit vergeet het nie</i>	1988
<i>Petronella van Aarde, burgemeester</i>	1988
<i>Silt van die aarde</i>	1988
<i>Liegfabriek</i>	1989
<i>Uit 'n ander wêreld</i>	1989
<i>Moerbeibos</i>	1990
<i>Toorberg</i>	1990
<i>Die kind</i>	1991
<i>Zambezi</i>	1992

Tabel 2.9

### 2.3. Die negentien gekose tagtigerskrywers as proefgroep, hulle tekste en uitgewers

Volgens die prosesse hierbo beskryf, meen ek, kan negentien skrywers as proefgroep uitgelig word as van die belangrikste Afrikaanse tagtigerskrywers. Hierdie skrywers, ingedeel volgens die drie beginsels waarvolgens die term tagtigerskrywers geïnterpreteer word, is:

Die proefgroep			
	Groep 1	Groep 2	Groep 3
Skrywer	Debuteer gedurende 1980-1989	Debuteer in prosa-genre	Kanonisering gedurende 1980-1989
M.C.Botha	X		
T.T.Cloete	X		
Jeanette Ferreira	X		
Jeanne Goosen			X
P.C.Haarhoff	X		
Ryk Hattingh	X		
Gawie Kellerman	X		
E.Kotze			X
Louis Krüger	X		
André le Roux		X	
André Letoit	X		
Dalene Matthee			X
Fransi Phillips	X		
Koos Prinsloo	X		
Dan Roodt	X		
Alexander Strachan	X		
Etienne van Heerden		X	
Jan van Tonder	X		
Lettie Viljoen	X		

Tabel 2.10

'n Oorsigtelike beeld van hierdie skrywers met 51 van hulle romans en kortverhaalbundels wat gedurende die tagtigerjare verskyn het (voortaan die proefgroep se tekste genoem), sowel as die uitgewers waar elke werk uitgegee is, lyk soos volg:

Die proefgroep se tekste

Skrywer	Datum	Literêre werk	Uitgewer
Botha M.C.	1980	<i>Die hartklop van gevoel</i>	Perskor
	1981	<i>Skertse</i>	Taurus
	1982	<i>Die prys wat jy moet betaal</i>	Perskor
	1982	<i>Die einde van 'n kluisenaar se lewe</i>	Human & Rousseau
Botha M.C.	1985	<i>Bome van kennis en ander verhale</i>	Human & Rousseau
	1987	<i>Sluvoet</i>	Human & Rousseau
	1988	<i>Zambezi</i>	Human & Rousseau
Cloete T.T.	1984	<i>Die waarheid gelieg</i>	Tafelberg
Ferreira	1985	<i>Sitate om 'n rewolusie</i>	Human & Rousseau
Jeanette	1989	<i>Die mummies, die pappies, die hondjies, die katjies</i>	Human & Rousseau
Goosen	1986	<i>'n Kat in die sak</i>	Haum-Literêr
Jeanne	1987	<i>Louoond</i>	Haum-Literêr
Haarhoff P.C.	1987	<i>Uit 'n ander wêreld</i>	Human & Rousseau
Hattingh	1984	<i>Die tonnel</i>	Taurus
Ryk	1987	<i>Markus vermoed 'n verhaal</i>	Taurus
Kellerman Gawie	1988	<i>Wie de hel het jou vertel?</i>	Tafelberg
Kotze E.	1982	<i>Halfkroner vir die nagmaal</i>	Tafelberg
	1986	<i>Silt van die aarde</i>	Tafelberg
Krüger	1981	<i>Die skerpskutter</i>	Tafelberg
Louis	1984	<i>'n Basis oorkant die grens</i>	Tafelberg
Le Roux	1980	<i>Te hel met ouma!</i>	Taurus
André	1987	<i>Sleep vir jou 'n stoel nader</i>	Human & Rousseau

Letoit	1982	<i>Nou's die Kaap weer Hollands</i>	Human & Rousseau
André	1983	<i>My nooi is in 'n tikmasjien</i>	Perskor
	1985	<i>Somer II 'n plakboek</i>	Perskor
	1986	<i>Breekwater en ander kort verhale</i>	Perskor
	1989	<i>Suidpunt-jazz</i>	Haum-Literêr
Matthee	1982	<i>'n Huis vir Nadia</i>	Tafelberg
Dalene	1982	<i>Die Judasbok</i>	Human & Rousseau
	1983	<i>Petronella van Aarde, burgemeester</i>	Tafelberg
	1984	<i>Kringe in 'n bos</i>	Tafelberg
	1985	<i>Fiela se kind</i>	Tafelberg
	1987	<i>Moerbeibos</i>	Tafelberg
Phillips	1983	<i>Die horlosie se wysers val af</i>	Kabelkarnimfe
Fransi	1985	<i>77 stories oor 'n clown</i>	Haum-Literêr
	1987	<i>Die wilde kind</i>	Haum-Literêr
	1988	<i>Theresa se droom</i>	Human & Rousseau
Prinsloo	1982	<i>Jonkmanskas</i>	Tafelberg
Koos	1987	<i>Die hemel help ons</i>	Taurus
Roodt Dan	1980	<i>Sonneskyn en Chevrolet</i>	Taurus
	1985	<i>Twee sinne</i>	Stet
Strachan	1984	<i>'n Wêreld sonder grense</i>	Tafelberg
Alexander			
Van Heerden	1983	<i>My Kubaan</i>	Tafelberg
Etienne	1984	<i>Om te awol</i>	Tafelberg
	1986	<i>Toorberg</i>	Tafelberg
	1988	<i>Liegfabriek</i>	Tafelberg
Van Tonder	1983	<i>Wit vis</i>	Haum-Literêr
Jan	1984	<i>Aandenking vir 'n vry man</i>	Haum-Literêr
	1987	<i>Is Sagie</i>	Haum-Literêr
	1989	<i>Die kind</i>	Haum-Literêr
Viljoen	1984	<i>Klaaglied vir Koos</i>	Taurus
Lettie	1986	<i>Erf</i>	Taurus

Tabel 2.11

Dit is opvallend hoeveel van die proefgroep tot aan die einde van die tagtigerjare in meer as een kategorie (poësie, drama, romans en kortverhaalbundels) skryf: een skrywer (Jeanne Goosen) publiseer in al vier die kategorieë, ses skrywers (M.C.Botha, T.T. Cloete, Jeanette Ferreira, André le Roux, André Letoit en Dan Roodt) in drie van die vier kategorieë, vyf skrywers (Ryk Hattingh, Dalene Matthee, Fransi Phillips, Etienne van Heerden en Jan van Tonder) in twee kategorieë en sewe skrywers (P.C.Haarhoff, Gawie Kellerman, E.Kotze, Louis Krüger, Koos Prinsloo, Alexander Strachan en Lettie Viljoen) publiseer in net een kategorie.

Skematies kan dit só voorgestel word:

Kategorieë waarin die proefgroep publiseer				
Skrywer	Roman	Kortverhaal-bundel(s)	Drama	Poësie
M.C.Botha	X	X	X	
T.T.Cloete		X	X	X
Jeanette Ferreira	X	X		X
Jeanne Goosen	X	X	X	X
P.C.Haarhoff		X		
Ryk Hattingh	X		X	
Gawie Kellerman	X			
E.Kotze	X	X		
Louis Krüger	X			
André le Roux	X	X		X
André Letoit	X	X		X
Dalene Matthee		X		
Fransi Phillips	X	X		
Koos Prinsloo		X		
Dan Roodt	X	X		X
Alexander Strachan	X	X		
Etienne van Heerden	X	X		
Jan van Tonder		X		
Lettie Viljoen				

Tabel 2.12

Dit is dus duidelik dat die meeste van hierdie skrywers veelsydig is en dikwels prosa, poësie en selfs dramas publiseer. Hierdie tendens sluit aan by die Sestigters waar

prosaskrywers soos Chris Barnard, André P.Brink en Dolf van Niekerk ook dramas gepubliseer het. Van Niekerk het ook poësie gepubliseer.

#### 2.4. Biografiese inligting: vraelyste

Ten einde verdere inligting betreffende bogenoemde skrywers te bekom, is die volgende vraelys in 1993 aan bogenoemde skrywers (behalwe aan P.C.Haarhoff wat in 1990 oorlede is) gestuur:

#### VRAELYS

- 1a Wat is u volle name en van? .....
- b Wat is u geboortedatum? .....
- c Waar is u gebore? .....
- d Wat is u telefoonnommer? .....
- 2a Watter beroep het u aan die einde van 1989 beoefen? (volledig asseblief)  
.....
- b Watter vorige beroepe, indien enige, het u beoefen? .....
- 3 Watter akademiese kwalifikasies, indien enige, het u reeds aan die einde van 1989 behaal?  
Graad of diploma: Wanneer behaal? Waar?  
.....  
.....
- 4a Was u 'n lid van die Skrywersgilde aan die einde van 1989? JA / NEE
- b Was u 'n lid van die Skrywerskring aan die einde van 1989? JA / NEE
- c Noem enige ander wyses waarop u as skrywer gedurende die tagtigerjare in u gemeenskap betrokke was (die toespraak van leeskringe, ens.) .....
- 5a Dink u dat mens die terme Tagtiger en tagtigerskrywer behoort te gebruik?  
JA / NEE
- b Motiveer asseblief u antwoord. ....  
.....
- 6 Sou u uself as 'n tagtigerskrywer beskou? JA/ NEE/ MISKIEN

- a Indien nie, in watter kategorie sou u uself plaas? .....
- .....
- b Indien wel, wat sou u onder hierdie term verstaan?
- .....
- .....
- 7 Wat is u opinie oor literêre kritiek, resensies ens. wat oor u werk(e) uitgespreek of gelewer is? .....
- .....
- .....
- 8 Wat is u opinie oor die toeken van literêre pryse?
- .....
- .....
- 9 Wat is u houding teenoor sensuur? .....
- .....
- .....
- .....
- .....
- 10 Tot watter mate, meen u, beïnvloed die samelewing waarbinne u verkeer u skryfstyl en tematiese keuses?
- .....
- .....
- 11a Is enige van u werke vertaal? JA / NEE
- b Indien wel, meld asseblief watter boek en in watter tale.
- .....
- .....
- 12 Beskik u miskien oor verkoopsyfers van u werk(e)? Indien wel, noem dit asseblief (verkieslik einde 1989).
- | Literêre werk | Verkoopsyfers | Jaar  |
|---------------|---------------|-------|
| .....         | .....         | ..... |
| .....         | .....         | ..... |
| .....         | .....         | ..... |
- 13 Hoe, meen u, kan lesers aangemoedig word om meer te lees?
- .....
- .....
- .....

Tabel 2.13

Van die agtien skrywers aan wie hierdie vraelyste gestuur is, het veertien (voorts die respondente genoem) gereageer. Die vier skrywers wat ongelukkig ná herhaalde versoeke verkies het om nié die vraelyste te voltooi nie, is M.C.Botha, Gawie Kellerman, E. Kotze en Jan van Tonder. Die bevindinge uit bogenoemde vraelyste kan soos volg opgesom word:

<i>Beroepe aan die einde van 1989</i>			
<i>Voltydse skrywers</i>	<i>Joernaliste</i>	<i>Dosente/ onderwysers</i>	<i>Ander</i>
1	5	5	3

Tabel 2.14

Vyf van die respondente is joernaliste, waar hulle dus met funksionele skryfwerk besig is. Daar is ook vyf persone wat doseer, 'n huisvrou, 'n finansier en 'n predikant. Die meeste respondente staan dus in mensgerigte beroepe.

<i>Hoogste akademiese kwalifikasie</i>					
<i>Matriek</i>	<i>Diploma</i>	<i>Graad</i>	<i>Hons</i>	<i>MA-graad</i>	<i>Doktorsgraad</i>
1	2	0	4	3	4

Tabel 2.15

Elf van die respondente beskik oor nagraadse kwalifikasies. Vier het doktorsgrade in vakke wat wissel van Afrikaans (2) na Zoeloe en Filosofie. Die feit dat soveel tagtigerskrywers oor hoë akademiese kwalifikasies beskik, laat onmiddellik die vraag ontstaan of dit nie deel van die rede is waarom sekere eietydse Afrikaanse skrywers van elitisme beskuldig word nie.



*Betrokkenheid by skryforganisasies (einde 1989)*

<i>Slegs lid van Skrywersgilde</i>	<i>Slegs lid van Skrywerskring</i>	<i>Lid van albei</i>	<i>Geen betrokkenheid</i>
5	0	2	7

Tabel 2.16

Sewe van die respondente is glad nie betrokke is by een van bogenoemde organisasies wat spesifiek vir skrywers geskep is nie, terwyl vyf slegs betrokke is by die Skrywersgilde. Op 'n vraag waarom dit die geval is, het 'n paar van die respondente geantwoord dat hulle verkies om op hulle eie voort te gaan met die skryfproses en verkies om nie formeel by skrywersorganisasies betrokke te wees nie. Net twee van die respondente was aan die einde van die tagtigerjare lede van die Afrikaanse Skrywerskring.

*Houding teenoor die gebruik van terme soos Tagtiger en tagtigerskrywer*

<i>Positief</i>	<i>Negatief</i>	<i>Neutraal</i>	<i>Gekombineerd</i>	<i>Beantwoord nie die vraag</i>
1	5	4	1	3

Tabel 2.17

Die respondente het bogenoemde houdings soos volg gemotiveer:

Motivering vir houdings

Redelik positief

As mens moet kategoriseer, is 'n Tagtigerskrywer iemand wat in die tagtigerjare geskryf het.

### Negatief

Dit is 'n gerieflike voortsetting van die term Sestigters. Die Tagtigers is nie 'n heterogene beweging nie.

Mens behoort beslis nie die term Tagtiger te gebruik nie. Dis nie 'n beweging soos Sestig nie.

Die skrywers wat in 80 gedebuteer het, het nie 'n Beweging/ Literêre beweging met genoeg onderlinge gemeenskaplikhede gevorm soos "Dertig" of "Sestig" nie.

Dit is 'n slordige term.

Kategorisering is nie moontlik nie.

### Neutraal

Ek voel myself nie generasiegebonde nie en wil eintlik 'n onafhanklike skrywer wees.

Ek het geen beswaar teen die term nie, maar ek is ook geen aanhanger daarvan nie.

Die nuwe literêre establishment sal heel moontlik ander verdelings en terme uitdink.

Dit is maar 'n tydperkindeling.

### Gekombineerd

Doelbewuste samesyn is 'n toevallige indeling. Daar is wel bepaalde temas soos grensliteratuur en die kortverhaal.

### Beantwoord nie die vraag nie

1962-1982 is 'n afbreektyd. 1982-2002 is die plant van 'n Nuwe Tyd.

Dit hang af of jy daarmee net 'n tydperk wil aandui en of jy 'n spesifieke styl of modeneiging in gedagte het.

### Tabel 2.18

Ook met die volgende vraag blyk die diversiteit:

<i>Sou u uself as 'n tagtigerskrywer beskou?</i>			
<i>Ja</i>	<i>Nee</i>	<i>Miskien</i>	<i>Ek weet nie</i>
1	8	4	1

Tabel 2.19

Terwyl agt van die respondente negatief antwoord op die vraag of hulle hulself as tagtigerskrywers beskou en vyf respondente neutrale of gekombineerde antwoorde verskaf, is slegs een van die respondente bereid om homself as tagtigerskrywer te laat klassifiseer. Dit is dus duidelik dat daar by die oorgrote meerderheid van hierdie skrywers 'n behoefte bestaan om *nie* gekategoriseer te word nie.

<i>Opinie oor literêre kritiek, resensies ens.betreffende eie werk(e) uitgespreek of gelewer</i>			
<i>Aanvaar kritiek oorwegend</i>	<i>Aanvaar kritiek gedeeltelik</i>	<i>Steur nie veel aan kritiek nie</i>	<i>Beantwoord nie die vraag nie</i>
3	9	1	1

Tabel 2.20

Nie een van die respondente het geantwoord dat hulle meen *al* die kritiek teen hulle werk is ongegrond of negatief nie. Een van die respondente het pertinent gesê dat die kritiek wat teen haar een bundel ingebring is, ten goede veroorsaak het dat sy vir 'n paar jaar nie geskryf het nie.

<i>Opinie oor literêre pryse</i>			
<i>Positief</i>	<i>Negatief</i>	<i>Neutraal</i>	<i>Beantwoord nie die vraag nie</i>
2	2	9	1

Tabel 2.21

Nege van die respondente staan neutraal teenoor die toeken van literêre pryse. 'n Paar van die respondente se uiteenlopende opmerkings word in die volgende tabel opgeneem:

#### Opmerkings oor literêre pryse

- Soveel beoordelaars, soveel pryse.
- Hoera vir die weners, jammer vir die verloorders; selfs: hoera vir die verloorders en jammer vir die weners - dit is deel van die "vuil bedryf om die kuns".
- Dit is finansiële voordelig. Publisiteit is goed vir 'n boek.
- Ek dink dis tyd dat ek een kry. As ek dit kry is dit goed, as ek dit nie kry nie, sê ek dis onregverdig.
- Dit hang af van die beoordelaars.
- As ek in 'n boekwinkel staan en 'n boek sien wat met 'n Afrikaanse literêre prys bekroon is, dink ek twee keer voor ek dit koop, want dis waarskynlik 'n depressing boek.
- Ek het geen afkeer daarin nie, maar ek is ook nie 'n groot voorstaander nie. Dit het waarskynlik wel 'n aanmoedigende funksie.
- Dit is lekker om dit te kry, maar ek skryf nie daarvoor nie.
- Dit hang af wie op die paneel is.

- Dit doen my goed, sekerlik, maar dit verhoog ook ongelukkig die mededingende aard van die literatuur.

Tabel 2.22

Ook in hulle houding teenoor sensuur is verskeie van die respondente baie afwysend:

<i>Houding teenoor sensuur</i>			
<i>Aanvaar dit ten volle</i>	<i>Aanvaar dit gedeeltelik</i>	<i>Onaanvaarbaar</i>	<i>Beantwoord nie vraag nie</i>
0	1	10	3

Tabel 2.23

Vir die oorgrote meerderheid respondente is enige vorm van sensuur totaal onaanvaarbaar. Tog het een respondent gesê dit is die staat se verantwoordelikheid om sekere mense te vrywaar van pornografie.

<i>Hoe beïnvloed die samelewing 'n skrywer se tematiese keuse?</i>			
<i>Grootliks</i>	<i>Gedeeltelik</i>	<i>Glad nie</i>	<i>Weet nie</i>
9	4	0	1

Tabel 2.24

Dit is duidelik dat die meeste respondente 'n direkte verband sien tussen die samelewing en die tematiese keuses wat gemaak word. 'n Paar respondente het gesê dat, indien hulle in 'n ander gemeenskap sou opgroei, hulle beslis oor ander temas sou skryf.

## 2.5. Biografiese besonderhede van die proefgroep

Ten einde 'n indruk van elke gekose skrywer se leefwêreld te vorm, word kort

biografieë van die proefgroep skrywers vervolgens verstrek, saamgestel uit biografiese besonderhede wat uit die vraelyste, maar ook uit ander bronne, ingesamel is. 'n Lys van al die literêre werke (poësie en drama ingesluit) wat elkeen gedurende die tagtigerjare geskryf het, word vermeld. Geen melding word hier van literêre werke vóór 1980 en ná 1989 gemaak of van enige nie-kreatiewe skryfwerk wat deur die skrywers gelewer is nie, ten einde die studie streng tot die literêre tekste wat gedurende die tagtigerjare verskyn het, te beperk (Vir 'n lys tydskrifpublikasies deur die proefgroep, sien hoofstuk 4.10.).

## 1 M.C.Botha

Marthinus Christoffel Botha (3 Augustus 1954 -) is in Pretoria gebore en matrikuleer in 1972 aan die Hoërskool Menlopark in Pretoria. Ná sy diensplig werk hy as hooggeregshofklerk, fotograaf, plaasarbeider, en as verslaggewer en redakteur by *The Times* in Hermanus. Hy reis baie rond en was 'n tydlang voltydse skrywer. Sedert 1993 is hy weer 'n verslaggewer by *The Times*. Hy woon op Onrusrivier.

Sy eerste drie stories getiteld "Die simboliek van bloedskenk", "Die mal dokter" en "Die swart huis" word in 1974 in die *Tydskrif vir Letterkunde* gepubliseer. Hierna volg die volgende kortverhaalbundels: *Die hartklop van gevoel* (1980), *Skertse* (1981), *Die prys wat jy moet betaal* (1982), *Die einde van 'n kluisenaar se lewe* (1982) en *Bome van kennis en ander verhale* (1985). Hy skryf ook 'n roman, *Sluvoet* (1987) en 'n reisjoernaal, *Zambesi* (1988). In die drama *Skaak* (1984) verwerk hy die verhaal van *Die einde van 'n kluisenaar se lewe* vir die verhoog.

## 2 T.T.Cloete

Theunis Theodorus Cloete (31 Mei 1924 -) is op Vredefort in die Vrystaat gebore en matrikuleer in 1941 aan die Monument Hoërskool op Krugersdorp. Hy studeer aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys waar hy in 1949 'n MA-graad in Afrikaans-Nederlands onder Gerrit Dekker verwerf. In 1953 promoveer hy met die proefskrif *Trekkerswee en Joernaal vir Jorik* aan die Gemeentelike

Universiteit, Amsterdam met N.P.van Wyk Louw as promotor. Tussen 1965-70 doseer hy aan die Universiteit van Port Elizabeth, maar spandeer die res van sy akademiese loopbaan aan die PU vir CHO waar hy reeds in 1962 professor word in Algemene Taal- en Literatuurwetenskap tot met sy aftrede in 1983 weens gesondheidsredes. In 1986 word 'n ere-doktorsgraad deur die PU vir CHO aan hom toegeken.

Hoewel Cloete 'n groot aantal vakkundige publikasies die lig laat sien, debuteer hy eers op die ripe ouderdom van 56 jaar met die poësiebundel *Angelliera* (1980). Daarna volg die bundels *Jukstaposisie* (1982), *Allotroop* (1985) en *Idiolek* (1986). In 1984 verskyn sy kortverhaalbundel *Die waarheid gelieg* (1984) en in 1986 sy drama *Onderhoud met 'n bobbejaan*.

Hy wen die volgende pryse vir poësie: in 1981 die W.A.Hofmeyr- en Ingrid Jonker-prys vir *Angelliera*; in 1982 die Louis Luyt-prys vir *Jukstaposisie*; in 1986 die W.A.Hofmeyr- en CNA-prys vir *Allotroop* en in 1987 die Hertzog-prys vir *Idiolek* en *Allotroop*.

### 3 Jeanette Ferreira

Jeanette Ferreira (20 April 1954 -) is op 'n familieplaas naby Tzaneen gebore en matrikuleer in 1972 aan die Hoër Landbouskool Merensky. Sy voltooi 'n BA-graad (1975) en 'n honneursgraad in Afrikaans-Nederlands en Nederlandse kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria in 1976 en begin in 1977 as 'n dosent in Afrikaans aan die Universiteit van die Noorde, waarna sy tussen 1981-83 as uitgewer by Perskor werk. Vanaf Maart 1983 tot 1992 doseer sy Afrikaans aan die Universiteit van Zoeloeland. Sy behaal 'n MA-graad *Die terugkerende simbool in die poësie van Breyten Breytenbach* aan die Universiteit van Pretoria (1982) en 'n Ph.Dgraad *Aspekte van die Judais-Christelike en die Boeddhistiese in die poësie van Breyten Breytenbach* aan die Universiteit van Rhodes (1988) met André P.Brink as promotor. Sy vestig haar in 1993 in Pretoria.

Haar poësiebundel *Waar een mens saam is* verskyn in 1980, die roman *Sitate om 'n rewolusie* in 1985 en haar kortverhaalbundel *Die mummies, die pappies, die hondjies,*

die *katjies* in 1989.

#### 4 Jeanne Goosen

Jeanette Helena Goosen (13 Julie 1940 -) is in Bellville gebore en het in die Kaap grootgeword. Ná skool verwerf sy 'n diploma in radiografie by die Universiteit van Kaapstad en werk eers as radiografis op Groblersdal en daarna as joernalis by *Paarl Pos*, *Hoofstad*, *Oggendblad*, *Die Transvaler* en *Die Vaderland*. Sy is 'n stigterslid van die Afrikaanse Skrywersgilde en is tans 'n voltydse skrywer in Johannesburg.

Na verskeie poësiebydraes gedurende die sestigerjare in die "little magazine" *Wurm* en in *Tydskrif vir Letterkunde* gedurende die sewentigerjare, verskyn die poësiebundels *'n Uil vlieg weg* (1971) en *Orrelpunte* (1975). Hoewel haar novelle *Om 'n mens na te boots* reeds in 1975 gepubliseer word (maar heruitgegee is in 1986), verskyn haar kortverhaalbundel *'n Kat in die sak* eers twaalf jaar later in 1986. Dit word gevolg deur die novelle *Louoond* (1987).

#### 5 P.C.Haarhoff

Pierre Cloete Haarhoff (18 Julie 1938 - 7 Februarie 1990) is op Warmbad gebore en matrikuleer aan die Hoërskool Rustenburg. Ná sy aanvanklike studie in ingenieurswese waartydens hy o.a. vir twee jaar by die Universiteit van Cambridge studeer, verwerf hy sy D.Sc-graad *Contributions to the theory of chromatography* in 1962 aan die Universiteit van Pretoria. Hy begin by die Raad op Atoomkrag werk en word in 1971 bestuurder: fisiese wetenskappe by die Uraanverrykings-Korporasie. In 1976 word 'n tweede doktorsgraad, dié keer in Ingenieurswese, deur die Universiteit van Stellenbosch aan hom toegeken. In 1977 word hy dosent en in 1983 hoof van die departement Meganiese Ingenieurswese by die Universiteit van Pretoria.

Van hom verskyn ongeveer vyftig wetenskaplike publikasies wat, vanweë die strategiese aard daarvan, as vertroulik geklassifiseer is (Dit handel hoofsaaklik oor uraanverryking en wapendinamika). Hy verwerf internasionale bekendheid vanweë sy



uitvinding van die helikon-beginsel by uraanverryking en word in 1979 met die Havenga-prys vir Fisika bekroon. Sy kortverhaalbundel *Uit 'n ander wêreld*, wat deur sommige kritici as wetenskapsfiksie beskou word en waarvoor hy in 1989 die Eugène Marais-prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verower, word in 1987 gepubliseer.

## 6 Ryk Hattingh

Andrew Ryk Hitchcock Hattingh (26 Julie 1957 -) is in Benoni gebore en het daar skoolgegaan. Ná sy twee jaar diensplig voltooi hy sy BA-graad met Afrikaans-Nederlands en Staatsleer as hoofvakke by die Universiteit van Pretoria (1982), waarna hy in 1983 'n onderwyser by die Hornlee Secondary School op Knysna word en in 1984 in die munisipale biblioteek op Plettenbergbaai werk. In 1985 voltooi hy 'n honneursgraad in Afrikaans-Nederlands by die Universiteit van die Witwatersrand en word 'n jaar later 'n vryskut-vertaler en in 1987 'n joernalis by *Die Vaderland*. Twee jaar later begin hy by die *Vrye Weekblad* werk waar hy tot nuus- en subredakteur bevorder word. Tans beheer hy die uitgewery Hond, maar dien ook as "bureaupersoon" vir *Die Suid-Afrikaan* in Johannesburg.

Hy skryf twee romans, *Die tonnel* (1984) en *Markus vermoed 'n verhaal* (1987). Sy drama *Sing jy van bomme* (1988) verower vyf Vitatoekennings.

## 7 Gawie Kellerman

Gawie Kellerman (1961 -) is op Grootfontein gebore en het daar skoolgegaan. Vanaf 1979 tot 1983 was hy 'n student aan die Windhoek Onderwyskollege. Tydens sy twee jaar in die Suid-Afrikaanse weermag hou hy as dienspligonderwyser by Katima Mulilo skool. Sedert 1986 is hy 'n onderwyser (in Engels) by Laerskool Ben van der Walt in Gobabis.

Ná Kellerman aanvanklik poësie geskryf het, begin hy kortverhale skryf en publiseer die kort-kortverhaalbundel *Wie de hel het jou vertel?* in 1988.

## 8 E.Kotze

Elizabeth (Sussie) Kotze (née Walters) (17 Oktober 1933 -) is op die plaas Lambertsvlei in die Hopefield-distrik gebore en word groot op Doringbaai - 'n dorpie met net twaalf blanke gesinne - waar haar pa in 'n kreeffabriek gewerk het. Ná sy aanvanklik sekretariële werk in Kaapstad doen, trou sy en bly tans op 'n plaas naby Piketberg waar haar man voltyds boer.

Hoewel sy reeds sedert die sestigerjare vir tydskrifte kort- en vervolghverhale skryf en 'n paar van hierdie verhale in versamelbundels opgeneem is, verskyn twee belangrike Weskuskortverhaalbundels van haar gedurende die tagtigerjare: *Halfkrone vir die nagmaal* (1982) en *Silt van die aarde* (1986). *Halfkrone vir die nagmaal* word in 1983 met die Eugène Maraisprys bekroon.

## 9 Louis Krüger

Louis Krüger (25 Oktober 1955 -) is op Upington gebore en word daar groot. Nadat hy aan die Hoërskool Upington matrikuleer, behaal hy 'n honneursgraad in Wysbegeerte, 'n meestersgraad in Afrikaans-Nederlands en 'n M.Th-graad aan die Universiteit van Stellenbosch. Saam met Etienne van Heerden was hy 'n redaksielid van die "little magazine" *Graffier*. Hy was vir twee jaar dienspligkapelaan in Pretoria en het in 1980-81 afgelos in 'n gemeente in Karoi, Zimbabwe. Sedert 1984 is hy 'n predikant in die Gereformeerde Kerken in Nederland: eers in Nieuwlande en daarna in Sliedrecht.

In st.9 skryf hy 'n "mislukte novelle" (Krüger, 1985:2) en 'n roman oor die Boereoorlog, terwyl 'n paar van sy kortverhale op universiteit in tydskrifte gepubliseer word. Hy publiseer twee jeugverhale, *Murasies in die stad* (1984) en *Donkerboskind* (1985), sowel as die twee romans *Die skerpskutter* (1981) en *'n Basis oorkant die grens* (1984). In 1982 verwerf hy die Eugène Marais-prys vir *Die skerpskutter*. *Donkerboskind* word in 1985 as naaswenner van die Sanlam-prys vir Jeuglektuur aangewys.

## 10 André le Roux

Abraham le Roux (14 Julie 1954 -) is op Bellville gebore en word op Matjiesfontein, Laingsburg, Franschhoek, Koppies (Vrystaat) en Parow groot. Nadat hy in Goodwood matrikuleer, behaal hy in 1975 'n honneursgraad in Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy was vir vyf jaar 'n *Huisgenoot*-verslaggewer en word daarna 'n kunsredaksielid van *Die Burger*. In 1984 word die FAK-Joernalistiekprys aan hom toegeken.

'n Poësiebundel *Struisbaai-blues* (1977), 'n roman *Te hel met ouma!* (1980) en 'n kortverhaalbundel *Sleep vir jou 'n stoel nader* (1987) verskyn uit sy pen. Beide *Struisbaai-blues* en *Te hel met ouma!* is vir 'n tyd lank deur die Direkoraat van Publikasies as ongewens verklaar.

## 11 André Letoit

André le Roux du Toit (5 November 1954 -) is in Kaapstad gebore en matrikuleer in 1972 aan die Hoërskool Menlopark in Pretoria. Ná skool begin Letoit met 'n BA-graad by Unisa, maar voltooi dit nie. Letoit is 'n voltydse skrywer en musikant wat al 'n groot aantal betrekkings beklee het:

Ek was al 'n brandweerman ..., het fortuin vertel en met die onderwêreld gekoppel; ek het geld in die bank getel, polisse verkwansel, skoonmaakmiddels gedemonstreer, pizzas gebak en vorms in drievoud ingevul - sonder deurslagpapier (De Swardt, 1988:18).

Hy was 'n mede-redakteur van *Tagtiger* en het ook op *Spado* en *Graffier* se bestuur gedien. Vanweë sy eiesoortige karakter word Letoit gedurende die tagtigerjare ietwat van 'n kultusfiguur.

Van sy gedigte is in die bundel *Brekfis met vier* (1981) opgeneem. Hy publiseer die digbundels *Suburbia* (1981) en *Die geel kafee* (1985), die kortverhaalbundels *Nou's die Kaap weer Hollands* (1982), *My nooi is in 'n tikmasjien* (1983), *Breekwater en ander verhale* (1986) en twee romans *Somer II* (1985) en *Suidpunt-jazz* (1989). Onder die

naam Koos Kombuis het Letoit ook as sanger naam gemaak en die kasset "Ver van die ou Kalahari" en die plaat "Niemandland" uitgereik. *Die bar op De Aar* (1988) bevat "Ballades, Blues en Bevliegings".

## 12 Dalene Matthee

Dalene Matthee (née Scott) (13 Oktober 1938 -) is op Riversdal gebore en matrikuleer aan die Hoërskool Langenhoven op die dorp. Ná haar troue gee sy musiekonderrig en skryf vir meer as tien jaar kortverhale vir die *Sarie* en die *Huisgenoot* en kinderverhale vir die radio. Haar eerste publikasie was 'n kinderboek *Twaalfuurstokkie* (1970). Daarna verskyn die kortverhaalbundel *Die Judasbok* (1982) en twee romans: *'n Huis vir Nadia* (1982) en *Petronella van Aarde, burgemeester* (1983).

Tog was dit was eers met haar drie bosboeke *Kringe in 'n bos* (1984), *Fiel se kind* (1985) en *Moerbeibos* (1987) wat sy ongekende gewildheid in die Afrikaanse letterkundige asook internasionaal verwerf. Sy is 'n regstreekse afstammeling van die bekende negentiende-eeuse Engelse skrywer sir Walter Scott.

Sy wen die ATKV-prys vir goeie gewilde prosa drie maal: vir *Kringe in 'n bos* (1985), *Fiel se kind* (1986) en *Moerbeibos* (1988). Sy verkry die ereburgerskap van Riversdal en 'n bosboutoekenning vir die bevordering van bosbou in Suid-Afrika: die eerste keer dat iemand buite die bosboubedryf hierdie toekenning verwerf.

Dalene Matthee is ook aangewys as een van die twee STAB-prysweners in Switserland vir 1993. Die Stiftung für Abendländische Besinnung is 'n Switserse vereniging wat jaarliks erkenning verleen aan mense wat die Westerse kultuur uitbou. Hierdie prys word aan Matthee toegeken

vir haar warm en kragtige romans wat uitdrukking gee aan haar betrokkenheid by die bedreigde omgewing en iedere mens se fundamentele reg tot sy kulturele identiteit (*Die Burger*, 1992:8).

Hierdie prys van ongeveer R45000 word gewoonlik aan Switserse burgers toegeken en kan as 'n baie groot eer beskou word.

### 13 Fransi Phillips

Fransi Phillips (née Du Preez) (12 Augustus 1958 -) is gebore en word groot op 'n plaas naby Lichtenburg. Reeds op negejarige ouderdom weet sy dat sy 'n skrywer gaan word (*Beeld* 1991a:5). Toe sy veertien is, trek die gesin Pretoria toe en sy matrikuleer in 1976 aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool. Sy behaal 'n BA-graad met Filosofie en Kunstgeskiedenis as hoofvakke in 1979, 'n BA(Hons) in Kunstgeskiedenis (1982) en 'n BA(Hons) in Filosofie in 1990 aan die Universiteit van Pretoria. Daarna werk sy vir 'n paar jaar as vryskut kuns-resensent by *Beeld*.

Sy publiseer die kortverhaalbundels *Die horlosie se wysers val af* (1983) en *77 stories oor 'n clown* (1985), sowel as die novelles *Die wilde kind* (1987) en *Theresa se droom* (1988).

### 14 Koos Prinsloo

Jakobus Petrus Prinsloo (15 April 1957 -6 Maart 1994) is in die dorp Eldoret in Kenia gebore en immigrer in 1962 saam met sy ouers na Suid-Afrika. Hy voltooi sy skoolloopbaan op Newcastle in Natal waarna hy militêre diensplig verrig en 'n BA-graad (1979) en 'n honneursgraad in Afrikaans in 1980 aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy werk as vertaler, kopieskrywer en verslaggewer by *Beeld*. Sedert 1983 woon hy in Johannesburg waar hy as joernalis en later assistent-redakteur by *De Kat* en as subredakteur by *Rapport* gewerk het.

Hy is skrywer van die kortverhaalbundels *Jonkmanskas* (1982) en *Die hemel help ons* (1987).

### 15) Dan Roodt

Daniël Francois Roodt (26 Mei 1957 -) is in Springs gebore en matrikuleer in 1974 aan die Helpmekaar Hoërskool in Johannesburg. Hy behaal sy BA-graad in 1978 en BA(Hons) (1980) in Vergelykende Letterkunde aan die Universiteit van die

Witwatersrand. In 1984 behaal hy 'n BA(Hons) in Afrikaans-Nederlands. Ná hy aanvanklik 'n taalonderwyser in Parys (Vrystaat) was, word hy 'n dosent in Afrikaans en Nederlands by Durban-Westville. Vanaf 1986-1993 woon hy in Parys (Frankryk) waar hy as finansier werksaam is. Hy behaal in 1983 'n MA-graad in Vergelykende Letterkunde by die Universiteit van die Witwatersrand (onder Reingard Nethersole) en 'n DEA-graad in filosofie aan die Universiteit van Parys onder René Schérer. In 1994 promoveer hy met 'n Ph.D-graad *Ondermyning in die prosa van John Miles: 'n postmodernistiese lesing* aan die Universiteit van die Witwatersrand. Sy promotor was Gerrit Olivier.

Van Roodt verskyn 'n poësiebundel *Kommas uit 'n boomzol* (1980), 'n roman *Sonneskyn en Chevrolet* (1980) en *Twee sinne* (1985) wat uitsprake, spreuke en verhale bevat en miskien as 'n kortverhaalbundel beskou kan word. *Taaldoos 1 en 2* - 'n tydskrif waarvan hy redakteur was - sy poësiebundel *Kommas uit 'n boomzol* sowel as *Sonneskyn en Chevrolet* is deur die Direkoraat van Publikasies as ongewens verklaar.

## 16 Alexander Strachan

Alexander Strachan (9 Junie 1955 -) is op Ladysmith (Natal) gebore en word groot op 'n familieplaas in die distrik. Hy matrikuleer aan die Hoër Landbouskool Tweespruit. Ná sy weermagopleiding behaal hy 'n BA-graad (1977) met hoofvakke Afrikaans-Nederlands, Zoeloe en Suid-Sotho, 'n honneursgraad (1979) in Bantoetale en 'n MA-graad (1980) aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat. In 1988 voltooi hy sy doktorsgraad in Zoeloe-literatuur met 'n proefskrif *D.B.Z.Ntuli: 'n narratologiese ondersoek* aan die Universiteit van Pretoria met P.S.Groenewald as promotor. Vanaf 1978-1985 doseer hy in die departement Afrikatale by die Universiteit van die Oranje Vrystaat, waarna hy 'n senior lektor by Unisa en 'n hoogleraar aan Vista-Universiteit word. Daarna boer hy met wild op die familieplaas naby Ladysmith en is tans verbonde aan die Universiteit van Zoeloeland. Strachan is lid van die hoofbestuur en kulturele organiseerder van die Skrywersgilde en tree in 1991 op as voorsitter van hierdie vereniging.

In 1979 begin hy kortverhale skryf waarvan enkeles in die *Tydskrif vir Letterkunde* gepubliseer word. In 1984 verskyn sy kortverhaalbundel *'n Wêreld sonder grense wat* in 1985 met die Eugène Marais-prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon word en die kortlys van die Louis Luyt-prys haal. Hierdie boek word in 1986 verfilm. Hy publiseer ook heelwat akademiese artikels.

## 17 Etienne van Heerden

Etienne Roché van Heerden (3 Desember 1954 -) is in Johannesburg gebore en word op die familieplaas naby Graaff-Reinet en op Cradock groot. Hy matrikuleer aan Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch en voltooi sy diensplig in die Vloot as hondehanteerder. Daarna behaal hy die grade BA(Regte), LLB en 'n honneursgraad in Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch en 'n MA- graad (1987) in Afrikaans *'n Resepsiegeskiedenis van raspejoratiewe in geselekteerde Afrikaanse prosatekste* aan die Universiteit van die Witwatersrand met J.C.Kannemeyer as studieleier. Hy is tans besig met 'n proefskrif *Abraham H.de Vries: Postmodernis*.

Van Heerden kwalifiseer as prokureur, maar word aandeelhouer en direkteur: kliëntediens by 'n reklamefirma in Kaapstad. Ná twee jaar aanvaar hy 'n lektoraat in die Afrikaanse letterkunde by die Universiteit van Zoeloeland. In 1987 word hy 'n dosent in Afrikaanse letterkunde en literatuurteorie in die departement Afrikaans en Nederlands aan die Rhodes-Universiteit in Grahamstad waar hy in 1991 bevorder word tot medeprofessor. In 1987 bedank hy as assessorlid van die Akademie nadat aan president P.W.Botha erelidmaatskap van die Akademie verleen is.

In 1978 debuteer Van Heerden met die jeugverhaal *Matoli*. Daarna volg twee poësiebundels, *Obiter Dictum* (1981) en *Die laaste kreef* (1987), twee bundels kortverhale *My Kubaan* (1983) en *Liegfabriek* (1988) en twee romans, *Om te awol* (1984) en *Toorberg* (1986). Twee van sy kabarette, "Onder ekstreme provokasie" en "Ekskuus vir die wals", is in 1983 en 1984 deur amateurgroepe in Stellenbosch en Kaapstad en deur SWARUK in Windhoek opgevoer. Van sy kortverhale verskyn ook in die versamelbundels *Blommetjie gedenk aan my* (1978) ("Die wit aap") en *Japtrap*

(1979) ("Die vyfde band") en van sy gedigte is in *Brekfis met vier* (1981) opgeneem.

Van Heerden verwerf die volgende sewe bekronings: in 1978 die Perskor-prys vir jeuglektuur vir *Matoli*; in 1983 die Eugène Marais-prys vir *My Kubaan*; in 1987 die W.A.Hofmeyr-, CNA- en ATKV- prosaprys vir *Toorberg* en in 1989 die FAK-prys vir ligte leesstof en die ATKV-prosaprys vir *Liegfabriek*, sowel as die Hertzog-prys vir *Toorberg*.

## 18 Jan van Tonder

Jan van Tonder (29 Augustus 1954 -) is in die Oos-Transvaal gebore en het in Durban grootgeword. Hy matrikuleer op Stanger aan die Natalse Noordkus en verrig daarna sy diensplig in die Vloot. In 1978 behaal hy 'n BA-graad aan die Universiteit van Pretoria. Soos Letoit het hy 'n groot verskeidenheid van beroepe beoefen, soos hy self sê:

Ek was al 'n kaartjiesondersoeker, stoker, tronkbewaarder, opleidingsbeampte, joernalis (by drie koerante en die SAUK), restaurantbestuurder, skilder, skrywer (Erasmus, 1990:15).

Hy het as nywerheids-opleidingsbeampte vir 'n groot myngroep gewerk en was ook 'n joernalis by *Die Transvaler* en *Die Vaderland*. Tans is hy 'n heelydse skrywer, woonagtig in Oudtshoorn.

Sy debuutroman *Wit vis* (1983) word opgevolg deur 'n kortverhaalbundel *Aandenking vir 'n vry man* (1984) en die romans *Is Sagie* (1987) en *Die kind* (1989). *Die kind* wen die ATKV-prys vir goeie gewilde prosa in 1989.

## 19 Lettie Viljoen

Lettie Viljoen (pseudoniem van Ingrid Gouws) (14 Februarie 1948 -) is gebore in Johannesburg en matrikuleer aan die Florida Hoërskool, waarna sy die graad BA (Skone Kunste) (1969) en 'n honneursgraad in Afrikaans-Nederlands (1970) aan die Universiteit van die Witwatersrand verwerf. Sy word dosent in Kunstgeskiedenis aan die



Universiteit van Stellenbosch waar sy 'n MA-verhandeling in die departement Afrikaans-Nederlands voltooi oor struktuuraspekte van Breyten Breytenbach se *Om te vlieg*. Vanaf 1977 tot 1990 is sy 'n deeltydse lektrise in die departement Beeldende Kunste by die Universiteit van Stellenbosch. Sy werk vir 'n jaar as algemene verslaggewer by *Die Burger* en woon tans in Durban.

Gedurende die tagtigerjare skryf sy die twee romans *Klaaglied vir Koos* (1984) en *Erf* (1986). In 1986 word *Klaaglied vir Koos* as drama verwerk en as solo-vertoning deur Aletta Bezuidenhout in Johannesburg opgevoer.

## 2.6. Die proefgroep se skryfmotivering

Elke skrywer verskil t.o.v. die spesifieke redes wat hy vir sy skrywerskap aanvoer. Tog wil dit volgens hulle eie opmerkings tydens onderhoude lyk asof die meeste lede van die proefgroep poog om met hulle skryfwerk sin te gee aan hulle eie sienings van, en posisie in, die samelewing. Heelwat van hierdie skrywers erken dat hulle vanuit die bekende skryf en glo dat hulle eerlik moet wees in dít wat hulle skryf.

Volgens M.C.Botha is die skryfkuns 'n professie soos enige ander ambag wat gebaseer is op harde werk eerder as inspirasie:

Die publiek verkeer onder 'n wanindruk as hulle glo dat kunstenaars "inspirasie" nodig het om te skep in elk geval het hulle nie méér nodig as 'n gewone man om die oggend uit die bed op te staan en kantoor toe te ry nie. Om prosa te skryf het 'n mens dae en jare agter die lessenaar nodig, verkieslik met koffie of brandewyn dis eintlik al (*Hoofstad*, 1982:7).

T.T.Cloete sê weer dat hy eers ervarings moes opgaan vóór hy kon begin skryf vandaar die feit dat hy so laat in sy lewe begin skryf het:

Ek het versamel. Ek het my nie rasend sit en leeg skryf nie. Ek het alles rustig sit en doen. Ek het dit nie soos 'n aap in sy kies gedra nie. Ek het 'n lewe lank rustig opgegaan. Nou kan ek dit rustig afrond (Laubscher, 1987:10).

Vir Jeanette Ferreira is die skryfproses 'n metode om ervarings op 'n spesifieke manier te verwoord:

Uiteindelik word dit natuurlik iets anders as die ervaring self. Dalk is dit dit: jy weet die verwoorde ding is anders as die ervaring self en jy moet weet wat die ander werklikheid van jou baie reële ervaring is. En tog is die verwoorde ding nie onwerklik nie, dis daardie ou storie van selekteer en orden. Juis daarom word dit anders as die ervaring. Maar dit sal nooit, ek sou nie wou hê dit moet, onwerklik wees nie (Kitching, 1991:3).

Teenoor bogenoemde skrywers wat vanuit hulleself skryf op soek na sin en rede, sien Jeanne Goosen die skryfproses as 'n vorm van sosiale interaksie (Le Roux, 1991:2), maar terselfdertyd ook as 'n drang om bevryding:

Skryf in Suid-Afrika, in Afrikaans vandag, behels meer as net die skryfdaad - ek ervaar dit as ellende, as 'n absurde daad, die drang om weg te breek uit 'n sielkundig neerdrukkende situasie en die onvermoë om dit te doen (Scholtz, 1991:88).

Vir Goosen is skryf 'n soeke na bevryding - vir P.C.Haarhoff 'n drang om te skep. Haarhoff het sy loopbaan begin deur by die Uraanverrykings-Korporasie naby Pretoria skeppende ingenieurswerk te doen:

Maar toe ek elf jaar gelede na die Universiteit van Pretoria toe is, het ek dit my eerste taak gesien om jonger mense, dosente en studente, te help om te ontwikkel. Daar was minder sprake van 'n persoonlike kreatiwiteit. En toe het ek nog steeds so 'n drang gehad om self te skep dat ek begin skryf het (M.Grobler, 1988:45).

Ryk Hattingh meen dat hy homself deur sy skryfkuns kan herdefinieer:

One can short-circuit or perpetuate the paradigm that culture is everything. One can bemoan the fact that Afrikaans is, as some believe, in crisis. Or one can recreate oneself through writing, through the changing environment. I've opted for this (*The Pretoria News*, 1994:3).

Hoewel Gawie Kellerman deur iemand soos Hambidge (1989b:8) in dieselfde groep "grens"-prosateurs as Etienne van Heerden, Koos Prinsloo, Alexander Strachan en P.J.Haasbroek geplaas word, is skoolhou vir hom belangriker as sy skryfwerk. Hy verkies om met kleiner kinders te werk:

Hulle is nog blatant eerlik en dis iets wat later verlore gaan, en hulle eerlikheid dwing my ook tot eerlikheid. Ek kan nie 'n liegstorie skryf nie (Van der Merwe, 1989a:43).

E.Kotze erken dat sy feitlik slegs oor dinge skryf wat sy self beleef het of seeverhale wat haar man vir haar vertel het:

Ek sal nou nie sê ek het die titel "skrywer" in die oog gehad toe ek begin skryf het nie. Die dinge wat rondom 'n mens gebeur, beïnvloed jou op die ou end. Dis wat my op 'n dag laat besluit het om dit neer te skryf - sonder dat ek eintlik geweet het hoe (Nieuwoudt, 1993:9).

**Louis Krüger** soek met sy skryfwerk na sin in sy lewe:

Skryf is 'n oerkreet. Het jy al kinders onder 'n treinbrug sien staan en skree? Daarmee druk ek my verbystering, ontroering, angs oor die mens se bestaan uit. Ons bestaan is so geheimsinnig ... ons het skaars 10 persent van die antwoorde. Skryf is 'n uiting van my innerlike behoefte na sin (Pople, 1992:5).

**André le Roux** lê weer klem op inherente indrukke wat 'n skrywer motiveer:

'n Skrywer kan net skryf uit twee dinge - uit die bekende en uit die onbekende. Die bekende is wat hy met hom saamdra uit sy kinderdae; die onbekende is waarmee hy te doen kry in sy volwasse lewe ... Ek wil geen boodskap bring nie. Ek wil nie emosionele reaksie uitlok nie. Ek skryf nie vir 'n bepaalde leser nie. As jy skryf, skryf jy alleen (Van der Merwe, 1988a:45).

Met sy skryfwerk, sê **André Letoit**, wil hy lesers bevry van knellende aspekte van die werklikheid waarbinne hulle hulself bevind:

Ek het die behoefte om Afrikaans te bevry. Afrikaners is geneties 'n baie sterk ras - hulle het baie minder wette vir hul eie sekuriteit nodig as wat hulle besef. Bevryde Afrikaners is die mense wat vandag die grootste positiewe effek in ons land het. As ek vir die taal kan doen wat prof. Barnard vir die mediese wetenskap gedoen het, is dit orraait (R.Rabie, 1988:3).

Op 'n vraag waarom hy skryf, erken Letoit dat hy nie weet nie:

Ek dink egter die antwoord is eenvoudig. Fiksie is meer reasuring as die waarheid. In fiksie het alles 'n begin, 'n middel en 'n einde, maar in die werklikheid karring dinge maar so aan (Rorke, 1992:29).

**Dalene Matthee** skryf vanuit haar eie menswees en lewenservaring:

Ek skryf uit my hart waaruit anders kan 'n mens skryf? Jy kan nie vir die leser lieg nie, jy kan hom nie met jou pen bluff nie. As jy nie oor jou eie waarheid skryf nie, moet jy stilbly (K.de Beer, 1992:10).

**Vir Fransi Phillips** is die integrasie van eie ervaringe en belewenisse wat op haar inwerk só sterk dat dit ononderskeibaar is:

Ek weet nie wanneer ek skryf nie. As ek een van my boeke vat en daarna kyk, weet ek nie wanneer en waar dit gebeur het nie. Miskien het ek daaraan gedink toe ek in die pad geloop het. Ek skryf nie dadelik idees op as ek hulle kry nie.

As ek dit onthou, word dit deel van die storie. As ek dit vergeet, moes dit nooit deel van die storie gewees het nie (Herholdt, 1991:5).

Ook Koos Prinsloo maak van 'n kombinasie van eie ervarings en belewenisse waarmee hy in aanraking kom gebruik in sy skryfwerk:

Ek dink altyd lank oor 'n verhaal voor ek begin skryf. Soms is daar net 'n sinsnede wat ek toevallig in 'n gesprek tussen twee mense optel of iets wat ek in 'n koerant lees. Ek skryf dit altyd dadelik neer. Ek maak baie van modelle gebruik. Mense wat ek ken. Ek dupliseer my karakters nie net so van ander mense af nie. Ek gebruik 'n bietjie van dié en 'n bietjie van die ander. Partykeer iets van myself. Soms skryf ek 'n verhaal binne 'n dag klaar en soms skryf ek maande - selfs jare - daaraan (W.Pieterse, 1988:43-44).

In 'n onderhoud wat met Dan Roodt in Parys, Frankryk gevoer is, sê Roodt dat sy liefde vir die filosofie sy liefde vir die letterkunde komplementeer:

Die soort plesier wat ek kry uit die lees van 'n roman en die lees van 'n filosofiese teks, is eintlik vir my presies dieselfde. Die twee hou baie met mekaar verband. Daarom is dit dat ek nie die letterkunde versak het nie (Van der Merwe, 1989b:31).

Vir Alexander Strachan is dit belangrik dat 'n skrywer altyd in 'n mate vervreemd moet bly van die gemeenskap en van ander skrywers. Hy meen 'n skrywer se besondere vertelhoek hoef nie noodwendig die leser se hoek te wees nie.

En dit kan hy net doen deur hom van die leser te vervreem. Dit is 'n fyn balans. Vervreem jy jousef te veel, verloor jy kontak met jou leser en sit jy op 'n eiland. Miskien is dit eerder 'n geval van skryf omdat jy kwaad is. Of teen iets inskryf. Só skep jy spanning ... (Rautenbach, 1989:6).

Etienne van Heerden beweer dat 'n boek homself op 'n stadium begin skryf:

Van 'n sekere stadium af begin 'n boek bymekaarkom. Hy begin 'n soort energie ontwikkel wat al die goed saamtrek. Dit is dan wanneer jy moet gaan sit. Aan die begin peuter jy maar en jy skryf 'n gedagte neer, gooi dit in 'n legger wat nie eens 'n naam het nie ...

Ek wag vir die flardes, die los gedagtes wat ek in die legger gooi, om 'n eie ego te ontwikkel, 'n magneetkrag te kry. Dit is dan wanneer ek beseft is die kern van die boek, as ek sy "stem" gekry het. Maar dan, as alles bymekaarkom, moet 'n ou gaan sit en werklik jousef so aan die nekhare vat en Bostik gebruik om jou vas te gom aan die stoel.

Dit is die hardste, hardste werk. Ek is 'n uitsteller met baie dinge, maar snaaks, as ek aan 'n boek werk, is dit of dit 'n energie van sy eie kry (*Beeld*, 1991:9).

Volgens Jan van Tonder het die skrywer 'n doelbewuste roeping betreffende die werklikheid waarbinne hy funksioneer:

Die skrywer het 'n plig om nie net verkeerde ou stelsels af te breek nie, maar ook om te sorg dat daar gesonde nuwes in die plek daarvan kom. 'n Skrywer mag hom aan nòg staat, nòg ideologie, nòg kerk gediensig maak. As hy so in verwondering staan oor die standbeeld dat hy nalaat om die klei in die voetstuk genadeloos aan te val in 'n poging om dit met iets sterker en beter te vervang, kan hy net sowel registreer as kopieskrywer in daardie organisasie of regering se propagandakantoor (*Beeld*, 1990:3).

Lettie Viljoen wys op die verslawende invloed wat die skryfproses tot gevolg kan hê:

Dit is vir my 'n manier om sin te maak van my ervaring. Op 'n manier het dit al 'n gewoonte geword. Hoe langer 'n mens skryf, hoe meer het jy dit nodig (*Engelbrecht*, 1994: 4).

## 2.7. Gevolgtrekking

Ten spyte van sterk teenkantiing van skrywers uit die proefgroep lyk dit asof die term *tagtigerskrywer* (eerder as *Tagtiger*) wel gebruik kan word vir Afrikaanse prosaskrywers wat, hoofsaaklik, in die tagtigerjare gedebuteer het. In hierdie hoofstuk het ek, deur verskeie kanoniseringsprosesse te bekyk, gepoog om 'n aantal van die belangrikste tagtigerskrywers as proefgroep te selekteer.

Wanneer 'n mens die biografiese besonderhede van die proefgroep nagaan, is dit opmerklik dat van sommige skrywers verbasend min biografiese inligting bekend is. Aan die hand van 'n vraelys kon ek bepaalde belangrike afleidings maak met betrekking tot die skrywers se houdings teenoor kategorisering, betrokkenheid m.b.t. skryforganisasies, sensuur ens. Die diversiteit van opinies was besonder kenmerkend, maar tog openbaar die meeste van die proefgroep 'n sterk gemeenskaplike negatiewiteit teenoor kategoriseringsterme soos *Tagtiger* of selfs *tagtigerskrywer*. Die kunsmatige aan bande lê van kreatiwiteit deur staatsensuur steek ook heelwat respondente dwars in die krop.

Die meeste respondente bevestig dat die samelewing tematies (en andersins) 'n groot invloed op 'n skrywer uitoefen. 'n Skrywer sal, bewustelik of onbewustelik, terugval op

sy eie sosio-ekonomiese, kultureel-eiesoortige agtergrond en vanuit hierdie gegewens 'n literêre werk skryf, óf hy kan as objektiewe buitestaander die vraagstukke van sy tyd klinies analiseer of dissekteer. Tussen bogenoemde twee uitgangspunte lê 'n oneindige aantal nuanses, omdat die mate waarby die skrywer se innerlike menswees in 'n werk gestalte vind, nie objektief meetbaar is nie.

Hoewel die plek van die skrywer-as-persoonlikheid in die literatuursosiologiese kommunikasieketting vanselfsprekend van groot belang is, moet daar altyd in gedagte gehou word dat die teks 'n outonome karakter, losstaande van sy outeur, aanneem. Terwyl raaklyne tussen 'n outeur en die verteller in sy teks kan bestaan, is dit, vanweë 'n skrywer se prerogatief om sy skryfwerk na willekeur in te klee, nie alleen moeilik nie, maar ook onwetenskaplik om direkte verbande tussen skrywers en alles wat hulle skryf te probeer trek.

## HOOFSTUK DRIE

### ENKELE SAMEBINDENDE ASPEKTE IN DIE PROEFGROEP SE TAGTIGERPROSATEKSTE

#### 3.1. Algemeen

Volgens verskeie outonomistiese literatuurwetenskaplike rigtings soos die New Criticism waarin die literêre werk *per se* geanaliseer word; die Russies Formalisme waarin nêr die literêre werk ondersoek word; die Duitse werkimmanente metode waar die teks ook sentraal geplaas word en die Stilistiek op taalkundige grondslag (Cloete, 1992:27-29), moet die literêre werk sentraal staan in alle vraagstellings in verband met literatuur, en nie die posisie van die skrywer óf die waarskynlike leser nie. Elke teks moet as outonome, selfstandige werk geïnterpreteer word, waarin 'n skrywer bepaalde inligting reorganiseer en aan die leser oordra. Hoewel 'n literêre werk nooit slegs 'n blote verlengstuk van die skrywer is nie maar 'n karakter van sy eie aanneem, is dit waar dat 'n besondere band tussen skrywer, literêre werk en leser bestaan.

Dit is ook duidelik dat die milieu waarbinne 'n teks ontstaan die inhoud en kommunikatiewe potensiaal van die teks beïnvloed. Só kan 'n literêre teks slegs sy sosiale funksie vervul as dit as kollektiewe verwysing vir ander tekste binne 'n bepaalde kulturele konteks kan dien en omgekeerd. W.Liebenberg (1988a:114) waarsku dat, wanneer 'n teks van sy ontstaanskonteks verwyder word en die konteks in terme waarvan dit dan geïnterpreteer word implisiet gelaat word, die ideologiese aard van beide uiting en interpretasie egter maklik uit die oog verloor kan word. In 'n literêre teks moet dus kennis geneem word van bv. sosiale, ekonomiese en kulturele faktore van die bepaalde tyd waarbinne die teks geskryf is en wat op die teks kan inwerk. Wanneer die teks as tydsdokument bestudeer word, kan die reaksie van die literatuur op hierdie invloede (en omgekeerd) dan makliker vasgestel word.

Van Coller (1990:75) haal vir R.Wellek aan wat 'n periode beskryf as "a 'regulative idea', as a system of norms, conventions, and values" wat die literatuur op 'n bepaalde tydstip domineer. Van Coller konkludeer hieruit dat verwante werke kenmerkende seleksie- en kombinasieprinsipes deel.

Soos geformuleer in die probleemstelling in hoofstuk een, wil ek in hierdie hoofstuk dan juis 'n aantal samebindende aspekte in die proefgroep se prosawerke wat gedurende die tagtigerdekade as periode gepubliseer is, ondersoek. (In Addendum B verskyn 'n kort beskrywing van belangrike eienskappe van elk van hierdie tekste.)

### 3.2. Terugkerende kategorieë in die proefgroep se tekste

Die prosa van die tagtigsrywers kan en moet beskou word as deel van 'n nuwe tradisie in die letterkunde, maar getuig terselfdertyd ook, volgens J.P. Smuts (1991:21-22):

van 'n ánder tradisie in die literatuur, naamlik dat die letterkunde steeds verander en muteer, dat dit bly rebelleer teen wat reeds bestaan. In dié proses wreek hy hom skynbaar soms op die verlede deur dit in hom op te neem en te transformeer tot nuwe vorme. Op sy beste ontwikkel dit tot 'n spel waarin tekste mekaar komplementeer en wedersyds verryk.

Vernuwing in tekste kan nooit in isolasie gesien word nie, maar bou voort op vorige, bestaande werke. Terme soos "vernuwende temas" in die letterkunde is onvanpas en min, indien enige, totaal nuwe temas kom tydens die tagtigerjare na vore. Boonop is rigiede kategorisering van tekste in die algemeen, en tagtigertekste in besonder, nie moontlik nie. Verder toon verskeie tekste raaklyne met meer as een "tema" of sentrale handeling, wat veroorsaak dat eiesoortige aspekte van hierdie tekste onder meer as een hoof bespreek sou kon word.

Daarom meen ek dat die term "kategorie", wat volgens die HAT "soort", "groep" of "afdeling" beteken, meer van pas sal wees. Met hierdie term bedoel ek dus slegs dat bepaalde onderliggende raaklyne by sekere tekste aanwesig is, wat veroorsaak dat tekste wel bepaalde kategorieerbare eienskappe besit. So sal postmodernistiese tekste dus tekste wees waarin aanvaarde postmodernistiese kenmerke aanwesig is, hoewel nie-postmodernistiese kenmerke ook in sodanige tekste aanwesig kan wees.

Sonder om daarop aanspraak te maak dat onderstaande kategorieë volledig is of die enigstes wat onderskeibaar is, toon die volgende tabel ses belangrike kategorieë aan waarbinne die proefgroep se tagtigertekste sou kon tuishoort, sowel as 'n aantal



tagtigertekste wat eienskappe bevat wat veroorsaak dat dit o.a. in hierdie ses groepe kategoriseerbaar is:

Ses belangrike kategorieë waarin die proefgroep se tekste verdeel kan word

Kategorie	Titel
1) Betrokke en politieke literatuur	<i>Sluvoet</i> <i>Sitate om 'n rewolusie</i> <i>Die mammies, die pappies, die boeties, die sussies</i> <i>Die skerpskutter</i> <i>Sleep vir jou 'n stoel nader</i> <i>Mathee se bos-trilogie</i> <i>Toorberg</i> <i>Klaaglied vir Koos en Erf</i> <i>Louoond</i>
2) Tekste met realistiese elemente	<i>Toorberg</i> <i>Halfkroner vir die nagmaal</i> <i>Silt van die aarde</i> <i>Aandenking vir 'n vry man</i> <i>Is Sagie</i> <i>Kringe in 'n bos</i> <i>Fiela se kind</i> <i>Moerbeibos</i> <i>Die skerpskutter</i>
3) Grens- en gewelddliteratuur	<i>My Kubaan</i> <i>Om te awol</i> <i>'n Basis oorkant die grens</i> <i>'n Wêreld sonder grense</i> <i>Jonkmanskas</i> <i>Wie de hel het jou vertel?</i> <i>Sitate om 'n rewolusie</i>
4) Tekste met postmodernistiese elemente	<i>Jonkmanskas</i> <i>Die hemel help ons</i> <i>Die mammies, die pappies, die boeties, die sussies</i> <i>Somer II</i>

	<i>Suidpunt-jazz</i>
	<i>Die tonnel</i>
	<i>Markus vermoed 'n verhaal</i>
	<i>77 stories oor 'n clown</i>
	<i>Die horlosie se wysers val af</i>
	<i>Sonneskyn en Chevrolet</i>
	<i>Die wilde kind</i>
	<i>Theresa se droom</i>
	<i>Te hel met ouma!</i>
5) Tekste met homoërotiese inhoude	<i>Wit vis</i>
	<i>Jonkmanskas</i>
	<i>Die hemel help ons</i>
6) Goeie gewilde prosa	<i>'n Basis oorkant die grens</i>
	<i>Petronella van Aarde, burgemeester</i>
	<i>'n Huis vir Nadia</i>
	<i>Kringe in 'n bos</i>
	<i>Fiela se kind</i>
	<i>Moerbeibos</i>
	<i>Liegfabriek</i>
	<i>Die kind</i>
Tabel 3.1	

Dit is belangrik om te beseef dat 'n literêre werk dikwels onder meer as een kategoriele indeling bespreek kan word. So kan Dalene Matthee se bos-trilogie bv. as goeie gewilde prosa beskou word, maar ook as "Betrokke literatuur" gesien word. Slegs 37 van die 51 gekose tekste word in bogenoemde ses kategorieë verdeel. Die 14 tekste wat nie ingedeel is nie, is kortverhaalbundels waarin só 'n wye verskeidenheid onderwerpe aangeraak word, dat die bundels nie kategorieerbaar is nie. Hierdie tekste sal in hoofstuk 3.3. kortliks bespreek word.

### 3.2.1. Betrokke en politieke literatuur

Betrokke of "geëngageerde" literatuur, 'n vertaling van die Franse term "littérature engagée" wat die eerste keer deur André Gide gebruik is en ook in Jean-Paul Sartre

se reeks essays getiteld "Qu'est-ce que la littérature?" opgeneem in *Situations II* (1948) (Brink, 1992:39) gebruik word, dui daarop dat literatuur in 'n noue verbintenis staan met die samelewing waarbinne dit geskep word. Geen literatuur kan in 'n ideologiese vakuum ontstaan en bestaan nie. Wanneer die literêre werk as sosiale tydsdokument bestudeer word, kan bepaalde betrokke sosiaal-historiese gebruike, sienings en ideologieë van die tyd en ruimte waarin die verhaal geskryf is, geïdentifiseer word.

Sodanige ondersoek is egter slegs aanvaarbaar as ons weet in watter verhouding die gegewens in die literêre werk tot die sosiale omwêreld staan. Word die historiese verwysings in die literêre werk as feite voorgehou, of is daar sprake van satire, karikaturisering of romantiese idealisering deur die skrywer? As Timo Bezuidenhout (*Suidpunt-jazz*) in sy tydmasjien klim en tydens 'n onderonsie met Jan van Riebeeck in die arm geskiet word (p.53), weet ons immers dat historiese feite gesatiriseer word, maar wanneer Dalene Matthee bv. *Kringe in 'n bos* in die Knysna-bos laat afspeel en erken dat sy sorgvuldig navorsing oor dié milieu gedoen het, kan 'n leser tog sekerlik verwag dat bepaalde outoritêre, histories-fundeerbare afleidings uit die roman gemaak kan word.

Brink (1985a:79) baken betrokke literatuur af tot "dié literatuur wat aantoonbaar ontspring uit, en ingestel is op, 'n herkenbare sosio-politieke werklikheid". Deudney (1980:40) gaan verder as sy meen dat betrokkenheid 'n bewustheid van politieke tydgenootlikheid impliseer, tesame met 'n wil om die bestaande toedrag van sake te verander. Hierdie definisie impliseer dat die blote objektiewe rapportering van gebeure deur 'n skrywer dus nie as betrokke gereken kan word nie, omdat 'n betrokke skrywer (gewoonlik) deel vorm van 'n bestaande bestel en byvoorbeeld wil kant kies téén die optrede van die regering met die oog op die moontlike omverwerping daarvan.

Ronèl Johl (1986:19-20) verstrek 'n omvattende, bruikbare definisie van betrokkenheid:

Die term *betrokkenheid* sou beter gebruik kon word as 'n oorkoepelende term wat sowel werke wat bewustelik eensydig en partydig téén die Suid-Afrikaanse politieke bestel standpunt inneem ... as afirmatiewe literatuur, wat eweneens eensydig en partydig die *status quo* handhaaf, te benoem. Die term sou ook nie bloot op politieke of ideologiese verbondenheid hoef te dui nie, maar sou met die nodige kwalifikasies

gebruik kon word om werke te benoem wat gesubjektiveerd en eensydig met ánder (kontensieuse) aspekte van die aktualiteit omgaan, byvoorbeeld met menslike (homo-) seksualiteit en dergelike.

Sy meen verder dat betrokkenheid eerder dui op houdings of ingesteldhede in werke teenoor spesifieke eietydse probleme as op spesifieke literêre "soorte".

Aucamp (1980:3) vra tereg of alle literatuur, op die keper beskou, nie maar uiteindelik betrokke is by die mens, by die *condition humaine*, nie:

Dat die letterkunde meesal 'n bepaalde idee of ideologie uitbeeld, 'n bepaalde standpunt of vooroordeel stel, is sy goeie reg. Die "partydigheid" van die verteller is uit sy onderwerpskeuse af te lei; dikwels al uit die titel van sy teks. Die objektiwiteit van die skrywer is eintlik áltyd 'n skynobjektiwiteit; selfs in 'n doelbewuste feitelike rekonstruksie om 'n gegewe.

Tog, meen Aucamp, bly dit gewoonlik wenslik dat die verteller die skyn van objektiwiteit handhaaf ten einde die emosies en gedagtes van sy leser subtiel te kondisioneer en om dié se samewerking te behou.

Hambidge (1989d:38) gaan verder en beweer dat alle literatuur in verzet is:

Die skryf van letterkunde - hetsy digkuns, romans of kortprosa - neem altyd standpunt in téén die werklikheid. Nie slegs die propagandistiese teks het iets oor die werklikheid te sê nie; ook die kleinpersoonlike teks of kontreikuns spreek 'n sekere waardeoordeel uit oor menswees, die gemeenskap, lewe en dood. So gesien, is die letterkunde - en nou, meer spesifiek: die roman - altyd in *verzet*.

Enige teks wat die aktuele vraagstukke van sy tyd aanspreek - en nie net dié wat kan dien as sosiale kommentaar op die wêreld wat hy beskryf of, soos Deudney (1980:40) meen, 'n bewustheid van *politieke* tydgenootlikheid impliseer nie - moet as betrokke literatuur beskou kan word.

Enkele voorbeelde van die betrokkenheid van bepaalde tekste van die proefgroep kan soos volg aangedui word:

Betrokkenheid van bepaalde tekste van die proefgroep

Teks                      Betrokkenheid

*Sluvoet*

In hierdie verhaal word die politiek en die politici van die dag gehekel. Op p.78, bv., word die Afrikaner, die Ossewa-Brandwag en P.W.Botha se apartheidsbeleid teenoor die beleid van die ANC en die PAC geplaas, terwyl die absurde rofstoeigeveg op p.134-141 waaraan Jaap Marais en Eugene Terre'Blanche deelneem, oorgaan in 'n lighartige draakstekery.

*Sitate om 'n rewolusie*

Die hele roman wentel om die verteller se toenemende betrokkenheid by Hillary de Wit, 'n getroude joernalis; en by die lewe van Dawn, een van haar studente wat aan 'n opstoker by die swart universiteit waar sy klasgee verloop is. Die totale onkunde (en juis onbetrokkenheid) van 'n blanke betreffende die swartman in Suid-Afrika se leefwêreld, word met hierdie teks onder die vergrootglas geplaas. Die agtergrond van opstand deur swart studente op 'n kampus skep 'n tydgenootlike betrokkenheid by die politieke onrus gedurende die tagtigerjare op swart kampusse.

*Die mummies, die pappies, die boeties, die sussies*

In teenstelling met *Sitate om 'n rewolusie* raak die vroulike verteller in hierdie kortverhaalbundel op verskillende maniere by die "stuggle" teen die "Apartheidsregime" betrokke. Heelwat verwysings na politieke bedrywighede onder veral die Kaapse Kleurlinge kom in die verhale voor. Met aanhalings uit geskrewe tekste, koerante en tydskrifte en deur die gebruik van foto's en sketse, intertekstualiseer die skrywer die kortverhale en plaas hulle in 'n aktuele, baie betrokke Suid-Afrikaanse milieu.

*Die skerpskutter*

Hoewel die verhaaldebeure in hierdie roman - wat in Noord-Ierland met die eeue-oue stryd tussen Katolieke en Protestante gesitueer is - duidelik fiktief is, word die kille berekendheid waarmee geweld gepleeg word, baie realisties uitgebeeld en kan Suid-Afrikaanse lesers wat gedurende die tagtigerjare met binnelandse konflik gekonfronteer is, hulle waarskynlik met die situasie vereenselwig. Die karakters is betrokke by 'n gewelddadige samelewing. Daarom is dit ook van pas dat die jagter uiteindelik prooi word van sy eie gewelddadige bestaan.

*Sleep vir jou 'n stoel nader*

In "Groepfoto" voer die verteller, 'n joernalis, 'n gesprek met prostitute op 'n skip in die hawe (vermoedelik Kaapstad). Die gedetailleerde inligting betreffende die tariewe van dié meisies, hulle voor- en afkeure, ens., dui op die verteller se joernalistieke geïnteresseerdheid in die wêreld wat hy

hier verken. Aspekte waaroor "berig" word in die ander verhale, soos die werksaamhede van die Narkotikaburo, die Veiligheidspolisie se martelmetodes en 'n beskrywing van die onlustepolisie se werkswyse, wys op 'n sterk betrokkenheid op aktuele samelewingsprobleme.

#### Matthee se bos-trilogie

In die drie bosboeke speel die soeke na selfinsig 'n baie groot rol. In *Kringe in 'n bos* ervaar Saul Barnard 'n dualiteit: aan die een kant wil hy wegvlug van sy kinderdae en die probleme van die boswerkers; en aan die ander kant dwing sy betrokkenheid by hierdie wêreld hom terug na sy verlede. Benjamin Kamoetie/Lukas van Rooyen se innerlike bevraagtekening van wie hy is en waar hy tuis hoort, word in *Fie! se kind* uitgebeeld, en in *Moerbeibos* word Silas Miggel teen wil en dank by die lotgevalle van die Italiaanse sywurmboere wat na die bos gelok is, betrek. Aldrie hoofkarakters is besig met 'n futiele stryd om die omstandighede waarin hulle onwillekeurig vasgevang is te verander en toon 'n onvermoë om onbetrokke te staan teenoor die gebeure wat óm hulle afspeel.

#### Toorberg

Die prominensie van die twee familieregisters voor in dié roman beklemtoon die kontras tussen die blankes en gekleurdtes op die plaas, maar dui ook op 'n betrokkenheid met die land se wit-swart vraagstuk. Hoewel magistraat Van der Ligt se taak aanvanklik is om "lig te werp" op die vraag of iemand skuldig is aan die dood van 'n jong seun, verruim die skuldvraagstuk en word die kwessie van kollektiewe skuld weens die sosiale afstand tussen die verskillende Suid-Afrikaners aangespreek.

#### Klaaglied vir Koos/Erf

In albei hierdie romans word die wedervaringe van 'n vrou wie se man die land verlaat het om as vryheidsvegter in die stryd teen die regime deel te neem, uitgebeeld. 'n Sterk betrokkenheid by die geweld wat die land tydens die tagtigerjare geteister het en waartydens talle Suid-Afrikaners in die buiteland as vryheidsvegters opgelei is, word in hierdie twee romans teruggevind.

#### Louoond

Die vroulike verteller raak van die kantlyn af betrokke by haar omwêreld deur in haar kombuis subtiele, maar baie kritiese, kommentaar te lewer op die politieke situasie in die land. Goed (bv. haar Maria Callas kasset) en sleg (bv. die vlieë) wissel mekaar met reëlmaat af. Haar monoloë handel egter oor veel méér as politieke wysheid: sy besin oor vrouwees, oor menswees en oor die lewe self.

Uit bogenoemde voorbeelde behoort dit duidelik te blyk dat betrokkenheid in hierdie tagtigertekste veel meer as bloot politieke betrokkenheid is en ook direkte óf indirekte sosiale, maatskaplike en selfs religieuse kommentaar kan insluit.

### 3.2.2. Tekste met realistiese elemente

Volgens Van der Elst (1992:417) het realisme in die literatuur betrekking op 'n waarheidsgetroue, ongeïdealiseerde uitbeelding van die werklikheid waarby "die hier en nou" van leser én skrywer 'n sentrale plek inneem. Van der Elst meen dat die Realisme in Suid-Afrika nooit dieselfde groot bloei beleef het as binne die Europese literatuur nie, gewoon omdat die Afrikaanse literatuur nog nie bestaan het toe Realisme in Europa opgang gemaak het nie. Tog meen hy dat tekste van skrywers soos Jochem van Bruggen, J.van Melle en C.M.van den Heever wel 'n mate van realisme vertoon, hoewel dit gewoonlik vermeng is met 'n stukkie romantiek en selfs idealisme. Dekker (Van der Elst, 1992:418) meen dat 'n "ietwat feller" realistiese tendens by Abr.H.Jonker aangetref word wat deur Jonker self as "die eerste Afrikaanse proefneming in die Nuwe Saaklikheid" beskryf is. Hoewel André P.Brink se tekste sterk realistiese elemente bevat, beweer C.N.van der Merwe (Van der Elst, 1992:418) dat hy nie 'n eksponent van die Realisme is nie.

Dit is duidelik dat die romanties-realistiese styl waarin die plaasroman tydens die verstedelikingsproses van 1920-1940 geskryf is, ver agtergelaat is in plaasromans soos Anna M.Louw se *Kroniek van Perdepoort* (1975), Wilma Stockenström se *Uitdraai* (1976) waarin die gevolge van 'n liefdesverhouding oor die kleurgrens op 'n konserwatiewe plaasgemeenskap geskets word, en veral Etienne van Heerden se moderne plaasroman *Toorberg* (1986).

As milieu vir *Toorberg*, 'n baie belangrike tagtigerteks, gebruik Etienne van Heerden die plaas Doornbosch waarop 'n berg met die naam Toorberg geleë is, en wat sedert 18 Maart 1786 in Van Heerden se familiebesit is (Van Wyk, 1989:71-73). Sy pa het hom lank gelede vertel van 'n kind wat in 'n boorgat geval het en doodgeskiet moes

word (Van der Vyver, 1987:88). Hierdie twee historiese feite is deur Van Heerden gekombineer met die skryf van dié boek. Hoewel *Toorberg* as geheel sekerlik nie as 'n realistiese roman beskryf kan word nie, vertoon dit dus realistiese eienskappe.

E.Kotze skryf met *Halfkrone vir die nagmaal* en *Sitt van die aarde* twee sterk tradisionele realistiese bundels. Hierin word die Weskuswêreld - die wêreld waarin die skryfster opgegroeï het en tans nog bly - as milieu gebruik. Volgens Kotze baseer sy meestal haar verhale op werklike mense en gebeure. Vir haar is waarheid - ook in 'n storie - baie belangrik:

'n Mens moet verskriklik kan fantaseer as jy 'n verhaal heeltmal uit die lug gryp. Daarom gebruik ek 'n bekende agtergrond vir my verhale, en so hier en daar daar steel ek 'n karakter. Maar 'n mens moet baie verbeelding ook gebruik, anders is dit amper te alledaags. Mense wat goeie stories vertel, lieg lekker baie by - ek het al so gesit en luister (S.Cloete, 1983:11).

Jan van Tonder, skrywer van die tronkkortverhaalbundel *Aandenking vir 'n vry man* (1984), was 'n jaar lank in die gevangenisdiens en was 'n verslaggewer by twee koerante. Hy kon dus die tronkmilieu noukeurig navors en die inligting, saam met sy joernalistieke agtergrond, met vrug in sy kortverhaalbundel gebruik om 'n realistiese beeld van gevangenes se doen en late in die tronk weer te gee. Soos hy self sê, het hy in dié twee beroepe met onpretensieuse mense te doen gekry:

In die tronk en op sekere plekke waar 'n verslaggewer met mense te doen kry, byvoorbeeld die Hooggeregshof, is daar nie geheime nie; daar staan 'n mens poedelkaal, gestroop van feitlik elke masker (Erasmus, 1990:15).

In *Is Sagie* word 'n werklikheidsgetroue weergawe geskets van 'n geestelik gestremde jong man se stryd om erkenning en selfstandigheid. Hy help sy pa boer en is baie trots op sy eie vermoëns. Sake raak egter ingewikkeld as hy verlief raak op Ansie, die bure se dogter, en hulle teen haar pa se wil in, besluit om te trou. Sagie se ontkenning van die werklikheid aan die einde van die boek word gejuksaponeer met die titel van die verhaal, sodat die realiteit van die gekompliseerde werklikheid uitgelig word.

Dalene Matthee leun baie sterk aan by die realisme in haar drie bosboeke deurdat sy deeglike navorsing oor die historiese werklikheid waarop sy haar boeke baseer, onderneem het. Tydens haar navorsing het Matthee in 'n lêer afgekom op die



geskiedenis van arm houtkapperseuns wat van hulle families weggebreek het om hul geluk selfstandig te gaan soek. Ondanks terugslae het heelwat van hulle daarin geslaag om vir hulle 'n selfstandige bestaan in Knysna oop te veg. Hierdie inligting is dan ook as basis gebruik vir die karakter van Saul Barnard in *Kringe in 'n bos* (Van der Merwe, 1985:21).

*Fiela se kind* het ook 'n historiese vertrekpunt. "Granny Monk" of Elizabeth Grimble, 'n ou dame wat 25 jaar op Millwood gebly het, het aan Matthee die verhaal vertel van hoe sy as dogterjie 'n jong man geken het wat as twaalfjarige seun by 'n bruin gesin in die Langkloof aangetref is. Hierdie seun was dieselfde ouderdom as 'n seuntjie wat nege jaar tevore in die Bos verdwyn het (Van der Merwe, 1985:21). Ook vir *Moerbeibos* het Matthee intensiewe navorsing gedoen. Sy het met nasate van die 33 oorspronklike Italianers in die bos, wat werklik geglo het dit is 'n moerbeibos waarheen hulle kom, gesels. Vir 'n jaar het sy in die argief in Kaapstad gewerk, en het vir 38 dae in Italië en vir twee weke in Londen navorsing gedoen oor dié sywurmboere (Matthee, 1987:92-94). Hierdie gerekonstrueerde werklikheid word op só 'n wyse in die roman weerspieël dat dié teks dus met reg 'n historiese roman, waarin die gebeure realisties verbeeld is, genoem kan word.

In *Die skerpskutter* maak Louis Krüger van die religieuse problematiek in moderne Ierland gebruik as historiese milieu waarteen die verhaal afspeel. Hoewel die hoofkarakter 'n professionele sluipskutter vir die Ierse Republikeinse leër is, vasgevang in die geweld tussen die Katolieke en Protestante, konsentreer die verhaal tematies eerder op die hoofkarakter se eie, innerlike stryd met sy situasie en die gebrek aan lojaliteit tussen "vriende", as wat dit 'n eksakte beskrywing is van die historiese tydsgewrig waarbinne dit gesitueer word.

### 3.2.3. Grens- en geweldliteratuur

Terwyl "oorlogsliteratuur" alle literatuur betreffende oorlogsbelevinge wêreldwyd insluit, verwys die term "grensliteratuur", wat die eerste keer in 1984 deur Elsa Joubert in 'n lesing voor die Stellenbosch Werksgemeenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir

Wetenskap en Kuns gebruik is (Van Heerden, 1989:4), aanvanklik spesifiek na literêre werke wat die Suid-Afrikaanse/Namibiese/ Angolese oorlog van die laat sewentiger- en tagtigerjare óf as hoof- óf as subtema aansny<sup>1</sup>. Hoe eng of wyd die begrip grensliteratuur verstaan kan word, is egter 'n ope vraag.

Ten spyte daarvan dat kritici en van die skrywers self die term as 'n kunsmatige etiket en, vanuit 'n agtemaperspektief, 'n tydsgebonde term van beperkte omvang, beoordeel (Roos, 1989:24), het daar tog baie belangrike werke in die tagtigerjare verskyn wat binne hierdie groepering tuishoort en dus aandag verdien. So beskou Liebenberg (1988c:182) die grensverhaal as

een van die betekenisvolste verskynsels in veral die Afrikaanse letterkunde van die afgelope tyd. Dit maak daarvan een van die mees dramatiese en aangrypendste, maar ook een van die mees problematiese genres in die letterkunde.

Elsa Joubert se *Ons wag op die kaptein* (1963), gebaseer op 'n koerantberig in *Die Transvaler* van 15 Maart 1961 waarin berig word dat twaalf Blankes op 'n plaas in Noord-Angola deur 'n groep oproeriges om die lewe gebring is, kan waarskynlik as voorloper van die grensliteratuur beskou word, hoewel dit ook op die ontvoogding van Afrika-kolonies betrekking het. In die sewentigerjare word dié genre versterk deur die verskyning van, onder andere, werke soos P.J.Haasbroek se kortverhaalbundels *Heupvuur* (1974), *Roofvis* (1975) en *Skrikbewind* (1976), sowel as J.C.Steyn se *Op pad na die grens* (1976).

In die vroeë tagtigerjare verskyn vier werke wat as sogenaamde "grensliteratuur" aandag begin trek: *My Kubaan* (1983) en *Om te awol* (1984) van Etienne van Heerden, Louis Krüger se *'n Basis oorkant die grens* (1984) en Alexander Strachan se *'n Wêreld sonder grense* (1984). In hierdie werke word 'n (merendeels) gedisillusioneerde beeld gegee van soldate wat dikwels nie meer sin in die oorlogspoging sien nie: jong manne wat weens die verpligte dienspligstelsel in situasies gedwing word wat hulle nie altyd

---

<sup>1</sup>In 'n ondersoek van letterkundige tekste wat die gewapende konflik in Suider-Afrika ondersoek, dui Van Coller (1990:77) aan dat sedert 1963 meer as 40 Afrikaanse werke in die sentrum van hierdie ondersoek val en 20 tekste periferaal met die navorsingsontwerp saamhang.

kan hanteer nie en wat tydens hulle verlof en nadat hulle diensplig voltooi is, probleme ondervind om by die burgerlike lewe aan te pas. So is die titelverhaal in Etienne van Heerden se *My Kubaan* 'n sprekende voorbeeld van die skuldgevoel en oorlogsherinneringe van 'n valskermersoldaat wat nie die gedagte dat hy 'n ander mens se lewe moes neem tydens 'n kontak kan verwerk nie. Die Kubaan wat hy geskiet het word deel van hom "sodat ek jou nou by my het soos mens 'n stuk koeël in jou bobeen rondra - nooit is jy sonder die dowwe pyn nie, nooit sonder die herinnering nie" (p.97).

Nie alles wat geskryf word is egter verdigsels nie. In 1980-81 het Louis Krüger afgelos in 'n gemeente in Karoi, Zimbabwe. Die ondervindinge wat hy daar beleef het en gesprekke met mense, veral Eben Louw wat in die oorlog geveg het, het gedien as vertrekpunt vir *'n Basis oorkant die grens*, wat handel oor die destydse Rhodesiese oorlog. Krüger sê die verhaal is grootliks waar:

Ouens wat oor die grens gegaan het na Mosambiek ... moes twee basisse uitwis. Die eerste basis was leeg. Toe gaan hulle verder, sewe stuks, en word toe vasgekeer deur Frelimo en hulle luitenant word geskiet, en hulle het daardie lyk 'n week of meer saamgedra, terug oor die grens (Van Vuuren, 1989:46).

In *'n Wêreld sonder grense* vind daar die "oorsteek" van 'n aantal persoonlike grense plaas:

... in hierdie werk oorskry die liefde die grens van huwelikstrou; die soldaat leer die grense van sy kragte en uithouvermoë versit; die grens tussen vriend en vyand verdwyn as die soldaat hom oor sy sterwende slagoffer met 'n sluk water ontferm; uiteindelik sal die grens tussen 'n ordelike en 'n gewelddadige bestaan deurbreek word as geweld bestaansvoorwaarde vir die soldaat geword het (E.Botha, 1985:93).

As die verteller aan die einde van die verhaal vir Jock doodmaak en sy regering met geweld wil teëgaan, word die laaste grens, dié tussen rasonale en irrasionele handeling, finaal vernietig. Ons sien dus dat daar stelselmatig 'n "devaluering" (G.Olivier 1985:14) van die term grensliteratuur plaasgevind het totdat dit 'n totaal ander betekenis verkry het as wat Joubert waarskynlik aanvanklik daarmee bedoel het en belangrike uitbreiding van die aanvanklike tema op só 'n wyse plaasvind.

In Koos Prinsloo se *Jonkmanskas* raak vier kortverhale, "By die skryf van aantekeninge oor 'n reis"; "Fighting for peace"; "Crack-up" en "Beside the point" terloops aan die

grensoorlog, maar wys telkens op 'n wanaangepastheid by die siviele lewe. So raak 'n soldaat op awol in "Fighting for peace" in 'n homoseksuele situasie met 'n fotograaf betrokke. In "Grensverhaal" in *Die hemel help ons* sterf 'n verslaggewer wat 'n weermagkamp in Suidwes bywoon se vriendin en hy gaan woon haar begrafnis by. Onderbeklemtoning van emosie en 'n afkeer aan geweld speel 'n belangrike rol in hierdie, en Prinsloo se ander, kortverhale.

Geweld ken geen grense in Gawie Kellerman se kortverhaalbundel *Wie de hel het jou vertel?* (1988) nie. Die titel van die bundel impliseer dat hierdie verhale eerder nie vertel moes word nie. Terwyl "van hom" die verhaal vertel van vier soldate wat 'n hoofman vermoor en sy dogter verkrag, word die effens melodramatiese verhaal in "van 'n terroris" vertel van 'n swart baba, gekoppel aan 'n ploftoestel, wat in die stuurkajuit van 'n Buffel beland en, onwetend van die gevaar, deur die soldate versorg word. Die bundel begin met 'n waarskuwing:

Daar is geen greintjie waarheid in hierdie verhale nie. Die werklikheid is ontstellender en treffender as die verhale. Alle karakters is in hemelsnaam denkbeeldig.

Die gebrek aan spesifieke plekname (slegs enkele aanduidings soos "êrens in die Oos-Capriwi" (p.11) en "'n Ovambo-kraal" (p.20) word gebruik), laat die verhale nie aan realisme inboet nie, maar dui wel op die universele aard van oorlogssituasies.

Reeds in 1986 begin Haasbroek praat van 'n "nuwe grens":

Daarmee verwys ek nie net na die grens tussen swart woongebiede en wit woongebiede hier in blanke Suid-Afrika nie ... Ek verwys na die grens tussen mens en mens, wat ek dink 'n baie meer aktuele onderwerp is om oor te skryf. Dus, as ons nou wil grensliteratuur skryf, voel ek, moet ons terugkom na daardie skryf oor die verhouding van een mens tot die ander mens wat in 'n grenssituasie is (1986:122).

Le Roux gaan selfs verder as hy meen dat daar nie iets soos grensliteratuur bestaan nie:

As ek sê "grensliteratuur" is dit dieselfde as "die Tagtigers" - tussen aanhalingstekens. Dit bestaan nie. As daar iets soos "grensliteratuur" bestaan, sou daar ook iets soos "stadsliteratuur" en ondenkbare dinge soos "woonstel-" of "kroegliteratuur" moet wees. Dis alles kunsmatig. Die term self is maar net 'n gerieflike haak wat sinloos raak. Al onderskeid wat ons het, is generasieonderskeidings (poësie, prosa en drama) en selfs dié is nie vas nie (In gesprek met Prinsloo, 1987:2).

Wanneer 'n aantal skrywers egter dieselfde tema in hulle literêre werke ontgin, is daar sekerlik ruimte om diversiteit én ooreenstemmende aspekte in die benadering van die tema te bestudeer. Interessante studies sou dan ook moontlik wees om vas te stel hoe en hoekom dieselfde tema konvergent of divergent deur skrywers geïnterpreteer word.

'n Verdere aspek van die grensliteratuur is die verskillende uitgangspunte wat deur die skrywers gebruik word. *Tweede prys is 'n houtjas* (1983), 'n middelmoetversamelbundel van die beste *Huisgenoot*-kortverhale oor die grensoorlog (saamgestel deur Bertrand Retief), skets die weermaggebeure baie positief (bv. op p.59 sê die verteller: "Dié aanvalle is met die grootste durf uitgevoer ten spyte van vyandelike vuur ..."), wat grootliks kontrasteer met die verteller in *'n Wêreld sonder grense* se waarneming van sy medesoldate. In bv. "Die muurprent" ("Maar dit was duidelik dat hy geen beheer meer het oor die gatvol uitdrukking op sy gesig nie" (p.40) en "Visioen" ("Ek is moeg vir oorlog. Tot hier toe", en hy beduie met sy hand teen sy ken" (p.48), wys Alexander Strachan die troepe se skynbare onbetrokkenheid teenoor, en afkeer vir, die oorlog.

Hierdie gedagte vind verder weerklank in die kortverhaalbundel *Forces Favourites* (1987) waarin verhale van selferkende ECC-ondersteuners<sup>2</sup> opgeneem is en waarin die sin van die oorlog nie alleen bevraagteken word nie, maar waarin karakters poog om nie deel van die oorlogspoging te vorm nie. So vlug die hoofkarakter in "Die Waterwyser" van Harry Kalmer bv. na Amsterdam om diensplig te ontduik.

'n Baie duidelike kentering in die grensliteratuur, gepaardgaande met die verskuiwing van geweld buite die nasionale grense na geweld in swart woonbuurtes, vind gedurende die tagtigerjare met die beëindiging van die grensoorlog plaas. (John Miles se *Blaaskans* (1983), een van die min ernstige Afrikaanse geweldsromans wat gedurende die tagtigerjare nie deur 'n tagtigerskrywer geskryf is nie en waarin ook binnelandse geweld plaasvind, is die eerste voorbeeld hiervan). Grensliteratuur verander na wat ons "geweldliteratuur" kan noem, waar die geografiese aard van die

---

<sup>2</sup>n Afkorting vir die term "End Conscription Campaign", 'n beweging wat in 1985 momentum verkry en wat hulle beywer vir dienspligweiering.

konflik negeer word en gewelddadigheid en konfliktsituasies tussen individue die kern van die konflik uitmaak en waar 'n velerlei "grensoorskrydings" plaasvind. Hierdie tipe literatuur waarin die geweld van die grens na "townships" en blanke voorstede verskuif word en wat ook politieke romans soos *Klaaglied vir Koos* en *Erf* insluit, kan dan moontlik "geweldliteratuur" genoem word.

In Jeanette Ferreira se *Sitate om 'n rewolusie* (1985) word gepoog om die kleurgrens op 'n binnelandse swart kampus te oorbrug as die blanke verteller met een van haar swart studente bevriend raak. In haar buite-egtelike verhouding met Hillary, 'n getroude joernalis, word morele grense oorgesteek.

Volgens Cronje (1989:297) het grensliteratuur nie 'n literêre of "grensbeweging" in die Afrikaanse letterkunde veroorsaak nie, omdat daar by die skrywers nie "strydvaardigheid" teen die bestaande beleid ter sprake was in hulle soektog na iets nuuts nie, en die grensskrywers nie gelykgestemde figure was met 'n samehorigheidsgevoel of eenheidstrewa nie. Tog het hierdie skrywers vernuwende en, veel belangriker, eg Afrikaanse literêre werke met 'n soldatejargon oor die grensoorlog die lig laat sien: 'n oorlog waarby baie jong Afrikaners betrokke was en wat in verskeie opsigte verreikende sosiologiese implikasies gehad het en miskien nog steeds het.

#### 3.2.4. Tekste met postmodernistiese elemente

Abrams (1981:110) poneer dat postmodernisme 'n estetiese teenreaksie is weens die ideologiese krisis ná die Tweede Wêreldoorlog, sowel as 'n uitbreiding en wegbreek van die modernisme:

Postmodernism involves not only a continuation, carried to an extreme, of the counter-traditional experiments of modernism, but also diverse attempts to break away from modernist forms which had, inevitably, become in their turn conventional.

Tog is dit moeilik om die ontstaan van postmodernisme presies volgens 'n historiese tydsgewrig af te baken. Terwyl die term postmodernisme in die laat 1950's vir die eerste keer tentatief deur Howe gebruik is (1959:422), word die begrip egter vanaf die sewentigerjare breër gebruik om ook die uitvoerende en ander kunste in te sluit.

Verskillende fasette van postmodernisme word in 'n velerlei definisies<sup>3</sup> en pogings tot tiperings<sup>4</sup> uitgelig. Kirsten (1989:136) wys bv. op postmodernisme se politieke eienskappe:

Dit is polities vir sover die verskillende standpunte wat daaroor ingeneem kan word altyd 'n bepaalde visie op die geskiedenis artikuleer waarin die evaluering van die huidige maatskappy die voorwerp van 'n wesenlik politieke bevestiging of verwerping is.

Dit is dus duidelik dat 'n postmodernistiese teks altyd "betrokke" is by sy omwêreld (terwyl die waarheid van die geskiedenis na willekeur benut of negeer word<sup>5</sup>) en dus vir die literatuursosiologie van besondere belang is. Terselfdertyd word die postmodernisme gekenmerk deur 'n skeptiese houding teenoor die vraag of realiteit vasgevang kan word in fiksie. Die postmodernisme outeur poog, soos W.Liebenberg (1988b:274-5) aandui, eerder om nuwe realiteite en ander fiktiewe wêreld te skep. Die onderskeid tussen realiteit en fiksie, droom en fantasie, word vaag. 'n Goeie postmodernistiese slagspreuk sou kon wees, meen Liebenberg, "All reality is fiction".

Koos Prinsloo, skrywer van die postmodernistiese bundel *Jonkmanskas* (1982), verduidelik die rede waarom postmodernisme in die letterkunde inslag gevind het:

'n Mens moet begin "lieg" om sekere dinge uit die werklikheid vas te vang. Jy draai as 't ware die werklikheid tot hy 'n sekere iets oordra. Jy moet selekteer want as jy die hele werklikheid net so vat, sal jy nie die bepaalde vorm van jou verhaal kan toepas nie (Bruwer, 1988:89).

---

<sup>3</sup>W.Liebenberg (1988b) toon bv. aan dat die volgende persone definisies van postmodernisme gewaag het: Jean-Francois Lyotard, Gerald Graff, Victor Burgin, Douwe Fokkema, David Lodge, Brian McHale, Ihab Hassan, Andreas Huyssen, Fredric Jameson, Terry Eagleton, Linda Hutcheon, Hal Foster en Leslie Fiedler.

<sup>4</sup>So wys Hassan (1982) bv. op vyf dekonstruktiewe kenmerke van postmodernisme: a) onbepaaldheid, b) fragmentasie, c) dekanonisering, d) ontkenning van geslotenheid en e) ontkenning van representasie, waarin voorafbepaalde werklikheid, betekenis ens. ontken word.

<sup>5</sup>Wesseling (1991:29) lewer 'n interessante bespreking oor die verhouding tussen geskiedenis en postmodernisme waarin beweer word dat die eksaktheid van geskiedkundige gebeurtenisse deur postmodernistiese skrywers verander kan word om sodoende onderdrukte groeperings "draggers van een nuwe toekomst" te maak.

Die skrywer maak in dié bundel gebruik van handgeskrewe en getikte briewe, poësie, lirieke, pamflette, die name van bekende persone soos skrywers en filmsterre, spotprente, 'n gedeelte van 'n drama, aanhalings, dagboekinskrywings en voetnotas met aanhalings uit geskiedenis tekste om die skyn van werklikheid by die leser te skep. So word alle sekerhede en werklikhede deur die postmodernisme gerysmier en tekste se fiksionaliteit voortdurend deur die verteller beklemtoon.

Groot gedeeltes van die kortverhaal "Erkenning" in Jeanette Ferreira se *Die mummies, die pappies, die hondjies, die katjies* is uit 'n Engelse teks vertaal. Die skrywer gebruik ook foto's, sketse, aanhalings uit koerantberigte, ens. om 'n byna dokumentêr-realistiese gegewe te skep. As die verteller bv. op p.22 sê: "Ek het my bes gedoen om my sover moontlik by die feite te hou", word 'n (postmodernistiese) skyn van feitelikheid in dié bundel voorgehou.

De Lange (1988a:82) skryf oor Koos Prinsloo se *Die hemel help ons* die volgende:

Hoewel Prinsloo ons voortdurend bewus maak van die feit dat hy besig is om 'n storie te skryf deur verwysings na 'n skrywer in baie van die stories, deur bv. in "A night at the opera" drie stories gelyk te vertel met selfs twee moontlike slotte vir die een, is hy aan die ander kant ook voortdurend besig om juis die fiktiewe aard van die teks te ondermyn en die aktualiteit daarvan te verhoog deur gebruik te maak van briewe, dagboekinskrywings, allerlei dokumentasie en veral foto's. Op dié manier is hy in staat om uiteindelik fiktiewe gestalte te gee aan 'n stuk lewe wat tegelykertyd absoluut geloofwaardig is.

Reeds met dié teks se voor- en agterbladfoto word skynbaar onversoenbare milieus visueel bymekaar gevoeg: 'n rugbyveld, skape, vlieënde eende, die Voortrekkermonument en 'n prominente lykswa. In die teks self word van hulpmiddels soos foto's, briewe, doodsberigte, lirieke, 'n boedelkennisgewing, 'n koerantberig ens. gebruik gemaak.

Postmodernistiese tekste poog om die leser deel te laat voel van die ontstaan van die teks. Volgens Nolte (1990:163) kan Langenhoven se *Sonde met die bure* (1921) moontlik as eerste postmodernistiese teks beskou word. *Herrie op die ou tremspoor* (1925) kan weer miskien gereken word as die eerste teks wat - tipies postmodernisties



- voortdurend appèl maak op die leser se betrokkenheid, soos op die eerste bladsy reeds duidelik blyk: "Soos die skerpsinnige leser sal sien ..." en "Nee, leser, moenie die boek neergooi nie, nie nou-al nie". Sestig jaar later gebruik André Letoit dieselfde tegniek in *Somer II* (1985) as hy sê: "Maar eers, liewe leser ..." (p.49). Hierdie direkte aanspreekvorm veroorsaak 'n informele, byna gemoedelike atmosfeer, terwyl die leser hom dalk ook meer betrokke by die skeppingsproses van die literêre werk kan voel.

'n Besonder opvallende appèl op leserbetrokkenheid word gemaak op die eerste bladsy van Letoit se *Suidpunt-jazz* (1989):

In u hand hou u die Groot Afrikaanse Roman. Terwyl u dit lees, gaan ek dit skryf. U is nog onseker oor hoe om dié boek te benader. Ek nog meer. Want wat by u reeds bestaan as vaste gegewe, berus by my op suiwer improvisasie.

Postmodernisme, soos ons reeds gesien het, benut of negeer die waarheid van die geskiedenis na willekeur. In hierdie roman word die geskiedenis dan ook juis op Letoit se eiesoortige manier benut en aangepas. Lirieke, poësie, tweegesprekke in dialoogvorm, aanhalings, 'n brief en 'n naamlys van bekende Suid-Afrikaners wat met prominente historiese figure vergelyk word, plaas hierdie satiriese roman tydruimtelik in 'n hedendaagse Suid-Afrika.

Dikwels het postmodernistiese tekste geen duidelike begin, middel of einde nie en word verwag dat die leser self die verhaallyn duidelik moet analiseer of selfs help skep. Hierdie *skynbare* gebrek aan 'n vaste verhaallyn word ook deur Letoit in *Somer II* benut as hy die volgende wenk aan die leser verskaf:

Hoe om hierdie boek te lees: Hierdie boek hoef nie van begin tot einde gelees te word nie, hy moet eintlik in die rondte gelees word. D.w.s. lees die heel eerste paragraaf in die boek weer oor net ná die heel laaste paragraaf. Hulle volg op mekaar. Die dele tussenin is nie baie belangrik nie, en kan in enige volgorde gelees word. Hoe u dit ook al lees, sal dit hopelik u lewe verander tensy dit te laat is.

Hoewel die leser natuurlik nie die raad sal (of mag) volg nie, word deur hierdie illusie van ordeloosheid en fragmentasie doelbewus by die postmodernisme aangesluit. Die gebruikmaking van ten minste drie vertelperspektiewe wat deurgaans afgewissel word,

verg heelwat leserbetrokkenheid, terwyl die groot aantal verwysings na werklike persone, plekke en verbruikersgoedere op 'n betrokkenheid met die omwêreld dui. Die verteller maak gebruik van poësie, aanhalings en verskeie verdraaide intertekstuele verwysings. Die naam- en karakterwisseling van die hoofkarakter wys op 'n vloeiendheid in perspektiewe.

In Ryk Hattingh se *Markus vermoed 'n verhaal* (1987) is die gebrek aan 'n sterk verhaallyn nog duideliker sigbaar as die verteller met behulp van die bewussynstroomtegniek allerlei inligting oënskynlik lukraak neerskryf, soos bv.:

Ek het nog net een tape oor. 'n Negentig minute een. Op die een kant is daar blues en op die ander kant Talking Heads. Check dit reën. Ja, ek was op die grens gewees. Wil jy koffie hê? Miskien 'n dop? Ek het. Here! Wat was dit? Net 'n voël wat teen die ruit vasgevlieg het (p.48).

Reeds op p.2 erken die verteller indirek dat hierdie verhaal nie 'n groot roman "met karakterontwikkelings en prosaïese progressies" sal wees nie, maar "'n gewone verhaal met gewone karakters." Hierdie verhaal voldoen dan ook, soos baie postmodernistiese tekste, nie aan die konvensionele bou van 'n roman nie, en volg eerder 'n bewussynstroomtegniek waar alle gebeure inmekaar vloei.

In *Die tonnel* spot Hattingh met die geordendheid van die burokrasie. Wanneer Tomas Johannes besluit om nie meer die eise van die samelewing te gehoorsaam nie en wil vlug van die leuens in die wêreld, skep hy vir homself die verdere leuen dat hy daarin kan slaag om van dié wêreld te ontsnap. In protes teen die leuen word alle bande met normaliteit stadigaan verbreek. Tipies postmodernisties vloei leuen en waarheid in dié roman inmekaar. Sy obsessie word "'n droom van vryheid binne 'n nagmerrie van geld en leuens en gesag" (p.69).

Terwyl groot gedeeltes van die stories in Fransi Phillips se *sewe en sewentig stories oor 'n clown* konstant herhaal word, vind "transformasionele" vernuwing (S.Louw, 1988:427) in hierdie bundel, sowel as in *Die horlosie se wysers val af*, plaas. In hierdie twee bundels vind 'n nimmereindigende aantal vervormings - wat gewoonlik realisties begin en dan in 'n illusie eindig - plaas.

Verskeie eietydse verhale verskaf bewustelik 'n groot hoeveelheid skynbaar onnodige inligting, soos die herhaaldelike noem van verbruikersgoedere se name, ens. In Dan Roodt se *Sonneskyn* en *Chevrolet* (p.62-64) word bv. 'n volledige, genoteerde skaakwedstryd weergegee. Vir skaakspelers is die neerskryf van skuiwe normaal, maar die vreemdheid daarvan as deel van 'n roman wek onwillekeurig die indruk dat dit juis ter wille van die ongewoonheid daarvan in die verhaal opgeneem word.

In hierdie roman neem Roodt die postmodernistiese betrokkenheid by die omwêreld verder, as geweld in kursief-gedrukte teksgedeeltes (van bv. die Russiese Rewolusie) as parallel vir die geweld in die hoofteks optree en die teks sodoende 'n meer universele karakter verkry. Sketse, aanhalings, 'n brief en 'n lys name van bekende Suid-Afrikaanse persoonlikhede wat in 'n surrealistiese rugbywedstryd teen mekaar speel, gee aan die verhaal groter werklikheidsgetrouheid.

Met Phillips se kontemporêre sprokies *Die wilde kind* (1982) en *Theresa se droom* (1988) word die grense tussen droom en werklikheid gerelativeer sodat die twee begrippe dikwels onskeibaar word. Dit is die wêreld van Westerse en Afrika-mites, waarin engele, drake, saters, eenhorings, dwerge, spoke, meerminne en monsters voorkom. As gevolg van 'n vae droom besluit 'n Engelse beeldhouer in *Die wilde kind* om na Afrika te emigreer. Hy wen 'n jong, wilde meisie se vertroude deur haar toe te laat om haar eie fantasiewêreld te verken. As die meisie dink dat sy in die vlamme van 'n veldbrand die beeldhouer se gesig sien, hardloop sy die vuur in. Haar droomwêreld veroorsaak dus haar eie ondergang.

Die hoofkarakter in *Theresa se droom* bly by haar broer en - tipies sprokie - wrede skoonsuster wat haar mishandel. In 'n droom ontmoet sy 'n Engelse skrywer en kry by 'n dwerg 'n sak diamante wat haar in staat stel om uit haar onaangename wêreld te ontsnap. Werklikheid word, byna lukraak, voortdurend met droomwêreld vermeng. Tog is hierdie verhaal egter veel meer as 'n blote sprokie. Ten spyte van die verhaal se gelukkige einde, bied die seksuele ontwaking van 'n vrou en die ontdekking van haar eie liggaam, tesame met latente en werklike geweld, aanslae op Theresa se onskuld

en 'n "feministiese blootlegging van die *manipulasie* en selfs *uitbuiting* van die vrou deur die man" (Brink, 1989:113), relevante raakpunte met hedendaagse probleme.

In *Te hel met ouma!* probeer die verteller om hierdie verhaal werklikheidsgetrou voor te stel. Op p.89 sê hy bv.: "Karakters wat in hierdie boek voorkom of blyk om voor te kom, tot dusver en verderaan, is nie álmal denkbeeldig nie." Verder word verskeie aanhalings, die vraag- en antwoordtegniek, 'n kalender met datums van belangrike wêreldgebeure en 'n lys boektitels gebruik om 'n gevoel van werklikheid te skep.

Reeds met sy titel suggereer *Liegfabriek* 'n afwesigheid van waarheid: leuens word gefabriseer in die liegfabriek. Só sluit hierdie bundel onmiddellik aan by die postmodernistiese houding dat waarheid onbelangrik is: verskillende situasies word bloot aan die leser voorgestel. Wát die leser daarvan maak, is sy saak.

Behalwe vir die eiesoortige tegnieke waardeur postmodernistiese tekste gekenmerk kan word, bied sodanige tekste ook 'n spieël van die veranderinge wat vandag in ons, en alle ander, samelewings plaasvind. Dit dien dus as barometer van die onsekerhede, twyfel en verwardheid van 'n snelveranderende wêreld.

### 3.2.5. Tekste met homoërotiese inhoud

Tekste waarin homoërotiese inhoud voorkom, beter bekend as "gay"-literatuur, word deur Aucamp (1990a:9) gedefinieer as letterkunde waarin homoseksualiteit 'n rol speel, "primêr, sekondêr, of bloot as 'n suggestie of 'n sensibilliteit". Hoewel Aucamp aandui dat die werklike beginpunt van die gay-tradisie in Afrikaans reeds die verhaal "Die redder" in I.D. du Plessis se bundel *Gevreesde vriend* (1946) was, meen hy dat die gay-tema eers in die sestigerjare sy beslag gevind het, terwyl vernuwing in die tagtigerjare ingetree het deurdat talle kortverhale en poësiebundels homoseksualiteit hetsy as onderwerp, tema of motief aangeraak het.

Aucamp glo die rede hiervoor kan die invloed van strominge soos die Dekonstruksie, Postmodernisme en Marxisme wees. Volgens hom het die gay-verhaal minder

selfbewus geword, minder "literêr", minder verestetiseerd en om te bieg, sê hy, het 'n verleentheid geword: "Kortom: die nuwe gay-verhaal het blatant mondig geword - en soms luidrugtig onboetvaardig. En wil nie *gay* genoem word nie" (1990a:19)<sup>6</sup>. Volgens hom het die gay-kwessie vergroei geraak met openbare strydpunte soos feminisme, diensplig en rasseverhoudings en het minder klem op homself laat val. Sodoende word 'n meer neutrale appèl op die leser gemaak.

'n Groot mate van die aanvanklike negatiewe teenoor hierdie groep het in die laaste twee of drie dekades begin verdwyn met die wêreldwye erkenning van homoseksuele se regte<sup>7</sup>. Hierdie veranderde sosiale gevoel teenoor homoseksuele het deurgesuur na die letterkunde en tagtigerdigters soos Stephan Bouwer, Joan Hambidge, Johann de Lange en Theunis Engelbrecht eksploteer die gay-tema in hulle werke. Ook in die prosagenre het 'n beperkte aantal outeurs (byna uitsluitlik kortverhaalskrywers) hierdie tema direk of indirek begin aansny. Ná Welma Odendaal se verhaal "Mamy Blue en ek onthou" in *Getuie vir die naaktes* (1974) en Jeanne Goosen se *Om 'n mens na te boots* (1975) wat moontlik as 'n gay teks gelees kan word, is dit eers in Marlise Joubert se *Klipkus* (1978) wat die vernuwende tema van lesbiese liefde subtiel in die Afrikaanse prosa inslag vind. Karel Schoeman se *Die reisiger* (1980) en *Waar ek gelukkig was* (1981) vertoon ook onderliggende homoërotiese motiewe.

In Aucamp se kortverhaalbundels vanaf *Volmink* (1981) oorheers, soos F.Olivier (1982:9) aandui, die erotiese en die seksuele in die blootlegging en afbreek van menslike skanse. Tog word die gegewens, soos die tekening van 'n man op die platteland wat bewus word van sy homoseksuele neigings in die kortverhaal "Vir vier stemme" (*Volmink*), nooit vulgêr aangebied nie. In Wim Vorster se *Kruisvaart* (1984)

---

<sup>6</sup>Hoewel Aucamp in dieselfde voorwoord tot die bundel *Wisselstroom* tog erken dat die term *gay* - selfs sonder aanhalingstekens - die mees aanvaarbare term vir homoseksuele is omdat dit die term is wat deur die pers gebruik word en "deur 'n beduidende segment van die spraakmakende gemeente geduld word" (p.13).

<sup>7</sup>So het die Amerikaanse sielkundige vereniging eers in 1973, nadat die bestudering van verskeie studies aangetoon het dat homoseksuele nie minder of meer emosioneel versteur word deur hulle seksuele voorkeure as normale persone nie, besluit dat homoseksualiteit nie 'n geestelike afwyking is nie (Schwerdtfeger, 1983:5).

word 'n reeks moorde op homoseksuele mans in Johannesburg gepleeg met as hoofkarakters 'n bekende sanger, Jonas Power, en die skilder Daniël, en in Aucamp se *Wat bly oor van soene?* (1986) word die homoseksuele karakter "'n markies" genoem, verwysend na die sfeer van dekadentisme in die tyd van Guy de Maupassant.

*Wit vis* (1983), Jan van Tonder se debuutverhaal, beeld die lesbiese verhouding uit tussen Thea, 'n sielkundige in die gevangenisdiens, en haar veeleisende vriendin Riana. Terwyl Riana jaloers poog om Thea se vriendskap met die proponent Christo te vernietig, is Thea nog nie seker van haar gevoelens nie en soek wanhopig na selfidentiteit. "'Oom Frikkie,' sê sy, 'ek hét dan my hande uitgesteek - álbei ...'" (p.53). Hierdie werk word egter nie goed ontvang nie en Jan van Tonder self meen dat *Wit vis* te vroeg uitgegee is. Hy noem dit 'n agtersitplek-ondervinding wat hy liever wil vergeet (Erasmus, 1990:15).

In verskeie van Koos Prinsloo se kortverhale, veral in "Fighting for peace"; "Beside the point"; "Die eende"; en "Oog vir 'n oog" in *Jonkmanskas* en "Klara se klokkies"; "And our fathers that begat us"; "Grensverhaal"; "A night at the opera"; "Die dood van Karel Viviers"; "Die besoek" en "Die hemel help ons" in *Die hemel help ons* kom direkte of indirekte homoseksuele verwysings voor. Tog, volgens Roos (1988:37), word die potensiële bepaling van die uiterlike formaat, die hedendaagse konteks en die intiem-persoonlike ervaringe wat Prinsloo in *Jonkmanskas* en *Die hemel help ons* openbaar, heeltemal oorskry deur die totale en uiteindelijke impak wat hierdie kortverhale op die leser uitoefen.

Vir Prinsloo is dit baie belangrik om sy gevoelens eksplisiet te verwoord: al weet hy dat sommige mense meen dat hy bloot oor die seksuele skryf:

Daar is mense wat my daarvan beskuldig dat ek moedswillig of selfs brutaal is in my ontbloting van die seksuele. Een keurder het byvoorbeeld gesê my verhaal "Die besoek" in *Die hemel help ons* moenie gepubliseer word nie omdat dit "bloot" oor die seksuele gaan; ook omdat hy gedink het die ooreenkoms tussen een karakter en 'n werklike persoon kan dalk tot groot verleentheid lei. Maar mense het bepaalde behoeftes, hulle is eensaam, wat ook al hulle seksuele keuse. Mens moenie huiwer om gevoelens eksplisiet te noem nie - anders kom jy tot geen begrip daarvan nie (In gesprek met Bruwer, 1988:88).

*Die hemel help ons* word in 1988 die middelpunt van 'n debakel toe die Rapportprys vir letterkunde eers aan dié werk toegeken is, maar daarna teruggetrek is. Hoewel daar nooit uitdruklik gesê is wat die rede vir die weiering was nie, het F.I.J. van Rensburg hom sterk teen die homoseksuele ondertone van hierdie werk uitgelaat:

Die voorstelling van die joernalistiek is dat die teëspoed van die boek deur "een enkele politieke sinnetjie" gekom het. Dis gewoon misleidend. Dis oorduidelik dat die boek se werklike probleem, op inhoudelike vlak, die sedelike voos wêreld is wat daarin aan die orde is en wat implisiet of eksplisiet gekondoneer word. Ek kan my selfs voorstel dat 'n praktiserende homoseksueel gewalg sal kan voel oor die manier waarop daar met die homoseksualiteit in die boek omgegaan word (*Die Volksblad*, 1989:16).

Hambidge (1988b:8) meen weer dat die homoseksuele opmerkings in hierdie boek baie subtiel aangebied word in bv. "And our fathers that begat us" en dat dit in "Klara se klokkies" eteries en byna geromantiseerd aangebied word<sup>8</sup>.

### 3.2.6. Goeie gewilde prosa


In die vroeë tagtigerjare is 'n dringende behoefte in die Afrikaanse prosa geïdentifiseer vir toeganklike, verhalende werke wat as groepering tussen ernstige letterkunde en triviale letterkunde kan dien. In 1983 word dan ook 'n belangrike konferensie deur die ATKV gehou wat uitsluitend aan goeie gewilde prosa gewy is. Fryer (1983:31) sien die konferensie se doel só:

... om 'n klimaat te *begin* bevorder waarin die skrywer van goeie populêre fiksie tot sy reg kan kom ná dekades se onderskatting en miskenning.

Vanweë die negatiewe konnotasie daaraan verbonde, pleit Malan (1983b:3) dat die aanvanklike begrip "middelmootlektuur" eerder vervang moet word met die term "goeie gewilde prosa" (kortweg GG-prosa genoem). Die onderlinge verhoudings tussen die hoofgroeperinge ernstige prosa, GG-prosa en triviale lektuur kan simplisties gesien - miskien soos volg voorgestel word:

---

<sup>8</sup>Vir 'n verdere bespreking van hierdie polemie, sien hoofstuk 4.7.1.



In watter van bogenoemde drie literêre kategorieë 'n werk geplaas moet word, kan bepaal word deur die spesifieke styl wat die skrywer gebruik, die lesers se eie interpretasie van die teks, die toeganklikheid aldan nie daarvan en die kategorisering van die teks deur sekondêre partye soos kritici en resensente. Hoewel Van Heerden meen dat kategoriele indelings 'n kunsmatige proses is (1989:5), kan dit nie ontken word nie dat die gebruikmaking van kategorisering in letterkunde nie alleen nuttig is nie, maar ook noodsaaklik bv. as "bemarkingsmiddel", omdat dit elke lesers met sy eie individuele smaak vinniger kan laat besluit of hy 'n bepaalde boek wil lees aldan nie.

Hambidge (1990b:46) meen egter dat daar miskien 'n klemverskuiwing van literêre werk na lesers moet plaasvind en eerder van populêre en gesofistikeerde *lesers* gepraat moet word as om letterkunde te probeer tipeer. Hierdie resepsie-estetiese benadering hou interessante moontlikhede in. Indien die klem verskuif sou word van literêre werk na lesers, sou dit nie alleen beteken dat die lesers moet besluit in watter kategorie hy homself bevind nie, maar ook dat hierdie indeling voortdurend behoort te verskuif afhangende van die doel waarmee hy lees. Die kriterium sal dus nie meer wees in watter groepering die lesers 'n literêre werk plaas nie, maar eerder in watter groep die lesers homself plaas.



In 'n resensie van Louis Krüger se *'n Basis oorkant die grens* (1984) bespreek Smuts (1984d:25) sekere kenmerke van ernstige prosawerk wat ook in hierdie boek gebruik is, soos die onthulling van "innerlike gesteldhede" deur uiterlike handeling, en 'n ontginning van die personasies se emosionele gesteldheid met 'n interne verteller "wat op grond van sy buite-reële toestand ook die vermoëns van 'n eksterne verteller besit." Tog, meen Smuts, behaal Krüger meer sukses met die spannende *vertel* van sy verhaal as met die *verdieping* daarvan.

Ten einde te bepaal by watter van hierdie twee groeperings 'n teks tuishoort, kan die vraag dus gevra word in watter opsig 'n werk die meeste sukses behaal: as storie (wat m.b.v. gewone verhaalelemente gekonstrueer is) of as meerduidige literêre werk. Die klem val dus weer eens op hoe die *leser* 'n werk ervaar, eerder as op 'n rigiede kompartementalisering deur kritici wat slegs hulle eie norme implementeer.

Die belangrikste Afrikaanse skrywer van goeie gewilde prosa gedurende die tagtigerjare is sekerlik Dalene Matthee. Ná *Die Judasbok*, 'n kortverhaalbundel met verhale wat, volgens die skrywer self, nie geskik was vir tydskrifte nie, het sy twee reekse aan die SAUK voorgelê wat nie aanvaar is nie. Sy besluit toe om albei te omskep in romans en *Petronella van Aarde, burgemeester* en *'n Huis vir Nadia* sien die lig (J.Liebenberg, 1988:9). In albei hierdie verhale word kleinburgerlike situasies uitgebeeld, maar Matthee se eiesoortige skryfstyl wat lesers laat lus voel om te lees ter wille van die genot, is reeds sterk waarneembaar.

Dalene Matthee se *Kringe in 'n bos* (1984) is die eerste roman wat die ATKV-prys vir goeie gewilde prosa ontvang het. Vir dertien maande bly dié boek, volgens Boeke-Beeld se trefferlys, die nommer een verkoper in Afrikaanse fiksie: 'n prestasie wat geen ander Afrikaanse of Engelse boek hom kon nadoen in die ses jaar van die trefferlys se bestaan nie (A.Joubert, 1985:6). Meer as 200000 eksemplare van *Kringe in 'n bos* is reeds verkoop: voorwaar merkwaardig vir 'n Afrikaanse prosawerk.

Resensente het hierdie boek baie lof toegeswaai, soos: "Wat 'n vreugde om so 'n boek in Afrikaans teë te kom: Ontspanningslektuur van 'n hoë literêre gehalte" (Cilliers,

1984b:8) en "Kringe in 'n bos is ongetwyfeld een van die leesbaarste en genietlikste romans wat nog in Afrikaans verskyn het" (Smuts, 1984b:16). Goeie karakterisering en 'n heerlike storie maak hierdie werk 'n baie genotvolle leeservaring. Tog word dit ook hoog aangeskryf deur literêre kritici en was dit op sowel sekondêre as tersiêre onderrigvlak 'n voorgeskrewe prosawerk.

Ook *Fiela se kind* en *Moerbeibos* het as ontspanningsromans, maar ook as ernstige letterkunde, groot opspraak verwek. Oornag het lesers weer begin om op groot skaal Afrikaanse letterkunde te geniet.

Met die verskyning van Etienne van Heerden se *Liegfabriek*, wat in 1988 die CNA-prys, 'n literêre toekening, en in 1989 die ATKV-prys vir gewilde prosa, wen, word die vraag of kategorisering nog enigsins moontlik is, te berde gebring. In hoofstuk 4.7.2. word hierdie saak verder bespreek.

Hoe moeilik 'n rigiede onderskeid tussen die sogenaamde hoë letterkunde en goeie gewilde prosa is, word duidelik as drie resensies oor Jan van Tonder se *Die kind*, wanner van die 1990 ATKV-prys vir goeie gewilde prosa, bestudeer word. Pakendorf (1990:14) meen dat die karakterisering in hierdie werk "stereotiep" is, die karakters en hulle optrede "ongeloofwaardig", die werk kennelik vir jong lesers bedoel (dus is dit volgens hom nie ernstige letterkunde nie - JDH) en dat sodanige werk wat "'afsonderlike ontwikkeling' van die verskillende 'Bantoesamme' op etniese grondslag" voorstaan, nie nodig is in die Afrikaanse literatuur nie.

Hierteenoor wys Roos (1990:16) op die gekompliseerdheid van die vraag of *Die kind* goeie gewilde prosa is:

Die meeste van daardie eienskappe wat die leser van 'n suksesvolle ontspanningsverhaal verwag, is beslis daar. 'n Onderhoudende storielyn, spanning, kontrasterende karakters, 'n stryd tussen goed en kwaad, sentiment, en boeiende beskrywings van 'n (vir die deursnee-wit leser) minder bekende leefwyse en kultuur.

Sy sluit haar positiewe resensie af deur *Die kind* as "'n welkome toevoeging tot Afrikaanse *ligte lektuur* te beskou" (ek kursiveer) en impliseer dus ook dat hierdie werk nie tuis behoort by ernstige letterkunde nie.

In die derde plek erken Hambidge (1990c:8) dat ook sy nie seker is waar hierdie werk geplaas moet word nie. Sy wys daarop dat die skrywer ontspanningsverhaaltegnieke gebruik, maar meen dat dit met soveel beheersing geskryf is, van stilistiese afronding getuig en soveel dieptenavorsing openbaar dat mens nie kan sê dié teks van Van Tonder is bloot ontspanningslektuur nie. Drie grootliks uiteenlopende standpunte word dus gehuldig. Met reg kan dus gevra word of letterkunde enigsins rigied verdeelbaar is as kritici dit dan só verskillend interpreteer. Enige literêre indeling kan dus slegs as 'n baie breë, algemene riglyn beskou word.

Die gesprek wat rondom goeie gewilde prosa in die tagtigerjare gevoer is, het ook gewentel rondom die vraag waarom daar so min "groot" ontspanningsromans in Afrikaans bestaan. Cilliers (1989:14) noem die volgende redes: resensente wat óf te hoë verwagtings by lesers skep óf 'n werk en skrywer onnodiglik afbreek; lesers wat nie meer Afrikaans lees nie; hoë eise wat deur die Akademie gestel word asook, meen sy, omdat Afrikaanse skrywers nog nie oor 'n diepgaande filosofiese onderbou beskik nie:

Ons skrywers is nie vry nie, hulle is volksbesit - *ons skrywers* - en die volk en die kerk en die kultuur skryf voor hoe daar moet geskryf word (p.17).

Dit is duidelik dat, ten spyte van die nuwe belangstelling in die genre, die nodige ruimte vir ontspanningsliteratuur in Afrikaans nie gedurende die tagtigerjare geskep is nie. Die persepsie het bly voortbestaan dat die Afrikaanse lesers hul tot Engelse ontspanningsliteratuur moet wend.

### 3.3. Die kortverhaal

Kenmerkend van die tagtigerjare se literêre produksie is ook die reuse opbloeï in die kortverhaal, 'n genre wat weliswaar sedert die beginjare van die Afrikaanse literatuur

goed gevestig is. Met verwysing na die blanke Afrikaanse skrywers sedert Sestig verklaar Elsa Joubert:

They're very similar to the black writers of the Sixties. They're writing short, intense pieces. No long novels where they try to evolve some system or synthesis. Short impressionist work, sometimes one line on a page. They speak out against the superstructure, this paternal structure. You get a very strong and very overt homosexual element. Stress has surfaced in Afrikaans literature (1988:136).

Van die 26 gekose tagtigertekste wat kortverhaalbundels is, het ek reeds twaalf in die sewe kategorieë hierbo bespreek. Die kortverhale in die veertien oorblywende bundels is baie uiteenlopend van aard. Tog word sekere raaklyne tussen die verhale in elke bundel onderling gewoonlik aangetref. Sonder om waarde-oordele oor dié tekste in ag te neem (want só 'n studie hoort in hoofstuk 6), is, volgens resensente, die volgende samebindende aspekte oor dié tekste opmerklik:

#### **Die hartklop van gevoel (M.C.Botha)**

Hoewel Wessel Pretorius (1981:9) daarop wys dat dié stories aktueel is en tot die jongmense van die dag spreek, meen hy ook dat Botha hom nie in hierdie teks blindstaar teen die "Suid-Afrikaanse gegewe" nie. Hy meen dat daar 'n sterk eksistensiële neiging in die verhale op te merk is. Volgens Hilda Grobler (1981:5) handel al die verhale in dié bundel op een of ander wyse oor één onderwerp: die verhouding tussen man en vrou. Die fisiese verhouding kom in baie van die verhale na vore.

#### **Skertse (M.C.Botha)**

Jeanette Ferreira (1981:9) sê dat die karakters in dié bundel kenbaar rasegte Afrikaners is met liefdelose belewings van seks, en die rigiede voorskrifte van 'n politieke bestel. Botha se hantering van die realistiese in hierdie verhale, meen Ferreira, dring op voor die hand liggende wyse deur na 'n indringende blik op ons maatskappy. Volgens André le Roux (1982:15) gaan dit in die meeste van hierdie

verhale oor mens teen masjien, gevoelens, maar ook die blootlegging van menslike oppervlakkigheid.

### **Die prys wat jy moet betaal (M.C.Botha)**

Botha, meen George Weideman (1982:11), het die vermoë om uit die oënskynlik niksseggende veel te haal wat waardevol is. Een van die kenmerkendste eienskappe van Botha se verhale in dié bundel is die oënskynlik traak-my-nie-agtigheid waarmee hulle die leser se horison oorsteek. Abraham de Vries (1982:13) wys daarop dat droë, verleë komieklikheid selde by Botha ontbreek en vind dié eienskap tussen die "hooghe erns" van sy tydgenote opvallend verfrissend. Botha maak gebruik van skynbaar onbenullige gebeurtenisse en komplimentêre situasies. Die meeste van sy verhale is momentopnames; sy karakters deurentyd uitsonderingsfigure.

### **Die einde van 'n kluisenaar se lewe (M.C.Botha)**

J.P.Smuts (1982a:2B) wys daarop dat heelwat kluisenaars in dié boek figureer, hoewel dié persone se lotgevalle nie almal dieselfde patroon volg nie. In die titelverhaal gaan dit oor die opheffing van individualistiese isolasie en die insluiting van 'n buitestaander by 'n sosiale struktuur. Volgens Jan Rabie (1982:34) is dit 'n diepe besinning oor die aard van medemenslike saambestaan, hoewel Botha steeds onbetrokke skryf sonder 'n verlustiging in die moderne mode van seks en geweld. Rabie wys daarop dat onbenullige verhoudings die sensitiewe grondstof van sy verhale vorm.

### **Bome van kennis en ander verhale (M.C.Botha)**

Cecile Cilliers (1986:6) meen dat Botha hom in hierdie bundel met die mens in sy daaglikse konfrontasie met die Bose bemoei. Klappe word uitgedeel na die kerk, die establishment en die politieke bestel. Volgens Barend Toerien (1986:7) vertoon hierdie verhale 'n verrassend wye verskeidenheid: in agtergrond, aanslag en tegniek. Deur ironie distansieer hy hom, volgens Toerien, van sy verteltye en skryf dikwels tong-in-die-kies. Daarby het hy 'n trek vir die absurde en vir gewelddadige slotte. Sy

direkte, eenvoudige styl, sy onderbektoneering en sy voorliefde vir ongewone karakters en grimmige situasies is ook baie opvallend.

### **Die waarheid gelieg (T.T.Cloete)**

J.P.Smuts (1984a:10) wys daarop dat waarheid en leuen, soos uit die afdelingstitels van hierdie bundel blyk, geskakel word met skrywerskap. Ander deurlopende motiewe in die bundel is, meen Toerien, die droom en die elementale vuur, water en aarde. Siekte en dood - die gefolterde mens wat stry teen sy liggaamlike beperkinge - staan sentraal in hierdie bundel. Ook André P.Brink (1984c:17) wys op die dubbelsinnigheid van die geskrewe woord wat in die meeste van dié verhale toepassing vind. Ronèl Johl (1984:10) wys weer hoe hierdie teks die verstrengeling van die begrip waarheid en leuen in konkrete situasie, die uitwisselbaarheid van geassosieerde begrippe soos goed en kwaad vanweë die mag van die woord en die ambivalensie van die woord in die literêre taalgebruiksituasie aanspreek.

### **'n Kat in die sak (Jeanne Goosen)**

Ten spyte van die feit dat die tien verhale in dié bundel oor 'n tydperk van 21 jaar geskryf is, meen André P.Brink (1986e:30), is daar verbande wat as skakels tussen die verhale kan dien. Geweld en dood is temas wat deurlopend in die meeste verhale voorkom. Só speel die laaste twee verhale, "Karoo" en "Wat sag is, vergaan", teen die agtergrond van die eietydse onluste in die land af en kry die skrywer dit reg om "sin" te haal uit hierdie onbegryplike "iets" wat besig is om te gebeur. Vir H.J.Pieterse (1986:29) is die opvallende in dié bundel die vervreemding van die werklikheid. Lydingsaspekte van menslike bestaan kom ook dikwels in dié verhale voor.

### **Uit 'n ander wêreld (P.C.Haarhoff)**

Joan Hambidge (1988c:89) wys daarop dat die tekste in dié bundel handel oor wetenskapfiksie, die parapsigologie, die makabere en die fantasmagoriese. Fiksie word dikwels met die feitelike vermeng. Cecile Cilliers (1988:8) poneer dat Haarhoff se

fantastiese temas binne 'n werklikheidsraamwerk geplaas word en sy taal is kwasi-wetenskaplik sodat, hoe vergesog ook al, die verhale geloofbaar en dus aanvaarbaar is. Gunter Pakendorf (1988:9) wys daarop dat hierdie "ander wêreld" ook onder ons en *binne* ons aanwesig is. 'n Paar van die verhale, sê hy, het ook 'n politieke strekking.

### **Nou's die Kaap weer Hollands (André Letoit)**

Kaalvoete, seilskoene, klinknaelbroeke, kitaarspel, popmusiek, studente-slang, plakkate teen die mure van goedkoop loseerkamers, verliefdheid op tienernimfe, los rondlopery, koffiedrinkery of kreatiewe getik tot laat in die nag - dié soort dinge kenmerk, volgens E.C.Britz (1983b:8), die wêreld in hierdie boek. Tog wys André P.Brink (1983b:29) daarop dat heelwat van die bekoring en gevatheid van dié stories juis af te lei is uit die feit dat, terwyl hulle *oënskynlik* die "resepte" van die tydskrifverhaal volg, hulle in der waarheid op 'n humoristiese wyse die draak steek met daardie resepte.

### **My nooi is in 'n tikmasjien (André Letoit)**

Vir André P.Brink (1984b:16) is hierdie verhale tong-in-die-kies-stories waarin Letoit se omkeer van die alledaagse die leser tref. In verskeie van hierdie verhale, meen Brink, gebruik Letoit tydskrifagtige stories as uitgangspunt om die skryfproses tegelyk te parodieer én te onthul. Joan Hambidge (1984:6) wys op 'n opmerking op dié bundel se buiteblad dat Letoit in hierdie verhale die grens tussen literêre en populêre skryfwerk wil afbreek. Hoewel Letoit tydskrifstories skryf wat gereeld in *Sarie* gepubliseer word, meen sy, maak hierdie kortverhale aanspraak op "literêre pretensies".

### **Breekwater en ander kortverhale (André Letoit)**

A.P.Grové (1987:8) meen dat dié bundel, ten spyte van groot verskeidenheid, ook 'n duidelike eenheid openbaar, omdat daar in die meeste verhale teenstelling voorkom

en die oproep van 'n ander, soms vroeëre, idilliese of gedroomde werklikheid waarheen uitgereik word vanuit 'n verwarde en neerdrukkende wêreld. Telkens vind daar ook ontugtering plaas in die brutale realiteit van die hier en die nou. Volgens André P.Brink (1987b:28) is Letoit se verhale altyd herkenbaar vanweë die outydse sentimentaliteit wat soms mét, soms sónder 'n knippie sout - vlak agter die hardegattigheid lê.

### **Die Judasbok (Dalene Matthee)**

Volgens J.P.Smuts (1982b:38) skep Matthee in meer as een opsig in hierdie bundel 'n eie wêreld waarin die belangstelling in die okkultisme, astrologie, reïnkernasie en die buite-sensoriese in etlike verhale na vore kom. André P.Brink (1982b:47) wys ook op die onverwagte slotwendings wat in Matthee se boeke voorkom, terwyl die opvallendste vir M.C.Botha (1982:35) in hierdie bundel die uitbeelding daarin van die mens se strewe na helderheid, na begrip en na die sin van sy bestaan is. Botha beklemtoon veral die aktualiteit van die titelverhaal rondom die woelinge op daardie stadium in die kerke van Suid-Afrika.

### **Die horlosie se wysers val af (Fransi Phillips)**

In hierdie bundel, meen René Marais (1983b:8), handel dit oor die opheffing van grense, ook tussen genres. Die bundel bestaan uit 51 prosagedigte wat los van mekaar gelees kan word, maar eers binne bundelkonteks ten volle tot hulle reg kan kom. Vir André P.Brink (1983c:27) skep hierdie bundel 'n vreemde droomwêreld waar die gewoonste en die gewelddadigste eweseer met 'n skouerophaling begroet word. Brink meen dat 'n mens in hierdie teks 'n oplos van rasonale verbande, 'n uitskakeling van grense en 'n vloeibare deurstroming verkry.

### **Twee sinne (Dan Roodt)**

Op velerlei wyses, meen Joan Hambidge (1986a:6), lewer Roodt se teks kommentaar op die moderne samelewing waarin die individu van homself vervreemd is. Hierdie teks,



poneer Hambidge, betrek die filosofiese, die grammatika en die erotiek. Die 338 arbitrêr gekose segmente vorm 'n geheel waarin die leser se vanselfsprekende omgang met 'n teks bevraagteken en selfs ondermyn word. André P.Brink (1986b:18) wys daarop dat daar geen logiese skakeling tussen die paragrawe is nie.

### 3.4. Gevolgtrekking

Etienne van Heerden dui reeds in 1983 die tagtigergenerasie se ontgogeling met enige uniform aan:

Tagtig - en dit is geen generasie wat literêr gesproke wegbreek van 'n vorige generasie nie - se belangrikste kenmerk is 'n afkeer aan die uniform in al sy gedaantes. Die poëtiese uniform van die literêre standmaatskappy, die elitistiese uniform van die literêre prystoekener en -ontvanger, die verbruiker-strepiespak van die sakeman, die uniform wat salueer, sneller trek, toesprake maak, amen sê, die dobbelmasjien se arm trek, die spoetniek lanseer ... (1983:2).

Ten spyte van die afkeur aan, en die ontgogeling met, "uniforms" of groeperinge by heelwat tagtigerskrywers, is dit uit 'n agternaperspektief duidelik dat daar heelwat samebindende aspekte in die proefgroep se tekste aanwesig is. So kan 'n mens ten minste ses groeperinge identifiseer waarin 'n aantal van die proefgroep se tagtigertekste verdeel kan word: 1) betrokke en politieke literatuur; 2) tekste met realistiese kenmerke; 3) grense geweldliteratuur; 4) tekste met postmodernistiese elemente; 5) tekste met homoërotiese ondertone en 6) goeie gewilde prosa. Dit moet egter beklemtoon word dat bogenoemde groeperinge nie absoluut is nie en dat verskeie van die proefgroep se tekste onder meer as net een van hierdie groeperinge kan tuishoort.

Die term betrokke literatuur het, in Afrikaanse konteks, ten onregte 'n duidelike politieke kleur begin verkry. Ek glo dat mens onder hierdie term *alle* literêre werke moet verstaan wat enigsins 'n leser se aandag op gebreke in die samelewing - hetsy polities, sosiaal, religieus of andersins - probeer vestig. Só gesien, het daar in die tagtigerjare 'n groot verskeidenheid betrokke tekste verskyn.

Romans en kortverhaalbundels met realistiese elemente deur skrywers soos Dalene Matthee en E.Kotze neem 'n belangrike plek die Afrikaanse letterkunde van die tagtigerjare in. Vir hierdie skrywers is dit noodsaaklik dat 'n skrywer die werklikheid as vertrekpunt moet neem en "die waarheid" moet praat. Hoewel Etienne van Heerden in *Toorberg* ook die werklikheid van die plaasgegewe - in aansluiting by die plaasroman van die dertigerjare - gebruik, verander hy die unieke probleemstelling waarvoor sy karakters geplaas word in 'n universele soeke na waarheid en skuld.

Een van die weinige, en selfs miskien die enigste volledig eiesoortige, tagtigergenre - veral wat milieu en taalgebruik betref - is die grensliteratuur wat in 1983 begin aandag trek het. Aan die einde van die dekade, met die beëindiging van die grensoorlog, het die grensliteratuur só 'n klemverskuiwing ondergaan dat dit vir alle praktiese doeleindes miskien 'n natuurlike einde bereik het met Gawie Kellerman se *Swart sendelinge* (1991). So kan 'n teks soos Ferreira se *Sitate om 'n rewolusie* waarin binnelandse onrus ondersoek word, reeds eerder as geweldliteratuur as grensliteratuur gesien word.

Verskeie skrywers soos Koos Prinsloo, Jeanette Ferreira, André Letoit, Ryk Hattingh, Fransi Phillips, Dan Roodt en Etienne van Heerden (*Liegfabriek*) maak van verskillende aspekte van die postmodernisme gebruik waarin die gevoel van skeptisisme oor die vraag of die realiteit in 'n prosawerk vasgevang kan word, op verskillende maniere beklemtoon word.

Ook homoërotiek het, veral in die kortverhaal-genre, tot 'n mindere mate as kategoriseerbare tendens na vore getree. Dit geld veral die werk van Koos Prinsloo. Tog verduidelik Prinsloo in 'n gesprek met Bruwer (1988:88) dat dit eerder vir hom daaroor gaan dat hy sy gevoelens eksplisiet en eerlik wil verwoord as om brutaal en moedswillig te wees.

Die geweldige sukses van bv. Dalene Matthee se Bos-trilogie is 'n goeie aanduiding dat daar 'n grootliks onbevredigde behoefte in Afrikaans bestaan aan goeie ontspanningsromans. Opmerkings soos "*Fiela se kind* sal ongetwyfeld lesers weer laat

Afrikaans lees" (Binneman, 1985:3) en die oorweldigende positiewe kommentaar wat dadelik aan Matthee nasionale, maar ook internasionale, beroemdheid verleen het, was tot dusver iets onbekends in die Afrikaanse letterkunde.

Gedurende die tagtigerjare het groot sosiale vraagstukke soos apartheid, morele verval en werkloosheid, om maar 'n paar te noem, belangrike gesindheidsveranderinge by die Afrikaner bewerkstellig. Miskien is dit nog te vroeg om die volledige resultate van hierdie veranderinge duidelik in die letterkunde waar te neem, omdat 'n groter mate van afstand dalk nodig is vir objektiewe beoordeling en dit waarskynlik nog baie jare duur voordat al die tendense wat in die tagtigerjare die Afrikaanse letterkunde beïnvloed het, raakgesien sal word. Tog lyk dit of ten minste bogenoemde ses groeperinge identifiseer kan word in die tagtigerdekade en 'n mate van kategorisering wel in orde is.

## HOOFSTUK VIER

### ASPEKTE VAN DIE LITERÊRE KANAAL

#### 4.1. Algemeen

Teenoor die radio en televisie as (relatief reservert geskepte) ouditiewe en visuele kommunikasiekanale, staan die geskrewe woord vir baie eeue reeds as 'n belangrike literêre kode tussen sender (skrywer) en ontvanger (leser). Tog kan 'n literêre werk nie sy weg suksesvol vanaf skrywer na leser vind indien die literêre kanaal as tussenganger nie voortdurend en dinamies die onderskeie partye se belange dien nie. In hierdie hoofstuk sal die funksionering van die literêre kanaal, soos dit die posisie van die proefgroep t.o.v. die literêre sisteem in die tagtigerjare bepaal, onder die loep geneem word.

Die literêre kanaal bevat 'n groot verskeidenheid hekwagters ("gatekeepers") wat, direk óf indirek, verantwoordelik is vir die distribusie van literêre werke. Hulle oefen nie alleen aansienlike beheer uit oor *wat* gepubliseer word nie, maar ook oor *hoe* dit deur die leser ontvang word. Hall (1979:101) verduidelik dié twee funksies soos volg:


Gatekeepers in the sociology of literature can exercise their function in two different places. Publishers can prevent manuscripts reaching the market, as can censorship of the type which demands pre-publication licensing. On the other hand, gatekeepers may have some influence on the book once it has been published; the fate of the book depends in part upon critics, libraries, distributors and, again, censors - though this time of the post-publication variety.

Vanheste (1981:143ev) sê dat die uitgewer en later die boekhandelaar nie neutraal staan in die literêre kommunikasieproses nie, maar hulle gryp in en vervorm die boodskap. Die uitgewer selekteer manuskripte, sensureer dit en gee die teks op 'n bepaalde manier uit. Hoewel die winsmotief sentraal staan, verduidelik hy die belangrike rol van die literêre uitgewer soos volg:

De literaire uitgever is nochtans niet zo maar een uitgever, niet zonder meer een koopman. Hij bedrijft nogal eens zelf literatuur, spreidt artistiek talent ten toon, is bekommerd om zijn literair prestige. Zijn positie is dubbelzinnig: hij moet boeken slijten, geld beuren; hij moet debutanten

een kans geven, talenten ontdekken, de literatuur dienen. Duidelijk is dat hij niet uitsluitend oog kan hebben voor de ruilwaarde; hij blijft tot op zekere hoogte een bemiddelaar die de boodschap zo getrouw mogelijk doorgeeft aan de lezer. De selectie die hij helpt doorvoeren gaat nog steeds uit van meer criteria dan alleen de verkoopbaarheid (1981:162).

Die posisie van 'n literêre werk hang dus nie alleen af van die skryfstyl van die skrywer en die ontvangs daarvan deur die publiek nie, maar dit is ook insiggewend om die belangrikheid van direkte en indirekte tekseksterne faktore in die literêre kanaal van nader te beskou. Omdat Vanheste, Zima, Hall en Fügen nie die tekseksterne verhoudings wat die bestaan, verspreiding en konsumpsie van literêre werke beïnvloed konkreet omskryf nie, moes ek terugval op Strydom (1972:95) wat wys op die volgende tekseksterne verhoudings wat literêre werke beïnvloed:



Hoewel daar 'n groot menigte instansies as deelnemers aan die literêre kanaal optree, sal slegs op dié wat in tabel 4.1. onder "distribusie" genoem word, gekonsentreer word in hierdie hoofstuk, hoewel daar geensins op volledigheid aanspraak gemaak word nie.

Omdat 'n kritikus en resesent ingeligte lesers is, sal die rol van kritici en professionele resesente, wat ook in tabel 4.1. genoem word, eerder in hoofstuk vyf as deel van die lesers van tagtigerwerke behandel word.

#### 4.2. Die proefgroep en hulle uitgewers

Die volgende statistiek, verkry uit die SANB se jaarboeke van 1980-89, verskaf gegewens aangaande die aantal Afrikaanse letterkundige tekste wat gedurende die tagtigerjare geproduseer is:

<u>Produksie van literêre tekste gedurende die tagtigerjare</u>		
<i>Datum</i>	<i>Produksie volgens titels</i>	<i>Produksie volgens eksemplare</i>
1980	567	2917640
1981	765	3569291
1982	661	3470796
1983	802	3753019
1984	943	4796709
1985	752	3763232
1986	662	3290046
1987	510	2449576
1988	608	2697683
1989	1003	4725863

Tabel 4.2

Bogenoemde syfers sluit *alle* Afrikaanse letterkundige werke wat gedurende daardie bepaalde jare verskyn het in. Dit blyk dus dat die proefgroep se werke maar 'n fraksie van die gepubliseerde titels uitmaak. 'n Aanduiding van wie van die proefgroep gedurende die tagtigerjare by welke uitgewers gepubliseer het, kan soos volg gegee word:

Die proefgroep se uitgewers							
Skrywer	Uitgewers						
	1	2	3	4	5	6	7
M.C.Botha		X	X	X			
T.T.Cloete	X						
Jeanette Ferreira		X					
Jeanne Goosen						X	
P.C.Haarhoff		X					
Ryk Hattingh			X				
Gawie Kellerman	X						
E.Kotze	X						
Louis Krüger	X						
André le Roux		X	X				
André Letoit		X		X	X		
Dalene Matthee	X	X					
Fransi Phillips		X			X		X
Koos Prinsloo	X		X				
Dan Roodt			X			X	
Alexander Strachan	X						
Etienne van Heerden	X						
Jan van Tonder					X		
Lettie Viljoen			X				

Tabel 4.3

Sleutel: 1 = Tafelberg; 2 = Human & Rousseau; 3 = Taurus; 4 = Perskor; 5 = Haum-Literêr; 6 = Stet; 7 = Kabelkarnimfe

Van bogenoemde negentien skrywers gebruik twaalf een uitgewer, vier twee uitgewers en drie skrywers drie uitgewers gedurende die tagtigerjare. Om bogenoemde statistiek in perspektief te plaas, moet aangemerkt word dat die hoeveelheid titels wat elk van die proefgroep se skrywers gedurende die tagtigerjare gepubliseer het verskil en dat daar vier skrywers is, te wete T.T.Cloete, P.C.Haarhoff, Gawie Kellerman en Alexander Strachan, van wie slegs een teks gedurende die tagtigerjare uitgegee is.

#### 4.3. Handelaars en bemerking van die proefgroep se tekste

Dit sou insiggewend wees om die beskikbaarheid van die tagtigertekste *gedurende* die tagtigerjare (verkieslik 1989) te kon ondersoek. Aangesien hierdie studie eers

gedurende die vroeg negentigerjare onderneem is, was só 'n ondersoek egter onmoontlik. Tog, ten einde 'n aanduiding te kry watter van die proefgroep se tagtigertekste nog geredelik beskikbaar is in die kleinhandel, het ek probeer uitvind watter van hierdie tekste in 1994 - vyf jaar ná die tagtigerdekade - steeds bemark word. Hoewel hierdie studie dus nie gedurende die tagtigerjare kon plaasvind nie, kan die resultate van hierdie ondersoek 'n baie goeie aanduiding gee van die volgehoue beskikbaarheid aldan nie van die proefgroep se tekste.

Omdat Pretoria, volgens M.Hargraves, bestuurder van Exclusive Books, verreweg die belangrikste afsetgebied van Afrikaanse verkope in die land is, deurdat 50% van alle Afrikaanse boeke binne 'n radius van 10-15 km van Kerkplein in Pretoria verkoop word en die ander helfte in die res van Suid-Afrika (Le Roux, 1990:3), het ek op 16 Julie 1994 ondersoek ingestel na die beskikbaarheid van hierdie tekste in Pretoria.

Daar is bevind dat die CNA in Sunnyside, Pretoria 97 Afrikaanse fiksie titels op hulle rak het, waarvan slegs twee tekste kopieë van die proefgroep se tekste was. Exclusive Books (Sunnyside) het 218 verskillende titels, waarvan 20 tekste kopieë van die proefgroep se tekste was, en Protea boekwinkel, wat nuwe, sowel as tweedehandse tekste verkoop, hou ongeveer 500 Afrikaanse fiksietitels aan, waaronder 28 kopieë van die gekose tekste.

Die proefgroep se tekste wat in Julie 1994 by die ses boekwinkels 1) CNA (Sunnyside), 2) Exclusive Books (Sunnyside), 3) Haum (Hatfield), 4) Juta (Hatfield), 5) Protea boekwinkel (Hatfield) en 6) Van Schaik (Hatfield) op hulle rakke te koop aangebied is, was die volgende:

<u>Kopieë van die proefgroep se tekste in die kleinhandel</u>						
<i>Teks</i>	<i>1</i>	<i>2</i>	<i>3</i>	<i>4</i>	<i>5</i>	<i>6</i>
<i>Die hartklop van gevoel</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Skertse</i>	0	0	0	0	15	0
<i>Die prys wat jy moet betaal</i>	0	0	0	0	0	0



Teks	1	2	3	4	5	6
<i>Die einde van 'n kluisenaar se lewe</i>	0	1	0	0	2	0
<i>Bome van kennis en ander verhale</i>	0	0	0	0	1	0
<i>Sluvoet</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Die waarheid gelieg</i>	0	0	0	0	1	0
<i>Sitate om 'n rewolusie</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Die mummies, die pappies, die boeties, die sussies</i>	0	1	0	0	1	0
<i>'n Kat in die sak</i>	0	1	0	2	0	1
<i>Louoond</i>	1	0	0	2	1	0
<i>Uit 'n ander wêreld</i>	0	1	0	0	0	0
<i>Die tonnel</i>	0	0	0	0	11	0
<i>Markus vermoed 'n verhaal</i>	0	0	0	0	3	0
<i>Wie de hel het jou vertel?</i>	0	0	0	0	3	0
<i>Halfkroon vir die nagmaal</i>	0	1	0	1	3	0
<i>Silt van die aarde</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Die skerpskutter</i>	0	0	0	0	1	0
<i>'n Basis oorkant die grens</i>	0	0	1	33	2	0
<i>Te hel met ouma!</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Sleep vir jou 'n stoel nader</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Nou's die Kaap weer Hollands</i>	0	0	0	0	0	0
<i>My nooi is in 'n tikmasjien</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Somer</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Breekwater en ander kortverhale</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Suidpunt-jazz</i>	0	2	0	0	10	0
<i>'n Huis vir Nadia</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Die Judasbok</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Petronella van Aarde, burgemeester</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Kringe in 'n bos</i>	0	6	42	58	1	2
<i>Fiel se kind</i>	0	2	0	12	190	4
<i>Moerbeibos</i>	0	1	0	1	1	4
<i>Die horlosie se wysers val af</i>	0	1	0	0	2	0
<i>77 stories oor 'n clown</i>	0	0	0	0	1	0
<i>Die wilde kind</i>	0	1	0	0	2	0
<i>Theresa se droom</i>	0	1	0	0	0	0
<i>Jonkmanskas</i>	0	4	0	0	1	0
<i>Die hemel help ons</i>	0	0	0	0	1	0
<i>Sonneskyn en Chevrolet</i>	0	0	0	0	2	0
<i>Twee sinne</i>	0	0	0	0	2	0
<i>'n Wêreld sonder grense</i>	0	1	0	0	6	0
<i>My Kubaan</i>	0	1	0	0	0	0

Teks	1	2	3	4	5	6
<i>Om te awol</i>	0	0	0	0	3	0
<i>Toorberg</i>	0	2	0	36	1	9
<i>Liegfabriek</i>	0	1	0	1	0	0
<i>Wit vis</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Aandenking vir 'n vry man</i>	0	0	0	0	0	0
<i>Is Sagie</i>	1	1	0	10	0	0
<i>Die kind</i>	0	2	1	36	0	6
<i>Klaaglied vir Koos</i>	0	0	0	0	2	0
<i>Erf</i>	0	1	0	0	1	0

Tabel 4.4

Sleutel: 1 = CNA; 2 = Exclusive Books; 3 = Haum; 4 = Juta; 5 = Protea boekwinkel; 6 = Van Schaik

Die groot aantal kopieë wat sommige van bogenoemde boekwinkels (wat almal baie naby aan die Universiteit van Pretoria geleë is) van bepaalde tekste aanhou, wys duidelik dat hierdie tekste gedurende die negentigerjare voorgeskrewe tekste is. Aan die hand van bogenoemde statistiek is dit verder duidelik dat besonder min van die proefgroep se tekste vyf jaar ná die tagtigerdekade steeds geredelik beskikbaar is in die kleinhandel. Tog is baie nuwer, "negentiger"-tekste wel verkrygbaar, veral by die CNA en Exclusive Books. Dit bevestig die indruk dat lesers 'n behoefte het om tekste wat nuwer is op die rak, eerder as relatief gedateerde tekste, te koop.

'n Belangrike vraag rondom die beskikbaarheid van tekste is of die tekste in druk is, aldan nie. Volgens Nicol Stassen, eienaar van Protea boekwinkel, is die volgende 17 tagtigertekste in Julie 1994 uit druk uit, en dus moeilik bekombaar of selfs onbekombaar:

*Die hartklop van gevoel; Skertse; Die prys wat jy moet betaal; Sitate om 'n rewolusie; Die tonnel; Markus vermoed 'n verhaal; Te hel met ouma!; Sleep vir jou 'n stoel nader; Nou's die Kaap weer Hollands; My nooi is in 'n tikmasjien; Somer II; Breekwater en ander kortverhale; Petronella van Aarde, burgemeester; Die horlosie se wysers val af; Sonneskyn en Chevrolet; Twee sinne en Wit vis.*

Hierdie feite plaas dus bogenoemde lae beskikbaarheidsyfers van die proefgroep se tekste gedurende die negentigerjare in perspektief. Natuurlik sou 'n mens ook kon

argumenteer dat soveel tekste uit druk uit is omdat daar vandag nie groot aanvraag na hierdie tekste is nie.

Dit is baie moeilik om presiese inligting rondom die rol wat handelaars gespeel het in die verspreiding van die gekose tagtigertekste, te bekom, bloot omdat handelaars poog om *al* hulle boeke onder die potensiele kliënte se aandag te bring en nie noodwendig spesifieke metodes aanwend om hierdie tekste uit te lig nie.

Hoewel bemarkingsmetodes normaalweg min of meer dieselfde daar uitsien, wys Van der Westhuizen (1993:123-128) op die uitsonderlike strategieë wat gebruik is om Dalene Matthee se drie bosboeke te bemark - waarskynlik omdat die teks reeds in verskeie lande oorsee verkoop is voordat die Afrikaanse weergawe verskyn het. Haar verduideliking kan soos volg opgesom word:

#### Bekendstelling en bemarking van Dalene Matthee se bosboeke

*Teks*

*Bekendstelling en bemarkingstrategie*

*Kringe in 'n bos*

Reeds voor die publikasie van die teks in Afrikaans is dit in agt tale vertaal en daarna in ten minste nog vier tale.

Op die Frankfurtse boekebeurs word op die boek gebid en dit word in Brittanje vir 'n vyf-syfer bedrag van die hand gesit.

In 1984 word dit in vier aflewings as verkorte vervolghverhaal in die *Fair Lady* gepubliseer.

Volbladadvertensies verskyn in *Sarie* en *Beeld* met 'n prominente skets van die Knysnabos.

Dalene Matthee word genooi om aan TV-gesels programme deel te neem, sowel as vir 'n radio-onderhoud.

Reeds vyf maande vóór publikasie word in 'n artikel na die teks verwys en melding gemaak van die oorsese vertalings van die teks.

***Fiela se kind***

Die teks word in vyf tale vertaal en in ses lande uitgegee. Voorafaankondigings - gekoppel met die suksesse van *Kringe in 'n bos* - word in koerantartikels gedoen.

Groot advertensies verskyn in *Beeld* en *Sarie*.

***Moerbeibos***

Die teks word in drie tale vertaal en in vier lande uitgegee.

Voorafaankondigings word in dagblaaië gedoen.

Volbladadvertensies verskyn in *Huisgenoot* en *Sarie*.

Tabel 4.5

Op die voorblad van *Kringe in 'n bos* se agste sagtebanduitgawe (November 1987) word aangedui dat meer as 150000 eksemplare van dié roman reeds verkoop is en op die dertiende sagtebanditgawe (Januarie 1993) word aangetoon dat 200000 kopieë verkoop is. Hierteenoor dui Munnik (1989:16) aan dat byna 6000 eksemplare van *Liegfabriek* en sowat 15000 van *Toorberg* in 1989 reeds verkoop is.

Aangesien daar baie oor Matthee se drie bosboeke in die pers geskryf is, was 'n studie soos deur Van der Westhuizen (hierbo) onderneem is, haalbaar. Tog, ten spyte van verskeie navrae, het dit geblyk dat sowel skrywers as uitgewers nie baie geneë is om spesifieke inligting oor verkoopstatistieke en bemarkingsmetodes van die proefgroep se tekste te verskaf nie, en kon soortgelyke ondersoeke betreffende hierdie tekste nie suksesvol onderneem word nie.

In antwoord op vraag 12 van die vraelys wat aan die proefgroep gestuur is om uit te vind wat die verkoopsyfers van hulle boeke was, is die volgende terugvoer ontvang: Vyf van die respondente antwoord nie die vraag nie, sewe het gesê dat hulle nie weet nie en een het soos volg geantwoord: "Dit is wat my betref vertroulike inligting". Slegs Ryk Hattingh het geantwoord dat ongeveer 1000 kopieë elk van *Markus vermoed 'n verhaal* en *Die tonnel* verkoop is.

Nie alleen skrywers nie, maar ook uitgewers is nie bereid om verkoopstatistiek beskikbaar te stel nie. In antwoord op 'n navraag aan Tafelberg-uitgewers betreffende hulle verkoopsyfers, antwoord Jaina Schumann (Skakelredakteur: Tafelberg-uitgewers) soos volg:

Ons sou graag sodanige inligting aan u wou verskaf, maar ongelukkig staan dit ons nie vry om goedsmoeds statistieke neer te pen nie. Voorlopig egter: Verkoopsyfers van Afrikaanse letterkunde is baie selde sensasioneel, en die verkoopsyfers van selfs boeke wat as suksesvol beskou kan word - soos *Toorberg* en 'n *Wêreld sonder grense* - sal 'n totaal verkeerde indruk gee. En omdat 'n *Wêreld sonder grense* 'n kortverhaalbundel is, sou 'n mens dit 'n onreg aandoen as jy die verkoopsyfers vergelyk met dié van 'n roman. Kortverhaalbundels is selde goeie verkopers, oral in die wêreld (1993).

Ook Frans Maree (Groepaankoper: Afrikaanse boeke van die CNA) wil nie sy maatskappy se verkoopstatistieke beskikbaar stel nie. In 'n persoonlike brief (1993) sê hy dat hy slegs vertroulike inligting rondom verkoopstatistieke beskikbaar het wat nie bekend gemaak kan word nie.

#### 4.4. Biblioteke en die proefgroep se tekste

Strachan meen dat die voortbestaan van 'n boek in die eerste plek nie deur verkope bepaal word nie, maar deur die vraag of dit gelees word (*Book Parade*, 1991:11). Hierin vervul die openbare biblioteek 'n lewensfunksie. Een van die hoofdoelstellings van 'n openbare biblioteek met betrekking tot verhalende werke, meen H.D. Pienaar (1979:3), behels:

om materiaal te verskaf vir gesonde ontspanning en vryetydsbesteding, kulturele verryking en die stimulering van goeie leesgewoontes, daarom moet beide letterkundige werke sowel as ligte ontspanningslektuur aangekoop en beskikbaar gestel word, in 'n verhouding wat bepaal moet word deur sowel die noodsaak om sekere boeke as basiese versameling te hê aan die een kant, as die bestaande aanvraag onder die lesers aan die ander kant.

Tog is dit duidelik dat meer ontspanningslektuur as hoër letterkundige tekste deur lesers gelees word. Volgens 'n ondersoek deur P.E. Westra van die Staatsbiblioteek, is bevind dat populêre romans binne die eerste jaar na publikasie ongeveer 25 maal uitgeleen word, maar dat literêre romans gedurende dieselfde tydperk maar slegs gemiddeld elf maal uitgeleen word (*Tydskrif vir Letterkunde*, 1979:101). Openbare

biblioteke móét dus noodwendig meer ontspanningsverhale as ernstige letterkunde aankoop.

Ten einde 'n idee te vorm oor hoe geredelik die proefgroep se tagtigertekste gedurende die tagtigerjare beskikbaar is, het ek in 1994 by 1) die negentien openbare biblioteke<sup>1</sup> in Pretoria, 2) die Staatsbiblioteek in Pretoria, 3) die Universiteit van Pretoria (insluitende sy Witbank satellietkampus) se biblioteek en 4) die biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika, vasgestel oor hoeveel kopieë hulle van die gekose tagtigertekste beskik:

<u>Kopieë van die proefgroep se tekste in biblioteke in 1994</u>				
<i>Teks</i>	1	2	3	4
<i>Die hartklop van gevoel</i>	2	0	2	1
<i>Skertse</i>	0	1	0	0
<i>Die prys wat jy moet betaal</i>	1	1	0	1
<i>Die einde van 'n kluisenaar se lewe</i>	22	1	1	1
<i>Bome van kennis en ander verhale</i>	28	1	2	2
<i>Sluvoet</i>	24	1	2	1
<i>Die waarheid gelieg</i>	4	1	0	2
<i>Sitate om 'n rewolusie</i>	21	1	2	1
<i>Die mammies, die pappies, die boeties, die sussies</i>	21	1	2	1
<i>'n Kat in die sak</i>	26	1	2	2
<i>Louoond</i>	6	1	2	1
<i>Uit 'n ander wêreld</i>	38	1	2	1
<i>Die tonnel</i>	0	1	1	2
<i>Markus vermoed 'n verhaal</i>	12	1	2	1
<i>Wie de hel het jou vertel?</i>	38	2	2	1
<i>Halfkrone vir die nagmaal</i>	20	5	2	4
<i>Silt van die aarde</i>	47	1	2	1
<i>Die skerpskutter</i>	14	3	2	1

<sup>1</sup>Die negentien openbare biblioteke wat hier ter sprake is, is die volgende openbare biblioteke wat in die Pretoria-streek val: Alkantrand, Danville, East Lynne, Eersterus, Erasmia, Glenstantia, Hercules, Laudium, Mayville, Mountain View, Overkruijn, Pretoria Noord, Sentraal Moot, Silverton, Stadsbiblioteek, Valhalla, Waterkloof, Waverley en Wespark.

Teks	1	2	3	4
<i>'n Basis oorkant die grens</i>	52	2	2	5
<i>Te hel met ouma!</i>	0	0	0	1
<i>Sleep vir jou 'n stoel nader</i>	0	1	2	1
<i>Nou's die Kaap weer Hollands</i>	0	0	2	1
<i>My nooi is in 'n tikmasjien</i>	19	1	2	1
<i>Somer II</i>	0	0	2	1
<i>Breekwater en ander kortverhale</i>	0	1	2	2
<i>Suidpunt-jazz</i>	38	1	2	1
<i>'n Huis vir Nadia</i>	52	1	0	0
<i>Die Judasbok</i>	71	5	2	1
<i>Petronella van Aarde, burgemeester</i>	38	1	1	1
<i>Kringe in 'n bos</i>	173	29	2	1
<i>Fiela se kind</i>	39	16	2	3
<i>Moerbeibos</i>	175	4	2	3
<i>Die horlosie se wysers val af</i>	0	1	0	1
<i>77 stories oor 'n clown</i>	45	1	2	1
<i>Die wilde kind</i>	40	2	2	1
<i>Theresa se droom</i>	21	1	1	2
<i>Jonkmanskas</i>	3	2	2	3
<i>Die hemel help ons</i>	0	1	2	1
<i>Sonneskyn en Chevrolet</i>	0	0	0	1
<i>Twee sinne</i>	2	1	2	1
<i>'n Wêreld sonder grense</i>	30	4	2	1
<i>My Kubaan</i>	2	2	2	2
<i>Om te awol</i>	18	2	2	2
<i>Toorberg</i>	94	5	2	6
<i>Liegfabriek</i>	36	3	2	2
<i>Wit vis</i>	18	1	1	1
<i>Aandenking vir 'n vry man</i>	20	1	2	1
<i>Is Sagie</i>	58	3	2	2
<i>Die kind</i>	39	6	2	3
<i>Klaaglied vir Koos</i>	5	2	1	1
<i>Erf</i>	0	1	2	1

Tabel 4.6

Sleutel: 1 = Openbare biblioteke; 2 = Staatsbiblioteek; 3 = Universiteit van Pretoria; 4 = Universiteit van Suid-Afrika

Uit bostaande gegewens kan interessante gevolgtrekkings gemaak word: elf van die 51 tekste van die proefgroep word in 1994 glad nie deur een van die negentien openbare biblioteke van Pretoria aangehou nie, terwyl die Universiteit van Pretoria sewe tekste en die Universiteit van Suid-Afrika slegs vier van die proefgroep se tekste nie aanhou nie. As akademiese instellings is universiteitsbiblioteke se motiewe by die aankoop van biblioteekmateriaal uiteraard verskillend van dié van openbare biblioteke.

Die feit dat 175 kopieë (in hardeband-, sagteband- en grootdrukuitgawes) van *Moerbeibos* deur die negentien openbare biblioteke aangehou word, beteken dat elkeen van hierdie biblioteke dus gemiddeld oor byna 10 kopieë van hierdie teks beskik, terwyl slegs 36 kopieë (ongeveer twee per biblioteek) van *Liegfabriek* by die negentien openbare biblioteke aangehou word. Tog was albei hierdie tekste weners van die ATKV-prys vir goeie gewilde prosa!

#### 4.5. Literatuuronderrig op skool en universiteit

##### 4.5.1. Die Kühn-proefskrif en die Mulder-verslag

In sy proefskrif *Literêre teorie en letterkundeonderrig* (1989) ondersoek M.J.Kühn die wyses waarop skoliere en skoolverlaters letterkundeonderrig beleef. Omdat hierdie proefskrif gebaseer is op inligting wat in 1988 versamel is, kan dit bruikbaar geag word vir hierdie ondersoek van distribusie m.b.t. die opvoeder se rol as hekwagter. Die houding van hierdie proefpersone teenoor *Kringe in 'n bos* vorm juis deel van die ondersoekgebied.

600 matrikulante uit 30 skole en 400 skoolverlaters is by die ondersoek betrek. Daar is o.a. bevind dat 30,3% skoliere hulle vrye tyd gebruik om ontspanningslektuur te lees, terwyl 13,5% letterkundige werke bestudeer. Dit laat Kühn konkludeer dat daar 'n ontoereikende realisering van die kernsillabus vir Afrikaans Eerste Taal - te wete "om insig in die Afrikaanse literatuur te verwerf en waardering daarvoor te ontwikkel" (p.30) - op skool plaasvind. Terwyl 15,7% skoliere televisiekyk as belangrikste vryetydsaktiwiteit noem, neem dié getal drasties af by studente (6,8%). Hieruit lei Kühn



af dat die algemene aanname dat televisie as medium jongmense se vryetydsbesteding oorheers, aanvegbaar is (p.30).

Verder bevind Kühn dat nie alle skoliere ewe veel aandag aan hulle voorgeskrewe werke op skool spandeer nie: 4% lees slegs opsommings oor die werk, 11,8% lees die teks een keer deur, 46,5% lees die teks een keer en maak verder staat op aantekeninge en slegs 37,7% lees die teks 'n paar keer deur (p.32). Ongeveer 50% van die leerlinge en skoolverlaters is positief ingestel teenoor letterkundeonderrig, terwyl ongeveer 10% respondente letterkunde-onderwys as 'n sinlose studie ervaar (p.38)<sup>2</sup>.

Terwyl 72,6% HG- en 65,3% SG-leerlinge betreffende hulle voorgeskrewe werk meen dat *Kringe in 'n bos* hulle smaak vir letterkunde die meeste bevorder het (p.46), word *Kringe in 'n bos* ook deur 34,4% studente en 36,7% matrikulante beskou as "die mooiste boek in Afrikaans" met *Fiela se kind* (22,0% en 23,4% onderskeidelik) in die tweede plek (p.48). Betreffende die tipe tekste wat jong lesers verkies, is die verdeling soos volg: 66,5% studente verkies goeie gewilde prosa, 16,9% triviale letterkunde en 16,6% literêre tekste, terwyl skoliere goeie gewilde prosa (HG 71,4% en SG 58,9%) eerste stel, gevolg deur triviale letterkunde (HG 20,8% en SG 33,7%) en literêre werke (HG 7,8% en SG 7,4%).

Mulder het in 1975 960 matrikulante ondervra ten einde vas te stel of hulle aan die einde van hulle skoolloopbane selfgemotiveerde lesers was. 'n Vergelyking tussen die bevindings van Mulder en Kühn dui aan dat leerlinge in 1975 baie meer geïnteresseerd was daarin om te lees as in 1989. Mulder (1975:83) bevind dat 81,8% respondente aangedui het dat hulle graag lees, terwyl Kühn (1989: 30) 14 jaar later bevind het dat

---

<sup>2</sup>De Moor (1982:458) het in 1978 'n soortgelyke situasie-analise by 'n skool in Nederland gedoen. Hieruit blyk dit dat 83,6% van die respondente literatuuronderrig as middelmatig tot vervelig beskou het, dat indien dit nie 'n verpligte vak was nie, 71,3% dit nie sou neem nie en dat 75,7% nog nooit één goeie letterkunde-klas bygewoon het nie. Ten spyte van die negatiewe teenoor letterkunde by Afrikaanse skoliere, lyk die gesindheid teenoor letterkunde-onderdig in Suid-Afrika dus nog steeds beter as in Nederland.

net 43,8% van die matrikulante verkies om óf ontspanningslektuur óf letterkundige tekste as vryetydsbesteding te lees.

'n Gedeelte van die skuld vir die afname in lees by skoliere tussen hierdie twee studies kan sekerlik aan die instelling van televisie en die groeiende videomark in Suid-Afrika toegeskryf word. Tog meen ek dat die oorsake heelwat meer kompleks is as dit.

Toenemende druk om te presteer ten einde ouers tevrede te stel of beurse te bekom, meer gespesialiseerde en gediversifiseerde sportbeoefening, die geweldige toename in die gebruik van persoonlike rekenaars wat veroorsaak dat 'n groot aantal leerlinge baie tyd aan die aanleer van rekenaarvaardighede (en met videospelletjies) spandeer, en 'n groter verskeidenheid van stokperdjies wat deur leerlinge beoefen word, veroorsaak dat vrye tyd 'n al hoe skaarser kommoditeit word. 'n Groot aantal leerlinge het dus gewoon net nie meer tyd om te lees nie.

Volgens die Kühn-proefskrif (p.38) is die twee belangrikste redes vir die respondente se negatiewe houding teenoor letterkundeonderrig a) die aanbieding van die vak en b) die keuse van voorgeskrewe werke.

#### 4.5.2. Die voorskrif van prosatekste op sekondêre vlak

J.N.S.du Plessis, lid van die KOD se komitee vir voorgeskrewe Afrikaanse letterkunde, stel die volgende vereistes waaraan 'n boek moet voldoen om op skool voorgeskryf te word:

So 'n boek moet ontleedbaar wees, d.w.s. dit moet 'n geprogrammeerde struktuur hê; dit moet eksamineerbaar wees op minstens drie moeilikheidsgraadvlakke (HG, SG en LG - JDH); die verhaal moet boeiend wees, d.w.s. aktueel, maar moenie preek of aanstoot gee nie; skoliere moet met die karakters kan identifiseer; die letters van die drukwerk moet "die gepaste grootte hê, met die regte spasiëring"; die papier moet van gehalte en duursaam wees; 'n bloemlesing eerder as 'n verhaalbundel, en die prys moet billik wees (Grosskopf, 1989:42)<sup>3</sup>.

---

<sup>3</sup>Malan (1988b:19) lewer kritiek op die voorskrif van "veilige" boeke en bevraagteken die feit dat Opperman se verouderde kriteria van 1955 steeds toegepas

Die voorskryfkomitees poog dus bewustelik om "veilige" boeke voor te skryf. 'n Ontleding deur SENSAL het getoon dat slegs sewe Afrikaanse en Engelse voorgeskrewe werke wat hoegenaamd met rasseverhoudings te doen het, van 1980 tot 1985 deur onderwysdepartemente voorgeskryf is, en in die meeste gevalle slegs een keer (Malan, 1988b:18). Heelwat kritiek kan sekerlik teen sodanige beskerming van jong lesers gelewer word. Brits (1975:3) stel dit só:

Dit is 'n gesonde beginsel om sekere kontroversiële werke in die skool te behandel waar probleme op 'n oordeelkundige wyse bespreek en opgelos kan word. So word die leerling beter toegerus vir die volwasse lewe.

Soos Aucamp (1990b:40) tereg aandui, is die voorgeskrewe mark een van die sterkste bepalers van wat in sirkulasie gaan bly in die Afrikaanse letterkunde. Die voorgeskrewe mark kan dus ook help besluit wat gekanoniseerde werke gaan word.

Om 'n beeld te kan vorm van die voorgeskrewe werke wat in die tagtigerdekade aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole bestudeer is, kan ons kyk na watter Afrikaanse prosatekste gedurende die tagtigerjare in drie blanke onderwysdepartemente vir st.9 en 10 HG en SG leerlinge voorgeskryf is, soos dit goedgeunstiglik deur die onderwysdepartemente aan my verskaf is<sup>4</sup>. Ten einde hierdie studie te beperk, word slegs op Eerste Taal onderrig klem gelê, en word laergraad-sillabusse nie bespreek nie. Elke teks se inligting word telkens in die volgorde teks, skrywer/samesteller en verskyningsdatum (in hakies) weergegee. Die voorgeskrewe tekste van st.9 en st.10 HG en SG-leerlinge van die Natalse Onderwysdepartement gedurende die tagtigerjare sien soos volg daar uit:

---

word, nl.:

Die boek moet geskryf wees in die taal en spelling van die Suid-Afrikaanse Akademie; die Nederduits Gereformeerde of Hervormde Kerk moet nie aanstoot gegee word nie; politiek moet daarbuite gelaat wees; met tydgenootlike geskiedenis moet daar versigtig gewerk word, ook met liefdesverhoudings, die rasseprobleem en die kleurslagboom ... en om begryplike redes.

<sup>4</sup>Ten spyte van herhaalde versoeke, het die Kaapse Onderwysdepartement ongelukkig nie die relevante inligting aan my gestuur nie.

**Natalse Onderwysdepartement Voorgeskrewe prosatekste 1980-1989**

<i>Datum</i>	<i>St.9 HG en SG</i>	<i>St.10 HG en SG</i>
1980	<p><i>Herinnering se wei</i> Verskeie skrywers (1966) of <i>Kort keur A.H.de Vries</i> (samest.) (1977) of <i>Tuinprovinsie Natal</i> Stoffel Nienaber (1977) of <i>Mosaïek Smuts en</i> Van Rensburg (1965) (SG) <i>Gannavlei</i> Dolf van Niekerk (1958) of <i>Die Koperkan</i> Mikro (1960)</p>	<p><i>Ons wag op die kaptein</i> Elsa Joubert (1963) (SG) <i>Klawervyf</i> Elsabe Steenberg (1976)</p>
1981	<p><i>Stad en stedelig</i> Verskeie skrywers (1977) of <i>Herinnering se wei</i> Verskeie skrywers (1966) of <i>Kort keur A.H.de Vries</i> (samest.) (1977) of <i>Tuinprovinsie Natal</i> Stoffel Nienaber (1977) of <i>Mosaïek Smuts en</i> Van Rensburg (1965)</p>	<p><i>Bart Nel</i> J.van Melle (1936) (SG) <i>Die Swart Pelgrim</i> F.A.Venter (1952)</p>
1982	<p><i>Mosaïek Smuts en</i> Van Rensburg (1965)</p>	<p><i>Ons wag op die kaptein</i> Elsa Joubert (1963) (SG) <i>Klawervyf</i> Elsabe Steenberg (1976)</p>
1983	<p><i>Mosaïek Smuts en</i> Van Rensburg (1965) of <i>Kort keur A.H.de Vries</i> (samest.) (1977) (SG) <i>Die wilde loot</i> Elise Muller (1962)</p>	<p><i>Ons wag op die kaptein</i> Elsa Joubert (1963) (SG) <i>Klawervyf</i> Elsabe Steenberg (1976)</p>
1984	<p><i>Mosaïek Smuts en</i> Van Rensburg (1965)</p>	<p><i>Die uurwerk kantel</i> Marié Heese (1976)</p>

	<p>of <i>Kort keur</i> A.H.de Vries (samest.) (1977) (SG) <i>Die wilde loot</i> Elise Muller (1962) of <i>Somer</i> C.M.van den Heever (1935) of <i>Gannavlei</i> Dolf van Niekerk (1958)</p>	<p>(SG) <i>Die tyd van die klippe</i> Doc Immelman (1968)</p>
1985	<p><i>Mosaïek</i> Smuts en Van Rensburg (1965) of <i>Kort keur</i> A.H.de Vries (samest.) (1977) (SG) <i>Die wilde loot</i> Elise Muller (1962) of <i>Somer</i> C.M.van den Heever (1935) of <i>Gannavlei</i> Dolf van Niekerk (1958)</p>	<p><i>Die uurwerk kantel</i> Marié Heese (1976)</p>
1986	<p><i>By Fakkellig</i> Karel Schoeman (1966)</p>	<p><i>Die uurwerk kantel</i> Marié Heese (1976) <i>Pylvak</i> J.P.Smuts (1984)</p>
1987	<p><i>By Fakkellig</i> Karel Schoeman (1966)</p>	<p><i>Kringe in 'n bos</i> Dalene Matthee (1984) <i>Pylvak</i> J.P.Smuts (1984)</p>
1988	<p><i>By Fakkellig</i> Karel Schoeman (1966) of <i>Een van F.A.Venter</i> se Groot Trek-romans</p>	<p><i>Kringe in 'n bos</i> Dalene Matthee (1984) <i>Pylvak</i> J.P.Smuts (1984)</p>
1989	<p><i>By Fakkellig</i> Karel Schoeman (1966) of <i>Ons wag op die kaptein</i> Elsa Joubert (1963) of <i>Die uurwerk kantel</i> Marié Heese (1976)</p>	<p><i>Kringe in 'n bos</i> Dalene Matthee (1984) <i>Pylvak</i> J.P.Smuts (1984)</p>

Tabel 4.7

Die voorgeskrewe tekste van st.9 en st.10 HG en SG-leerlinge van die Transvaalse Onderwysdepartement gedurende die tagtigerjare sien soos volg daar uit:

Transvaalse Onderwysdepartement Voorgeskrewe prosatekste 1980-89

<i>Datum</i>	<i>St.9 HG en SG</i>	<i>St.10 HG en SG</i>
1980	<i>Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns</i> A.P.Grové (samest.) (1971)	<i>Die son struikel</i> Dolf van Niekerk (1964)
1981	<i>Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns</i> A.P.Grové (samest.) (1971)	<i>Die son struikel</i> Dolf van Niekerk (1964)
1982	<i>Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns</i> A.P.Grové (samest.) (1971)	<i>Ons wag op die kaptein</i> Elsa Joubert (1963)
1983	<i>Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns</i> A.P.Grové (samest.) (1971)	<i>Ons wag op die kaptein</i> Elsa Joubert (1963)
1984	<i>Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns</i> A.P.Grové (samest.) (1971)	<i>Een plus een</i> Berta Smit (1967)
1985	<i>Halfkroner vir die nagmaal</i> E.Kotze (1982)	<i>Een plus een</i> Berta Smit (1967)
1986	<i>Halfkroner vir die nagmaal</i> E.Kotze (1982)	<i>Die son struikel</i> Dolf van Niekerk (1964) <i>Pylvak</i> J.P.Smuts (1984)
1987	<i>Die rentmeesters</i> F.A.Venter (1969)	<i>Die son struikel</i> Dolf van Niekerk (1964) <i>Pylvak</i> J.P.Smuts (1984)

1988	<i>Die rentmeesters</i> F.A.Venter (1969)	<i>Kringe in 'n bos</i> Dalene Matthee (1984) <i>Pylvak</i> J.P.Smuts (1984)
1989	<i>Kambro-kind</i> F.A.Venter (1979)	<i>Kringe in 'n bos</i> Dalene Matthee (1984) <i>Pylvak</i> J.P.Smuts (1984)

Tabel 4.8

Die voorgeskrewe tekste van st.9 en st.10 HG en SG-leerlinge van die Vrystaatse Onderwysdepartement gedurende die tagtigerjare sien soos volg daar uit:

<u>Vrystaatse Onderwysdepartement Voorgeskrewe prosatekste 1980-89</u>		
<i>Datum</i>	<i>St.9 HG en SG</i>	<i>St.10 HG en SG</i>
1980	<i>Prisma</i> A.Lubbe (1974) <i>'n Soort bevryding</i> P.G.Hendriks (1977)	<i>Swart Pelgrim</i> F.A.Venter (1952)
1981	<i>Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns</i> A.P.Grové (samest.) (1971) <i>Gister se môre</i> A.Viljoen (1974)	<i>Hans die skipper</i> D.F.Malherbe (1929)
1982	<i>Bart Nel</i> F.A.Venter (1936) <i>Verby die wit brug</i> Johan Coetzee (1978)	<i>Ons wag op die kaptein</i> Elsa Joubert (1963)
1983	<i>Kambro-kind</i> F.A.Venter (1979) <i>Wildegans-wildegans</i> E.Steenberg (1980)	<i>Die uur van verlange</i> W.A.de Klerk (1953)

1984	<i>Vir Meneer</i> Joan Kruger (1978)	<i>Bart Nel</i> J.van Melle (1936)
1985	<i>Wildegans-wildegans</i> E.Steenberg (1980)	<i>Geknelde land</i> F.A.Venter (1960)
1986	<i>Halfkrone vir die nagmaal</i> E.Kotzé (1982) <i>Ons wag op die kaptein</i> E.Joubert (1963)	<i>Pylvak</i> J.P.Smuts (1984)
1987	<i>Die derde rit</i> E.Muller (1949) <i>Pylvak</i> J.P.Smuts (1984)	<i>Kringe in 'n bos</i> Dalene Matthee (1984) <i>Pylvak</i> J.P.Smuts (1984)
1988	<i>'n Soort bevryding</i> P.G.Hendriks (1977) <i>Pylvak</i> J.P.Smuts (1984)	<i>Kringe in 'n bos</i> Dalene Matthee (1984) <i>Om laaste te kan lag</i> Pirow Bekker (1987)
1989	<i>Bart Nel</i> J.van Melle (1936) <i>Pylvak</i> J.P.Smuts (1984)	<i>Bart Nel</i> J.van Melle (1936) <i>Om laaste te kan lag</i> Pirow Bekker (1987)

Tabel 4.9

Hoewel 'n mens in ag moet neem dat die voorskryf van tekste 'n tydsame proses is, is dit opvallend hoe min van die proefgroep se tekste gedurende die tagtigerjare op skool voorgeskryf is. Uit die groot aantal verskillende tekste wat hierbo genoem word, is slegs een van hierdie gekose tekste, naamlik *Halfkrone vir die nagmaal*, vir standerd neges in die Transvaal en Vrystaat voorgeskryf. *Kringe in 'n bos* is vir matrikulante in Natal, Transvaal en die Vrystaat voorgeskryf. Vanaf 1996 sal *Toorberg* vir matrikulante in die Transvaal voorgeskryf wees.



#### 4.5.3. 'n Tersiêre perspektief op Afrikaans studentegehalte as potensiële lesers van Afrikaanse tekste

Baie meer spesifieke aandag word tersiêr as sekondêr aan die proefgroep se tagtigertekste verleen. Die voorgeskrewe prosatekste wat gedurende 1989, as voorbeeldjaar<sup>5</sup>, in die Afrikaans departement van die Universiteit van Pretoria bestudeer is, het soos volg daar uitgesien:

<u>Universiteit van Pretoria Voorgeskrewe Afrikaanse prosatekste 1989</u>			
<i>Jaar</i>	<i>Teks</i>	<i>Skrywer</i>	<i>Datum</i>
Een	<i>Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns</i>	A.P.Grové (samest.)	1971
	<i>'n Wêreld sonder grense</i>	Alexander Strachan	1984
Twee	<i>Die koningin van Skeba</i>	S.J.du Toit	1898
	<i>Sonde met die bure</i>	C.J.Langenhoven	1921
	<i>Die meulenaar</i>	D.F.Malherbe	1926
	<i>Die sprinkaanbeampte van Sluis</i>	J.van Bruggen	1933
	<i>Toiings</i>	Mikro	1934
	<i>Bart Nel</i>	J.van Melle	1936
	<i>Sy kom met die sekelmaan</i>	Hettie Smit	1937
	<i>Laat vrugte</i>	C.M.van den Heever	1939
	<i>Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns</i>	A.P.Grové (samest.)	1971
Drie	<i>Lobola vir die lewe</i>	André P.Brink	1962
	<i>Sewe dae by die Silbersteins</i>	Etienne Leroux	1962
	<i>Jaarringe</i>	Henriette Grové	1966
	<i>Op pad na die grens</i>	J.C.Steyn	1976
	<i>Kortsluitings</i>	Henk Wybenga	1982
	<i>Die Afrikaanse kortverhaalboek</i>	A.H.de Vries (samest.)	1986

---

<sup>5</sup>n Gebrek aan ruimte laat nie toe dat elke universiteit se lys voorgeskrewe tekste aangedui word nie. 1989 is as voorbeeldjaar gekies omdat dit die laaste jaar van die tagtigerdekade is en dus waarskynlik die grootste kans het dat verteenwoordigende tekste van dié dekade in hierdie jaar voorgeskryf is.

Hons	<i>Kennis van die aand</i>	André P.Brink	1973
	<i>Die middag voel na warm as</i>	F.A.Venter	1974
	<i>Witwater se mense</i>	M.I.Murray	1974
	<i>Op pad na die grens</i>	J.C.Steyn	1976
	<i>Gerugte van reën</i>	André P.Brink	1978
	<i>'n Droë wit seisoen</i>	André P.Brink	1979
	<i>Jonkmanskas</i>	Koos Prinsloo	1982
	<i>My Kubaan</i>	Etienne van Heerden	1983
	<i>Tuin van klip en vuur</i>	George Weideman	1983
	<i>'n Wêreld sonder grense</i>	Alexander Strachan	1984
	<i>Om te awol</i>	Etienne van Heerden	1984
	<i>Sitate om 'n rewolusie</i>	Jeanette Ferreira	1985
	<i>Toorberg</i>	Etienne van Heerden	1986
	<i>Voornagvlug</i>	P.J.Haasbroek	1988

Tabel 4.10

By die Universiteit van Suid-Afrika het die situasie betreffende voorgeskrewe Afrikaanse tekste vir 1989 soos volg daar uitgesien:

<u>Universiteit van Suid-Afrika Voorgeskrewe Afrikaanse prosatekste 1989</u>			
<i>Jaar</i>	<i>Teks</i>	<i>Skrywer</i>	<i>Datum</i>
Een	<i>Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns</i>	A.P.Grové (samest.)	1971
	<i>Die eerste siklus</i>	Etienne Leroux	1986
	<i>Die groot anders-maak</i>	Jan Rabie	1964
	<i>Toorberg</i>	Etienne van Heerden	1986
Twee	<i>Bart Nel</i>	J.van Melle	1936
	<i>Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns</i>	A.P.Grové (samest.)	1971
	<i>Laat vrugte</i>	C.M.van den Heever	1939
Drie	<i>'n Ander land</i>	Karel Schoeman	1984
	<i>Die Silberstein-trilogie</i>	Etienne Leroux	1984
Hons	<i>Die uur van verlange</i>	W.A.de Klerk	1953
	<i>Die koningin van Skeba</i>	S.J.du Toit	1898

<i>Sewe dae by die Silbersteins</i>	Etienne Leroux	1962
<i>Magersfontein, o Magersfontein!</i>	Etienne Leroux	1976
<i>Kroniek van Perdepoort</i>	Anna M.Louw	1975
<i>Die meulenaar</i>	D.F.Malherbe	1926
<i>Dagboek van 'n verraaier</i>	J.C.Steyn	1978
<i>Die burgemeester van Slaplaagte</i>	J.van Bruggen	1922
<i>Laat vrugte</i>	C.M.van den Heever	1939

Tabel 4.11

As ons wil vasstel hoeveel van hierdie tekste vir die eerste keer in die tagtigerjare verskyn het (nie net tekste van die proefgroep nie), kan ons dit só opsom:

<u>Jaar</u>	<u>Hoeveelheid prosatekste</u>		<u>Hoeveelheid tagtigertekste</u>		<u>% tagtiger tekste</u>	
	<i>UP</i>	<i>Unisa</i>	<i>UP</i>	<i>Unisa</i>	<i>UP</i>	<i>Unisa</i>
Een	2	4	1	1	50%	25%
Twee	9	3	0	0	0%	0%
Drie	6	2	2	2	33%	100%
Hons	14	9	8	0	57%	0%

Tabel 4.12

Sleutel: UP = Universiteit van Pretoria  
Unisa = Universiteit van Suid-Afrika

Dit is duidelik dat die meeste van die tagtigertekste wat voorgeskryf is telkens tydens die Honneurstudie bestudeer is. Tog, byna net soos op skoolvlak, is die aantal tagtigertekste wat bestudeer word, laag: slegs elf uit 31 (35%) van die totale aantal voorgeskrewe prosatekste by die Universiteit van Pretoria wat hierbo aangedui word, en slegs drie uit agtien (17%) van Unisa se voorgeskrewe Afrikaanse prosatekste hierbo is tagtigertekste. Dit is egter moontlik dat dosente meer van die ouer tekste behandel omdat hierdie spesifieke werke reeds deur tydsverloop as gekanoniseerde tekste uitgewys is en dié kanon as onderriginstrument hanteer word. Daar kan egter ook geargumenteer word dat dosente nie alleen self kan besluit watter tekste hulle wil

behandel nie, maar studente koop self die boeke aan en dus hoef dieselfde boeke nie vir 'n paar jaar gebruik te word soos wat by sekondêre skole die gebruik is nie.

As gevolg van 'n daling in Blanke skoliergetalle gedurende die tagtigerjare<sup>6</sup>, kan die aantal studente wat Afrikaans op universiteit neem uiteindelik ook nadelig geraak word. 'n Verdere faktor wat tersiêre Afrikaansgetalle vanaf tweedejaarsvlak beïnvloed, is sekerlik die instelling van die vak Afrikaans 102 of 1B by 'n aantal universiteite gedurende die tagtigerjare. Hierdie vak verleen nie toegang tot Afrikaans 2 nie<sup>7</sup> en 'n groot aantal potensiële Afrikaansstudente word moontlik so verloor. 'n Derde - miskien die belangrikste - rede is die toenemende onsekerheid oor die toekoms van Afrikaans wat in die tagtigerjare geheers het. Veral mansstudente is eerder gekanaliseer na rigtings wat groter finansiële voordeel en sekuriteit inhou.

Volgens statistiek wat goedgunstiglik deur die departementshoofde van elke betrokke universiteit aan my beskikbaar gestel is, het die getal voor- en nagraadse Afrikaans studente op elf universiteite in Suid-Afrika en Namibië gedurende die tagtigerjare soos volg daar uitgesien<sup>8</sup>:

---

<sup>6</sup>Volgens M.H.Veldtman (*Mondstuk*, 1990:1) het die getal Blanke leerlinge in Transvaal sedert 1986 met gemiddeld 4944 leerlinge per jaar afgeneem vanaf 533837 leerlinge in 1986 tot 514061 in 1990. Dit het veroorsaak dat die getal onderwysstudente met 'n gemiddeld van 568 per jaar ingekort moes word en vyf onderwyskolleges in 1991 ter wille van rasionalisasie gesluit is.

<sup>7</sup>Die Universiteit van Pretoria laat egter onderskeidingskandidate in Afrikaans 102 toe om die Afrikaans 2 kursus te volg, met die voorvereiste dat addisionele komponente (soos Nederlands) deur sodanige studente geneem moet word.

<sup>8</sup>Hoewel met al die universiteite in Suid-Afrika kontak opgeneem is, het net hierdie elf universiteite gereageer.

Voor- en nagraadse tersiêre Afrikaans studentegetalle

	1980	1981	1982	1983	1984	1985	1986	1987	1988	1989
a 1	627	679	685	660	644	595	596	619	728	910
b 1	-	-	-	1756	1601	1932	2059	1810	2014	2110
2	-	-	-	263	288	301	260	271	248	254
3	-	-	-	115	118	111	139	128	136	100
H1 <sup>9</sup>	-	-	-	19	16	18	19	13	20	20
M	-	-	-	21	27	28	24	28	25	25
D	-	-	-	10	11	12	14	17	18	19
c AP <sup>10</sup>	60	67	78	84	88	86	168	168	143	180
1	46	59	68	72	94	103	115	172	611	949
2	8	9	14	15	21	32	41	48	89	213
3	5	4	5	7	11	16	27	23	32	53
H	2	2	2	3	3	5	4	5	6	3
M	-	-	-	-	-	1	1	1	2	2
d 1	366	326	308	335	289	311	303	302	360	466
2	179	206	197	205	199	147	190	195	171	156
3	146	119	132	153	133	128	113	121	136	124
H	14	13	5	8	9	9	13	5	9	8
e 1	350	358	312	342	285	321	304	344	352	333
1	-	-	-	48	53	33	22	22	19	17
AN1	82	69	99	71	68	61	82	89	89	57
AN2	42	40	24	53	48	33	25	44	47	40
AN3	17	18	14	15	32	28	12	12	23	22
H	6	8	9	9	6	4	6	2	5	4
M	5	6	5	9	9	7	6	4	6	9
D	3	3	2	3	1	1	2	5	4	5

<sup>9</sup>Honneursgrade wat voltooi is in dié spesifieke jaar.

<sup>10</sup>Sedert 1986 sluit die Universiteit van die Noorde se getalle ook hulle Giyani-tak in Gazankulu in.

	1980	1981	1982	1983	1984	1985	1986	1987	1988	1989
f AP	0	12	24	67	50	46	73	40	61	36
1	1	8	27	50	103	113	251	206	152	133
2	0	0	0	12	11	26	34	48	68	59
3	0	0	0	0	4	1	10	5	14	18
H	-	-	-	-	-	-	-	6	5	3
g 1	174	129	157	122	108	162	145	163	152	149
AN	55	55	56	48	60	80	56	38	60	34
AN2	26	25	22	28	24	30	38	21	18	20
AN3	29	19	16	16	15	20	8	10	14	10
ANH	4	4	5	4	4	6	4	1	2	1
M	2	1	2	2	1	1	2	2	2	1
D	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
h AN1	150	161	160	186	187	192	187	158	98	104
ANP	144	113	66	47	69	87	128	142	237	256
AN2	83	71	90	125	113	122	132	119	96	53
AN3	82	59	49	73	93	76	72	77	60	60
H	9	15	17	14	13	12	16	29	28	17
M	9	19	27	32	29	26	19	19	21	27
D	7	11	-	16	12	17	17	15	14	11
i 1	986	930	950	900	900	920	860	925	871	880
2	360	338	340	340	320	340	344	282	250	180
3	259	205	150	150	150	180	176	208	175	150
H	51	58	40	35	30	-	23	28	36	25
j 1	-	-	-	-	13	28	29	31	31	13
1P	-	-	-	-	117	116	198	111	118	104
AN1	-	-	-	-	22	21	27	8	6	5
2	-	-	-	-	4	6	32	12	18	12
AN2	-	-	-	-	6	14	16	6	4	2
3	-	-	-	-	-	-	-	9	5	10
AN3	-	-	-	-	6	4	18	2	4	1
ANH	-	-	-	-	4	1	1	6	3	4
ANM	-	-	-	-	6	7	9	4	6	3
AND	-	-	-	-	8	7	5	3	3	1

	1980	1981	1982	1983	1984	1985	1986	1987	1988	1989
k 1	385	307	299	246	239	332	365	280	349	277
2	182	195	145	162	163	185	208	199	150	143
3	150	124	129	118	89	93	120	112	93	70
H	15	17	12	19	17	16	12	17	7	13
M	14	14	7	15	17	16	23	19	18	17
D	16	15	17	17	14	12	9	9	7	5

Tabel 4.13

**Sleutel:**

a = Die Randse Afrikaanse Universiteit; b = Die Universiteit van Suid-Afrika; c = Universiteit van die Noorde; d = Universiteit van die Oranje Vrystaat; e = Universiteit van Kaapstad; f = Universiteit van Namibië; g = Universiteit van Natal; h = Universiteit van Potchefstroom; i = Universiteit van Pretoria; j = Rhodes Universiteit; k = Universiteit van Stellenbosch.

AI = Afrikaans Intensief, AN = Afrikaans Nederlands, ANP = Afrikaans Nederlands prakties; AP = Professie Afrikaans; 1 = eerste jaar; 2 = tweede jaar; 3 = derde jaar; H = Honneurs, M = MA graad; D = Doktoraal.

Daar moet gewys word daarop dat die Universiteit van Namibië se Afrikaans studentegetalle sedert 1989 drasties afgeneem het: van 'n totaal van 249 studente in 1989 (36 studente in Afr. prakties; 133 in Afr.1; 59 in Afr.2; 18 in Afr.3 en drie honneursstudente) verlaag die getalle in 1990 na 140 studente (sewe in Afr prakties; 75 in Afr.1; 45 in Afr.2; nege in Afr.3 en vier honneursstudente) en in 1991 was die getalle slegs 78 studente (vier in Afr. prakties; 42 in Afr.1; 22 in Afr.2; 10 in Afr.3 en geen honneursstudente nie). Dié afwaartse tendens van ongeveer 68,7% in net twee jaar kan ongetwyfeld o.a. direk toegeskryf word aan Namibië se onafhanklikheidswording en die gepaardgaande afstanddoening van Afrikaans as amptelike landstaal. Dit sou veral interessant wees om die toekomstige studentegetalle in Afrikaans aan hierdie universiteit dop te hou, omdat dit moontlik is dat die Afrikaans departement by hierdie universiteit se lewensvatbaarheid binnekort in gedrang kan kom.

By vyf uit die elf universiteite (die Randse Afrikaanse Universiteit, die Universiteit van Suid-Afrika, die Universiteit van die Noorde, die Universiteit van die Oranje Vrystaat en

die Universiteit van Potchefstroom) is daar egter 'n positiewe groei in studentegetalle sedert die begin van die tagtigerjare tot aan die einde daarvan. So bv. styg die Universiteit van die Noorde se Afrikaans studentegetalle van 356 studente in 1986 tot 1931 studente in 1991 - 'n groei van ongeveer 542%!

J.H.Johl, hoof van die departement Afrikaans aan die Randse Afrikaanse Universiteit, verduidelik in 'n persoonlike brief (1991) dat sy departement bepaalde weerstande teen die vak Afrikaans identifiseer het, maar dat dit uit die weg geruim is:

In 'n hoë mate het dit met betrekking tot die letterkundesegment neergekom op 'n teësin in Afrikaans soos dit op skool ervaar is; in Nederlands (as sodanig); en in fokusse binne die letterkundekurrikulum wat die studente as nie reserant genoeg nie/irrelevant/verstok of hoe ook al ervaar het. Met my aanstelling as voorsitter van die departement het ek toe hierdie gegewens laat verwerk en ons het die hele opset van periodeverdeling, kurrikulering, die persentasie Nederlands, e.d. ingrypend hersien. Saam hiermee is die naam van die departement verander (om die "Afrikaans" hooffokus te maak), en 'n intensiewe bemarkingsveldtog binne en buite die universiteit onderneem (hoofsaaklik binne die bewese voedingsgebied van die RAU).

Hierdie markgerigte benadering en 'n poging om ook studente se belangstellings te akkommodeer, meen hy, is die oorsaak dat daar nie 'n dalende tendens in Afrikaans-studentegetalle by dié universiteit is nie. Dit lyk ook asof die implementering van praktiese kursusse bygedra het tot die getalletoename. Elitistiese normering van Afrikaans word, so lyk dit, bevraagteken en omdat standaardverlagings nie as antwoord beskou is nie, het verskeie universiteite praktiese kursusse ingestel.

As die groottotale van al elf universiteite se aantal Afrikaans studente met mekaar vergelyk word, sien ons dat die getal in 1984 op 7076 en in 1989 op 8987 studente te staan kom. Daar was dus 'n *toename* van 27% in Afrikaans studente! Teenoor die totale aantal eerstejaars (insluitende die praktiese rigtings) van 4346 studente in 1984 by hierdie universiteite (uitsluitend RAU), was daar 6103 eerstejaar Afrikaansstudente in 1989 by dieselfde universiteite ingeskryf - 'n *toename* van ongeveer 40% eerstejaars binne vyf jaar. Hierdie proporsioneel groter styging in eerstejaarsgetalle veroorsaak dus ook 'n moontlike groei in die aantal studente wat hopelik verder sal studeer in Afrikaans.



Hoewel studentegehalte in 'n bepaalde vak nooit 'n volkome juiste weergawe van die werklike histories-sosiologiese posisie van daardie vak kan bied nie, vestig hierdie syfers die aandag op potensiële lesers van Afrikaanse literêre tekste in die tagtigerjare.

#### 4.6. Sensuur in die Afrikaanse letterkunde

As gevolg van die sensuurstelsel waarmee die Afrikaanse lesers van literêre werke in 1974 eerstehands kennis gemaak het toe André P. Brink se *Kennis van die Aand* die eerste Afrikaanse roman geword het wat verbied is, het daar 'n radikale vervreemding en verbittering tussen heelwat skrywers en die owerheid ingetree. In 1977 bevind die Direkoraat van Publikasies ná 'n ondersoek dat *Magersfontein, o Magersfontein!*, wenner van die CNA-letterkundeprys (1976), nié teenstrydig is met die Wet op Publikasies van 1974 (wat die 1963-wetgewing vervang) nie. Tog bevestig die Appèlraad oor Publikasies 'n paar maande later die verbod op die werk. Die rede vir die ongewensdheid van hierdie publikasie word só saamgevat:

Die skrywer het oormatige vieslike taal, oormatige ydelike gebruik van die Here se naam, platvloerse verwysings na ontlasting, masturbasie, die verlies van die maagdelikheid, voorkoming van konsepsie deur seepspoeling, orgasmes, maandstonde, geslagsorgane en prostaatmoeilikheid ingebou in 'n roman, wat letterkundiges hoog aanslaan. Die breë gemeenskap, soos verpersoonlik deur die gemiddelde man, beskou die onderhawige aanwending daarvan egter as 'n skending van die waardigheid van die individu en 'n ingreep in sy eerbied vir seksuele privaatheid; en wel in so 'n mate, dat die boek nie verdere algemene verspreiding verdien nie en dus ongewens verklaar moet word (Van Rooyen, 1978:18).

Die saak word na die Tranvaalse hooggeregshof verwys wat in *Human & Rousseau Uitgewers (Edms) Bpk v Snyman NO 1978(3) SA 836(T)* besluit dat die Appèlraad gefouteer het om te beweer dat die wet hom verhoed om die waarskynlike leserskap van 'n publikasie in ag te neem. Tog handhaaf die Hooggeregshof die verbod op die werk, omdat regter R.P. van Wyk o.a. meen dat die boek in baie opsigte nie die Suid-Afrikaanse werklikheid weerspieël nie, maar wemel van valse bewerings en oordrywings. Veral blankes word "sadisties, aanstootlik en onwelvoeglik" uitgebeeld. Die debat oor hierdie werk verhoog met die toeken van die Hertzog-prys in 1979 aan dié boek.

Op 28 Maart 1980 word *Magersfontein, o Magersfontein!* ontban op grond van die Rumpff-toets waar die gewone moderne leser met 'n gesonde verstand, tesame met 'n substansiële aantal waarskynlike lesers-toets, as maatstawwe geneem word. Betreffende die religieuse aspekte van die boek sê J.C.W.van Rooyen, Voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies (1980-1990):

Selfs al sou die ydelike gebruik neerkom op 'n ingreep in die godsdienstige oortuigings of gevoelens van die Christene, sal die publikasie nog nie aanstootlik wees nie maar bloot as ergerlik beskou word. Die faktor van juiste eksegese daarvan deur die waarskynlike leser, raak volgens die hooggeregshof ook die "aard en graad van aanstootlikheid" en het tot gevolg dat die ergerlike nie oorgaan in die aanstootlike nie (*Magersfontein die dokumente*, 1990:126).

Koos Human bereken dat die regs-koste van die hofsak (reis en verblyfkoste van amptenare en ander geïmpliseerde kostes uitgesluit) R23315 behels het (*Die Burger*, 1990a:12). Dit kan miskien tereg gevra word of sodanige kostes deur die staat t.o.v. een publikasie regverdigbaar is.

In 'n verrassende toespraak gelewer by 'n vakkongres as deel van die halfeeufeesviering van die Universiteit van Pretoria se Afrikaanswording, sê Etienne Leroux dat die verskillende sensuurstelsels oor die jare die Afrikaanse roman miskien minder gekortwiek het as wat 'n mens aanvanklik sou dink. Hy meen dat die houding van groot uitgewers in die veertiger- en vyftigerjare moontlik 'n strengere sensuurstelsel daargestel het waar 'n jong skrywer met 'n andersoortige benadering tot die roman "eenvoudig doodgeknip" (1982:5) is. Sy vrou het egter kort na sy dood erken dat die verbod op *Magersfontein, o Magersfontein!* "in 'n groot mate 'n einde aan sy skrywersloopbaan" gemaak het (H.Anderson, 1990:8).

Sedert 1978 mag die Appèlraad hom laat lei deur die advies van 'n komitee van Deskundiges en kan die Direkoraat voorwaardes stel waaronder werke tog gepubliseer kan word. Die volgende vyf beperkings kan individueel óf gesamentlik gestel word:

- a Ouderdomsbeperkings kan geplaas word op die verkoop, verhuur of uitleen van boeke by biblioteke.
- b Beperkings kan gelê word op die verspreiding deur posorders d.m.v. 'n ouderdomsbeperking van (gewoonlik) 18. Tog is hierdie voorwaarde moeilik uitvoerbaar.

- c Daar kan voorgeskryf word dat bepaalde leesstof slegs in boekewinkels en biblioteke versprei mag word en nie in kafees of supermarkte nie, ten einde blootstelling te beperk. So is Alexis Retief se *Die mense wat nooit vergeet nie* bv. beperk volgens Artikel 47(a) van die Wet op Publikasies.
- d Wanneer naaktheid op die omslag verskyn, mag die voorblad nie misbruik word om verspreiding aan te moedig nie.
- e Wanneer gemeen word dat 'n publikasie gereeld deurgeblaai sal word vanweë die aantal naakfoto's of sketse daarin kan gevra word dat dit in 'n verseëde omhulsel aangebied word (Vertaal uit Van Rooyen, 1987:130- 133).

Die volgende sake is betreffende Afrikaanse letterkundige werke voor die Hooggeregshof gebring:

<u>Hooggeregshofsake</u>	
<i>Naam van saak</i>	<i>Titel</i>
<i>Buren Uitgewers (Edms) v Raad oor Publikasies 1975(1) SA 379(C)</i>	<i>Kennis van die aand</i>
<i>Human &amp; Rousseau Uitgewers (Edms) Bpk v Snyman NO 1978(3) SA 836(T)</i>	<i>Magersfontein, o Magersfontein!</i>
<i>S v Roodt 1983(3) SA 382</i>	<i>Taaldoos 1 en 2</i>

Tabel 4.14

In *S v Roodt* word 'n appèl van Dan Roodt teen die R100 boete weens die uitgee van onwelvoeglike literatuur van die hand gewys. Die beskuldigde het, volgens die hof, die *mens rea* (die wil om te oortree) gehad. In *Buren Uitgewers* word gesê dat *Kennis van die aand* in baie opsigte nie die Suid-Afrikaanse werklikheid weerspieël nie, maar wemel van valse bewerings en oordrywings. Die regter beslis in *Human & Rousseau* dat by die bepaling van wat aanstootlik is vir die godsdienstige oortuigings of gevoelens van enige bevolkingsgroep, die waarskynlike leser-toets nie in ag geneem word nie.

Sedert die verbod op *Kennis van die aand* in 1974, tot aan die einde van die tagtigerjare, is 'n aantal Afrikaanse prosawerke, o.a. twee tekste uit die proefgroep se tekste, naamlik *Sonneskyn en Chevrolet* en *Te hel met ouma!* ongewens verklaar.

Volgens Art.47(2) van die Wet op Publikasies 1974 is die volgende Afrikaanse literêre tekste, soos opgeneem in Jacobsens se *Index of objectionable literature*, ongewens verklaar:

<u>Ongewensde publikasies</u>			
<i>Titel</i>	<i>Skrywer</i>	<i>Datum ongewens</i>	<i>Staatskoerant nr</i>
<i>Skryt: Om 'n sinkende skip blou te verf</i>	Breyten Breytenbach	20/06/75	4748
<i>Selle ou storie</i>	Pieter Dirk Uys	27/06/75	4767
<i>Magersfontein, o Magersfontein!</i>	Etienne Leroux	25/11/77	5810
<i>Struisbaai blues</i>	André le Roux	25/11/77	5810
<i>Donderdag of Woensdag</i>	John Miles	17/11/78	6216
<i>Donderdag of Woensdag</i>	John Miles	14/09/79	6662
<i>'n Droë wit seisoen/ A dry white season</i>	André P. Brink	14/09/79	6662
<i>Sonneskyn en Chevrolet</i>	Dan Roodt	11/07/80	7126
<i>Kommas uit 'n boomzol</i>	Dan Roodt	25/07/80	7157
<i>Te hel met ouma!</i>	André le Roux	06/02/81	7398
<i>Stanley Bekker en die boikot</i>	John Miles	20/02/81	7414

Tabel 4.15

Die Engelse vertaling van André P. Brink se *Kennis van die aand*, getiteld *Looking on darkness*, is op 20 Augustus 1982 in Staatskoerant nr.8344 deur die Appèlraad as nie ongewens verklaar nie, maar mag slegs in hardeband verkoop, verhuur of deur uitleenbiblioteke uitgeleen word en mag nie wetens verkoop of verhuur word of deur uitleenbiblioteke uitgeleen word aan persone onder 18 nie.

In die volgende tabel word die datums van die opheffing van sensuurbepalings weergegee soos dit, volgens Jacobsens, chronologies in die Staatskoerant verskyn het:

Die ontbanning van publikasies

<i>Titel</i>	<i>Datum ontban</i>	<i>Staatskoerantnommer</i>
<i>Keerkring</i>	01/07/77	5630
<i>'n Droë wit seisoen/ A dry white season</i>	23/11/79	6751
<i>Magersfontein, o Magersfontein!</i>	28/03/80	6916
<i>Struisbaai-blues</i>	26/09/80	7241
<i>Te hel met ouma!</i>	16/04/81	7548
<i>Kennis van die aand</i>	16/04/82	8167
<i>Donderdag of Woensdag</i>	25/02/83	8560
<i>Stanley Bekker en die boikot</i>	15/04/83	8651
<i>Looking on darkness</i>	21/02/92	13780
<i>Sonneskyn en Chevrolet</i>	17/07/92	14160
<i>Kommas uit 'n boomzol</i>	02/10/92	14307

Tabel 4.16

*Donderdag of Woensdag* word in 1983 ontban op voorwaarde dat dit slegs op aanvraag beskikbaar mag wees. *Kennis van die aand* se verbod word aanvanklik gehandhaaf omdat die seksuele verwysings daarin gekombineer word met die religieuse, deurdat die hoofkarakter, die kleurling Joseph Malan, se lyding onder die apartheidsregime vergelyk word met die lyding van Jesus. Ook *Stanley Bekker en die boikot* se verbod is aanvanklik gehandhaaf omdat publikasies wat onwettige stakings of boikotte aanmoedig, verbied word. Daar het sedert die einde van 1992 nie een Afrikaanse literêre teks oorgebly wat nog ongewens verklaar is nie.

#### 4.6.1. Die invloed van sensuur op die proefgroep

Dit is verbasend hoe min sensuur-ondersoeke na werke van tagtigerskrywers gedurende die tagtiger- en vroeë negentigerjare aangevra is. 'n Waarskynlike rede hiervoor is die vervanging in 1980 van J.H.Snyman met J.C.W.van Rooyen as Voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies wat 'n veel buigsamer houding teenoor sensuur ingeneem het as sy voorganger. Dit mag wees dat sensuur as 'n afskrikmiddel gefunksioneer het, wat veroorsaak het dat nuwe skrywers gewoon versigtiger was om

die sensuursisteem te toets. Dit sou dus uiters moeilik wees om enigsins 'n idee te vorm van die omvang van sensuur se invloed op die Afrikaanse letterkunde - bloot omdat (waarskynlik talle) potensieel "ongewensde publikasies" gewoon net nie die lig gesien het nie.

Op 9 Maart 1982 word daar geskiedenis gemaak toe Dan Roodt kragtens Art.8(1)(a) van die Wet op Publikasies 1974 (wat bepaal dat niemand 'n ongewenste publikasie of voorwerp mag voortbring nie) voor die hof gedaag word. Vir die eerste keer was letterkundiges bereid om getuienis in 'n strafsak te lewer waarin morele besware aangeteken is teen die publikasie van 'n literêre teks (Warmoes, 1982:35).

In 'n persoonlike brief aan Dan Roodt nadat *Sonneskyn en Chevrolet* verbied is, verduidelik S.F. du Toit, Direkteur van Publikasies, die rede vir die ongewensdheid van die boek:

Die probleem lê spesifiek by die beskrywings op bl 14-17 en 86-87. Dit gaan in die betrokke toneel om seks wat gepaard gaan met geweld, wreedheid en brutaliteit. Daar sou, en met reg, aangevoer kan word dat seks en geweld of liewer die samesnoering daarvan 'n motief is wat enduit volgehou word. Die probleem is dat betrokke beskrywings deur hulle uitvoerigheid en eksplisietheid struktureelstilisties volkome uit die toon val en daarom opval. Die eventuele literêre waarde, waarop trouens al vir die roman aanspraak gemaak is, sal moeilik opweeg teen bogenoemde beskrywings wat selfs die ervare (bv "akademiese") leser aanstoot sal gee. Ook die taal is in die betrokke passasies oor die grens van die toelaatbare heen. Die taal is ook origins kru, maar hier sou funksionaliteit as versagter omstandighede aangevoer word: as aantyging teen, as blootstelling van die huigelry is juis die aanwending van plat taal, soos dié inderdaad voorkom, literêr bruikbaar (1980).

Die vraag wat die Publikasieraad hulself telkens afvra, is of 'n teks oor genoegsame literêre meriete beskik aldan nie om publikasie te regverdig en of die teks nie maar bloot pornografie is nie. Reeds in 1980 het oud-regter Lammie Snyman egter die sensuurstelsel as "'n klaaglike mislukking" (*Hoofstad*, 1980:3) beskryf. Die belangrikste rede hiervoor, voer hy aan, is dat komiteelede en lede van die appèlraad nie oor 'n regsagtergrond beskik nie en gevolglik subjektiewe maatstawwe aanlê wanneer hulle sensuur toepas. T.T.Cloete, self vir tien jaar lid van die Publikasieraad (en lid van die proefgroep), meen in 1987 dat sensuur nie meer bestaansreg het nie omdat dit altyd

selektief is: terwyl kunswerke verbied word, glip "afvallektuur" wat in kafees verkoop word, deur:

As ek nou een sonde op my literêre gewete het, is dit dié kwessie van sensuur. Ek dink nie ons het *iets* positiefs bereik nie; en ek bedoel werklik *niks!* Dit was 'n vergissing. Ek het destyds geloop omdat ek gesien het - goed, ek mag blind gewees het - maar dit was nie die pornografie wat daaronder gely het nie, dit was ons goeie skrywers. Hulle is bygekom" (Le Roux, 1987b:12).

Dit is duidelik dat die oorgrote meerderheid van die proefgroep tagtigerskrywers ook deur die streng sensuurwetgewing geraak is. Dalene Matthee is die enigste lid van die proefgroep wat duidelik meen dat 'n mate van sensuur soms nodig is. In 'n onderhoud sê sy dat, hoewel haar karakters nie te preuts is om in bepaalde omstandighede te vloek nie, sy tog meen dat 'n mate van sensuur nodig is, want "'n mens verkoop nie vieslikhede op straathoeke nie" (Zietsman, 1985:65).

Op die vraag hoe hy daarvoor gevoel het dat *Struisbaai-blues* en *Te hel met ouma!* ongewens verklaar is, antwoord André le Roux:

Ek het nie omgee in die sin dat dit my nie gesteur het nie, gesteur in die sin dat dit 'n mens sou weerhou om nog 'n boek te skryf nie, maar dit is nie lekker nie. Ek dink as ek dit sou verwag het, sou dit ook nie op die uiteinde 'n verskil gemaak het nie (Ellis, 1988:17).

Etienne van Heerden laat hom soos volg oor sensuur uit:

In die groot stilte wat die staat tans aan ons opding, lyk dit asof die politieke vader die oop gesprek - die baljaar van taal - wil vereng tot 'n party-politieke buro-seminaar waar die enigste tong dié is van die staat. 'n Magdom regulasies, gegiet in die standaard-formules van taal as geweld, Afrikááns-as-geweld, sny die tong van die volk uit sy kies. Vir my as skrywer, wat taal wil volg in al sy heerlike moontlikhede, is enige beperking op taal onaanvaarbaar (*Die Burger*, 1987:3).

Strachan (1985:15) beweer egter dat die skrywer in die tagtigerjare hom oënskynlik nie meer steur aan sensuur nie. Die gevolg hiervan, meen hy, is dat die skrywer hom uitsluitlik by die literêre gehalte van sy werk kan bepaal en dat die versoeking nie meer bestaan om só skokkend te wil skryf dat sy boek verbied word en hy op hierdie manier die aandag trek nie.

In tabel 2.23 het ons gesien dat sensuur vir tien van die veertien tagtigerskrywers wat om hulle opinie genader is totaal onaanvaarbaar is, en dat slegs een skrywer glo dat 'n mate van sensuur wel toelaatbaar is. Die meeste van hierdie skrywers meen dat 'n regering (of enige ander instelling) geen reg het om die individu se aanspraak op vryheid en selfekspresie aan bande te lê nie. Byna al die respondente neem 'n redelik sterk tot baie sterk negatiewe houding in teen sensuur en het vraag nege van die vraelys (betreffende hulle houding teenoor sensuur) soos volg beantwoord:

Proefgroep se houding teenoor sensuur

*Positief*

Plato het gesê skrywers moenie toegelaat word om te skryf wat hulle wil nie. Skrywers kan 'n volk moedeloos skryf.

**Negatief**

Afwysend.

Ek het dit beproef - en dit verwerp. Sensuur is altyd selektief en daarom slaag dit nie.

Dit behoort nie die taak van die regering te wees om sensuur toe te pas nie, maar dit behoort die ouer se taak te wees.

Ek is teen alle sensuur, kinderpornografie en pre-sensuur.

Nie-amptelike sensuur is net so onaanvaarbaar soos amptelike sensuur.

Dit moet net in ekstreme gevalle aangewend word - kinderpornografie, blatante aanhitsing tot geweld, skending van privaatheid, ens. Ons het te veel sedelike sensuur.

Ek is heeltemal daarteen.

Ek is daarteen. Vryheid is 'n belangrike Westerse norm.

Ek is teen sensuur in enige vorm.

Dis boos en onaanvaarbaar.



***Beantwoord nie die vraag nie***

Dit is nie meer 'n issue nie. Dit was in die sestiger en sewentigerjare belangriker.

Die begrip sensuur is te verwickeld om in vier reëls (hier) te behandel.

Tabel 4.17

#### **4.7. Literêre prys-polemieke**

Die meeste skrywers (én uitgewers) is natuurlik verheug as hulle werke bekroon word met literêre toekennings. Behalwe vir persoonlike eer en erkenning wat onvermydelik met 'n prestige-toekenning saamhang, styg sodanige werke se verkope gewoonlik ook drasties. Tog gebeur dit soms dat daar ontevredenheid is oor die bekroning van 'n literêre werk en word bewerings gemaak soos dat beoordelaars selektief aangewys word, sekere belangrike skrywers doelbewus oorgesien word by die toeken van pryse, ens. Veral twee toekennings aan twee van die proefgroep se tekste het gedurende die laat tagtigerjare aandag getrek vanweë die kontroversie wat dit veroorsaak het:

##### **4.7.1. Die hemel help ons**

In 1988 is 'n literêre storm onder lesers, skrywers en lede van die uitgewersbedryf ontketen toe die Rapportprys aanvanklik aan *Die hemel help ons* toegeken is maar daarna teruggetrek is, hoewel Prinsloo uiteindelik wel die R15000 prysgeld ontvang het. Hierdie besluit deur die direksie van Rapport-uitgewers om nie die prys toe te ken nie, het groot finansiële implikasies ingehou. Rapport het, word gespekuleer, moontlik selfs so veel as R60000 verloor nadat alle reëlins vir die toekenningsfunksie inderhaas gekanselleer is (*Die Volksblad*, 1988a:1).

Ten spyte daarvan dat die beweerde belastering van die eertydse Staatspresident, mnr P.W.Botha, in dié boek (*De Kat*, 1988:88) deur 'n groot aantal mense veroordeel is, het baie skrywers gemeen dat die sogenaamde onliterêre redes vir die terugtrek van die Rapportprys aan hierdie werk nie aanvaarbaar is nie. Verskeie persone en instansies

het heftig, maar verdeeld, hierop in die pers gereageer. Die belangrikste opinies kan soos volg opgesom word:

Reaksie op die terugtrek van die Rapportprys

*Kritikus*

*Opinie*

Chris Barnard (voorsitter van die Afrikaanse Skrywersgilde)

Geen literêre prys kan meer as 'n literêre prys deurgaans as dit om nie-literêre redes weerhou word nie. Dit is regtig so eenvoudig soos dit. Die Rapportprys het binne 'n paar jaar naam gekry as die land se belangrikste literêre prys. Dis tragies dat 'n enkele man met 'n enkele besluit (verwysend na W.van Heerden as voorsitter van die direksie van Rapport-uitgewers - JDH) dit alles tot niet kon maak (*Die Volksblad*, 1988b:11).

Breyten Breytenbach (eerste wenner)

G'n hemel sal ons kan help teen die Bothas, die Van Heerdens, die Treurnichts of die Terre'Blanche's nie (P.Pieterse, 1988:28).

A.P.Grové (beoordelaar)

My taak betreffende die Rapportprys was om 'n keuse uit te oefen. Ek het dit gedoen en is daarvoor betaal. Dit is egter ook die organisasie wat dié toekenning finansier se reg om die prerogatief uit te oefen om, vir welke rede ook al, die prys nie toe te ken nie (Boekkooi, 1988:39).

Antjie Krog (wenner in 1987)

Die feit dat *Rapport* die prys nie vir iemand wil gee wat 'n plat uitdrukking teen die staatspresident gebruik het nie maar dit gelede vir iemand gegee het wat amptelik lid is van die ANC (Breytenbach), dui vir my op die toenemend siek benepenheid wat simptome geword het van die regeringse "clamp-down" op enige kreatiewe denke in die land (P.Pieterse, 1988:29).

Charles Malan (hy was nou gemoeid met die instelling van die prys)

Dit is onvergeeflik dat twee pryse (verwysend na die Rapport-prys en die Luyt-prys - JDH) gesnuwel het weens buite-literêre oorwegings. Dis 'n droefgeestige toestand (Boekkooi, 1988:39).

Lucas Malan (mededinger)

Dit weerspieël 'n verstommende naïwiteit ten opsigte van die literêre toneel van vandag (P.Pieterse, 1988:30).

**Gerrit Olivier (mededinger)**

Wat gebeur het, is 'n belediging vir die skrywer en die beoordelaars en deurdat *Rapport* sy eie prys vernietig het, bewys hy eintlik dat die prys vir niks anders as eie gewin ingestel is nie (P.Pieterse, 1988:30).

**Henriette Roos (beoordelaar)**

By die uitnodiging om as beoordelaar vir die Rapport-prys deel te neem, was daar geen aanduiding dat die direksie van *Rapport* ooit sou kon ingryp nie. Dat dit wél gebeur het, is vir my 'n vorm van "kontrakbreuk" omdat die uitnodiging so iets nie voorsien het nie (Boekkooi, 1988:39).

**Taurus (redakteure)**

Ons spreek ons misnoeë uit oor die manier waarop die Rapport-prys vanjaar van Koos Prinsloo weerhou is. Dit blyk dat die dooie hand van sensuur ook hier ingegryp het om onder meer van die prysreglement 'n bespotting te maak (P.Pieterse, 1988:27).

**Etienne van Heerden (mededinger)**

Tot tyd en wyl die direksie van *Rapport* uitdruklik sou onderneem om die beoordelaarsproses ongehinderd te laat geskied ('n utopiese hoop), sal die Rapport-prys só gestigmatiseerd wees dat geen skrywer meer kan toelaat dat sy boek voortaan vir beoordeling voorgelê word nie. Dit is seker een van die grootste skandale wat ons literêre lewe in 'n lang tyd gesien het (P.Pieterse, 1988:30).

**Rykie van Reenen (beoordelaar)**

Van die tradisionele demokrasie in die letterkunde bly daar nou niks oor nie. Die besluit oor die Rapport-prys herinner 'n mens ook aan 'n ou patroon in die toekenning van die Akademie vir Wetenskap en Kuns se Hertzog-prys: dat die literêre komitee 'n bekroning aanbeveel en dat dié besluit dan van bo af geveto word (P.Pieterse, 1988:27).

**Manie van Rensburg (beoordelaar)**

Die nie-toekenning van die prys het alles belaglik gemaak. Die prys was nie-polities, en dís hoekom hy soveel prestige gehad het. Hoe kan 'n mens *Rapport* ooit weer glo wanneer hy boekresensies plaas? (P.Pieterse, 1988:28).

Johan van Wyk (akademikus)

My aanvanklike reaksie was dié van skok omdat Rapport deur die jare - veral in die sewentigs - belangrike werk vir die letterkunde gedoen het. Maar nou het die aard van die letterkunde asook die politieke situasie verander. In 'n sekere sin is dit wat gebeur het 'n goeie stap. Skrywers sal nou gedwing word om hulle los te maak van instellings soos die media, borge, uitgewers, pryse, ensovoorts ... Die Rapportprys was té eksklusief gerig op die Afrikaner (Boekkooi, 988:39).

Tabel 4.18

Ten spyte van die oorwegend skerp kritiek deur skrywers en kritici teen die terugtrekking van die prys, het verskeie lesers hulle misnoeë met die inhoud van die boek uitgespreek. So wens J.Retief, 'n leser, die direksie van *Rapport* geluk met die nie-bekroning van *Die hemel help ons* met die Rapport-prys en skryf die volgende:

Prinsloo slaag daarin om sy eie misrabele menswees op die leser af te druk. Sy boek is 'n ontstellende bundel wat met alle morele waardes van ons Afrikanervolk spot. Die skrywer se verwronge sin van waardes staan direk in teenstelling met alles wat vir die Afrikaner belangrik is (1990:8).

'n Regstreekse gevolg van die ongelukkigheid oor die terugtrek van dié prys is dat die Rapport-prys nie weer toegeken is nie. In 1990 word die Rapport se Boeke van die Jaar-prys ingestel wat jaarliks in vier kategorieë toegeken sal word.

#### 4.7.2. Liegfabriek

Waar die pryspolemieë rondom *Die hemel help ons* gehandel het oor die terugtrek van die Rapport-prys, is dit juis die *toeken* van die ATKV-prys vir gewilde prosa (1989) van R12000 aan Etienne van Heerden se bundel kortverhale *Liegfabriek* wat deur heelwat literatoure en lesers skerp gekritiseer is. Selfs J.C.Kannemeyer meen dat, hoewel *Liegfabriek* 'n belangrike werk is, dié prys nie daaraan toegeken moes word nie, omdat die bundel nie 'n gewilde literêre werk is nie. Sodoende, beweer hy, is die werk deur die toekenning van die prys "inhoudloos" gemaak (*Oosterlig*, 1989:6).

Hy beveel aan dat onderskei moet word tussen werke van uitsluitlik belletristiese belang en werke met literêre verdienste wat terselfdertyd by die algemene leser gewild

is. Verder, sê hy, behoort klousules in die toekenning van die prys ingebou te word om aan die beoordelaars duidelike riglyne te gee van wat onder goeie gewilde prosa verstaan kan word.

Ook Gerrit Olivier meen dat Van Heerden se werk nie as gewilde prosa beskou kan word nie, vanweë die fyn literêre tegniek en kompleksiteit wat die skrywer toepas. Henriette Roos wys daarop dat 'n groot groep lesers dit nie as aangename leesstof sal beskou nie en dat sy self sommige stukke in die boek nie verstaan het nie (prof. Roos is 'n hoogleraar in Afrikaans aan Unisa - JDH). In aansluiting hierby meen Fanie Olivier dat *Liegfabriek* "met die beste wil ter wêreld nie as goeie gewilde prosa beskou (kan) word nie" (Munnik, 1989:16).

Malan (W.Pretorius, 1989:1) sien egter ook iets positiefs in hierdie prystoekenning vir *Liegfabriek* wat, volgens hom, op twee vlakke beweeg en van gewilde sowel as literêre meganismes gebruik maak. Die toekenning van die prys, meen hy, kan help om die kunsmatige skeidslyne tussen hierdie groeperinge af te breek.

M.E.de Beer (1989:5), 'n leser, skryf in 'n brief aan *Beeld* dat *Liegfabriek* miskien goeie verhale bevat, maar beslis nie gewilde verhale nie. Hy/sy meen dat die skrywer nou bekroon word met 'n prys wat eintlik iemand anders toegekom het en dat Jan van Tonder se *Is Sagie* en Engemi Ferreira se *Die jaar toe my ma begin sing* het veel sterker aanspraakmakers op dié prys behoort te gewees het. De Beer pleit dat daar nie van ernstige literatoure gebruik gemaak moet word om hierdie prys toe te ken nie.

D.le Roux, ook 'n leser, sê dat sy *Liegfabriek* gekoop het omdat dit 'n prys vir goeie gewilde prosa ontvang het, maar dat sy teleurgesteld was met dié teks:

Ek het die boek nie eens klaar gelees nie, want in my soeke na die beloofde "goeie en gewilde prosa" is ek telkens blootgestel aan die kruuste, mees platvloerse en onsmaklikste dialoog. As dít is wat volwassenheid in literatuur beteken, sê ek nee, dankie. En dat juis die ATKV, wat die taal en kultuur moet bevorder en beskerm, so 'n boek bekroon, gaan my verstand te bowe.

Ons, die groot lesende publiek wat van goeie, skoon literatuur hou, is absoluut weerloos en uitgelewer aan elke skrywer wat van wat ook al ontslae wil raak. Nie eens die bekroning van werke is 'n aanduiding van wat ons ter hand neem om

te lees nie. Hoe op aarde moet ons weet dat ons by die aankoop van 'n nuwe boek nie ongevraag aan sulke snert blootgestel sal word nie? (1989:4).

Na aanleiding van die polemieë erken Van Heerden:

Dit was vir die ATKV 'n traumatiese ding. Eerstens oor die debat wat nou gewilde prosa en wat ernstige literatuur is; wat my betref 'n nie-debat. Weer eens is dit tipies Afrikaans. Ons wil alles in kategorieë indeel. Ek bedoel, in Amerika word ernstige skrywers gewild gelees. Dis vir my 'n kunsmatige ding (Prinsloo, 1989:15).

Ia van Zyl (1989e:5) wonder hoe die breë publiek hierdie "goeie gewilde" prosateks moet interpreteer as selfs vooraanstaande literatore erken dat hulle nie alles in die bundel verstaan nie. Die postmodernistiese elemente in die verhaal, meen Van Zyl, slaag nie en hierdie bundel kan dalk as bewys dien dat 'n poging om grense tussen literatuur en letterkunde uit te wis, nie suksesvol kan wees nie.

#### 4.7.3. Toorberg

In 1989 word die Hertzog-prys aan Etienne van Heerden se *Toorberg* toegeken. Aanvanklik was Van Heerden huiwerig om dié prys te ontvang, omdat hy in 1987 uit die Akademie vir Wetenskap en Kuns bedank het nadat dié organisasie erelidmaatskap aan die Staatspresident, mnr. P.W.Botha, toegeken het. Hy verduidelik:

Ek het gevoel dat die Akademie hom op dié manier ingelyf het by die staatsoptrede. Ek was vieserig daarvoor en het uit protes bedank. Nou was die hele vraag vir my - en dis waarvoor ek moes besluit: of ek 'n prys kan aanvaar van die liggaam waaruit ek bedank het. Ek moes eenvoudig vrede in my hart kry dat ek wel die Hertzogprys kan aanvaar.

Wat my laat besluit het om dit wel te doen, is die lang lys van vorige wenner, want ek glo 'n prys kry sy statuur veral van vorige aanvaarders van daardie prys - al is die liggaam wat dit toeken nie vry te spreek van kultuur-politiek nie en al was daar omstredenheid juis rondom die Hertzogprys (Le Roux, 1989a:1).

In reaksie op Van Heerden se huiwering om dié prys te aanvaar, het verskeie skrywers gesê dat hulle niks met die prys te doen wil hê nie, omdat dit die smet van die establishment se goedkeuring wegdra. Volgens Brink is die prys die seël van die establishment en bedreig dit 'n mens se onafhanklikheid as skrywer. Hy meen dat die Hertzog-prys vir skrywers 'n verleentheid geword het omdat dit 'n teken is dat jy deur

die establishment aanvaar word. Jeanne Goosen meen weer dat as mens op die kortlys vir hierdie prys beland, dit 'n waarskuwing is dat mens te veilig begin skryf (H.Grobler, 1989a:2). 'n Verdere probleem met hierdie prys waarop Grobler wys, is dat talle van die ouer skrywers meen dat die paneel wat die beoordeling doen deur die Nasionale Party geïnfiltreer is en die prys dus onderhewig is aan die Nasionale Party.

Net soos by die toepas van sensuur, kan die toeken of nie-toeken van literêre pryse deur hekwagters, of deelnemers aan die literêre bestel, skrywers en kritici antagoniseer. Dit kan veroorsaak dat skrywers geïnhibeerd raak in dit wat hulle skryf, of selfs ophou skryf. Ongelukkig is dit egter nie moontlik om die gevolge van hierdie inmenging van die literêre kanaal op die produktiwiteit of kwaliteit van 'n skrywer te meet nie.

#### **4.8. Die rol van die Afrikaanse Skrywersgilde in die tagtigerjare**

Die Afrikaanse Skrywersgilde ontstaan uit Johannesburg se Werkgemeenskap van die Afrikaanse Skrywerskring. Die Broederstroomberaad van 9-11 Julie 1975 kan as formele stigtingsdatum beskou word met Bartho Smit, Chris Barnard, John Miles, Ampie Coetzee en P.G. du Plessis as stigterslede. Smit sê in *Skrywer en gemeenskap* (1985: 14), waarin 'n seleksie van tien jaar se Gilde-referate opgeneem is, dat die Gilde in sekere opsigte as 'n vakbond funksioneer met 'n sterk oorredingsmag waarmee hy in belang van die skrywer kan beding. In besprekings tydens vergaderings word op veral drie belangrike sake klem gelê: apartheid; die bevordering van Afrikaans en die netelige kwessie van sensuur. In een van die klousules van hulle grondwet word hulle standpunt betreffende sensuur só verduidelik:

Die Gilde spreek sy afkeur uit van staatsensuur oor letterkunde soos geformuleer in die Wet op Publikasies van 1974 en sal alles in sy vermoë doen om die nadelige uitwerking daarvan teen te gaan. Geen persoon wat hom verbind aan 'n staatsliggaam wat beheer wil uitoefen oor letterkunde sal derhalwe kwalifiseer vir lidmaatskap van die Gilde nie (Malan & Smit, 1985:8).

Charles Malan wys daarop dat die Gilde die enigste Afrikaanse kultuurorganisasie is wat hom openlik ten gunste van demokratisering verklaar het en sedert sy stigting in 1975 oop is vir skrywers van alle rasse (Munnik, 1987:17).

Die volgende Afrikaanse Skrywersgilde-berade is tydens die tagtigerjare gehou (nuwe voorsitters word telkens gedurende die beraad aangewys):

<u>Afrikaanse Skrywersgilde-berade</u>			
<i>Datum</i>	<i>Vergaderplek</i>	<i>Nuwe voorsitter</i>	<i>Sentrale temas</i>
1980	Maselspoort	Abraham de Vries	Die skrywer en die kerk
1981	Gordonsbaai	Abraham de Vries	Vervreemding
1982	Buffelspoort	Jan Rabie	Het Afrikaans die Afrikaner ontgroeï?
1983		Geen vergadering word gehou nie.	
1984	Gordonsbaai	Elsa Joubert	Die skrywer en sy ambag
1985	Johannesburg	George Weideman	Konflik-letterkunde(s) - strominge in Suid-Afrika
1986	Windhoek	Abraham de Vries	Skrywer en bevryding
1987	Gordonsbaai	Chris Barnard	Die boek in nood
1988	Broederstroom	Jeanette Ferreira	Geen spesifieke tema nie
1989	Broederstroom	Charles Malan	Die rol van die skrywer in die demokratisering

Tabel 4.19

H.Grobler wys daarop dat, van die 50 persone wat die 1979 Gildeberaad bygewoon het, slegs 12-15 skrywers per dag by die verrigtinge teenwoordig was. Sy meen dat, hoewel die gevestigde skrywers daar was, min jong skrywers aanwesig was, sodat dit lyk "asof die jongeres òf uitgekuier is met die Gilde òf die handdoek ingegooi het òf in die kenmerkende passiwiteit van die jonger geslag verval het" (1979:18). In tabel 2.17 het ons gesien dat slegs vyf van die veertien respondente in 1989 betrokke was by die Gilde. Dit wil dus voorkom asof die situasie gedurende die tagtigerjare nie veel verbeter het nie.

Een van die ernstigste krisisse in die Gilde vind gedurende 1989 plaas weens die ondersteuning aldan nie van die ANC se akademiese en kultuurboikot asook die vraag of die Gilde betrokke moet raak by die BSB (Die Breë Demokratiese Beweging). Die skrywers wat tydens die Watervalberaad in Julie 1989 met die ANC gepraat het sien die boikot nie as sensuur nie, maar as 'n "taktiek om die Suid-Afrikaanse



apartheidsheerserskultuur te isoleer" (*Die Transvaler*, 1989b:7). Tydens dieselfde vergadering word 'n nuwe grondwet aanvaar met as hoofdoel om hom afsonderlik, en waar doenlik op gemeenskaplike voet met verwante organisasies, te beywer

vir die vestiging en instandhouding van 'n nie-rassige, nie-seksistiese, demokratiese en verenigde Suid-Afrika waarin sensuur en kulturele isolasie opgehef en spraak- en skryfvryheid verseker word (Le Roux, 1989b:4).

Volgens P.H.Roodt (1987:61) was die Gilde se aandeel "alles behalwe gering" in die daarstel van die huidige, soepeler sensuurbedeling. Hy beskou die uiteenlopende onderwerpe wat op vergaderings bespreek is en die referate wat tot dusver gelewer is as 'n boeiende aspek van die Gilde se werksaamhede. Die groot aantal mosies wat meesal eenparig aangeneem is, sê hy, laat mens idealisties hoop dat die Gilde kan help om die probleme van die land aan te spreek. Ook pak Elsa Joubert, Klaas Steytler en Jan Rabie die tekort aan Afrikaanse boeke en tydskrifte in swart en bruin skole aan, seminare vir Afrikaans onderwysers word deur die Gilde geïnisieer, daar word gehelp met die voorskryf van boeke en skrywerskontrakte asook die beskikbaarheid van belangrike skrywers se boeke in biblioteke. Baie van die Gilde se belangrikste werk tot dusver, meen Roodt, ontvang min publisiteit.

In 1982 is 'n projek van stapel gestuur vir die hersirkulering van boeke en in 1988 stig die Gilde 'n trust vir taal en letterkunde wat onafhanklik van die Gilde sal funksioneer en wat, onder andere, ten doel het:

- 1 Die aanmoediging van verdienstelike taal- en letterkunde studente deur o.a. die toeken van beurse.
- 2 Geldelike hulp aan behoeftige skrywers.
- 3 Die bevordering van literêre kontak tussen die land se taalgroepe.
- 4 Die beskerming van skrywers, boeke en die letterkunde teen onbillik beperkende maatreëls (Le Roux, 1988a:3).

Op 'n vraag aan Charles Malan, 1989 voorsitter van die Gilde, wat sy toekomsvisie vir die Gilde is, antwoord hy:

Een van ons grootste take is om die rol van Afrikaans in 'n toekomstige Suid-Afrika te help bepaal. Letterkunde moet verpopulariseer word terwyl die vakbelange van alle skrywers steeds bevorder word. Ons bydrae lê nie op die vlak van slagspreuke, stereotipering en 'n onkritiese meelopy nie (Le Roux, 1989b:4).

Die Skrywersgilde is en was vanaf sy ontstaan 'n kontroversiële organisasie. Ten spyte van verskeie onderlinge twispunte beklee hierdie organisasie egter 'n baie belangrike posisie in die literêre kanaal. Tog lyk dit nie asof dié organisasie veel leiding ontvang het van die jonger Afrikaanse skrywers nie.

#### 4.9. Die "little magazines" van die tagtigerjare

Die bestaan van klein avant-garde protestydskrifte as synde 'n doelbewuste standpuntinname téén hoofstroomletterkunde, was in die tagtigerjare nie iets heeltemal nuuts in die Afrikaanse letterkunde nie. Verskeie klein tydskrifte in vele tale, soos *Wurm* (1966), *Ophir* (1967), *Kol* (1968) *Bolt* (1970), *Izwi* (1970), *Donga* (1976-78) en *Vlieg* (1978-79), het reeds sedert die sestigerjare ontstaan, maar het gewoonlik ook baie gou weer verdwyn. Ook die tydskrif *Sestiger* (1963-1965) en die tweetalige literêre blad *Contrast* (1960-89), wat (oorwegend Engelse) eksperimentele verhale en gedigte gepubliseer het, het publikasiegeleenthede aan jong skrywers gebied.

'n Groot verskeidenheid kleiner tydskrifte het gedurende veral die vroeë tagtigerjare in Afrikaans verskyn. Hierdie "little magazines" het, soos ons in hoofstuk 4.10. sal sien, 'n forum gebied vir publikasies van die proefgroep en vervul 'n baie belangrike rol binne die literêre kanaal. J.L.Marais verduidelik soos volg:

Tagtig is ongetwyfeld die tydperk van die tydskrif: Daar was nog nooit soveel tydskrifte van wisselende gehalte waar jong skrywers hulle werk kon publiseer nie. Hier word groei gestimuleer en dis 'n belangrike leerskool en sorteertafel vir latere publikasies (1983:2).

Die term "little magazine" is nie so maklik definieerbaar nie. Binne 'n Suid-Afrikaanse konteks kan hierdie term bv. sekerlik nie in die eerste plek na die oplaaggrootte verwys nie, want dan sou tydskrifte soos die *Tydskrif vir letterkunde* en die destydse *Standpunte* ook hieronder moes ressorteer. Tog het aldrie hierdie tydskrifte egter sterk steun: die *Tydskrif vir letterkunde*, wat reeds sedert 1951 bestaan, is die amptelike mondstuk van die Afrikaanse Skrywerskring en is finansieel deur die vorige departement Onderwys en Kultuur (Volksraad) en die Afrikaanse Persfonds ondersteun. *Standpunte*, wat in 1986 ontbind het, is deur die Nasionale Boekhandel gedra.

Kannemeyer (1988:459) wys op twee belangrike raakpunte tussen "little magazines":

'n Gemeenskaplike kenmerk van die meeste van hierdie tydskrifte is dat hulle skerp teen sensuur gekant is en - met die uitsondering van *Ensovoort* fel teen die heersende politieke orde in Suid-Afrika te velde trek.

Die toets vir so 'n tydskrif se bestaansreg, meen J.L.Marais (1981:2), behoort te wees of hy 'n bepaalde bydrae tot die literatuur lewer. Sodanige tydskrifte mag dus nie net as (subjektiewe) mondstuk vir die redaksie dien nie. Verder waarsku hy dat die blote feit dat 'n tydskrif oorleef nooit *per se* beskou behoort te word as bewys van die tydskrif se bestaansreg nie. 'n Paar van die belangrikste "little magazines" van die tagtigerjare is (in alfabetiese volgorde) die volgende<sup>11</sup>:

*Brug* was sedert 1980 die mondstuk vir die Vereniging van Afrikaanse Skrywers en Lesers vir Kultuurbevordering (VASLEK). Hierdie tydskrif beywer hom om die leemte tussen hoë literêre werke en die boekklubboek te vul. *Brug* wil dus middelmoet letterkunde bevorder en lewer nie politieke protes teen die bestaande regime nie, maar eerder teen die elitistiese kloof wat in die Afrikaanse letterkunde ontstaan het. Ten spyte van sy eiesoortige protes kan hierdie tydskrif moontlik as 'n "little magazine" beskou word.

*Ensovoort*, 'n tydskrif vir poësie, het tussen 1981-1985 in Pretoria bestaan met Johann Lodewyk Marais as redakteur. Die doel van hierdie tydskrif was om 'n publikasiegeleentheid vir veral jonger digters te bied met literêre meriete as enigste maatstaf. *Ensovoort* was een van die min "little magazines" wat nie gepoog het om 'n politieke standpunt te stel nie. In 1995 herleef *Ensovoort* weer in 'n nuwe vorm waarin prosa ook aandag kry.

Tussen 1979-81 gee Johann de Jager die tydskrif *Esel* (met 'n oplaag van ongeveer 200) uit. Nie alleen Afrikaanse prosa en poësie nie, maar ook Hollandse en Vlaamse bydraes verskyn in hierdie tydskrif.

---

<sup>11</sup>Vanweë gebrekkige inligting - ten spyte van die gewaardeerde hulp van Louis Esterhuizen en Johann de Jager - is hierdie verkenning egter nie heeltemal volledig nie.

In Julie 1980 besluit die Kaapse Groep, bestaande uit Etienne van Heerden, Louis Krüger, Dawie de Villiers, Francois de Jongh, Willie van der Merwe, Marlette Lindsay, Pine Pienaar, Christo Leach, Ina van Zyl, Maria Rautenbach, Thérèse Bartman en Louis Serfontein (volgens *Graffier* 2, p.20), om 'n letterkundige blad te stig en in Augustus verskyn die eerste *Graffier* met Etienne van Heerden as redakteur. Hoewel hierdie groep uit 'n aantal jong Kaapse skrywers bestaan het, is daar duidelik gepoog om die tydskrif wyer as net in Kaapland te versprei. In 'n persoonlike brief aan J.L. Marais (1980), sê Van Heerden bv.: "Ons wil allermins 'n Kaapse tydskrif word". Hierdie tydskrif (wat gedeeltelik deur Perskor geborg is), bestaan tussen 1980-82. Van Heerden stel die funksie van die tydskrif soos volg:

In die tradisie van *Donga*, *Inset*, *Wurm*, *Taaldoos*, *Spado* en vele ander wil hierdie blad ruimte gee aan die jong skrywer wat óf 'n gly vang aan die literêre establishment, óf weens praktiese redes nie kans sien om 'n jaar te wag voordat sy aanvaarde bydraes uiteindelik in 'n tydskrif soos *Standpunte* verskyn nie (*Graffier*, 1980:2).

*Graffier* kon spog met van die grootste oplaes vir hierdie klein tydskrifte: 'n eerste oplaag van 1000, 'n tweede van 1200 en 'n derde van 1400. (Hierteenoor word *Tydskrif vir Letterkunde*, wat as "hoofstroom-tydskrif" bekend staan, in oplaes van tussen 1750 en 2000 uitgegee). As gevolg van die onttrekking van Perskor se borgskap is *Graffier* egter na slegs ses uitgawes beëindig.

*Inspan* vol.2, nr.1 (met 'n oplaag van 450), se redaktrise, Isabel Hofmeyr, word aangekla weens die uitgee van 'n ongewenste publikasie omdat van die poësie en prosa in die tydskrif volgens die staat godslasterlik, onweloweglik en gevaarlik is vir staatsveiligheid. Sy word egter onskuldig bevind op bogenoemde aanklagte.

Geen keuring vind plaas vir die tydskrif *Kabelkarnimfe* nie en bydraes word anoniem geplaas. Verskillende redakteurs neem telkens die leiding en oplaaggroottes verskil ook gevolglik.

*Komma* wil 'n versoeningsrol speel tussen skrywer en leser, maar ook, soos *Brug*, tussen hoë letterkunde en meer toeganklike leesstof. Ook is dié blad voornemens om die Afrikaanse boek weer sy regmatige plek op die boekrak te help kry (*Komma*,

1989:4). Hierdie ideale realiseer egter nie, omdat net twee uitgawes verskyn. Net een uitgawe van *Skryf* met Shawn Minnies as redakteur sien in 1987 die lig.

*Spado* (1980) het Afrikaanse en Engelse prosaen poësiebydraes geplaas (met 'n gemiddelde oplaag van 300). Ná drie uitgawes smelt *Spado* weens finansiële redes saam met *Graffier* en terselfdertyd word *Graffier* losgemaak van Die Kaapse Groep wat hom oorspronklik op die been gebring het. Die redaktrise was Avril Beukes.

Betreffende die doelwitte met *Stet*, sê Gerrit Olivier, die redakteur: "Ons het geen program nie, behalwe dat ons teen apartheid en sensuur is, maar dit beskou ek al amper as vanselfsprekend" (*Die Transvaler*, 1982:11). Hierdie tydskrif is gedeeltelik deur die eertydse Taurus geborg en is miskien die enigste van die klein tydskrifte wat vandag nog bestaan, hoewel uitgawes ongereeld verskyn.

Volgens sy redaksie is *Taaldoos* (met 'n oplaag van ongeveer 500) nie 'n tydskrif of nuwe literêre beweging nie, dit is nie kleurgebonde nie en gekant teen feitlik alle opvattinge(!) Dit wil repressie teengaan deur op alle gebiede te oortree (Galloway, 1980: 142). Vanweë die pornografiese aard daarvan is albei uitgawes van 1980 verbied en die redakteur, Dan Roodt, word vervolg. Op 8 Maart 1982 word hy 'n R100 boete opgelê omdat, meen die hof, dit Roodt se intensie was om 'n verbode publikasie die lig te laat sien. In sy verdediging van *Taaldoos* voor die hof sê Gerrit Olivier:

Die skokfaktor wat teenwoordig is, is daarop gerig om aan die leser wat meen dat sekere reëls en konvensies in die letterkunde geld, te wys dat dit verbreek kan word (*Beeld*, 1981:14).

*Hunch*, die eerste tydskrif waarvan André Letoit redakteur was (met 'n oplaag van slegs 12!), het in 1980 verskyn. Daarna het hy een uitgawe van *Graffiti* (as bylaag tot *Graffier*) uitgegee, sowel as *ouma* waarvan twee uitgawes verskyn het en aan 'n beperkte groep mense beskikbaar gestel is (R.Marais, 1983a:6). Hierdie twee tydskrifte is ingelyf in *Tagtiger* wat in 1982-83 gefotostateer, handgebind en sonder bladsyverwysings in die Kaap verskyn.

*Tagtiger* was 'n literêre punk-tydskrif onder aanvoering van André Letoit en Stephan Philander. Philander (1982:5) dui die doel van die tydskrif in sy redaksionele artikel soos volg aan:

Hierdie is 'n nuwe tydskrif wat sal poog om geen noemenswaardige bydra tot die literêre toneel te maak nie. Ons sal ná twee uitgawes ophou bestaan. Ons is totaal irrelevant en is selfs van onself vervreemd. Ons het niks teen Jan van Riebeeck nie.

Volgens die tweede uitgawe van *Tagtiger* was dié blad se eerste oplaag 82 en die tweede 200.

Ses uitgawes van *The Bloody Horse* verskyn in 1980-81. Dit was hoofsaaklik 'n Engelse tydskrif, maar Patrick Cullinan, die redakteur, plaas ook enkele Afrikaanse bydraes.

*Upstream*, 'n poësietydskrif, verskyn in die vroeg tagtigerjare met oorwegend Engelse, maar ook Afrikaanse, bydraes.

*Vlieg*, as lyfblad van die letterkundekring van die Universiteit van Pretoria, het vier uitgawes tussen Junie 1978 en Oktober 1979 beleef. Op 7 Mei 1979, ná die derde uitgawe, word Hans Pienaar as hoofredakteur, sowel as al sy redaksielede, deur die destydse rektor van die Universiteit, prof Hamman, uit die redaksie geskors weens (volgens prof Hamman) onbetaamlikheid en godslastering in *Vlieg iii*.

Die invloed van hierdie nonkonformistiese tydskrifte op die Afrikaanse letterkunde van die tagtigerjare is nog nie duidelik nie. Nie alleen groot hoeveelhede skeppende werk nie, maar ook heelwat kritiese werk, letterkundige artikels, ens. is gepubliseer. 'n Deurlopende tema wat telkens manifesteer is die geweldige negatiewe teen enige vorm van sensuur.

Die "little magazines" het, soos nooit tevore in die Afrikaanse letterkunde nie, ruimte gebied vir eksperimentele werk en werk wat deur gevestigde uitgewers op daardie stadium as te gewaagd beskou is. Aan die begin van die negentigerjare verskyn

kontroversiële werke soos die poësiebundel *Nagsweet* (1991) by Taurus-uitgewers en die "gewaagde" maar meermale bekroonde roman *Griet skryf 'n sprokie* (1992) by die gevestigde Tafelberg-uitgewers. Dit laat die indruk dat die doel van die "little magazines", naamlik om 'n forum vir alternatiewe letterkunde te skep, tot 'n groot mate uitgedien is, hoewel elke nuwe generasie waarskynlik behoefte sal hê aan 'n eie publikasie.

Een van die belangrikste redes waarom die "little magazines" tot niet gegaan het, was vanweë 'n gebrek aan finansies. Terwyl 'n paar van die tydskrifte deur die redaksielede geborg is, is net *Graffier* (Perskor) en *Stef* (Taurus) deur uitgewers geborg wat mettertyd belangstelling verloor het.

In *Graffier* 5, die laaste uitgawe voordat dié tydskrif weens finansiële redes moes swyg, sê Etienne van Heerden:

As *Graffier* die weg moet volg van al die ander little magazines wat hy nou reeds oorleef het, sal 'n hele nuwe generasie weer eens sit sonder effektiewe publikasiegeleentheid in 'n tydskrif van hulle eie wat 'n oop en informele beleid kombineer met wye verspreiding, sodat elke jong skrywer van wie iets gepubliseer word, die versekering kan hê dat dit gelees word, en nie by wyse van 'n literêre intelery te lande kom in die estetiese skote van 'n klein kliek nie (1982:32).

Met die einde van soveel "little magazines", het publikasiegeleenthede vir nuwe jong skrywers inderdaad sterk verskraal.

#### 4.10. Tydskrifpublikasies van die proefgroep

Heelparty van die proefgroep skrywers was betrokke op die redaksies van bogenoemde "little magazines". So was Etienne van Heerden die redakteur en Louis Krüger die nuusredakteur van *Graffier*, Dan Roodt die redakteur van *Taaldoos* en André Letoit die redakteur van *Hunch*, *Graffiti*, *ouma* en *Tagtiger*. Tog lê die voordeel van die groot aantal "little magazines" wat aan die einde van die sewentiger- en die begin van die tagtigerjare verskyn het, vir die proefgroep eerder daarin dat dit vir hulle 'n geleentheid gebied het om te debuteer en te publiseer.

Die meeste lede van die proefgroep het dan ook 'n groot aantal kortverhale, poësie en selfs eenbedrywe in bogenoemde "little magazines" en ander tydskrifte gepubliseer, soos die volgende lys van die proefgroep se kortverhale, uittreksels uit romans en dramas (of dialoë) wat in die laat sewentiger- en in die tagtigerjare in die tydskrifte *De Kat*, *Contrast*, *Donga*, *Graffier*, *Komma*, *Spado*, *Standpunte*, *Stet*, *Die Suid-Afrikaan*, *The bloody horse*, *Tydskrif vir Letterkunde* en *Vlieg* gepubliseer is, kan getuig:

Tydskrifpublikasies van die proefgroep

<i>Skrywer</i>	<i>Publikasie</i>	<i>Tipe</i>	<i>Tydskrif</i>	<i>Nr en jaartal</i>
M.C.Botha	Agtervolging van 'n Afrikaanse woordkunstenaar	Kv	<i>TvL</i>	3 1976
M.C.Botha	Hoe hoër mens staan hoe verder kan mens sien	Kv	<i>TvL</i>	3 1976
M.C.Botha	Die dood van Hendrik van der Merwe	Kv	<i>Con</i>	43 1977
M.C.Botha	Die reisiger	Kv	<i>TvL</i>	3 1978
M.C.Botha	Hulp van die ou man	Kv	<i>TvL</i>	3 1978
M.C.Botha	Die skare en die visserman	Kv	<i>TvL</i>	3 1978
M.C.Botha	Die liefde is sterker as plastiek	Kv	<i>TvL</i>	3 1978
M.C.Botha	Die agteruitman	Kv	<i>Con</i>	45 1978
M.C.Botha	'n Gebrek aan perspektief	Kv	<i>TvL</i>	2 1979
M.C.Botha	Styl	Kv	<i>TvL</i>	2 1980
M.C.Botha	Frans Malan	Kv	<i>Con</i>	50 1980
M.C.Botha	Geert en ek was hartseer	Kv	<i>Stet</i>	1 1982
M.C.Botha	Die visservrou	Kv	<i>TvL</i>	1 1982
M.C.Botha	Ongetiteld 4	Kv	<i>Graf</i>	5 1982
M.C.Botha	Die vrou en haar hond	Kv	<i>Con</i>	54 1982
M.C.Botha	Die jaarring	Kv	<i>TvL</i>	2 1984
M.C.Botha	Die kind van ons tyd	Kv	<i>TvL</i>	2 1984
M.C.Botha	Gabebah	Kv	<i>Sta</i>	4 1984
M.C.Botha	Die maagd	Kv	<i>Con</i>	58 1982
M.C.Botha	Die tarentaal	Kv	<i>Sta</i>	5 1985
M.C.Botha	Fragment uit 'n roman	Ut	<i>Sta</i>	3 1986
T.T.Cloete	Die bedrieër	Kv	<i>TvL</i>	2 1983
T.T.Cloete	Die gaping	Kv	<i>TvL</i>	2 1983



<i>Skrywer</i>	<i>Publikasie</i>	<i>Tipe</i>	<i>Tydskrif</i>	<i>Nr en jaartal</i>
J.Ferreira	Meesteres	Kv	TvL	2 1982
J.Ferreira	Die skelm	Kv	TvL	3 1983
J.Ferreira	Naweek by die see	Kv	TvL	2 1985
J.Ferreira	Groente	Kv	SA	5 1985
J.Ferreira	Erkenning	Kv	Stilet	2 1989
J.Goosen	Ekskuus Miss Jones	Kv	Con	29 1972
J.Goosen	'n Kat in die sak	Kv	TvL	3 1980
J.Goosen	Piet Pop	Kv	TvL	1 1981
J.Goosen	'n Stuntman kan nie liefhê nie	Kv	De Kat	1 1986
J.Goosen	Karoo	Kv	Sta	4 1986
J.Goosen	Helena	Kv	De Kat	3 1987
J.Goosen	Noem my Jean	Kv	Stet	3 1987
J.Goosen	Hulle noem my Jean	Kv	Stet	3 1988
J.Goosen	Die blom	Kv	TvL	1 1989
P.C.Haarhoff	Die miljardplaatjies	Kv	TvL	3 1979
P.C.Haarhoff	Projek Bokmakierie	Kv	TvL	4 1979
P.C.Haarhoff	Fofelooi is Sjorsjor	Kv	TvL	3 1980
P.C.Haarhoff	Die ongeskonde	Kv	Komma	2 1989
P.C.Haarhoff	Die besoeker	Kv	TvL	4 1989
R.Hattingh	Die moderne kunstenaar	Dr	TvL	1 1983
G.Kellerman	Die hinderlaag	Kv	De Kat	11 1989
L.Krüger	Koms van 'n heilige	Kv	TvL	2 1978
L.Krüger	Buite het die kinders gespeel	Kv	TvL	2 1978
L.Krüger	Middagbesoek	Kv	Sta	6 1979
L.Krüger	'n Stasie in die Karoo	Kv	Sta	2 1982
A.le Roux	Struisbaai-Blues	Kv	Sta	2 1977
A.le Roux	Abel se huis brand af	Kv	Sta	5 1977
A.le Roux	Dampies vat aan die Nestle	Kv	TBH	6 1981
A.le Roux	Mupeki pis	Kv	Stet	1 1985
A.Letoit	Die man met die lang ding	Kv	Donga	7 1977
A.Letoit	My most unforgettable characteristics	Kv	Spado	1 1980

<i>Skrywer</i>	<i>Publikasie</i>	<i>Tipe</i>	<i>Tydskrif</i>	<i>Nr en jaartal</i>
A.Letoit	god kom per vliegtuig	Kv	<i>Graf</i>	2 1980
A.Letoit	Breekwater	Kv	<i>TvL</i>	1 1981
A.Letoit	My kinderjare in die lokasie	Kv	<i>Con</i>	53 1982
A.Letoit	Ek droom oor 'n nuwe grondwet	Kv	<i>Stet</i>	1 1983
A.Letoit	Ek verkoop my tikmasjien	Kv	<i>Stet</i>	1 1983
A.Letoit	Joubertstraat 14 se kruis	Kv	<i>TvL</i>	4 1986
A.Letoit	Die verkoopsman	Kv	<i>De Kat</i>	5 1986
A.Letoit	Jesus in Garlicks se teekamer	Kv	<i>Stet</i>	4 1987
A.Letoit	'n Loopbaan in die staatsdiens	Kv	<i>Stet</i>	3 1988
A.Letoit	Suidpunt-jazz	Ut	<i>De Kat</i>	9 1988
D.Matthee	Die perdewedren	Kv	<i>Donga</i>	1 1976
D.Matthee	Vannaand begin my enkelreis	Kv	<i>Donga</i>	8 1977
F.Phillips	Die horlosie se wysers val af	Ut	<i>Stet</i>	1 1982
F.Phillips	Prosas	Kv	<i>TvL</i>	2 1982
F.Phillips	Die hoofkarakter sensor die drama	Dr	<i>Graf</i>	5 1982
F.Phillips	Agt stories oor 'n clown	Ut	<i>Stet</i>	2 1983
F.Phillips	Die horlosie se wysers val af	Ut	<i>Stet</i>	3 1983
F.Phillips	Die meisie met die Skerppunt-ore	Kv	<i>De Kat</i>	11 1988
K.Prinsloo	Skrot	Kv	<i>Vlieg</i>	3 1979
K.Prinsloo	By die skryf van aantekeninge oor 'n reis	Kv	<i>TvL</i>	3 1980
K.Prinsloo	In die kake van die dood	Kv	<i>TvL</i>	1 1981
K.Prinsloo	Die plaas se naam was Pandora	Kv	<i>Graf</i>	4 1981
K.Prinsloo	Skrot	Kv	<i>Tbh</i>	4 1981
K.Prinsloo	Die eende	Kv	<i>TvL</i>	2 1982
K.Prinsloo	Die jonkmanskas	Kv	<i>TvL</i>	3 1982
K.Prinsloo	Jacob van Maerlant die veelsydige	Dr	<i>Graf</i>	5 1982
K.Prinsloo	Klara se klokkies	Kv	<i>TvL</i>	1 1984
K.Prinsloo	And our fathers that begat us	Kv	<i>Stet</i>	4 1984
K.Prinsloo	Karoo-nag	Kv	<i>De Kat</i>	2 1985
K.Prinsloo	Die wildbewaarder	Kv	<i>Stet</i>	2 1985
K.Prinsloo	A night at the opera	Kv	<i>Stet</i>	1 1986
K.Prinsloo	Die brief	Kv	<i>TvL</i>	1 1986
K.Prinsloo	Die brief	Kv	<i>De Kat</i>	9 1987
K.Prinsloo	Sy het nie 'n geluid gemaak nie	Kv	<i>Stet</i>	3 1988

<i>Skrywer</i>	<i>Publikasie</i>	<i>Tipe</i>	<i>Tydskrif</i>	<i>Nr en jaartal</i>
A.Strachan	Huldeblyk	Kv	<i>TvL</i>	1 1980
A.Strachan	Vergelding	Kv	<i>Stet</i>	1 1982
A.Strachan	Nagvlug	Kv	<i>Stet</i>	1 1983
A.Strachan	Die laaste RV	Kv	<i>TvL</i>	2 1983
E.v Heerden	Slap grensdrade	Kv	<i>Graf</i>	1 1980
E.v Heerden	Genesis	Kv	<i>TvL</i>	2 1980
E.v Heerden	Stomp hande	Kv	<i>Con</i>	49 1980
E.v Heerden	My Kubaan	Kv	<i>Graf</i>	5 1982
E.v Heerden	Shebeen Queen	Kv	<i>Stet</i>	1 1983
E.v Heerden	Gesigte	Kv	<i>Stet</i>	1 1983
E.v Heerden	Goueblaar	Kv	<i>Stet</i>	3 1984
E.v Heerden	Tois en die tent	Kv	<i>De Kat</i>	5 1985
E.v Heerden	Brief aan Harry	Kv	<i>Sta</i>	1 1986
E.v Heerden	My Afrikaner	Kv	<i>De Kat</i>	11 1986
E.v Heerden	Gemeenplase	Kv	<i>TvL</i>	1 1987
E.v Heerden	Die biskop en die bul	Kv	<i>De Kat</i>	11 1987
J.v Tonder	Is Sagie	Ui	<i>De Kat</i>	2 1987
L.Viljoen	Epoem	Dr	<i>Tbh</i>	2 1980
L.Viljoen	ben, koos, willem en jopie	Dr	<i>Stet</i>	1 1983
L.Viljoen	'n Wolkie so groot soos 'n man se hand	Kv	<i>Stet</i>	3 1983

Tabel 4.20

Sleutel: Eb = eenbedryf; Kv = kortverhaal; Dr = drama (of dialoog) Con = *Contrast*; Graf = *Graffier*; SA = *Die Suid-Afrikaan*; Sta = *Standpunte*; Tbh = *The bloody horse*; TvL = *Tydskrif vir letterkunde*

Die volgende van bogenoemde kortverhale wat aanvanklik eers in tydskrifte verskyn het, is later in kortverhaalbundels van die proefgroep opgeneem:

Gepubliseerde kortverhale wat opgeneem is in kortverhaalbundels van die proefgroep

<i>Outeur</i>	<i>Kortverhaal</i>	<i>Bundel</i>
M.C.Botha	Liefde is sterker as plastiek	<i>Die hartklop van gevoel</i>
M.C.Botha	'n Gebrek aan perspektief	<i>Die hartklop van gevoel</i>
M.C.Botha	Styl	<i>Die hartklop van gevoel</i>
M.C.Botha	Die dood van Hendrik van der Merwe	<i>Skertse</i>
M.C.Botha	Die menigte en die visserman	<i>Skertse</i>
M.C.Botha	Die reisiger	<i>Die prys wat jy moet betaal</i>
M.C.Botha	Die agteruitman	<i>Die prys wat jy moet betaal</i>
M.C.Botha	Frans Malan	<i>Die einde van 'n kluisenaar se lewe</i>
M.C.Botha	Die visservrou	<i>Die einde van 'n kluisenaarse lewe</i>
M.C.Botha	Ongetiteld 4	<i>Die einde van 'n kluisenaarse lewe</i>
M.C.Botha	Die jaarring	<i>Bome van kennis</i>
M.C.Botha	Gabebah	<i>Bome van kennis</i>
M.C.Botha	'n Kind van sy tyd	<i>Bome van kennis</i>
M.C.Botha	Die maagd	<i>Bome van kennis</i>
M.C.Botha	Die vrou en haar hond	<i>Bome van kennis</i>
M.C.Botha	Die tarentaal	<i>Bome van kennis</i>
T.T.Cloete	Die bedrieër	<i>Die waarheid gelieg</i>
T.T.Cloete	Die gaping	<i>Die waarheid gelieg</i>
J.Ferreira	Erkenning	<i>Die mammies, die pappies, die boeties, die sussies</i>
J.Ferreira	Groente	<i>Die mammies, die pappies, die boeties, die sussies</i>
J.Goosen	'n Kat in die sak	<i>'n Kat in die sak</i>
J.Goosen	Piet-pop	<i>'n Kat in die sak</i>
J.Goosen	'n Stuntman kan nie liefhê nie	<i>'n Kat in die sak</i>
J.Goosen	Karoo	<i>'n Kat in die sak</i>
P.C.Haarhoff	Die miljardplaatjies	<i>Uit 'n ander wêreld</i>

<i>Outeur</i>	<i>Kortverhaal</i>	<i>Bundel</i>
P.C.Haarhoff	Die ongeskondene	<i>Uit 'n ander wêreld</i>
P.C.Haarhoff	Fofelooi is Sjorsjor	<i>Uit 'n ander wêreld</i>
A.le Roux	Mupeki pis mos deesdae soos 'n gieter	<i>Sleep vir jou 'n stoel nader</i>
A.Letoit	Breekwater	<i>Breekwater en ander verhale</i>
F.Phillips	agtt stories oor 'n clown	<i>77 stories oor 'n clown</i>
K.Prinsloo	Die jonkmanskas	<i>Die jonkmanskas</i>
K.Prinsloo	Skrot	<i>Die jonkmanskas</i>
K.Prinsloo	By die skryf van aan tekeninge oor 'n reis	<i>Die jonkmanskas</i>
K.Prinsloo	In die kake van die dood	<i>Die jonkmanskas</i>
K.Prinsloo	Die eende	<i>Die jonkmanskas</i>
K.Prinsloo	Klara se klokkies	<i>Die hemel help ons</i>
K.Prinsloo	And our fathers that begat us	<i>Die hemel help ons</i>
K.Prinsloo	Karoonag	<i>Die hemel help ons</i>
K.Prinsloo	A night at the opera	<i>Die hemel help ons</i>
K.Prinsloo	Die brief	<i>Die hemel help ons</i>
A.Strachan	Die laaste RV	<i>'n Wêreld sonder grense</i>
A.Strachan	Koebaaï	<i>'n Wêreld sonder grense</i>
A.Strachan	Vergelding	<i>'n Wêreld sonder grense</i>
A.Strachan	Nagvlug	<i>'n Wêreld sonder grense</i>
E.v Heerden	Slap grensdrade	<i>My Kubaan</i>
E.v Heerden	Stomp hande	<i>My Kubaan</i>
E.v Heerden	Shebeen queen	<i>My Kubaan</i>
E.v Heerden	My Kubaan	<i>My Kubaan</i>
E.v Heerden	Die biskop en die bul	<i>Liegfabriek</i>
E.v Heerden	Gemeenplase	<i>Liegfabriek</i>
E.v Heerden	Tois en die tent	<i>Liegfabriek</i>
E.v Heerden	Gesigte	<i>Liegfabriek</i>
E.v Heerden	My Afrikaner	<i>Liegfabriek</i>

Tabel 4.21

#### 4.11. Film- en dramaproduksies van die proefgroep se tekste

Drie van die proefgroep se tagtigertekste is gedurende die tagtigerjare verfilm:

*Kringe in 'n bos* word onder die titel *Circles in a forest* (1989) deur Fabrice Ziolkowski en Luli Bartzman verfilm, maar word oorwegend negatief ontvang - hoofsaaklik weens die feit dat dit vir die oorsese mark verfilm is en heelwat van die teksinhoud daardeur verlore gegaan het. Peter Gees, uitvoerverkopebestuurder van die firma wat die buitelandse verspreiding van *Kringe in 'n bos* hanteer, wys daarop dat die film in die meeste Europese lande vertoon en aan 'n sub-verspreider in Amerika verkoop is (Van der Westhuizen, 1993:136).

Die draaiboek vir *Fielas se kind* (1988) is deur Chris Barnard geskryf en met Katinka Heyns van Sonneblom-films as regisseur verfilm. Die film was onmiddellik 'n groot sukses. Binne 'n paar weke het meer as 'n halfmiljoen mense dit gesien en het die film meer as R2 miljoen by die loket verdien. Heyns het 'n derde van die koste van die film, ongeveer R500 000, self bygedra om te verseker dat sy die artistieke vryheid sou hê dat daar nie aan haar voorgeskryf kan word hoe die film vervaardig moet word nie (E.Krüger, 1988:9). Dieselfde film, met Franse onderskrifte, het onder die titel *Le Fils de Tiela* verskyn.

Alexander Strachan se *'n Wêreld sonder grense* word in 1987 verfilm. Vir 'n verdere bespreking van dié film, sien hoofstuk 6.5.a.

Beide bogenoemde werke van Matthee is ook op die verhoog opgevoer. Onder spelleiding van Suzanne van Wyk is een speelvak met 60 opvoerings van *Fielas se kind* in die middel van 1986 baie suksesvol in die Nico Malan-teater in Kaapstad opgevoer: 'n speelvak wat volgens *Die Transvaler* (1986:4) 'n rekord was vir die langste speelvak van ernstige Afrikaanse toneel in die Kaap en waarvoor 34000 kaartjies verkoop is.

Die eerste opvoering van *Kringe in 'n bos*, met Peet van Rensburg as regisseur, is tussen Julie en September 1987 in Bloemfontein en op die Vrystaatse platteland

opgevoer. In 1988 is *Kringe in 'n bos* ook deur Naruk opgevoer. Met die 1989 opvoerings deur Truk was die stuk só gewild dat beide speelvakke so te sê uitverkoop is (*Die Transvaler*, 1991a:6). 'n Derde speelvak van sowat 130 opvoerings onder spelleiding van Louis van Niekerk vind in 1991 plaas. Die rede vir die groot aantal opvoerings was omdat hierdie teks vir Engelse sowel as Afrikaanse hoërskoolleerlinge voorgeskryf is (*Die Transvaler*, 1991b:6).

'n Engelse opera oor *Fiela se kind*, waarvan die premiêre op 13 Sept 1993 in die Witsteater plaasgevind het, is as slypskoolproduksie deur studente van die Wits-musiekskool in 1993 opgevoer (*Die Burger*, 1993:8).

Lettie Viljoen se *Klaaglied vir Koos* word in 1986 met Aletta Bezuidenhout in 'n eenpersoonstuk in die Markteater in Johannesburg opgevoer.

*Kombuis-blues*, 'n verwerking van Jeanne Goosen se *Louoond*, is in 1989 by die Potpourri-fees in Pretoria en by die Grahamstad-fees opgevoer. In 1990 word dit in Pretoria, Johannesburg en Welkom opgevoer met Sandra Prinsloo as regisseur en Trudie Taljaard as speler. Groot spanning ontstaan egter toe ds. Johan Kriel op die Nasionale Leeskringseminaar in Welkom (1990) die volgende besware teen die toneelstuk opper:

Die taal was een stroom vuilheid, terwyl die Skrif sê geen vuil woord moet uit ons monde kom nie.

In die stuk word die lewe as sinneloos en uitsigloos voorgestel, maar volgens die Skrif gee geloof in Christus juis sin aan die lewe en het Christene 'n heerlike hoop en verwagting wat nou reeds die kwaliteit van hul lewens ingrypend ten goede beïnvloed.

Godsdiens is in die stuk bespotlik gemaak en Christene is voorgestel as belaglike werklikheidsvreemde en werklikheidsontvluggende mense. Maar niemand het 'n beter plek van die wêreld gemaak as juis Christene nie: en In die opvoering word God in die beskuldigebank geplaas asof Hy verantwoordelik is vir alles wat op aarde verkeerd is. Volgens die Bybel is dit juis mense wat aan God ongehoorsaam is, wat skuldig is (*Die Burger*, 1990c:5).

Hierdie besware van Kriel word sterk veroordeel in letterkundige kringe. Kannemeyer (1990:2) laat hom soos volg besonder krities daaroor uit:

Wat hierdie besondere geval betref, openbaar ds.Kriel daarmee nie alleen dat hy van die literatuur niks weet nie, maar ook dat hy nie bevoeg is om die beroep te beoefen wat hy wel beoefen nie. As iemand hom só oor 'n stuk van die gehalte van *Kombuis-blues* uitlaat, het hy nie die reg om in die openbaar op te tree nie. Onnosselheid en botheid sal ons natuurlik altyd by ons hê, maar 'n verantwoordelike samelewing laat nie toe dat sulke stommeling ander mense, op watter vlak ook al, onderrig nie.

'n Verdere nadraai wat een van die opvoerings van dié toneelstukk gehad het, was dat Jeanne Goosen vir Trudie Taljaard, die aktrise, gedreig het met regstappe omdat sy "haar kopiereg aangetas het en self sensuur op die teks toegepas het" (*Die Volksblad*, 1990:3) toe sy besluit het om die vloekwoorde in die stuk voor gemeentedele van die Parksig-gemeente in Johannesburg weg te laat.

#### 4.12. Gevolgtrekking

Sonder die groot verskeidenheid instansies wat betrokke is by die instandhouding van die kommunikasiekanaal tussen skrywer en leser, sou literêre werke nie kon verskyn, geadverteer, uitgeleen, gekritiseer, verfilm of voorgeskryf word op sekondêre en tersiêre vlak nie. Dus is die korrekte funksionering van die literêre kanaal onontbeerlik in enige literêre bestel.

Heelwat sensitiwiteit bestaan betreffende die toeken of nie-toeken van bepaalde literêre pryse - soos die voorbeelde van *Die hemel help ons* (wat die einde van die Rapportprys beteken het), *Liegfabriek* (waarin die legitimiteit van die toeken van 'n nie-literêre prys aan 'n sogenaamde literêre werk opspraak verwek het) en Van Heerden se huiwering om die Hertzog-prys vir *Toorberg* te ontvang, kan getuig. Tog help die toeken van 'n belangrike literêre prys onmiddellik met die kanoniseringsproses van die bekroonde teks.

Die posisie betreffende die voorskryf van die proefgroep se tekste spesifiek en die tagtigertekste in die algemeen op sekondêre en tersiêre vlak lyk nie besonder rooskleurig nie. Dit wil voorkom asof onderwysdepartemente traag is om nuwe tekste voor te skryf. Ook op universiteitsvlak - veral voorgraads - word besonder min tagtigertekste voorgeskryf.



Sensuur was gedurende die tagtigerjare 'n uiters kontensieuse aangeleentheid waarteenoor baie min van die proefgroep se skrywers neutraal gestaan het of steeds staan. Miskien het sensuur egter eerder op 'n meer indirekte wyse 'n inhiberende rol gespeel, deurdat skrywers uit protes of vrees omstrede onderwerpe vermy het (Hiervan was Etienne Leroux 'n goeie voorbeeld). Ongelukkig is die uitwerking van sensuur nie empiries meetbaar nie. Al wat met sekerheid gesê kan word, is dat dit groot woede veroorsaak het en moontlik gedien het as 'n samebindende faktor tussen die diverse tagtigerskrywers: in 'n dekade waar skrywers juis gepoog het om homogeen en individualisties op te tree, was die meeste van die proefgroep se negatieweit teenoor enige vorm van sensuur 'n gemene deler wat 'n mate van konsolidering teweeg gebring het.

Die Afrikaanse Skrywersgilde, wat reeds in 1975 gestig is, het as belangrike spreekbuis vir 'n redelike aantal tagtigerskrywers gedien. Tog is dit insiggewend dat heelwat van die proefgroep hulself glad nie met enige geordende struktuur wil vereenselwig nie. Hierdie tendens dui sekerlik ook op die aversie van die meerderheid moderne Afrikaanse skrywers om gegroepeer of gekategoriseer te word.

Te oordeel aan die populariteit van die alternatiewe "little magazines" wat veral aan die begin van die tagtigerjare verskyn het, is dit duidelik dat protes teen bestaande sisteme 'n belangrike rol gedurende die tagtigerjare gespeel het. Deur hierdie tydskrifte en uitgewers soos Taurus, het die proefgroep - en ander skrywers - die geleentheid gekry om te publiseer. Dit is interessant dat 63,6% van die proefgroep se skrywers slegs van een uitgewer gebruik maak.

Drie van die proefgroep se tekste is verfilm en 'n hele aantal verwerkings van hulle tekste vir die verhoog het in die laat tagtigerjare die lig gesien. 'n Baie intensiewe bemarkingsveldtog is geloods om Dalene Matthee se drie bosboeke onder die publiek bekend te stel.

## HOOFSTUK VYF

### DIE POSISIE VAN DIE "TAGTIGERLESER"

#### 5.1. Algemeen

Gedurende die tagtigerjare word die verhouding teks-leser, en nie meer skrywer-teks nie, in die literêre kritiek sentraal geplaas in die literêre kommunikasie-situasie (Vergelyk bv. C.Malan 1983a en Rossouw 1992b). In 1975 erken Segers (1975:738) dat leserresepsie nog min onder die soeklig geplaas is omdat "de sociologie van de literaire receptie" nog 'n té nuwe vakgebied is. Tog dui die stelselmatige opkoms van literatuurwetenskaplike rigtings soos resepsie-estetika en literatuursosiologie dat die leser/kritikus sy eie rol in die verwerkliking en vertolking van 'n literêre teks toenemend duideliker begin identifiseer.

Omdat 'n skrywer wil kommunikeer, moet hy die samewerking van die leser verkry en word hy, meen Meij (1983:2), sodoende 'n manipuleerder. Elemente soos voorkennis, ideologiese instellings en vooroordele, 'n sosiokulturele verwysingsraamwerk en die leser se vermoë om bepaalde verbande te lê speel, volgens C.Malan (1983c:19), egter ook 'n rol in sy vertolking van 'n literêre werk. Elke leser sal dus, vanweë sy eiesoortige vertrekpunte waarmee hy na 'n teks kyk, 'n literêre werk op 'n unieke wyse interpreteer.

Nuis (1989:14) beskou lees om as 't ware sinesteties met geslote oë te luister na 'n spreker wie se stem nie meer gehoor word as synde van buite af te kom nie, maar as iets wat in die leser se eie kop weerklink. Om te lees, meen Nuis, is dus om na jouself met iemand anders se stem te luister. So stuur die skrywer 'n leser se leeservaring, maar terselfdertyd vul die leser die (volgens homself) nodige besonderhede in. P.H.Roodt (1983:127-8) onderskei tussen die artistieke en die estetiese pole van 'n literêre teks. Eersgenoemde beskryf hy as die geskrewe teks (die artefak), terwyl hy laasgenoemde as die verwerking daarvan deur die leser (die estetiese objek) beskou. Hy poneer dan dat die werk as sodanig nie identies is aan die teks óf die konkretisering daarvan nie, maar dat dit iewers tussen die twee gesitueer is. Die leser word dus deur te lees, soos ons reeds gesien het, medeskepper van 'n teks. 'n Leser lees altyd as

integrale deel van 'n gemeenskap. Hóé en wát hy lees word medebepaal deur die belange, behoeftes en waardes van die groep waarvan hy deel uitmaak. Die leser is voortdurend oorgelewer aan a) die kulturele kodes wat hom as leser vorm; b) die manipulerende kenmerke van die teks; en c) die leessituasie (Scholes, 1982:14). So was baie van die lesers van die grensliteratuur (wat geskryf is deur jong outeurs van wie sommiges self die oorlog meegemaak het), self ook betrokke by die oorlogsituasie. Leser en skrywer deel dus in hierdie geval dieselfde verwysingsraamwerk wat 'n gedeelde kennis van militêre begrippe, militêre gebruike en kennis van geografiese plekke op die grens waar die gebeure afspeel, insluit. Ook die nie-standaard Afrikaanse woordeskat wat eie is aan die weermagopset word werklikheidsgetrou gebruik en sonder 'n behoefte aan toeligting deur die ingeligte leser begryp.

Behalwe vir die genotsaspek (wat volgens die Senekal-verslag (1986:84) deur baie lesers as die belangrikste rede beskou word waarom hulle 'n verhaal lees), meen A. van Zyl dat 'n leser 'n boek soek wat met hom praat:

Sy moeite moet beloon word met iets wat sy gees verryk, sy lewensvisie verruim, wat hom as volledige mens aanspreek, sy denke prikkel, nuwe perspektiewe en begrippe oopmaak, sy emosies raak, sy mensekennis uitbrei (1988b:12).

Sy poneer dat die Afrikaanse letterkunde eksklusief geword het vir die ingewydes wat behoorlik toegerus is om dié boeke te verstaan, omdat die gemiddelde leser *nie* filosofie, sielkunde, mitologie, politiek en religie wil byhaal ten einde 'n verhaal te lees nie - aspekte wat sedert die sestigerjare in 'n groot aantal literêre werke figureer.

Die leesaksie is vir die ontvanger (leser) 'n kontinue ontsyferingsproses van kodes wat deur die mededeler (skrywer) daargestel word. Ten einde die kommunikatiewe funksie van sy teks te verseker, moet 'n skrywer van min of meer dieselfde sisteem van kodes gebruik maak as wat die leser in sy interpretasie van die teks sal gebruik. Hoe oop of geslote 'n teks vir 'n bepaalde leser is, hang dus ook af van die leser se interpretasievermoë van die teks. Volgens Rossouw (1992a:250ev) onderskei literatuurwetenskaplikes verskillende lesertipes, bv. die superleser (Riffaterre), die

ingeligte leser (Fish), die geïntendeerde leser (Wolff), die modelleser (Eco), die implisiete leser (Iser), die literêre leser (Lewis), ens.

In hierdie hoofstuk sal gekyk word na Kannemeyer se uitsprake in sy geskiedskrywing en hoe resensente in die media op die proefgroep se tagtigertekste reageer. Werklike lesers se ervaring van die gekose tagtigertekste, soos wat dit gedurende die tagtigerejare in 'n tydskrif aangedui is, sowel as hoe lesers dit vyf jaar ná dié dekade beskryf het, sal ook ondersoek word.

## **5.2. J.C.Kannemeyer as geskiedskrywer se evaluering van 'n aantal van die proefgroep se tekste**

Geeneen van die standaard geskiedenis van die Afrikaanse literatuur behandel tot op hede (April 1995) die volledige tagtigerdekade se prosatekste nie, bloot omdat geen nuwe uitgawes van standaardwerke oor die Afrikaanse letterkunde gedurende die afgelope agt jaar verskyn het nie. E.Lindenberg (red.) se sesde uitgawe (sagteband), derde druk, van *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde* verskyn wel in 1989, maar dek slegs die verskyning van nuwe prosawerke tot ongeveer aan die einde van die sewentigerjare. Die literatuurgeskiedenis wat die indringendste na die nuwer prosa kyk, is Kannemeyer se korter literatuurgeskiedenis, *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* (1988). In dié teks word die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur, soos die titel aandui, in een band tot by tekste wat in 1987 verskyn het behandel en word, onder andere, die 44 tekste van die proefgroep wat tot in 1987 gepubliseer is, geëvalueer.

Vervolgens dus 'n opsomming van hoe Kannemeyer as mees resente, maar ook baie belangrike, geskiedskrywer (soos in hoofstuk 2.2.2. verduidelik is) die verskene tekste van die proefgroep beoordeel:

J.C.Kannemeyer se evaluering van die proefgroep se tekste

*Teks*

*Evaluering*

*Die hartklop van gevoel*

Baie stukke is anekdoties of onaf en mis die dieper insig, verrassende ommekeer en sluiting wat goeie kortverhale kenmerk.

*Skertse*

'n Aantal stukke met 'n geestige inslag, dikwels met 'n hekeling van die Suid-Afrikaanse samelewing.

*Die prys wat jy moet betaal*

Hierdie bundel is op 'n veel hoër peil en Botha slaag daarin om deur die vervlegting van eenaardige ervarings iets surrealisties die gebeure toe te voeg.

*Die einde van 'n kluisenaar se lewe*

Ondanks 'n groter aantal swakke verhale, bewys hierdie bundel Botha se vertellerstalent en die vermoë om 'n verhaal tot 'n verrassende eindpunt te voer.

*Bome van kennis en ander verhale*

Die bundel is van wisselende gehalte. Dit poog om die realisme met 'n fantastiese gegewe te verbind, maar misluk dikwels. Dit neig ook om 'n skraal verhaalgewe met oordadige simboliek te probeer laai.

*Sluvoet*

Die geheel verloop mat. Baie tonele is totaal futloos en die eindelose gepraat en kommentaar verdring die verhaalgang.

*Die waarheid gelieg*

Die verhale word dikwels ontsier deur praterige vertellers, die wyse waarop verslag dramatisering verdring en die ooremfatiese verklarings. Tog is sekere verhale oor die algemeen bevredigend.

*Sitate om 'n rewolusie*

Alhoewel die verhaal boeiend vertel word, het Ferreira André P. Brink met allerlei literêre verwysings, spronge in die tyd en ander verteltruks as literêre voorloper.

*'n Kat in die sak*

'n Bundel wat deur die fyn taalgebruik en dikwels irreële sfeer 'n besondere indruk maak. Die beste stukke in hierdie bundel is 'n belangrike bydrae tot die hedendaagse Afrikaanse kortverhaalkuns.

*Louoond*

Die verhaal het 'n hegte konstruksie en met die slot voeg Goosen haar eie besondere aksent toe aan die aktualiteitsliteratuur van die tagtigerjare.

*Die tonnel*

Hattingh werk hier met 'n Kafkaäanse droomwêreld.

*Markus vermoed 'n verhaal*

Die verteller dikteer die saaiheid van die yl gegewe.

*Halfkrone vir die nagmaal/Silt vandie aarde*

Kotze se verhale handel meestal oor die taai mense van die Weskus en sy slaag daarin om die tipiese karakters van dié streek nugter te bekyk.

*Die skerpskutter*

Krüger verbind die uiterlike spanningsverhaal met 'n dieper verkenning van die menslike psige.

*'n Basis oorkant die grens*

Die skrywer slaag nie heeltemal daarin om die ongewone hoek en die nadoodse staat van die ek-spreker bevredigend aan sy lesers oor te dra nie.

*Te hel met ouma!*

Die verhaal maak in sy fragmentariese opbou van 'n boeiende verbinding van die konvensionele en eksperimentele gebruik, maar die tegnieke is nie altyd essensieel vir die gegewe nie.

*Sleep vir jou 'n stoel nader*

Hierdie prosastukke is met hulle rou realisme 'n verbinding van joernalistieke reportage en verhaal. Plek-plek is die effekte oppervlakkig en studentikoos.

*Letoit se drie kortverhaalbundels*

Die verhale in die drie bundels munt uit as spontane vertellings en het dikwels 'n verrassende ommekeer aan die einde. Tog is hulle meestal vlak en voorspelbaar.

**Somer II**

Hierdie teks is Letoit se mees ambisieuse werk op die gebied van die prosa. Met die afwisseling en rommelrigheid toon dit 'n verwantskap met Jack Kerouac se *On the road*.

**'n Huis vir Nadia/Petronella van Aarde, burgemeester**

Die romans wek 'n tradisionele indruk, maar munt uit as voortreflike vertellings. Hierdie twee romans beweeg in hoofsaak op die vlak van ligte ontspanningslektuur.

**Die Judasbok**

Die kortverhale in dié bundel maak boeiende leesstof uit, maar die verrassende wending aan die slot val meestal plat en bevredig nie die verwagtings van die leser nie.

**Kringe in 'n bos**

'n Meesleurende verhaal wat die hoofpersoon se geobsedeerdheid met 'n olifant teken, al slaag Matthee nie in die finale "konfrontasie" nie en skort daar iets in Saul se ontwikkeling van boswerker tot betreklik gekultiveerde wese.

**Fiela se kind**

Die karakterisering van sowel hoof- as newefigure is vollediger, al toon die hoofkarakter se verskuiwing na die see iets van 'n insinking.

**Moerbeibos**

Dit is 'n meesleurende verhaal, hoewel die karakterisering van die hooffiguur minder genuanseerd is as in die vorige twee bosboeke. Die onbevredigendste gedeelte van die roman is die onontginde karakter van Mirjam.

**Die horlosie se wysers val af**

Deur die opheffing van die verskil tussen werklikheid en illusie word die geheel surrealistiese, feitlik hallusionêre belewings wat aan die absurde grens.

**77 stories oor 'n clown**

Iets oers is in die verhaalkuns van Phillips aanwesig. Daar kom 'n groter eenheid in die bundel tot stand deur die "clown".

**Die wilde kind**

Phillips maak andermaal in hierdie roman van sprokiesmotiewe en 'n fyn verbinding van die realistiese en magiese gebruik.

*Jonkmanskas*

Alhoewel Prinsloo se taalgebruik dikwels geforseerd en yl aandoen, gebruik hy verskeie metodes om die illusie van 'n outobiografiese teks te skep.

*Die hemel help ons*

Die teks toon 'n besliste vooruitgang op Prinsloo se debuut. Die titelverhaal is een van die manjifiekste bydraes tot die Afrikaanse kortverhaalkuns van die tagtigerjare.

*Sonneskyn en Chevrolet*

Roodt lewer vanuit die standpunt van die anti-"establishment" kommentaar op die Suid-Afrikaanse samelewing, maar die protes is dikwels 'n geval van ontleende luister.

*Twee sinne*

Met hierdie teks wil Roodt die geduldigheid van papier en die volharding van die leser tot die uiterste beproef, sonder dat daar uit dié verbinding enige literatuur te voorskyn kom.

*'n Wêreld sonder grense*

Die verhale slaag deur die fyn verbinding van nugterheid en dramatiese opbou, ekonomiese aanwending van die terugflits, trefseker woordgebruik en funksionele dialoog.

*My Kubaan*

Met sy suiwer aanvoeling vir die woord, vermoë tot karakterisering en situasietekening, 'n groot verskeidenheid van ervaringswêreldes ens., word Van Heerden met hierdie teks 'n volwasse kunstenaar.

*Om te awol*

Wat 'n mens veral opval, is die wyse waarop die skrywer behendig tussen hede en verlede beweeg en sowel die blote, hedendaagse realiteit as die bewussynslewe van 'n onseker mens voor die leser blootlê.

*Toorberg*

Met hierdie teks bereik Van Heerden 'n hoogtepunt in sy oeuvre. Deur die verskeidenheid van tematiese velde lewer hy een van die beduidendste bydraes tot die hedendaagse Afrikaanse romankuns. Hy is 'n waardige "opvolger" van Etienne Leroux en een van die belangrikste hedendaagse eksponente van die Afrikaanse romankuns.



**Wit vis**

'n Oppervlakkige en gedeeltelik sentimentele kort roman oor 'n lesbiese verhouding en die emosionele spanning wat daarmee gepaard gaan.

**Aandenking vir 'n vry man**

Wat in die beste stukke opval, is die verrassende ommekeer in die gebeure. Soms is hierdie ommekeer nie genoegsaam nie en lei tot sekere vaaghede, maar ander kere dra dit by om die wrangheid in die lewe van 'n gevangene te illustreer.

**Is Sagie**

Die skrywer gee 'n skitterende beeld van die lewe van 'n enigsins agterlike jongman sonder dat - soos in die geval van Ampie - enige tendens of sosiale dialek die verhaalvlak versteur.

**Klaaglied vir Koos/Erf**

Met 'n verbinding van hiperindividualiteit en sosiale bewussyn, lewer Viljoen twee werke wat 'n heel besondere bydrae tot die Afrikaanse prosa van die tagtigerjare vorm.

Tabel 5.1

Uit sy beoordeling van bogenoemde tekste is dit duidelik dat Kannemeyer baie krities is oor die proefgroep se tekste en, hoewel hy heelwat van die tekste ophemel, reageer hy veral negatief teenoor *Die hartklop van gevoel*, *Sluvoet*, *Markus vermoed 'n verhaal*, *Twee sinne en Wit vis*. (Dit is ook so dat hy nie oor al die tekste wat hy bespreek waarde-oordele vel nie, maar soms bloot uitstaande kenmerke van die tekste uitlig.) Tog is Kannemeyer 'n baie belangrike Afrikaanse prosageskiedskrywer wie se waarde-oordele oor bogenoemde tekste waarskynlik 'n kanoniserende rol t.o.v. ten minste sommige van hierdie tekste sal speel.

### 5.3. Resensente se reaksie op die proefgroep se tekste

'n Literêre resensent se primêre taak is om die regte boek by die regte leser uit te bring deur dit in 'n resensie aan die potensiële leser duidelik te maak of hy sou belangstel om die geresenseerde boek te lees aldan nie. Hy verskaf inligting oor die boek en neem, wanneer nodig, 'n bepaalde standpunt in. Hiervoor benodig die resensent 'n

deeglike kennis van die sosiale konvensies waarbinne die werk funksioneer, voordat hy die werk beoordeel.

Van der Walt (1986:50-51) wys op die volgende kriteria waaraan die resesent moet voldoen: eerlikheid; kritiese denke; aanpasbaarheid by nuwe ontwikkelinge; objektiwiteit; ingebore waagmoed en nuuskierigheid. Verder moet hy/sy oor 'n uitgebreide taalregister beskik en dissipline sowel as 'n aanvoeling vir literatuur hê. Tog moet 'n resesent egter in sy kritiek onthou dat die blote feit dat die boek verskyn het reeds 'n aanduiding is dat professionele persone soos die keurders, uitgewer en boekhandelaars in die werk glo. Sy perspektief moet daarom ook so objektief moontlik wees. 'n Kritikus kan, soos enige leser, 'n werk egter slegs vanuit sy eie beperkte tydruimtelike milieu beoordeel. Dit is dus belangrik om te beseef dat 'n resensie 'n individuele, hoewel ingeligte, opinie is waarmee 'n leser kan saamstem of verskil.

D.Viljoen (1987:11) wys daarop dat dit verkeerd is om die volle *waarheid* in 'n resensie te soek:

Die behepthed met 'n opinie wat met jou eie ooreenstem, veronderstel 'n vreeslike afhanklikheid van 'n ander se waarneming. Wat 'n mens eintlik in 'n resensie behoort te soek, is 'n ander siening as jou eie, nie noodwendig bevestiging daarvan nie.

Dit is ook duidelik dat 'n resensie vir 'n vakwetenskaplike tydskrif duideliker literatuurwetenskaplik gefundeerd sal wees as 'n resensie vir 'n familietydskrif waar die gemiddelde leser waarskynlik nie die jargon van ingeligte vakkundiges ten volle sal begryp nie. Weens 'n gebrek aan plek in 'n koerant (en die minder intensiewe belangstellingsvlak van die algemene koerantleser) sou dit ook onbillik wees om 'n uitgebreide vakkundige resensie met velerlei letterkundige terme in 'n koerant te verwag.

Deur die kritiese bestudering van resensies op 'n bepaalde werk kan 'n goeie idee gevorm word van die tipe kritiek wat lesers op die werk sal uitspreek, omdat die resesent tot 'n groot mate maar net 'n ingeligte leser is en normaalweg in sy/haar kritiek verteenwoordigend van die waarskynlike leser behoort te wees. Die reaksies van

resensente as ingeligte lesers van die proefgroep se tekste word dus in hierdie hoofstuk ondersoek.

In 'n studie van resensente se kommentaar op hierdie werke word hoofsaaklik antwoorde op drie vrae gesoek:

- 1 Hoe gee die resesent aanduiding daarvan dat die skrywer uit die proefgroep 'n belangrike Afrikaanse prosateur is?
- 2 Watter vernuwende bydrae lewer hierdie teks tot die prosagenre van die tagtigerjare spesifiek en binne die Afrikaanse letterkunde in die algemeen?
- 3 Watter evaluerende waarde-oordeel spreek die resesent uit oor die teks?

Ten einde hierdie bespreking enigszins te beperk, word slegs resensies gebruik wat in die *De Kat*, *Die Suid-Afrikaan*, *Insig*, en die *Tydskrif vir Letterkunde* (onder "Boekbesprekings") voorkom, sowel as resensies wat ek op die koerantknipseldiens van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG) kon opspoor en wat in die volgende belangrike Afrikaanse koerante verskyn: *Beeld*, *Die Burger*, *Die Suidwester*, *Die Transvaler*, *Die Vaderland*, *Die Volksblad*, *Hoofstad*, *Oosterlig* en *Rapport*. Die koerant waarin elke resensie verskyn, word telkens agter die resesent se naam aangedui.

'n Paar resensente se resensies word by meerdere tekste aangetref omdat hulle gedurende die tagtigerjare op 'n gereelde basis vir sekere koerante en tydskrifte geresenseer het. So bv. verskyn heelwat resensies van André P. Brink (indertyd hoogleraar in Afrikaans-Nederlands by Rhodes Universiteit) in *Rapport*; resensies deur Joan Hambidge (indertyd dosent aan die Universiteit van die Noorde) in 'n verskeidenheid koerante en tydskrifte; resensies van André le Roux (indertyd kunsredaksielid by *Die Burger*) in *Die Burger* en *Beeld*; van J.P. Smuts (hoogleraar en hoof, departement Afrikaans-Nederlands, Universiteit van Stellenbosch) in *Die Burger*; van Ia van Zyl (voorheen hoof van die departement Afrikaans; Windhoekse

Onderwyskollege) in *Tydskrif vir Letterkunde*; van Anna van Zyl (joernalis by *Die Volksblad*) in *Die Volksblad*; van Gunter Pakendorf (dosent in Duits aan die Universiteit van Kaapstad) in *Die Burger* en resensies deur A.P.Grové (voor sy aftrede hoogleraar in Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria) in *Beeld*.

Van drie tekste, *'n Huis vir Nadia*, *Petronella van Aarde*, *burgemeester* en *Wit vis*, kon ek geen resensies op die Ineg-stelsel vind nie. Die resensies van 48 tekste word dus vervolgens opgesom:

### **Die hartklop van gevoel (M.C.Botha)**

Hoewel Hilda Grobler (1981:5, *Hoofstad*) klem lê op die stereotipering en die groot aantal taalfoute in Botha se debuutbundel sonder om 'n waarde-oordeel uit te spreek, meen Wessel Pretorius (1981:9, *Die Transvaler*) in N.P.van Wyk Louw se woorde dat "'n rilling van verraste vreugde" sy gevoel teenoor hierdie bundel goed beskryf. Botha se hantering van sewentigtemas soos homoseksualisme en polities-georiënteerde stukke steek volgens hom ver af teen die ontsettend ontstellende rare waarheid van heteroseksuele verhoudings soos M.C.Botha dit verwoord. In Botha, meen Abraham H.de Vries (1981:110, *Tydskrif vir Letterkunde*), kan mens 'n "rasegte kortverhaalskrywer" herken.

### **Skertse (M.C.Botha)**

Volgens André le Roux (1982:15, *Die Burger*) skryf Botha met 'n sekerheid wat die korter prosavorm vereis. Hy meen dat Botha se verhale vir Afrikaans net tot voordeel kan wees. Jeanette Ferreira (1981:9, *Die Transvaler*) poneer dat, ten spyte van swak taalversorging, die bundel 'n realistiese blik op die maatskappy werp, omdat *Skertse* nie net nog 'n goedkoop, ongemotiveerde klein protes teen 'n anonieme maatskappy is nie. Die karakters, meen sy, is rasegte Afrikaners en die sondes op velerlei wyse onmiskenbaar.

### **Die prys wat jy moet betaal (M.C.Botha)**

Beide Abraham H.de Vries (1982:13, *Die Burger*) en George Weideman (1982:11, *Die Transvaler*) beskou hierdie bundel as veel ryper, interessanter en afgeronder as Botha se vorige twee bundels. Weideman sien hierdie verhale as aanmerklik subtieler. Hy kla oor die stilistiese en grammatikale slordighede, maar wat 'n mens tog bybly, meen hy, is Botha se vermoë om uit die oënskynlik niksseggende veel te haal wat waardevol is. In sy resensie beweer André P.Brink (1982a:18, *Rapport*) dat, vir die eerste keer in baie jare, 'n nuwe prosateur van beduidenis in Afrikaans begin skryf het.

### **Die einde van 'n kluisenaar se lewe (M.C.Botha)**

Hoewel J.P.Smuts (1982a:2B, *Die Burger*) daarop wys dat Botha se eerste drie kortverhaalbundels 'n wisselende ontvangs geniet het vanweë die ongelyke peil wat in sy werke voorkom, meen hy dat hierdie teks die vroeë belofte van die skrywer bevestig en dat Botha die potensiaal het om in die toekoms tot een van die belangrikste jonger kortverhaalskrywers in Afrikaans te ontwikkel. Volgens Jan Rabie (1982:34, *Die Vaderland*) openbaar Botha in hierdie bundel 'n steeds dieper besinning oor die aard van medemenslike saambestaan.

### **Bome van kennis en ander verhale (M.C.Botha)**

Barend J.Toerien (1986:7, *Die Burger*) beskou Botha se skryfwerk as indrukwekkend danksy sy direkte, eenvoudige styl, sy onderbeklemtoning en sy voorliefde vir ongewone karakters en grimmige situasies. Beide André P.Brink (1986d:17, *Rapport*) en Cecile Cilliers (1986:6, *Beeld*) dui egter aan dat hierdie teks nie aan verwagtinge voldoen nie. Brink meen dat Botha in dié teks nie dieselfde hoë standaard as in van sy vorige bundels handhaaf nie, terwyl Cilliers vir Botha as een van die voorste prosaskrywers van die jare tagtig beskou, maar glo dat die bundel in die geheel nie bevredigend is nie.

### Sluvoet (M.C.Botha)

In sy resensie wys Charles Malan (1988a:15, *Die Volksblad*) op die politieke draakstekery wat Botha in dié roman na alle kante van die politieke spektrum toepas. Hy meen dat 'n apartheidsamelewing nog selde so ongenadig en met soveel uitbundige plesierigheid bespot is. Terwyl daar 'n voortdurende dekonstruksie van die werklikheid, die samelewing en Afrikanerwaardes plaasvind, bly talle aspekte van Suid-Afrika herkenbaar - soms skrikwekkend herkenbaar. Joan Hambidge (1987c:8, *Beeld*) en Gunter Pakendorf (1987d:14, *Die Burger*) se resensies is egter minder vleierend. André P.Brink (1987d:24, *Rapport*) meen die grootste probleem van hierdie roman is die voortdurende aanslag wat die teks se groot woordevloed op die leser se geduld maak.

### Die waarheid gelieg (T.T.Cloete)

Hoewel die meeste resensente Cloete se poësie hoog aanslaan, is hulle minder positief oor sy prosatekste. Ronèl Johl (1984:10, *Beeld*) meen dat sy prosa nie van dieselfde kaliber is as sy betere poësie nie, terwyl Hennie Aucamp (1984a:12, *Die Vaderland*) poneer dat sy bundel te swaar dra aan literêre verwysings. Volgens André P.Brink (1984c:17, *Rapport*) is Cloete 'n knap verteller, maar meen dat die ryk moontlikhede wat sy kortverhale bied, byna deurgaans dun en dogmaties bly.

### Sitate om 'n rewolusie (Jeanette Ferreira)

P.H.Roodt (1985:10, *Beeld*) beskou *Sitate om 'n rewolusie* as 'n fynversorgde en merkwaardige boek wat binne die resente prosa iets belangriks te sê het en 'n wye leserskring verdien. Volgens Riana Botha (1985:4, *Die Volksblad*) is dit 'n heg gestruktureerde roman waarin Ferreira daarin slaag om eietydse en kontroversiële stof tot 'n uiters geslaagde roman te verwerk, terwyl André P.Brink (1985c:16, *Rapport*) dit beskou as een van die rykste tekste wat hy nog vir 'n lang ruk in Afrikaans gelees het, waarin versoening bewerkstellig word tussen die sensitiewe, die intellektuele, die politieke en die private.

### **Die mammies, die pappies, die boeties, die sussies (J.Ferreira)**

Volgens Helize van Vuuren (1990:8, *Die Burger*) is hierdie bundel só onvoorspelbaar dat dit bly fassineer. Sy beskou dit as 'n boeiende eksperiment in betrokke skryf soos ons nog nooit tevore in die Suid-Afrikaanse letterkunde (Afrikaans én Engels) mee gekonfronteer is nie. Joan Hambidge (1990a:8, *Beeld*) is meer neutraal in haar waarde-oordeel as sy dit as 'n verdienstelike bundel bestempel vanweë die eksperimentering met die verteltegniek en die vroulike perspektief op geweld en onderdrukking.

### **'n Kat in die sak (Jeanne Goosen)**

Volgens André P.Brink (1986e:30, *Rapport*) oortref Goosen met hierdie bundel selfs die hoë verwagtinge wat haar novelle *Om 'n mens na te boots* elf jaar tevore by lesers opgewek het. Hy meen dat die teks oor 'n besondere digtheid en samehang beskik. Hans Pienaar (1986:1, *Die Vaderland*) wys weer op 'n gladde ondeurdringbaarheid in die skrywer se tekste wat, meen hy, niemand haar nog kon nadoen nie. Ook H.J.Pieterse (1986:29, *Die Transvaler*) meen dat hierdie teks 'n sterk indruk maak.

### **Louoond (Jeanne Goosen)**

Nieteenstaande la van Zyl (1989a:89, *Tydskrif vir Letterkunde*) en Gunter Pakendorf (1987a:12, *Die Burger*) - wat *Louoond* as 'n deprimerende boek beskou - se enigszins negatiewe resensies, is die meeste ander resensente baie opgewonde oor die teks. Joan Hambidge (1987b:1, *Beeld*) meen dat sy nog selde 'n boek gelees het wat haar enersyds só laat lag en andersyds só diep verontrus en ontstig het. André P.Brink (1987c:24, *Rapport*) beskryf die teks as 'n indrukwekkende prestasie, terwyl Johann Lodewyk Marais (1987a:22, *Die Transvaler*) die slot van die werk as van die ontstemmendste in die Afrikaanse prosa beskou. Hy beskou dit as 'n plesier om die werk te lees, omdat 'n mens hier by uitnemendheid ook met 'n taalkunswerk te doen het.

### **Uit 'n ander wêreld (P.C.Haarhoff)**

Cecile Cilliers (1988:8, *Beeld*) meen dat Haarhoff se debuutbundel kortverhale van 'n vindingrykheid, 'n humorsin en 'n gevoelige aanslag wat baie belofte inhou, getuig. Sy fantastiese temas word binne 'n werklikheidsraamwerk geplaas en sy taal is kwasi-wetenskaplik sodat - hoe vergesog ook al - sy verhale geloofwaardig en dus aanvaarbaar is. Volgens Joan Hambidge (1988c:89, *De Kat*) getuig Haarhoff se verhale van deeglike navorsing. Sy beskou hierdie bundel as 'n besonder goeie debuut. Hiermee stem Gunter Pakendorf (1988:9, *Die Burger*) saam en beskou die teks as 'n welkome toevoeging tot die Afrikaanse literatuur, terwyl Ia van Zyl (1989c:96, *Tydskrif vir Letterkunde*) die uniekheid van die bundel binne die Afrikaanse letterkunde beklemtoon.

### **Die tunnel (Ryk Hattingh)**

Uiteenlopende standpunte word oor dié teks gehuldig. Terwyl E.L.J. Venter (1984:6, *Die Volksblad*) meen dat die teks misluk in sy poging om satiriserende kommentaar op die mens en die wêreld waarin hy woon te lewer, beweer Johann de Lange (1984:9, *Die Vaderland*) dat die teks té ambisieus is. Tog wys André P.Brink (1984g:38, *Rapport*) egter daarop dat die manier waarop die teks sy eie sekerhede ondergrawe, sowel as die skrywer se netjiese greep op 'n stel beelde, van só 'n aard is dat mens uitsien na verdere tekste van dié skrywer.

### **Markus vermoed 'n verhaal (Ryk Hattingh)**

Nie alle kritici is ewe positief oor *Markus vermoed 'n verhaal* nie. Hoewel Riana Botha (1988:15, *Die Volksblad*) dit as 'n knap, uiters leesbare, novelle beskou, is Heilna du Plooy (1989:10, *Beeld*) se kritiek dat die teks te min samehang het en dit nie oortuig nie. Joan Hambidge (1988a:11, *Die Vaderland*) beskou dit as 'n ontstellende teks, maar wat tog die moeite loon, terwyl G.Claassen (1988:47, *Insig*) die negatiewe rondom hierdie kort boekie in perspektief plaas as sy sê dat hierdie teks vele mense sal irriteer, skok en selfs met afsku sal vervul. Maar, vra die resensent, was dit nie juis die rol van



die kunstenaar deur die eeue om brandend met die gewete van sy mense om te gaan nie?

### **Wie de hel het jou vertel? (Gawie Kellerman)**

J.P. Smuts (1989:6, *Die Burger*) meen dat daar in hierdie werk tekste staan wat van die sterkste en ontstemmendste beelde van die grensoorlog gee wat nog in Afrikaans geskryf is. Henriette Roos (1989:24, *Rapport*) dui aan dat Kellerman se vertellings onmiskenbaar deel vorm van die grensliteratuur as belangrike nuwe stroming van die Afrikaanse prosa. Hoewel sy meen dat dit nie plesierige leesstof is nie, is dit volgens haar onontbeerlike getuieis van ons tyd.

### **Halfkrone vir die nagmaal (E.Kotze)**

In sterk kontras met E.C. Britz (1983a:7, *Beeld*) se negatiewe resensie, beskou L.S. Venter (1983:8, *Die Volksblad*) die teks as 'n verrassend goeie kortverhaalbundel waarmee Kotze haar plek in die genre van die Afrikaanse kortkuns met een worp bevestig het. André P. Brink (1982c:12, *Rapport*) gaan selfs verder as hy sê dat die kulturele kodes in 'n teks nog selde in ons prosa só ryk gelaai en vol kruisverwysings was. Hy meen dat dit 'n teks is wat gelees en wéér gelees moet word, omdat 'n mens nie gou weer soveel diepgaande genot sal kry nie.

### **Silt van die aarde (E.Kotze)**

Terwyl André P. Brink (1986f:13, *Rapport*) dié bundel ondergeskik stel aan die skrywer se vorige bundel en A.P. Grové (1986:8, *Beeld*) dié kortverhale hoogstens wil gelykstel met *Halfkrone vir die nagmaal*, poneer Fanie Olivier (1986:24, *Die Transvaler*) dat daar min dinge in hierdie teks is wat mens by die lees nie ontroer nie. Dat dit gebeur sonder groot vertoon of letterkundige truuks is 'n bewys dat die sukses van Kotze se eerste werk geen gelukskoot was nie. Volgens Abraham de Vries (1986:13, *Die Burger*) het sy vir haar met hierdie twee bundels 'n plek in Afrikaans oopgeskryf.

### **Die skerpskutter (Louis Krüger)**

Gideon Wahl (1981:9, *Die Transvaler*) wys daarop dat Krüger in hierdie debuutroman reeds as 'n talentvolle skrywer tref, wat stemming goed beheers en wie se sober styl tog iets ryk en sensueel as ondertoon het. J.P.Smuts (1981:10, *Oosterlig*) glo dat die teks enersyds vaardigheid en 'n mate van belofte inhou, maar meen dat dit andersyds onsekerheid en 'n hinderlike vaagheid van voorstelling aantoon. Ook Anna van Zyl (1981:3, *Die Volksblad*) kla oor die vaagheid wat leserbetrokkenheid inhibeer.

### **'n Basis oorkant die grens (Louis Krüger)**

H.Viljoen (1984:6, *Oosterlig*) meen dat hierdie roman een van die beste romans oor die bosoerlog is wat hy nog gelees het. Ook André P.Brink (1984e:17, *Rapport*) sien dié teks as iets van 'n baken in die literatuur oor die grens. Terwyl H.P.van Coller (1984a:6, *Die Volksblad*) glo dat die teks veral uitmunt met sy karakterisering, wys J.P.Smuts (1984d:25, *Die Burger*) daarop dat Krüger se poging om geykte vertelpatrone te wysig 'n unieke eksperiment in die Afrikaanse verhaalkuns is. Ongelukkig, meen hy, oortuig dit in belangrike opsigte nie.

### **Te hel met ouma! (André le Roux)**

Die enigste Ineg-resensie oor dié teks is dié van Dorethea van Zyl (1981:10, *Beeld*). Sy bevraagteken dit of die kru woorde, seksuele terme en beskrywinge, perversiteit en vloekwoorde funksioneel is. Ook vind sy die langdradigheid in die teks hinderlik. Tog, meen sy, getuig die teks van 'n logiese beplanning en goeie humor en satire.

### **Sleep vir jou 'n stoel nader (André le Roux)**

Terwyl Petra Pieterse (1987:62, *Insig*) meen dat die 21 verhale in die bundel 'n geheel vorm wat hoog aanbeveel kan word, wys Annari van der Merwe (1988a:45, *Insig*) op die brutaliteit wat met die verbeelding en vaardigheid van 'n skeppende skrywer in sommige van die verhale voorkom. Juis hierdie gruheid veroorsaak waarskynlik dat la

van Zyl (1989d:99, *Tydskrif vir Letterkunde*) impliseer dat die teks haar nie aanstaan nie. Joan Hambidge (1987a:11, *Die Vaderland*) meen dat dit 'n goeie bundel is, en Gunter Pakendorf (1987b:4, *Die Burger*) beskou dié teks as 'n belangrike bydrae tot die nuwe prosa in Afrikaans.

### **Nou's die Kaap weer Hollands (André Letoit)**

Vir E.C.Britz (1983b:8, *Beeld*) vertoon Letoit se prosa 'n varsheid en 'n andersheid wat met sy naïewiteit 'n mens bekoor. Volgens André P.Brink (1983b:29, *Rapport*) onthul Letoit onder die oppervlak van gewoonheid en saaiheid 'n sintuig wat vatbaar is vir vele nuanseringe en relativering in die mens se pogings om saam te leef met sy medemens en om te oorleef in sy dowwe wêreld. Maar, meen Brink, dalk nog belangriker: in sy nugtere, nonsense manier van vertel openbaar hy 'n vakmanskap wat klaarblyklik tot veel in staat is.

### **My nooi is in 'n tikmasjien (André Letoit)**

Joan Hambidge (1984:6, *Beeld*) wys daarop dat Letoit met sy kortverhale poog om die grens tussen literêre en populêre skryfwerk af te breek: 'n vermenging wat, meen sy, nie slaag nie. Hierteenoor meen André P.Brink (1984b:16, *Rapport*) dat Letoit, met sy spel van ironieë en relativering en sy ómkeer van die alledaagse, 'n verfrissende talent in die jonger prosa is. Anders as Hambidge glo hy dat sowel die "gewone" as die "literêre" leser plesier aan Letoit se werk kan hê.

### **Somer II (André Letoit)**

Vir la van Zyl (1987a:108, *Tydskrif vir Letterkunde*) bied die algehele gebrek aan pretensie die belangrikste bekoring van Letoit se werk. Soos E.C.Britz (1986:19, *Die Vaderland*) tereg aandui, is 'n mens waarskynlik 'n Letoit-liefhebber of jy kan sy oorspronklikhede glad nie verdra nie. Volgens Joan Hambidge (1986b:8, *Beeld*) is dié teks 'n heerlike skreeusnaakse vertelling met talle eksperimente. Johann de Lange (1986:20, *Die Transvaler*) beskou dié werk as 'n welkome toevoeging tot die prosa van

die jonger geslag, terwyl André P.Brink (1985f:10, *Rapport*) glo dat 'n leser soveel plesier uit die draakstekery in dié teks kan kry dat dit verdien om 'n suksesroman te word.

### **Breekwater en ander kortverhale (André Letoit)**

André P.Brink (1987b:28, *Rapport*) wys op enkele van die tekste wat, ten spyte van gebreke, sterk uitstaan. Hy meen dat, as Letoit kan wegbeweeg van maklike formules en die uitspel van voor die hand liggende betekenis, hy nog iets besonders sal kan lewer. Volgens la van Zyl (1987b:76, *Tydskrif vir Letterkunde*) moet Letoit nog bewys dat hy in sy skryfwerk uit sy eie wêreld kan uitbeweeg. Vir A.P.Grové (1987:8, *Beeld*) openbaar die bundel 'n duidelike eenheid. Daar word telkens 'n kontras geplaas tussen 'n verwarde en neerdrukkende werklikheid en 'n ander, soms vroeëre, idilliese droomwêreld. Juis hierin, meen Grové, lê Letoit se krag.

### **Suidpunt-jazz (André Letoit)**

Met dié teks, meen Hilda Grobler (1989b:9, *Die Transvaler*), het Letoit iets heeltemal nuuts geskep. Letoit, sê sy, verskuif met die roman waarskynlik bakens en skep nuwe moontlikhede vir die skrywer. Tog wys Charles Malan (1989:10, *Beeld*) daarop dat die humor, wat niks en niemand ontsien nie, die soms voortreflike ironie en satire van die teks ondermyn. Ook Riana Botha (1989:15, *Die Volksblad*) en veral Joan Hambidge (1989a:24, *Rapport*) - wat dié teks as "opgewarmde oorskietkos" beskou - wys egter ook op talle gebreke in die teks.

### **Die Judasbok (Dalene Matthee)**

Volgens André P.Brink (1982b:47, *Rapport*) is *Judasbok* een van die stewigste prosatekste wat hy in 'n lang tyd in Afrikaans gelees het. Volgens hom het Matthee op 'n deeglike, verantwoorde en soms opwindende manier die kortverhaalkuns bemeester. Vir M.C.Botha (1982:35, *Die Vaderland*) tref die eenvoud van die skrywer se taalgebruik en die wyse waarop sy sonder pretensie skryf, die meeste in dié teks. Ook

J.P.Smuts (1982b:38, *Die Burger*) wys op die verbasende vlotheid en sekerheid waarmee die skrywer skryf. Hy voorspel (heeltetal tereg!) dat van die sterkste tekste soveel positiefs bevat dat dit 'n mens laat verwag dat jy in die toekoms weer van Matthee gaan hoor.

### **Kringe in 'n bos (Dalene Matthee)**

Al die resensente is konsekwent geweldig positief oor dié teks. J.P.Smuts (1984b:16, *Die Burger*) beskou *Kringe in 'n bos* as een van die leesbaarste en genietlikste romans wat nog in Afrikaans verskyn het. André P.Brink (1984a:31, *Rapport*) sê dat die roman 'n breedte, 'n diepte, 'n verskeidenheid en 'n wysheid het wat 'n hele lóóp deur ons prosa kom loop. Cecile Cilliers (1984a:10, *Beeld*) wys daarop dat die aantreklikheid van dié roman juis daarin lê dat dit op alle vlakke leesbevrediging kan verskaf. Heelwat resensente dui aan dat hierdie teks in 'n groot behoefte in Afrikaans aan leesbare verhale voorsien.

### **Fiela se kind (Dalene Matthee)**

Hoewel André P.Brink (1985d:12, *Rapport*) glo dat ook hierdie roman op 'n skitterende wyse bevestig dat min mense by Matthee kan kers vashou as dit by die vertelkuns op sy oerste en onderhoudendste kom, mis hy die dieper dimensies van *Kringe in 'n bos* in dié teks en meen derhalwe dat *Fiela se kind* eerder net as 'n baie baie goeie tydskrifverhaal beskou moet word. G.A.Jooste (1985:6, *Die Volksblad*) vergelyk dié boek met Matthee se vorige bosboek en voorspel dat Benjamin se storie deur al wat leser is verslind sal word. Dit is, meen hy, in eie reg 'n fassinerende brok lewe en 'n plesierrike, bloedlewende vertelling daarvan.

### **Moerbeibos (Dalene Matthee)**

'n Groot verskeidenheid van opinies word oor hierdie roman gehuldig. Vir Anna van Zyl (1987b:15, *Die Volksblad*) het die boek haar dieper geraak as Matthee se vorige twee bosboeke, terwyl André P. Brink (1987e:25, *Rapport*) dié teks beskou as die jaar se

grootste teleurstelling. Miskien lê die groot verskil in opinie daarin dat dié teks, soos Tom Gouws (1988:83, *De Kaf*) aandui, minder toeganklik is vir die leser as Matthee se vorige twee bosboeke en die leser, volgens Cecile Cilliers (1987:61, *Insig*) nie betrokke raak by die Italianers se lotgevalle nie.

### **Die horlosie se wysters val af (Fransi Phillips)**

Ten spyte van, soms, 'n neiging tot oordrywing en 'n oënskynlik té groot impulsiwiteit, meen André P.Brink (1983c:27, *Rapport*) dat hierdie teks een van die boeiendste publikasies van die jongste generasie tot dusver is. Vir René Marais (1983b:8, *Beeld*) gaan dit in hierdie teks oor die opheffing van grense - ook tussen genres. Sy meen dat die teks van oorspronklikheid getuig en beslis verdien om gelees te word.

### **77 stories oor 'n clown (Fransi Phillips)**

L.S.Venter (1986:10, *Die Volksblad*) wys op die ritmiese patroon in die verhale en meen dat 'n mens selde in Afrikaans die voorreg het om so 'n meevoerende kadans te lees. André P.Brink (1986c:16, *Rapport*) meen dat die leser van hierdie teks homself onbevange moet oopstel voor 'n reeks verstommende, vrolike, makabere, skrikwekkende, heerlike, lawwe, hartseer *stories*. Hy beskou dié lieflike klein storieboek as een van die opwindendste onlangse verskynings in Afrikaans.

### **Die wilde kind (Fransi Phillips)**

Johann de Lange (1988b:85, *De Kaf*) meen Phillips het iets nuuts in Afrikaanse prosa gebring: 'n soort magiese realisme, maar bowenal 'n sin vir die wonder, vir die fantastiese. Hy meen dat hierdie weer 'n teks is waarin die grense tussen dinge opgehef word, een waarin transformasies op asebenemend máklike wyse gebeur, waarin daar in die onderbewuste, die irrasionele, gedelf word. Vir Anna van Zyl (1988a:15, *Die Volksblad*) is dit 'n verbeeldingryke verhaal vol van die naïewe wysheid van die oersprokie. Wat die teks so indrukwekkend maak, meen sy, is dat die fantasiewêreld so reëel oorkom.

### **Theresa se droom (Fransi Phillips)**

Volgens Barrie Hough (1988:52, *Insig*) wys Phillips met dié teks dat sy 'n voorste storieverteller is en dat sy die naturalistiese verhaal en die sprokie betekenisvol kan versoen. Ook vir Anna van Zyl (1988c:15, *Die Volksblad*) en Joan Hambidge (1988d:31, *Rapport*) oortuig die oorgang vanaf die ellendige werklikheid van die weeskind se lewe na haar fantasiewêreld. Hierteenoor meen A.P.Grové (1988a:10, *Beeld*) dat die fantastiese en die realistiese nie oortuigend verweef is in hierdie verhaal nie.

### **Jonkmanskas (Koos Prinsloo)**

In teenstelling met M.C.Botha (1983:9, *Die Vaderland*) se redelik neutrale resensie, beskou J.P.Smuts (1983a:7, *Die Burger*) dié teks as 'n belofteryke debuutbundel. Ia van Zyl (1983:114, *Tydskrif vir Letterkunde*) meen dat die teks as debuutbundel uitmuntende kwaliteite bevat. Volgens Adrianna Anderson (1983:6, *Beeld*) trek dié bundel aandag vanweë die gehalte van die meeste van die verhale, maar ook weens sy eksperimentering met vorm en inhoud. André P.Brink (1983a:12, *Rapport*) beskou die teks as 'n knap werk met soms ontstemmende openbaringe van leegtes en verlatenheid agter die macho fasade.

### **Die hemel help ons (Koos Prinsloo)**

Volgens Joan Hambidge (1988b:8, *Beeld*) is dit 'n ontstellende en onvergeetlike bundel. Ook Pieter van der Lugt (1987:8, *Die Burger*) raak opgewonde oor die direktheid en openhartigheid van die teks. Hy meen dat hierdie teks deur die dik mure wat kritici en sommige gevestigde skrywers om die kortverhaal-genre gebou het, breek. André P.Brink (1987f:29, *Rapport*) gaan verder en beskryf die teks as "briljant" en 'n "triomf". Hy meen dat dit van die onverbiddelikste en mees deurtastende besinnings op die Suid-Afrikaanse noodsituasie (in elke sin van die woord) is wat nog in Afrikaans verskyn het en beslis nie geskryf is ter wille van seksuele of politieke sensasie nie.

### **Sonneskyn en Chevrolet (Dan Roodt)**

In 'n besonder lang bespreking van dié teks, beskryf George Weideman (1980:6, *Rapport*) *Sonneskyn en Chevrolet* as 'n ryk werk, 'n prikkelende boek en dié soort teks waarmee 'n nuwe dekade vir Afrikaans ingelei sou kon word. Elsa Joubert (1985:46, *Die Suid-Afrikaan*) beskryf die verkragting van die jong swart meisie deur 'n soldaat as seker een van die aangrypendste stukkies prosa in Afrikaans.

### **Twee sinne (Dan Roodt)**

Die enigste diepgaande resensie oor hierdie teks wat Ineg aandui, is dié deur Joan Hambidge (1986a:6, *Beeld*). Volgens haar lewer Roodt met *Twee sinne* kommentaar op die moderne samelewing waarin die individu vervreemd van homself is. Hambidge beskou dit as 'n belangrike teks omdat dit allerlei aannames waarmee lesers tekste benader bevraagteken. Dit is, meen sy, 'n teks wat bedoel is vir die literêr ingeligte.

### **'n Wêreld sonder grense (Alexander Strachan)**

Versigtige, maar oorwegend positiewe, lofbetuigings word deur resensente oor dié teks gehuldig. H.P.van Coller (1984a:6, *Die Volksblad*) wys daarop dat die bundel een van die beste voorbeelde van 'n prosa-siklus in Afrikaans is. Hy beskou dit as een van die belowendste prosadebute in die afgelope jare. Die oorlogstaal wat in die bundel voorkom, meen J.P.Smuts (1984c:13, *Die Burger*), verruim die Afrikaanse literêre woordeskat opvallend, terwyl A.P.Grové (1984a:6, *Oosterlig*) glo dat hierdie stukke met 'n besondere vaardigheid geskryf is. Ia van Zyl (1985b:125, *Tydskrif vir Letterkunde*) wys op die aktualiteit van die tema in hierdie bundel wat haar aangegryp het, maar ook ontredder laat voel het.

### **My Kubaan (Etienne van Heerden)**

Ia van Zyl (1984:12, *Die Suidwester*) meen dat hierdie teks 'n sterk debuut is wat deurgaans 'n besonder hoë peil handhaaf en wat Van Heerden se stewige skryftalent



bevestig. Elsa Joubert (1984:11, *Die Vaderland*) is baie geïmponeerd met die titelverhaal wat sy as "briljant" beskryf. Die bundel, meen sy, is 'n prikkelende en waardige debuutbundel kortverhale. J.P.Smuts (1983b:13, *Die Burger*) glo dat as Van Heerden op dié vlak kan voortwerk, hy een van die belangrikste kortverhaalskrywers van die nuwe geslag sal word.

#### **Om te awol (Etienne van Heerden)**

Resensente is versigtig optimisties oor hierdie teks. Hoewel J.P. Smuts (1984e:17, *Die Burger*) meen dat Van Heerden nog té doelbewus literêr probeer skryf, wys dié verhaal, volgens Smuts, daarop dat hy wel in staat is om prosa met 'n eiesoortige styl te skryf. André P.Brink (1984f:17, *Rapport*) glo dat die skrywer die vlakkespel van hede en verlede, binne- en buitewêreld en syn en skyn verbasend behendig hanteer. Saam met A.P.Grové (1984b:8, *Beeld*) meen Brink en Smuts dat Van Heerden met dié teks op pad is na werklik boeiende werk.

#### **Toorberg (Etienne van Heerden)**

Henriette Roos (1987:7, *Die Transvaler*) meen die verrassende element wat van *Toorberg* so 'n fassinerende en bevredigende boek maak, is die wyse waarop 'n magdom van ander stories en raaisels en waarhede saamgetrek en met die Van Heerden-tekse saamgelees kan word. Vir André P.Brink (1987a:27, *Rapport*) lê die boeiende van die roman in sy afwykinge van die bloot-realistiese: veral in die mate waarin die historiese gelegendariseer word. Ten spyte van enkele gebreke, meen Brink, is daar soveel voortreflikhede in dié teks dat ons jonger prosa met dié werk weer 'n beduidende tree vooruit gevorder het. Ook Gunter Pakendorf (1986:15, *Die Burger*) beskou dit as 'n ambisieuse en indrukwekkende roman wat sonder twyfel 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse prosa sal lewer.

### Liegfabriek (Etienne van Heerden)

A.P.Grové (1988b:8, *Beeld*) wys daarop dat daar in hierdie bundel tegnies in verskillende rigtings geëksperimenteer word. Satire en 'n ontmaskering op verskillende terreine word feitlik deurgaans aangetref, hoewel die komposisie van die stukke, volgens hom, nie altyd slaag nie. Annari van der Merwe (1988b:15, *Die Volksblad*) meen dat dié teks as dokumentasie van ons tyd sonder omhaal 'n inherent verrotte en verslae mensheid illustreer. In hierdie sin, meen sy, is dit neerdrukkend en onrusbarend, maar dien dit ook as voorbeeld van die lewenskragtigheid van Afrikaans.

### Aandenking vir 'n vry man (Jan van Tonder)

In teenstelling met André le Roux (1985b:8, *Die Burger*) se oorwegend negatiewe resensie, wys H.P.van Coller (1985:6, *Die Volksblad*) op die tematiese vernuwing wat hierdie bundel veroorsaak. André P.Brink (1985e:27, *Rapport*) gaan heelwat verder as hy meen dat die gruwelike skemerwêreld van gevangenes in ons midde nog selde met soveel verdoemende oortuigingskrag voor Afrikaanse lesers ontbloot is. Brink meen dat hierdie teks van die mees gelade kortkuns bevat wat ons in baie jare in Afrikaans te lese gekry het.

### Is Sagie (Jan van Tonder)

Vir Anna van Zyl (1987a:15, *Die Volksblad*) lê die wonderlike van hierdie boek in die eenvoud waarmee dit geskryf is. Dit is, meen sy, 'n heerlikheid om 'n boek te lees sonder intellektuele worsteling en sonder spitsvondigheid. Ook Gunter Pakendorf (1987c:18, *Die Burger*) wys daarop dat die teks geen literêre foefies of pretensies bevat nie. Heilna du Plooy (1987:6, *Beeld*) toon aan dat 'n leser maklik deur die lotgevalle van die karakters meegevoer kan word, maar meen ook dat dié treffende verhaal dieper problematiek, bv. die kwessie van geregtigheid, aanspreek. Volgens Ia van Zyl (1989b:93, *Tydskrif vir Letterkunde*) het Van Tonder vir hom met hierdie teks "'n plek in die voorste ry van Afrikaanse skrywers oopgeskryf".

### **Die kind (Jan van Tonder)**

Hoewel *Die kind* in 1990 met die ATKV-prys vir gewilde Afrikaanse prosa bekroon is, is resensente redelik negatief oor dié boek. Joan Hambidge (1990c:8, *Die Transvaler*) beskou dit as 'n mindere teks en Henriette Roos (1990:16, *Rapport*) kla dat die teks histories onjuis is. Tog meen sy dat dit 'n welkome toevoeging tot Afrikaanse *ligte* lektuur is. Volgens Charles Malan (1990:14, *Beeld*) het die teks talle gebreke, maar is dié pretensielose roman die soort kulturele vertaalwerk wat ons land in die proses van kulturele rekonstruksie nodig het.

### **Klaaglied vir Koos (Lettie Viljoen)**

Joan Hambidge (1985:11, *Die Vaderland*) beskryf in haar versigtige resensie dié teks bloot as 'n komplekse vertelling wat weens sy boodskap en aanbod 'n belangrike prosawerk is, terwyl André le Roux (1985a:9, *Die Burger*) meer optimisties is as hy wys op die deurleefdheid en deurdagtheid van dié teks. Een groot leemte, meen hy, is dat die mindere karakters in die teks se posisie verskraal word. Hierteenoor is André P.Brink (1985b:14, *Rapport*) geweldig optimisties oor die "merkwaardig ryk" teks en beskou dit as een van die allerbeste prosawerke wat in lang jare by ons verskyn het.

### **Erf (Lettie Viljoen)**

Vir Anna van Zyl (1986:12, *Die Volksblad*) raak die eenvoud van die beelding in die verhaal haar diep en dit verleen 'n besondere egtheid aan die verhaal. Tog sukkel Van Zyl om die frustrasies van die hoofkarakter te agterhaal. Vir André P.Brink (1986g:10, *Rapport*) is *Erf* 'n verrykende lees-avontuur wat as vernuwing van die skryfster se skryftalent dien. Ten spyte van 'n aantal gebreke, meen hy, is dit 'n novelle wat die leser kwel, uitdaag, genot verskaf, tart, oprui en bevredig.

Dit is belangrik om te beseft dat 'n resensent nie in die bestek van 'n paar honderd woorde diepgaande motiewe in tekste volledig kan ontgin nie, en dat 'n resensie leserbegeleidend moet optree. Daarom, in antwoord op die drie vrae wat aan die begin

van hierdie afdeling gestel is, kan 'n mens nie té indringende antwoorde in die resensies verwag nie. 'n Paar van die opmerkings wat wel opval kan soos volg as antwoord op die drie vrae saamgevat word:

- 1 'n Hele aantal van bogenoemde skrywers word deur die resensente aangedui as belangrike skrywers: So word M.C.Botha gesien as 'n "rasegte kortverhaalskrywer" en "'n nuwe prosateur van betekenis"; daar word gesê dat min mense by Dalene Matthee kan kers vashou as dit by die vertelkuns op sy oerste en onderhoudendste kom; dat Jan van Tonder 'n plek in die voorste ry van Afrikaanse skrywers verdien en dat Fransi Phillips 'n "voorste storieverteller" is.
  
- 2 Heelwat vernuwende bydraes tot die prosagenre van die tagtigerdekade word in hierdie tekste aangedui. *Die mammies, die pappies, die boeties, die sussies* word bv. gesien as 'n eksperiment in betrokke literatuur soos ons nog nooit tevore in die Suid-Afrikaanse letterkunde mee gekonfronteer is nie; *Kringe in 'n bos* word beoordeel as "een van die leesbaarste en genietlikste romans wat nog in Afrikaans verskyn het" en *Die hemel help ons* word beskryf as een van die onverbiddelikste en mees deurtastende besinnings op die Suid-Afrikaanse noodtoestand wat nog in Afrikaanse geskryf is.
  
- 3 In gevalle waar 'n skrywer van die proefgroep meer as een teks geskryf het, kan 'n mens dikwels progressie in die evaluering van die tekste raaksien, soos in die geval met M.C.Botha se werk. Verskeie tekste word as "uniek" beskou en ander word weer geloof vir die belangrike bydrae wat hulle tot die Afrikaanse letterkunde gelewer het.

#### 5.4. Lesers se reaksie op die proefgroep se tekste

##### 5.4.1. Lesers in die tagtigerjare

Naas die rol van geskiedskrywers en resensente as ingeligte lesers, moet ook die gewone leser se reaksie op die proefgroep se tekste gemeet word. 'n Manier waarop gewone lesers se reaksies in die tagtigerjare vasgestel kan word, is deur lesersbriewe in tydskrifte en koerante na te gaan. Ten einde 'n idee te vorm van lesers se reaksie op die proefgroep se tekste, is die tydskrif *De Kat* (Jul 1985 - Des 1989) se briewekolomme bestudeer. Die enigste briefwisseling betreffende hierdie tekste (met kommentaar oor die strekking van elke brief wat gevind is) was die volgende:

<u>De Kat briewekolomme</u>		
<i>Datum</i>	<i>Naam van leser</i>	<i>Naam van teks en strekking van kommentaar</i>
Apr. 1987 (p.7)	Karen Viljoen	<i>'n Wêreld sonder grense</i> Baie negatief. Sy vind die teks walglik en meen dat geweld in hierdie werk verheerlik word, sonder 'n morele verantwoording daarvan.
Nov. 1987 (p.6)	D.M.de Waal	<i>Louoond</i> Baie negatief. Hy beskou dit as "latrinelektuur".
Okt. 1988 (p.4)	J.J.Malan	Dalene Matthee se romans. Baie positief. Hy sien dit as 'n voorbeeld van wat in Afrikaans sal en gaan gelees word.
Des. 1988 (p.4)	Beth Radloff	<i>Die hemel help ons</i> Baie negatief. Sy meen dat Prinsloo poog om te skok en te walg.
Okt. 1989c (p.4)	Joan Hambidge	<i>Suidpunt-jazz</i> Negatief. Sy beskou dit nie as 'n goeie teks nie.

Tabel 5.2

Die gevaar daaraan verbonde om 'n opinie betreffende die ontvangs van 'n bepaalde literêre werk aan die hand van bogenoemde metode te doen, is dat mense slegs briewe aan tydskrifte en koerante skryf oor literêre werke as hulle baie daarvan hou of nie hou nie. Die leser wat nie sterk gevoelens oor 'n werk het nie, sal uiteraard nie die pen

opneem nie - vandaar die uiterste reaksies in bogenoemde tabel. Sodanige ondersoek kan dus nie as verteenwoordigend beskou word nie.

#### 5.4.2. Die lesers van tagtigertekste

Om 'n leser se reaksie op 'n groot aantal literêre werke te meet is nie maklik nie, omdat 'n leser normaalweg 'n gevoelsuitspraak oor 'n werk wat hy gelees het lewer, en elke leser se gevoel oor 'n teks natuurlik verskil. 'n Leser sal voel dat hy van 'n werk hou aldan nie, sonder om bewustelik aan die hand van afsonderlike kriteria - soos die mate waarmee hy emosionele betrokkenheid met die karakters en gebeure ervaar - sodanige opinie bereik. 'n Verdere probleem is tyd: enige sodanige studie sou die beste resultate lewer direk ná 'n leser 'n bepaalde teks gelees het, bloot omdat fynere nuanses in 'n literêre werk spoedig vergete raak.

Ten einde te toets hoeveel van die proefgroep se tekste deur gereelde lesers van Afrikaanse prosa gelees word, en ook te poog om op 'n vier-punt waardestelsel (1 = baie goed; 2 = redelik goed; 3 = redelik swak en 4 = baie swak) vas te stel hoedanig hierdie tekste geniet is, het ek tog besluit om met behulp van 'n vraelys lesers se opinies te toets. Ek het 50 volwasse biblioteekgebruikers wat gereeld Afrikaanse prosatekste lees (voortaan die respondente genoem) by die Alkantrant takbiblioteek in Pretoria gedurende Oktober 1994 gevra om aan die hand van bogenoemde vier-punt waardeskaal 'n waarde-oordeel oor die proefgroep se tekste uit te spreek. Die uitslae kan soos volg opgesom word:

<b>Lesers van Alkantrant takbiblioteek</b>					
<i>Proefgroep se tekste</i>	<i>Hoeveel het teks gelees</i>	<i>Waarde-oordeel</i>			
		<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>	<b>4</b>
<i>Die hartklop van gevoel</i>	2	1	1	0	0
<i>Skertse</i>	0	0	0	0	0
<i>Die prys wat jy moet betaal</i>	1	0	1	0	0
<i>Die einde van 'n kluisenaar se lewe</i>	1	1	0	0	0
<i>Bome van kennis en ander verhale</i>	0	0	0	0	0
<i>Sluvoet</i>	0	0	0	0	0

Proefgroep se tekste	Hoeveel het		Waarde-oordeel			
	teks gelees		1	2	3	4
Die waarheid gelieg	0	0	0	0	0	0
Sitate om 'n rewolusie	0	0	0	0	0	0
Die mammies, die pappies die boeties, die sussies	0	0	0	0	0	0
'n Kat in die sak	6	1	4	0	1	1
Louoond	4	1	3	0	0	0
Uit 'n ander wêreld	1	0	1	0	0	0
Die tonnel	0	0	0	0	0	0
Markus vermoed 'n verhaal	0	0	0	0	0	0
Wie de hel het jou vertel?	3	2	0	1	0	0
Halfkrone vir die nagmaal	6	2	3	1	0	0
Silt van die aarde	2	2	0	0	0	0
Die skerpskutter	2	0	1	1	0	0
'n Basis oorkant die grens	2	0	1	1	0	0
Te hel met ouma!	0	0	0	0	0	0
Sleep vir jou 'n stoel nader	0	0	0	0	0	0
Nou's die Kaap weer Hollands	0	0	0	0	0	0
My nooi is in 'n tikmasjien	3	0	2	1	0	0
Somer II	1	0	1	0	0	0
Breekwater en ander kortverhale	1	0	1	0	0	0
Suidpunt-jazz	0	0	0	0	0	0
'n Huis vir Nadia	9	4	4	1	0	0
Die Judasbok	9	5	4	0	0	0
Petronella van Aarde, burgemeester	9	6	2	1	0	0
Kringe in 'n bos	44	37	5	2	0	0
Fiela se kind	45	34	10	1	0	0
Moerbeibos	35	22	9	4	0	0
Die horlosie se wysers val af	0	0	0	0	0	0
77 stories oor 'n clown	1	1	0	0	0	0
Die wilde kind	1	1	0	0	0	0
Theresa se droom	2	1	0	1	0	0
Jonkmanskas	2	1	0	1	0	0
Die hemel help ons	3	2	1	0	0	0
Sonneskyn en Chevrolet	1	0	0	1	0	0
Twee sinne	0	0	0	0	0	0
'n Wêreld sonder grense	7	1	4	2	0	0
My Kubaan	3	2	0	1	0	0
Om te awol	3	0	1	2	0	0

Proefgroep se tekste	Hoeveel het teks gelees	Waarde-oordeel			
		1	2	3	4
<i>Toorberg</i>	10	2	5	3	0
<i>Liegfabriek</i>	4	1	2	1	0
<i>Wit vis</i>	0	0	0	0	0
<i>Aandenking vir 'n vry man</i>	0	0	0	0	0
<i>Is Sagie</i>	1	0	1	0	0
<i>Die kind</i>	2	0	2	0	0
<i>Klaaglied vir Koos</i>	1	0	1	0	0
<i>Erf</i>	1	0	1	0	0

Tabel 5.3

Sleutel: 1 = Baie goed; 2 = Redelik goed; 3 = Redelike swak; 4 = Baie swak.

Bogenoemde opname bevestig dat lesers van Afrikaanse prosa nie dikwels "hoër letterkundige tekste" lees nie. Terwyl 45 (90% van die 50 respondente) Dalene Matthee se *Fiela se kind* en 44 (88% van die respondente) *Kringe in 'n bos* gelees het, is 17 van die proefgroep se tekste deur nie eers een van hierdie lesers gelees nie. As 'n mens al die tekste wat gelees is saamtel, is slegs 8,9% van die potensiële tekste wat gelees kon word, wel deur die respondente gelees.

Die belangrikste rede wat die respondente hiervoor aanvoer is dat literêre tekste "te moeilik" is. Verskeie respondente sê dat hulle lees om te ontspan en dat hierdie tekste nie ontspannend is nie. 'n Verdere rede hiervoor is die gebrek aan beskikbaarheid van tekste. In tabel 4.6 het ons bv. gesien dat elf van die 51 tekste wat deur die proefgroep geskryf is, glad nie by enige van die negentien openbare biblioteke in Pretoria beskikbaar was nie. 'n Groot aantal van die tekste is net by 'n paar van die takbiblioteke beskikbaar. Verder, soos in hoofstuk 4.3 vermeld, was sewentien van die tekste in Julie 1994 uit druk en dus moeilik bekombaar of selfs onbekombaar.

### 5.5. Gevolgtrekking

Gedurende my ondervraging van die biblioteekgebruikers (1994) het ek beseft dat lesers sukkel om 'n waarde-oordeel te vel oor tekste wat hulle tot tussen vyf en vyftien jaar tevore gelees het. Dikwels kon hulle nie eers onthou of hulle die betrokke tekste



gelees het nie! Lesersreaksie op tagtigerwerke in die tagtigerjare word dus slegs ondersoek vir sover dit in gedrukte vorm bestendig is.

Veel duideliker resultate is identifiseerbaar in 'n ondersoek na waarde-oordele wat neergeskryf is pas ná 'n teks gelees is. Daarom het ek in my ondersoek na die tagtigerlesers veral gekonsentreer op wat die resentsste geskiedskrywer (Kannemeyer) en 'n groot aantal resensente te sê gehad het oor die tekste. Hierdie werkswyse het die verdere voordeel gehad dat opinies bestudeer kon word wat tydens die tagtigerjare uitgespreek is en nie opinies wat moontlik as gevolg van 'n tydsverloop deur ander faktore ná die tagtigerjare beïnvloed kon word nie.

Uit die steekproef wat t.o.v. lesersreaksies in briewekolomme in *De Kat* uitgevoer is, kon weinig afgelei word. Een probleem met sodanige ondersoek na kommentaar van lesers is dat slegs enkele briewe gepubliseer word en duidelike gevolgtrekkings dus nie moontlik is nie.

Betreffende die waarde-oordele van die biblioteekgebruikers wat oor tekste wat wel gelees is uitgespreek is, is dit duidelik dat respondente grootliks van mekaar verskil in hulle kritiek oor die tekste. Een van die respondente het een teks wat hy gelees het as baie swak beskou; 26 van die gelese tekste is as redelik swak beskou 71 tekste is as redelik goed beskou en 130 tekste is as baie goed beskou. Verder is dit ook insiggewend om te sien hoe min van die proefgroep se tekste deur lesers van Afrikaanse letterkunde gelees is (al die respondente het gesê dat hulle dikwels Afrikaanse prosatekste lees). As 'n mens in ag neem dat slegs 8,9% van die potensiële tekste wat gelees kon word deur die respondente wat ondervra is wel gelees is, is dit duidelik dat "ernstige" Afrikaanse tekste nie noodwendig populêre leesstof is nie.

Hoewel J.C.Kannemeyer in sy kritiek rondom die 44 gekose tekste wat in *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* bespreek word oorwegend positief is, lewer hy tog ook, soms fel, kritiek teen sommige van hierdie tekste. Uit sy negatiewe opmerkings oor tekste soos *Die hartklop van gevoel*, *Sluvoet*, *Markus vermoed 'n verhaal*, *Twee sinne* en *Wit vis*, kan 'n mens aflei dat ten minste dié vyf tekste waarskynlik ook nie onder

latere geskiedskrywers wat die hele tagtigerdekade se prosawerke in oënskou sal neem, gewild sal wees nie. Wanneer Kannemeyer, aan die ander kant, terme soos "'n meesleurende verhaal" (*Kringe in 'n bos*), "manjifiek" (*Die hemel help ons*) en "'n beduidende bydrae" (*Toorberg*) gebruik, bevestig hy sekerlik dié tekste se posisies in die kanon.

Uit die samevatting van resensies wat oor 48 van die 51 gekose tekste verkrygbaar was, is dit duidelik dat die resensente 'n hele aantal van hierdie proefgroep skrywers 1) as belangrike Afrikaanse prosateurs beskou, 2) heelwat vernuwende aspekte in hulle tekste aanstip en 3) daarop wys dat verskeie van hierdie 48 tekste belangrike bydraes lewer tot die Afrikaanse prosagenre.

## HOOFSTUK SES

### DIE REALISERING VAN SOSIALE WERKLIKHEDE IN 'N WÊRELD SONDER GRENSE

#### 6.1. Die seleksie van 'n Wêreld sonder grense as ondersoekterrein

In 1985 word die Eugène Marais-prys deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Alexander Strachan toegeken vir sy debuutwerk *'n Wêreld sonder grense*. Tot in 1991 het hierdie teks reeds vyf herdrukke beleef en 'n klankopname van die teks word in 1986 deur die Pionierskool in Worcester gemaak. Nie minder nie as 30 kopieë van die teks was in 1994 gesamentlik in die negentien openbare biblioteke van Pretoria beskikbaar. *'n Wêreld sonder grense* is een van baie min Afrikaanse prosatekste wat nog verfilm is. In 1988 is die film as video beskikbaar gestel met, soos in die geval van die film, 'n ouderdomsbepanking van 2-16.

Verskeie universiteite skryf hierdie teks voor en in 'n paar verhandelinge, proefskrifte en boeke word óf die bundel óf individuele kortverhale uit die bundel bespreek (Sien hoofstuk 6.5.i en Addendum C). Nieteenstaande die feit dat hierdie teks slegs 52 bladsye beslaan, kan dit as een van die belangrikste voorbeelde van die grensliteratuur beskou word en word verskeie universele vraagstukke ("grense") in die teks aangespreek. Cronje verduidelik soos volg:

Wanneer die bundel in sy geheel ondersoek word, is dit duidelik dat dit ten sterkste aansluit by die begrip "grensliteratuur" in die sin dat die handeling óf op die grens afspeel óf daarheen herlei kan word, soos in "Koebaaï" gesien kan word. Verder sluit dit ook aan by die begrip omdat dit ook ander grense teen die agtergrond van die oorlog ondersoek. Die handeling word gemotiveer deur die oorsteek van grense (1989:136).

Die sogenaamde grensliteratuur was, soos genoem in hoofstuk 3.2.3, een van die belangrikste literêre tendense van die tagtigerjare. Hierdie teks verteenwoordig 'n besondere mylpaal binne hierdie nuwe genre: nie alleen omdat dit een van die vroegste voorbeelde van die grensliteratuur is nie, maar omdat dit in egte weermagtaal die lewenswêreld van 'n verkenner in die Suid-Afrikaanse Weermag op 'n onthutsende wyse verwoord. Soos E.Botha (1985:93) tereg aandui (sien ook hoofstuk 3.2.3.), word

verskeie persoonlike grense in dié verhaal oorgesteek en verkry die verhaal sodoende 'n veel universeler boodskap. In 'n resensie van dié teks, sê Van Coller (1984b:6) dat, as daar na groeipunte gesoek moet word in die Afrikaanse letterkunde van Tagtig, hy Alexander Strachan se naam wil noem.

Nog 'n belangrike sosiologiese aspek van hierdie bundel/novelle, is dat dit die hedendaagse Suid-Afrikaanse aktualiteit aanspreek. Verskeie terme in die weermagidoom (sien tabel 6.2) verleen 'n "eksklusiwiteit" (Roos, 1986:52) aan hierdie teks. Volgens Roos verteenwoordig Strachan se vertellings 'n opvallende literêre tendens van sy tyd:

'n tendens waarvolgens die prosa as tydsdokument, as inligtingstuk en as verslag van 'n individu se plek binne 'n bepaalde historiese periode en 'n spesifieke geesteklimaat fungeer. Dit is ook 'n tendens wat die skeptiese toon van die verslaggewers duidelik laat hoor: skeptisisme oor die geyskte aannames en morele kode van die gevestigde maatskappy en dus die lesers wat hierdie dokumente lees (1986:58).

Omdat hierdie teks weens 'n verskeidenheid redes dus as belangrike literêre teks binne die Afrikaanse prosa in die algemeen en die prosa van die gekose proefgroep gedurende die tagtigerjare spesifiek beskou kan word, kan 'n *Wêreld sonder grense* gebruik word om die veeldimensionaliteit van wat 'n literatuursosiologiese ondersoek kan behels, teksintern en -ekstern tot 'n tagtigerteks te illustreer.

## 6.2. Vanheste se model

Volgens Vanheste (1981:6ev) is dit die taak van die literatuursosiologie om insig te vermeerder in die werklike of moontlike bewussynsverruimende of -beperkende invloede van literêre werke op lesers as individue en groepe wat binne bepaalde omgewings funksioneer. Die literatuursosiologie moet dus aan alle maatskaplike verskyningsvorme van die literatuur aandag verleen. Geen konkrete, reeds bestaande literatuursosiologiese model kon opgespoor word om 'n literêre ondersoek mee te loods nie, en 'n eie model moes noodwendig saamgestel word ten einde die teoretiese aspekte van die literatuursosiologie in die praktyk te ondersoek. As vertrekpunt vir hierdie studie word Vanheste se kommunikasiemodel gebruik waarby 'n aantal vrae

geformuleer word, gekombineer met sy analisemodel (1981:215ev) waarmee hy die sosiale verband tussen 'n literêre werk en die werklikheid waarbinne dit funksioneer probeer illustreer.

Aangesien Vanheste se kommunikasiemodel net breë en vae riglyne bied, en omdat sy analisemodel nét die verhouding literêre werk - werklikheid aanspreek, behoort 'n kombinasie van hierdie modelle as sinvolle vertrekpunt te kan dien. Enkele aanpassings en byvoegings, veral betreffende die sosiale posisie van die skrywer, is egter gemaak ten einde 'n beter beeld te vorm van 'n *Wêreld sonder grense* se posisie in die samelewing. Hierdie saamgestelde model sien soos volg daar uit:

### Vanheste se aangepaste literatuursosiologiese model

#### 1 Die sosiologiese posisie van die skrywer

- a) Wie is die skrywer?
- b) Wat is sy posisie in die samelewing?
- c) Wat is sy houding teenoor die skryfproses?
- d) Wat skryf die skrywer?  
Waarom skryf die skrywer?  
Waaroor skryf die skrywer?

#### 2 Die sosiologiese posisie van die literêre teks

##### 2.1 Die begin- of basiswerklikheid

- a) Hoe word die karakters aanvanklik beskryf?
- b) Wat is die belangrikste verhouding(s) wat aanvanklik in die werk aangetref word?
- c) Watter eksterne situasie(s) vorm bv. die basis waarop persone mekaar ontmoet en aktiwiteite stelselmatig ontplooi word?
- d) Watter belangrike kulturele waardes en norme, gedragskodes, etiese voorskrifte en opvattinge (ideologiese voorveronderstellinge) kom aanvanklik in die literêre werk voor?
- e) Watter behoeftes en belangstellinge, aspirasies en toekomsverwagtinge, strewes en ambisies kom aanvanklik in die literêre werk voor?

## 2.2 Die veranderingspogings

- a) Watter tipe probleme word aangetref soos die verhaal vorder?
- b) Watter metodes word gebruik om verandering te bewerkstellig?

## 2.3 Die eindwerklikheid

- a) Watter veranderinge word nou in die karakters voltrek?
- b) Het daar enige belangrike veranderings in verhoudings tussen die karakters plaasgevind?
- c) Het die pogings om verandering te bewerkstellig tot wysigings in die eksterne situasie van karakters, groepe of maatskaplike kategorieë gelei?
- d) Vind daar enige verandering in die kulturele waardes en norme van die karakters plaas?
- e) Het die geslaagdheid of mislukking van die veranderingspogings enige veranderings in die behoeftes en belangstellings van die karakters veroorsaak?
- f) Is die oorspronklike probleemstelling opgelos, vervang deur 'n ander probleemstelling of word dit nou net meer beklemtoon?
- g) Watter aktiwiteite rondom die probleemstelling vind ná die lees van die teks plaas?

## 3 Die sosiologiese posisie van die literêre kanaal

- a) Watter nasionale erkenning is daar aan hierdie werk verleen?
- b) Wat is die werk se internasionale posisie?

## 4 Die sosiologiese posisie van die leser

Hoe is die werk deur lesers en resensente ontvang?

Tabel 6.1

Aan die hand van hierdie model sal 'n *Wêreld sonder grense* vervolgens beskryf word.

### 6.3. Die sosiologiese posisie van die skrywer

#### 6.3.a Wie is die skrywer?

Alexander Strachan (noemnaam Zander) is op 9 Junie 1955 as oudste seun in Ladysmith (Natal) gebore en het op 'n familieplaas in die distrik grootgeword. Nadat hy aan die Hoër Landbouskool Tweespruit gematrikuleer het, verrig hy gedurende 1973-74 sy verpligte twee jaar weermagopleiding waartydens hy 'n lid word van die

Suid-Afrikaanse Weermag se Verkenningvleuel. Daarna gaan boer hy, maar besluit later om verder te studeer aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat waar hy sy BA-graad (1977) (met hoofvakke Afrikaans-Nederlands, Zoeloe en Suid-Sotho), BA(Hons)-graad (1979) in Zoeloe, en MA-graad (1980) met die titel *Karakterisering in J.M.Ngcobo se Qhude manikiniki* behaal. In 1988 behaal hy sy D.Litt in Zoeloe-literatuur in die Departement Afrikatale aan die Universiteit van Pretoria met 'n proefskrif getiteld "*Uthingo lwenkosazana*" van D.B.Z.Ntuli: 'n narratologiese ondersoek met P.S.Groenewald as promotor.

### **6.3.b Wat is sy posisie in die samelewing?**

Vanaf 1978 tot 1985 is hy 'n senior lektor in Zoeloe in die Departement Afrikatale aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat, waarna hy 'n senior lektor in die Departement Afrikatale aan Unisa word. Daarna gaan boer hy op Omoyeni, 'n familieplaas in die Ladysmith distrik, word later 'n dosent aan die Vista-Universiteit en gaan boer weer metertyd op die beesplaas. Strachan is lid van die hoofbestuur en kulturele organiseerder van die Skrywersgilde en dien in 1992 as voorsitter van hierdie vereniging. Hy is ook lid van AVSA (Afrikatale Vereniging van Suidelike Afrika) en SAVAL (Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap).

### **6.3.c Wat is sy houding teenoor die skryfproses?**

In 'n onderhoud met Elmari Rautenbach (1989:6) beweer Strachan dat elke skrywer betrokke is by sy omwêreld. Tog, glo hy, is 'n mate van vervreemding ook nodig. Hy glo 'n skrywer moet altyd in 'n mate vervreemd bly van die gemeenskap en van sy kollegas. Anders verloor hy sy angel. Sy besondere vertelhoek moet nie noodwendig die leser se hoek wees nie. Dit kan hy net doen deur hom van die leser te vervreem.

Vir Strachan is die tema van 'n boek nie die belangrikste nie, maar lê die waarde van 'n teks eerder in die wyse waarop 'n verteller sy verhaal vertel. 'n Skrywer moet sonder moralisering berig. Sodra hy kant kies, verloor sy skryfwerk al sy krag (Robinson, 1985:3). Die hoofkenmerk by die jonger skrywers (hyself ingesluit), meen Strachan

(1985:15), is nie om direk kommentaar te lewer op die sosio-politieke werklikheid nie, maar eerder om dokumenterend te wees.

### 6.3.d.i Wat skryf die skrywer?

In Februarie 1980 debuteer Strachan met 'n verhaal getiteld "Huldeblyk" (later as "Koebaaï" in *'n Wêreld sonder grense* opgeneem) in die *Tydskrif vir Letterkunde*. Hierdie kortverhaal is ook in 1984 in *Rapport* gepubliseer: dieselfde jaar wat *'n Wêreld sonder grense* in boekvorm verskyn. Verskeie akademiese artikels deur Strachan sien ook gedurende hierdie tyd die lig.

In 'n onderhoud met die Universiteit van Pretoria se Letterkundevereniging (*Die Transvaler*, 1985:3) vertel Strachan iets van die proses om dié teks geskryf te kry:

Ek het langer as drie jaar aan *'n Wêreld sonder grense* gewerk en toe ek uiteindelik klaar was, was ek moeg. Tog het ek geglo in my poging en wou ek nie toelaat dat enigiets ingrypends aan die teks verander word nie. My bravade skryf ek toe aan die feit dat ek elke verhaal etlike male (ek wil amper sê tot vyftig keer) oorgeskryf het en elke woord gewik en geweeg het.

Hy het probleme gehad om die bundel te begin: elke verhaal het na "Huldeblyk" teruggedwing. Eers na agtien maande het die ander verhale 'n eie karakter ontwikkel. Selfs nadat die bundel gepubliseer is, kon Strachan hom nie maklik daarvan distansieer nie:

*Wêreld* wou my nie los nie. Dit het gedurig ingedruis teen dit waarmee ek besig was. Of die telefoon het my daaraan herinner, of die TV, of koerante. Uiteindelik het ek my gedwing om heeltemal daarvan weg te breek (Rautenbach, 1989:6).

Soos die opmerking net ná die titelblad van hierdie teks aandui, is hierdie verhaal *fiksie*. Hoewel Strachan erken dat *'n Wêreld sonder grense* baie biografies geskryf is (Horn, 1990:15), maan Van Coller (1984b:6) teen 'n té realistiese kyk op hierdie bundel. Hy meen eerder dat die oorlog in hierdie teks speelruimte word vir die mens wat oorgelewer is om 'n chaotiese bestaan sonder vastighede te voer en slagoffer word van 'n proses waarin beskuttinge voortdurend afgebreek word.



### 6.3.d.ii **Waarom skryf die skrywer?**

In antwoord op 'n vraag tydens 'n onderhoud met Koos Prinsloo waarom hy hierdie teks geskryf het, verwys Strachan na 'n landsdienskamp waar kampeerders gekla het oor die gewig wat hulle moes dra en waar hulle met groot sorg elke klipie verwyder het voor hulle saans hulle slaapsakke oopgegooi het. Dit het hom daaraan laat dink dat hy as soldaat dikwels sy eie liggaamsgewig kilometers ver moes dra en dat hy soms net in 'n bos of struik neergesak en geslaap het. Toe het hy besef dat hy 'n storie het om te vertel (Prinsloo, 1984b:3). Hy erken ook dat hy die grensliteratuur as tema gekies het omdat hy verslag wou doen oor 'n wêreld waarvan hy weet: 'n wêreld waarvan min mense weet (Robinson, 1985:3).

Volgens hom was die primêre doel van hierdie teks om te rapporteer. Dit het hy so "onbetrokke" moontlik probeer doen. Strachan meen dat beriggewing sy krag verloor sodra 'n skrywer openlik begin kant kies in sy werk (1985:15).

### 6.3.d.iii **Waaroor skryf die skrywer?**

Die grensoorlog waaroor in hierdie teks verslag gedoen word, woed reeds sedert die sestigerjare. In 1962 stig Swapo (die South West African People's Organization) 'n militêre vleuel getiteld Plan (People's Liberation Army of Namibia) in Lusaka met as doel om die destydse Suidwes-Afrika te bevry. Hulle eerste gewelddadige optrede vind in Julie 1966 plaas as 'n groep Swapo-insurgente 'n aantal Ovambo-stamhoofde aanval en terselfdertyd op 'n blanke plaashuis in die Grootfontein-distrik en op die Suidwes-Afrikaanse grenspos by Oshikango skiet. Vanaf 1966 tot laat in die tagtigerjare woed daar 'n gewapende stryd tussen Suidwes-Afrikaanse troepe (en sedert Operasie Savannah in 1975 Suid-Afrikaanse magte) en Swapo- (Plan-) insurgente in Suidwes-Afrika en Angola.

Groot offensiewe met hoë sterftesyfers het tussen 1975 en 1988 plaasgevind. So is 4768 Fapla offisiere en manskappe gedood tydens die slag van Cuito Cuanavale en verskeie opvolgoperasies aan die begin van 1988. In die 23-jaar lange

lae-intensiteitsoorlog, wat effektief op 1 November 1988 beëindig is met die bereiking van 'n skietstaking tussen Suid-Afrika en Swapo, sterf ten minste 715 lede van die veiligheidsmagte, 1087 SWA/Namibiese burgerlikes en 11291 insurgente en Angolese soldate. Geen statistiek is beskikbaar van die groot aantal ongevallen aan die kant van Angolese burgerlikes en Unita- en Kubaanse troepe nie (Steenkamp, 1990).

Veral in die laat sewentiger- en vroeë tagtigerjare word die milieu van die gewapende stryd op en oor die grense van Suidwes-Afrika/Namibië deur skrywers as tema gebruik in 'n verskeidenheid van werke wat miskien as grensliteratuur beskou kan word. Die novelle *'n Wêreld sonder grense* is teen die agtergrond van hierdie grensoorlog waarby tienduisende Suid-Afrikaners regstreeks of onregstreeks betrokke was, geskryf. Nie alleen speel die verhaal in 'n militêre milieu af nie, maar handel die verhaal dan ook juis oor die invloed wat die verteller se betrokkenheid by die militêre lewe ook op sy persoonlike lewe uitoefen totdat hy aan die einde van die verhaal alle grense van redelikheid oorskry.

Strachan erken dat hy nie maklik oor 'n situasie sal probeer skryf wat hy nie self meegemaak het nie (*Book Parade*, 1991:10). Nie alleen het Strachan, soos alle Suid-Afrikaners van sy ouderdom, grootgeword met die wete dat daar 'n grensoorlog woed nie, maar ook het hy gedurende 1973-74 diensplig verrig as lid van die Verkenningsvleuel van die Suid-Afrikaanse Weermag. Vanaf einde 1977 tot in 1982 het hy jaarliks vir periodes van ongeveer vier maande weermagkampe by sy eenheid gedoen.

Steenkamp (1990:230) verduidelik dat 1 Verkenningsskommando in 1972 gestig is en later uitgebrei is tot verskeie Verkenningsregimente:

Die "Recce's" was 'n veelrassige mag wat gekeur is uit vrywilligers uit al die SAW-dienste. Party was lede van die Staande Mag, ander dienspligtiges wat hulle bykomende diensplig onderneem het, en nog ander Burgermagmanne. Daar was ook etlike voormalige Angolese. Almal moes taai fisiese toetse aflê, en sielkundige keuring was daarop gemik om "wilde" manne en potensiële "Rambo's" uit te skakel.

Hulle eintlike taak was insypeling, waarneming, sabotasie en ander onopsigtelike werk:

Hulle het onder meer brûe en hawebouwerke opgeblaas, Planbasiswaanse verwoes, en onder die vyand se neus inligting versamel. Hulle het verskeie kere ver agter die vyand se linies ingedring en dae of weke lank as voorste observasie-offisiere vir die artillerie opgetree; die "Recce's" was glo verantwoordelik vir die akkurate grofgeskud waarmee Cuito Cuanavale vroeg in 1987 geneutraliseer is (Steenkamp, 1990:230).

Strachan verduidelik hoe die gedagte aan die skryf van die kortverhaal "Koebaai" as voorloper van hierdie teks ontstaan het:

Die ontstaan van die boek hou nou verband met die Universiteit van die Oranje Vrystaat, waar ek tydens die skryfproses as dosent in Afrikatale werksaam was. Dit was in hierdie tyd wat ek een reënigerige Maandag die begrafnis van 'n goeie vriend in Pretoria bygewoon het. En toe ek die aand op die trein klim terug Bloemfontein toe, was "Huldeblyk" reeds gebore ... die verhaal wat later "Koebaai" sou word (*Die Transvaler*, 1985:3).

Op 'n vraag of dit avontuurlus of 'n fiksheidsmanie is wat iemand beweeg om 'n verkenner te word, antwoord Strachan:

Eintlik seker meer die misterie van die hele ding. Die een oomblik staan 'n groep mans nog in 'n kroeg en drink en die volgende oomblik kom die opdrag. Hulle word opgepik en in die nag oor 'n vreemde land en onbekende terrein afgegooi waar hulle moet sien en kom klaar. Dit is wat fassineer (Irna van Zyl, 1987:101).

#### 6.4. Die sosiologiese posisie van die literêre teks

'n *Wêreld sonder grense* is 'n kortverhaalbundel wat uit nege kortprosatekste bestaan en op die flapteks getipeer word as "'n bundel aaneenskakelende kortverhale, almal onderdele van 'n oorlogverhaal". Volgens Reid (1977:46) kan kortverhale op twee maniere sinvol saamgegroepeer word: deur a) eksterne omraming en b) interne skakeling. Eksterne omraming vind in hierdie bundel plaas as die verhale telkens bv. dieselfde ek-verteller gebruik (behalwe vir "By die huis" waar 'n oukatoriële verteller gebruik word) en as dieselfde militêre ruimte telkens voorkom.

Interne skakeling tussen die verhale vind plaas deur die gebruikmaking van dieselfde hoofkarakters en 'n chronologiese opeenvolging in al die verhale: eers 'n strawwe oriëntering; daarna militêre aanwending en verlof; daarna 'n tydperk as die ek-verteller

se diensplig verby is en hy hom in 'n gewone voorstedelike, getroude bestaan probeer aanpas en dan volg sy terugkeer na die weermag en die uiteindelijke deurbreking van alle rasonale grense.

In 'n *Wêreld sonder grense* vind eksterne omraming en interne skakeling só deeglik plaas dat hierdie nege kortverhale eerder as 'n novelle as individuele kortverhale gesien kan word. Daarom sal die term novelle, met verwysing na hierdie bundel, dan ook verder in die hoofstuk gebruik word.

Omdat die eerste kortverhaal, "Herinnering", op 'n plaas ver verwyderd van die grensoorlog afspeel en die milieu, maar ook die intriges, só in kontras staan met die res van die bundel, kan die gebeure in hierdie verhaal op sy eie as die begin- of basiswerklikheid beskou word en word vervolgens bespreek:

#### **6.4.1. Die begin- of basiswerklikheid**

##### **a Hoe word die karakters aanvanklik beskryf?**

Die ek-verteller as hoofkarakter bly saam met sy (stief?)pa en ma op 'n plaas. Die plaas as ruimte word baie vaag uitgebeeld. Woorde soos "plaaspad" (p.9), "sementdam" (p.9), "rantjie" (p.10) en "werf" (p.10) toon dié speelruimte byna terloops aan. Die hoofkarakter se pa laat 'n swarte op die dak klim om die sinkplaat vas te maak (p.8), terwyl die verteller jag en teen die steilte af hardloop - aktiwiteite om hom gereed te maak vir wat voorlê *buite* die ruimte van die plaas.

Reeds op die eerste bladsy word van sy wegganery gepraat, maar dit is nog nie duidelik waarheen hy op pad is nie. 'n Kenmerk van die verteller is sy passiewe onbetrokkenheid. Hy gaan stap met die honde in die veld en laat toe dat die reuns die teef dek sonder om in te gryp; hy hou die verhouding tussen die vreemdeling wat kom kuier en sy ma dop, en hy laat toe dat sy ma ingryp in sy verhouding met die meisie by die partytjie. Wanneer hy hoor van die vreemdeling se dood, toon hy geen emosie nie.

Die leser leer baie min van sy karakter uit die eerste verhaal en slegs subtiele opmerkings soos dat hy oor die *hardheid* van sy maag en bors vryf (p.8), dui iets van sy fisiese gesteldheid aan. Deur die gebruikmaking van vaaghede en onderbeklemtoning prikkel die skrywer die leser se aandag.

Dit is moeilik om sy ma se karakter te peil. Sy is jonk en mooi. Sy staan dikwels voor die venster en kyk noord, waarskynlik omdat die vreemdeling ten noorde op die grens veg. Sy hou daarvan as haar seun honger en dors is, sy hou van stories waarin geweld voorkom en hou daarvan as die mans haar in die swembad gooi. Haar seun vergelyk haar egter met 'n teef.

Van die vreemdeling weet ons byna niks. Hy is 'n figuur wat af en toe opdaag en die hele huishouding ontwig. Die verteller onthou dat die vreemdeling 'n vlermuis doodgeslaan het en 'n luislang help vang het. Sy hare is verbleik van te veel son en hy het 'n litteken (miskien 'n ou oorlogswond). Die vreemdeling inspireer klaarblyklik die verteller om aan te meld vir 'n keuringskursus om lidmaatskap van (waarskynlik) die Verkenningvleuel van die weermag. Dit is, en bly, egter onduidelik in watter mate sy dood die verteller se verdere handeling motiveer.

**b**                    **Wat is die belangrikste verhouding(s) wat aanvanklik in die werk aangetref word?**

Die manier waarop die verteller spottend na sy ma kyk (p.7), moedswillig sy stoel rondskuif om sy ma meer onrustig te maak (p.8); die amper erotiese verwysing na die manier wat hy water drink uit die bottel wat sy ma vir hom aanbied (p.8); hoe hy sê hy sal sy ma "vannaand uitlos" (p.9) en haar 'n teef noem (p.12), doen vreemd aan. As hy sy liefde aan 'n meisie wil toon en besef dat sy ma hulle dophou, bevestig hy die onnatuurlike, (Freudiaanse?) invloed wat sy op sy lewe uitoefen, maar verweer homself soos volg: "Ma het 'n houvas op my waarvoor ek haar saans straf" (p.11). Die moontlikheid van 'n onnatuurlike (seksuele?) verhouding tussen die verteller en sy ma is dus nie uitgesluit nie.

In die wyse waarop sy ma reageer as daar na die vreemdeling verwys word, kom die leser agter dat daar meer as 'n onskuldige verhouding tussen hulle bestaan. Sy is opgewonde en gelukkig voor die vreemdeling kom kuier en soen hom met 'n gloed op haar gesig. Tog, voor die kuiergaste, druk sy haar teen haar man vas. Terwyl sy vir die vreemdeling se volgende besoek wag raak sy emosioneel, maar wanneer sy die doodstydning kry, dra sy dit stil aan haar seun oor. Volgens die verteller voel sy stukkend by die begrafnis, maar kan nie huil om haar beter te laat voel nie.

Die verhouding tussen die verteller en die vreemdeling is baie eienaardig. As hy kom kuier, hou die verteller hom van 'n afstand dop sonder om te groet. Wanneer hy ry, gaan staan die verteller voor hom in die pad, hande in die heupe. Hulle kyk mekaar vas in die oë, tot die verteller hom toelaat om te ry en terug hardloop huis toe. Hy weet dat die verteller tydens hulle vakansie in Durban vir sy ma van sy liefde vir haar vertel, maar ook dat sy ma weet dat hy nooit vir sy pa sal vertel nie. Nêrens in die verhaal is daar sprake van 'n toegeneentheid tussen die verteller en die vreemdeling nie.

Wanneer sy ma die vreemdeling se hangertjie aan die verteller gee ná dié se dood met die woorde "Dit behoort aan jou" (p.13), word geïmpliseer dat die vreemdeling sy regte pa is. Deurdat die verteller homself sowel as sy pa baie vaag beskryf, word daar miskien gepoog om 'n parallel tussen pa en seun as geheimsinnige figure te tref.

**c            Watter eksterne situasie(s) vorm bv. die basis waarop persone mekaar ontmoet en aktiwiteite stelselmatig ontplooi word?**

Die gebeure in die verhaal "Herinnering" hou besonder min verband met die res van die verhale. Nêrens in verdere verhale word weer na sy ma en pa verwys nie. Net één keer keer hy terug na sy ouerhuis as hy pas het, maar nou word daar slegs na sy ouers as "hulle" en "die huismense" (p.21) verwys.

Die suggestie word gelaat dat die verteller fisies, maar ook geestelik, verwyder raak van sy verlede. Tydens die verdere aktiwiteite in die boek word die verteller se verdere lewe in die weermag in skerp kontras geplaas met sy herkoms. Net die twee vae,

amper geheimsinnige weermagfigure, sy biologiese vader en dié se bebaarde vriend (waarskynlik Jock) wat hy by die begrafnis ontmoet, word belangrike karakters later in die novelle.

**d**            **Watter belangrike kulturele waardes en norme, gedragkodes, etiese voorskrifte en opvattinge (ideologiese voorveronderstelling) kom aanvanklik in die literêre werk voor?**

Reeds in hierdie verhaal kan die noulettende leser sien dat konvensionele norme in hierdie bundel bevraagteken sal word. 'n Owerspelige(?) verhouding tussen die verteller se ma en die vreemdeling, maar selfs ook 'n onnatuurlike verhouding tussen ma en seun, word beskryf. Duidelik is dit nie 'n gewone gesinsituasie wat hier uitgebeeld word nie. Tog, kan geargumenteer word, is dié gegewe eie aan die moderne samelewing waar die posisie van die gesin as samebindende instelling nie meer so sterk beklemtoon word nie en waar 'n groot verskeidenheid seksuele vraagstukke al hoe meer in die kollig geplaas word.

Die gedragkode van geweld word reeds aan die begin van die bundel/roman sterk beklemtoon. Die verteller se ma hou daarvan as mense (mans?) gewelddadig optree - sien bv. die verwysing na die vlermuis en die luislang. Dit is duidelik dat die vreemdeling geweld betrokke is en sy ma moedig die verteller aan om in dié se voetspore te volg. Die leser word dus reeds in die eerste verhaal/ hoofstuk blootgestel aan 'n milieu waar geweld sterk figureer.

**e**            **Watter behoeftes en belangstelling, aspirasies en toekomsverwagtinge, strewes en ambisies kom aanvanklik in die literêre werk voor?**

Besonder min inligting word rondom hierdie aspekte verskaf. Die verteller is op pad iewers heen, maar daar word nie gesê waarheen nie, hoekom hy weggaan of wat hy wil bereik nie. Hy hou homself besig met 'n verskeidenheid aktiwiteite: hy gaan stap

met die honde, hy seek toenadering tot 'n meisie en gaan saam met sy familie na 'n begrafnis.

Die eerste aanduiding van sy ambisies betreffende die weermag se verkenningsskorps vind ons eers in die tweede verhaal "Die laaste RV", as die verteller die rede hoekom hy by dié groep wil aansluit, in die inleidende paragraaf só motiveer: "Miskien wou ek probeer oor dit so moeilik gelyk het. Of dalk oor ek nooit kon stilsit nie. Dis moeilik om te sê ..." (p.14).

#### **6.4.2 Die veranderingspogings**

Vanaf "Die laaste RV" tot en met "Die muurprent" (ses kortverhale) word die hoofkarakter stelselmatig deel van die leefwêreld van die weermag. Hierdie ses verhale vorm 'n eenheid omdat die soldate se posisie ten opsigte van die twee wêreldes waarvan hulle deel uitmaak: dié aan die oorlogsfront en dié van die siviele lewe, in konstante wisselwerking geskets word. Verskeie veranderings vind binne die hoofkarakter plaas: hy word (klaarblyklik heeltemal) opgeneem in hierdie groep en tree op volgens die eise wat sy nuwe milieu aan hom stel. Nou tree hy net so gewelddadig as sy makkers en eertydse instrukteurs op, drink saam met die manne en maak amok saam met sy nuwe vriende tydens pas.

##### **a Watter tipe probleme word aangetref soos die novelle vorder?**

Twee sosiale aspekte van die veranderingsproses wat die karakter deurmaak, sal vervolgens bespreek word:

##### **i Sosiale werklikhede van die omwêreld waarbinne die gebeure plaasvind**

Die sosiale werklikheid waarbinne hierdie ses kortverhale (of hoofstukke van die novelle) funksioneer is die leefwêreld van verkenners in die Suid-Afrikaanse Weermag tydens die grensoorlog. Alles wat gedoen word sentreer rondom die weermag en sy



strukture. 'n Manier om die sosiale werklikhede in die ses kortverhale te beskryf, is om in diepte te gaan kyk na elke woord wat spesifiek die weermagmilieu konstitueer. Hierdeur kan 'n goeie indruk geskep word van die direkte en indirekte semiotiese tekens wat verskaf word en waarmee die teks beter verstaan kan word. Verboë vorms van woorde word nie aangedui nie en elke woord word net die eerste keer wat dit in die novelle gebruik word aangedui:

<u>Die gebruik van die weermagidioom</u>		
<i>Weermagidioom</i>	<i>Bladsy</i>	<i>Verduideliking</i>
<i>Die laaste RV</i>		
RV	14	'n Afkorting vir "ruitverwysing" - 'n term wat gebruik word om 'n mens se posisie baie spesifiek t.o.v. 'n breedte- en lengtelyn op 'n kaart aan te dui.
keuringskursus	14	Hoewel keuringskursusse redelik algemeen is by spesiale eenhede in die Suid-Afrikaanse Weermag voordat hulle vrywilligers as lede aanvaar, kan 'n mens uit die moeilikheidsgraad van die kursus waaraan die troepe in hierdie verhaal onderwerp word, aflei dat hier waarskynlik na die Verkenningsvleuel van die weermag se keuringskursus verwys word.
kommandant	14	'n Hoë militêre offisiërsrang.
spikes	14	'n Weermagterm vir die son.
sementblok	14	Dit word tydens die keuringskursus gebruik en moet orals saamgedra word ten einde vas te stel of die soldaat in staat sal wees om 'n swaar gewig te dra en om sy deursettingsvermoë te toets.
Land Rover	14	'n Voertuig wat dikwels in die weermag gebruik word omdat dit vierwielgedrewe is en dus maklik in die veld waar daar dikwels nie paaie is nie - oor die weg kan kom.
kompaspeilings	14	Die korrekte gebruik van 'n kompas is geweldig belangrik wanneer patrollies gestap word of kleinere groeperinge - soos in die geval van die verkenners - hulle koers in 'n vreemde omgewing presies moet bepaal.
instrukteurs	15	Ervare soldate wat gebruik word om nuwe soldate op te lei.
bos	15	Die grensoorlog is ook die "bosoorlog" genoem, vanweë die digte ruigte in die noorde van Suidwes-Afrika en in die suide van Angola waar baie skermutselinge plaasgevind het.
waterbottel	15	'n Onontbeerlike deel van enige soldaat se toerusting.

watergate	15	Drinkwater is verkry uit watergate wat dikwels baie vuil en onhigiënies is.
rugsakke	15	
kaart	15	
dixy	15	'n Ysterpan wat as bord gebruik word in die weermag.
geweer	16	
muskietnet	16	Malaria is 'n groot probleem in sekere dele van die operasionele gebied en muskietnette word aan soldate uitgereik.
uitrusting	16	Alles wat saamgedra word.
stewels	17	
patroon	17	
span	17	Om 'n geweer oor te haal.
masjiengeweevuur	18	
Nood-RV	18	'n Plek wat aangedui word waar vergader moet word as troepe om een of ander rede uitmekaar gejaag word.
fokof	18	Vloekwoorde is soms 'n integrale deel van 'n soldaat se woordeskat.
ammunisiekis	19	Dit word ook dikwels aan soldate gegee om saamgedra te word tydens oriëntering.
in pas	20	In die weermag is dit belangrik om in gelid, m.a.w. op gelyke maat saam met die ander soldate, te beweeg. Sodoende word dissipline en spanwerk aangeleer.

### *Grootmanne se hoespoed*

beret	21	Verwysend na die hoofbedekking van die spesiale eenheid waarvan hy nou lid geword het en wat 'n statussimbool is.
-------	----	---

### *Koebaai*

salueer	22	
omkeer	22	
marsjeer	22	
klaarmaakpunt	22	Die plek waar die keuringskursus sal eindig.
Bedford	22	'n Militêre voertuig wat soms as troepedraer gebruik word.
skuifelpas	23	Wanneer valskermsoldate uit 'n vliegtuig gaan spring, gebruik hulle 'n ritmiese voetbeweging.
skerf	23	Waarskynlik 'n gedeelte van 'n handgranaat.
buddy	24	'n Weermagsinoniem vir kameraad of vriend.
kruit	24	Die reuk as wapens afgevuur word.
boshoed	25	'n Hoed wat in die veld gedra word.
gefloer	25	'n Weermagterm wat beteken iemand is doodgeskiet.

**Vergelding**

tydelike basis	26	'n Plek waar soldate gewoonlik in 'n sirkel uitgeplaas word wanneer in 'n gevaarlike gebied oornag moet word.
vyandelike gebied	26	
helikopters	26	Lugsteun het 'n belangrike rol in die grensoorlog gespeel.
span	26	Die Verkenningskommando opereer in spanne en nie, soos gewone soldate, in seksies of pelotons nie.
gevegte	26	
R.S.M.	26	Die regiment samejoor. Die hoogste onder-offisier in 'n regiment.
aanvullingsdrom	26	'n Drom water waaruit soldate hulle watervoorraad kan aanvul.
Puma-helikopters	26	Helikopters wat gebruik word om troepe te vervoer.
operasie	26	Vergelykbaar met 'n veldslag.
verkenners	26	Die soldate wat gebruik word om die omgewing te verken vóór 'n groter groep ingestuur word.
dekking	26	'n (Natuurlike) skuiplek van waaruit die omgewing bespied kan word.
rantsoenpakke	27	Pakkies waarin genoeg kosvoorraad vir 'n dag is.
korporaal	27	Die laagste onder-offisier rang.
rantsoenopslagplek	28	
gun-ships	28	Helikopters wat gewapen is met 20mm kanonne en wat gebruik word vir beskerming of die uitwis van die vyand.
rondomverdediging- formasie	28	Dieselfde formasie waarmee 'n tydelike basis uitgelê word.
terroriste	29	
spoorsnyer	30	
Swapo	30	Die terroriste teen wie geveg is.
kamoefleerdrag	30	
claymore-myne	31	Anti-personeel myne wat gebruik is om om verwarring te saai tydens 'n kontak en wat as standaard toerusting saamgeneem is deur die Suid-Afrikaanse troepe tydens patrollies.
RPG's en RPD's	31	Ligte masjiengewere.
snotneuse	31	'n Wapen wat projektile wat baie soos handgranate lyk afvuur.
skrapnel- handgranate	31	
magasyne	31	

<i>Nagvlug</i>		
P.T.	32	'n Afkorting vir "physical training" oftewel liggaamsoefeninge.
ligte vrugte	32	'n Benaming vir iemand wat tydelik vrygestel is van fisiese oefeninge weens beserings.
Air Force	32	
tjoppers	32	'n Erkende Afrikaanse sinoniem vir helikopters.
kamp	34	
<i>Die muurprent</i>		
weermagdae	37	
seiners	37	
ingrawe	37	'n Gat in die grond maak wat as vlak loopgraaf as skuiling teen mortiervuur kan dien.
mortiere	37	
kleinspanoperasies	38	Verkenningsoerasies waarin min persone gebruik word.
valskermharnas	39	
vuur trek	39	As daar op mens geskiet word.
vuur-en-beweging	39	'n Tegniek wat gebruik word om m.b.v. dekverdediging ordelik vorentoe te beweeg.
day-glow	39	'n Fluorescent plakker wat gebruik word om vir helikopters aan te dui dat die draer daarvan nie die vyand is nie.
black-is-beautiful	39	Swart room wat gebruik word om te kamoefleer.
dekkingsvuur	39	
bunkers	39	Swapo het dikwels van aaneengeskakelde loopgrawe gebruik gemaak

Tabel 6.2

Dit is insiggewend dat ten minste 80 terme wat feitlik uitsluitlik in die weermagsituasie gebruik is in die bestek van net 27 bladsye voorkom. Die teks weerspieël dus - bloot te oordeel aan sy eiesoortige taalgebruik - die werklikheid van die weermag.

Geweld vind dwarsdeur die boek plaas. Dit is veral interessant om te sien hoe die hoofkarakter reageer op die geweld waarvan hy stelselmatig deel word:

Die gebruik van geweld in 'n Wêreld sonder grense

<i>bladsy</i>	<i>Gewelddadige insident</i>	<i>Die verteller se reaksie</i>
18	'n Instrukteur stamp die verteller met 'n flits teen sy bloeiende mond.	Hy gaan soos 'n masjien voort met sy kursus.
25	Sy vriend Joe word naby hom doodgeskiet.	Hy druk Joe se lyk teen hom vas en huil.
28	Jock forseer drank by Gus, wat verlam is, se mond in.	Hy help om Gus se kop vas te hou.
29	Jock ry met 'n Land Rover oor 'n vreemdeling se bene wanneer hy nie voor hulle wil padgee nie.	Hy hou die slagoffer se gesig geïnteresseerd dop.
30	'n Kontak met baie ongevallen vind in die bos plaas.	Hy veg met volle oorgawe.
31	Die soldate mishandel 'n gevangene.	Hy help, maar gee ook vir hom water as hy sterwend is.
39	'n Basisopruimingsaksie vind plaas.	Hy help skiet en doen mee aan die doodskop van diere.
40	Jock pleeg lykskending.	Hy doen niks om dit te keer nie.

Tabel 6.3

Die groot aantal gewelddadige insidente in die teks kan verdeel word in geweld wat in die bos (tydens en ná operasies) plaasvind en geweld tydens pas. Enkele van hierdie insidente kan soos volg aangehaal word:

Geweld in die bos

<i>bladsy</i>	
14	"Dis 'n geveg met jouself," sê die kommandant. "As jy wen, kan ons jou gebruik."
17	Hy is 'n vegter, sien ek - iewers moes hy 'n patroon gesteel het - want hy span sy geweer en mik na die bosse wat hom voorkeer. Sy maer arms ruk toe die skoot klap.
18	Masjiengeweevuur ruk my wakker. Blare en stukkies bos sif van alle kante op my neer soos die instrukteurs in die takke bokant ons vasskiet.

- 18 'n Skerp pyn skiet in my gesig op - ek het in die skerpkant van 'n droë tak gebuk. Die dik splinter steek onder my bolip in, al langs my wangbeen op.
- 19 "Dis met julle wat ek veg," sê ek vir die sand. "Môre-aand sal een van ons gewen het."
- 19 Die pyn en moegheid maak my deurmekaar. Ek byt my tong stukkend om my bene te lig uit die sand.
- 20 My hande vat die ammunisiekie vas en ek trek hom in my vleis in. En hoe harder ek trek, hoe ligter word hy.
- 23 Hy kyk 'n ruk daarna, trek sy mes uit, en terwyl die sonbesies al hoe harder raas, streef hy met sy duim oor die lem. Dan maak sy gewrig 'n rukkeweging en hy hou die bebloede stukkie metaal teen die son.
- 24 My tong het die warm stof van my lippe gelek; ek het gevloek en sand en bloed gespoeg.
- 25 Sy boshoe het skuins oor sy oor gehang en groot druppels donker bloed het stadig by sy neus uitgeloop. Die son het oor sy kalm, dooie oë gestreef.
- 26 "Met hierdie soort operasie kan 'n span nie anders as om sy verkenner af te skryf nie," sê Phil terwyl ons met ons rûe na die helikopters staan om die ergste sand uit die koffie te hou.
- 30 Dan gee Jock die teken ... ons claymore-myne praat of hulle een wapen is. En onmiddellik die RPG's, die RPD's en die snotneuse. Op die flanke gooi die manne hul skrapnelhandgranate. In my hande ruk my geweer, ek wissel magasyn, my wapen spring aanhoudend.
- 31 Ons stamp hom heen en weer en slaan hom in die gesig en oor die lyf tot hy lê. Toe ons hom begin versmoor, vat dit vier om hom plat te hou. Om sy nek kom nog 'n draad waarmee hy getrek gaan word.
- 38 Ron het vertel van die keer toe Jock deur die bors geskiet was. Hulle het Jock onder 'n bos ingesleep en hy moes by hom bly. Volgens Ron het Jock die hele nag oop-oë gelê; hy was bang as hy slaap, gaan hy dood.
- 39 Soos 'n groot masjien het ons vorentoe beweeg, met altyd die helfte wat storm en die helfte wat dekkingsvuur gee. Toe ons oor die eerste bunkers spring, het die gun-ships hul vuur gelig, terwyl ons al skietende oor die stellings beweeg. Reg deur die basis. Toe het ons omgedraai en met die terugkomslag die varke en hoenders doodgeskop.
- 40 "Kyk," het Jock gesê en ons die swingel gewys wat hy afgesny het. Hy het die bloederige stuk vleis voor by sy broek ingedruk sodat dit by sy gulp uithang.

Tabel 6.4

### Geweld tydens pas

- 21 Dis mos hoe ek nou veronderstel is om te wees, het ek gedink ... stil en gevaarlik.
- 27 "Wat praat jy!" sê Jock. "Ons het die kondukteur gebliksem!"

- |    |   |
|----|---|
| 28 | Ons het Gus se kop op die kussing vasgepen, terwyl Jock regstaan met die bottel.  |
| 29 | Hy doen nie wat Jock sê nie, en ek leun by die venster uit om sy gesig goed te kan dophou. Die meisies skreeu saam met hom toe ons skuiwend oor sy bene ploeg ...                                       |
| 32 | "Toe ek laas voor Smuggies stilhou, sien ek hoe smyt die ouens wat eerste gestop het, die bouncer uit," sê een.   |
| 33 | Ek gaan saam met Phil toilet toe waar hy van iewers ondersy klere 'n bottel uithaal. Ons drink dit leeg en gooi dit in die hoek neer waar dit breek. Jock kom in en ruk die handdoekhouer uit die muur. |
| 36 | "Ons het weer daai lot van die London Town Pub raakgeloop. Helse fight!"  |

Tabel 6.5

Uit bogenoemde voorbeelde van geweld is dit duidelik dat die soldate nie in staat is om geweld te beperk tot hulle optrede teenoor die vyand nie, maar dat dit ook hulle persoonlike lewens ten nouste begin beïnvloed.

ii **Die hoofkarakter se sosiologiese posisie en sy verhoudings met die ander karakters**

Die belangrikste verhoudings tussen die karakters, en trouens ook feitlik die enigste verhoudings wat in hierdie ses verhale ter sprake gebring word, is dié tussen die lede van die verkenningskorps en meer spesifiek tussen die verteller en Jock. Aanvanklik, tydens die keuringskursus ("Die laaste RV"), mag die troepe nie met mekaar praat nie. Die instrukteurs wat die kursus aanbied voer 'n sielkundige oorlog met die troepe om te kyk of hulle onder druk sal knak. Só word hulle uitgehonger, saggemaak met musiek en word die verteller hardhandig met 'n flits op die mond gestamp. Die hoofkarakter word, soos die ander karakters, geleer om homself soos 'n masjien voort te dryf en bevele onvoorwaardelik te gehoorsaam.

In "Grootmense se hoespoed" is die verteller baie trots op homself, maar sê dan ook: "Dis mos hoe ek nou veronderstel is om te wees, het ek gedink ... stil en gevaarlik" (p.21). Die suggestie wat hier gelaat word is dat die verteller meen hy as mens moet verander om by sy nuwe vriendekring en posisie in die samelewing aan te pas.

Tydens "Koebaaï" is dit reeds duidelik dat 'n hegte verhouding tussen die soldate gevorm is. 'n Soldaat word doodgeskiet en hulle woon die begrafnis met bleek gesigte by. Die verteller onthul hoe hy sy gevalle makker teen hom vasgedruk en gehuil het net ná die operasie waartydens Joe gesneuwel het. Tog wil hy nie hê dat die ander hierdie "swakheid" wat hy openbaar moet sien nie.

In "Vergelding" gaan kuier hulle vir 'n verlamde makker in die hospitaal en "help" hom om saam met hulle te drink. As 'n man op die pad voor Jock loop en nie wil padgee nie, ry Jock oor sy bene. Hy openbaar dus geen medemenslikheid teenoor vreemdelinge nie. In kontras met hom staan die verteller: as hy na 'n Swapo-soldaat staar en hulle oë mekaar ontmoet, is die emosie wat hy ervaar nie haat nie, maar vrees. In die helikopter op pad terug gee hy dan ook water aan 'n sterwende gevangene. Dit is duidelik dat die verteller en Jock se gesindhede teenoor vreemdelinge radikaal verskil.

In "Nagvlug" kry hulle pas en beweeg die makkers as 'n groep dorp toe. Hulle kuier in 'n nagklub sonder om te betaal, soek skoor met 'n groep mans, tree vandalisties op, tel 'n paar dronk meisies op en van hulle vriende raak betrokke by 'n bakleiery en in 'n motorongeluk. 'n Mens kry die gevoel dat 'n sterk samehorigheid bestaan en hulle eerder as 'n groep as individueel optree.

Die eerste tekens van 'n verdeeldheid tussen die kamerade word in "Muurprent" waargeneem. Twee dinge sonder Jock uit bo sy makkers: hy word gekies om aan sekere kleinspanoperasies deel te neem en werk dus nie meer so dikwels met sy makkers saam nie. Ook het hy doodsveragtend geword: daarvan getuig sy optrede wanneer hy hom nie wou ingrawe toe hulle 'n mortieraanval verwag het nie. Jock het onvergenoeg en lewensmoeg geword. Die hegte vriendskapsverhoudings wat in die vorige verhale geheers het, begin nou onherroeplik verbrokkel.

#### **b Watter metodes word gebruik om verandering te bewerkstellig?**

Vervolgens 'n bespreking van enkele metodes wat gebruik is om verandering te bewerkstellig, aan die hand van drie aspekte:



## i Sosiale werklikhede van die omwêreld waarbinne die gebeure plaasvind

Aan die begin van die veranderingsproses is die verteller en hoofkarakter 'n jong - waarskynlik redelik naïewe - man wat wil deel word van hierdie groep soldate. Aan die einde van hierdie veranderingsproses is hy 'n ontnugterde, geharde soldaat wat moeg is vir oorlog en besluit om sy lewenstyl te verander. Die verteller wys - ietwat fragmentaries - op sosiale vraagstukke en euwels wat dikwels in die weermag ontstaan, maar ook in die groter samelewing neerslag vind. Enkele aspekte van die sosiale werklikheid wat in die verhale aangeraak word, kan soos volg opgesom word:

### Sosiale werklikhede in 'n Wêreld sonder grense

#### *"Die laaste RV"*

In hierdie verhaal is die verteller besig om in 'n oorlogsmasjien te verander, totdat hy aan die einde van die uitputtende keuringskursus só ingebreek is dat hy soos 'n robot meganies aanhou beweeg. Die verteller voer 'n worstelstryd met normaliteit as hy sê: "*Half mal* het ek gewonder" (p.22) (ek kursiveer). 'n Implikasie van hierdie woorde kan miskien wees dat 'n soldaat eers sy rede gedeeltelik moet verloor en 'n ontmenslikingsproses deurmaak, voor hy werklik opgeneem kan word in só 'n groep.

#### *"Grootmense se hoespoed"*

Die titel suggereer reeds dat drank 'n alledaagse gebruiksartikel geword het in die grootmensewêreld waarvan hy nou deel uitmaak en goed inpas by die beeld wat hy wil hê sy maats van hom moet vorm. Dit is duidelik dat die verteller nou reeds konformeer aan die druk wat hierdie nuwe groep op sy lede plaas. Hierdie kort-kortverhaal lewer ook skreiende sosiale kommentaar op die belangrike rol wat drank speel in sommige mense se beoordeling van wie en wat 'n man is.

#### *"Koebaai"*

Die vraagstuk betreffende die beheer van emosies as deel van die ontmenslikingsgedagte in die boek, word in hierdie verhaal sterk op die voorgrond gestel. Hoewel die familie (p.22) en iemand wat as 'n skraal, pieperige mannetjie voorgestel word (p.23) mag huil, blameer een van die verteller se vriende die stof as hy langs 'n oop graf oor sy oë vee in 'n poging om nie sy hartseer te wys nie. Tog, ten spyte van die vals bravade, kan ook die verteller nie sy emosies onderdruk as hy sy gevalle makker teen hom vasdruk nie. Die ontmenslikingsproses is nog nie ten volle by die verteller voltrek nie.

*"Vergelding"*

'n Goeie vriend van die verteller is dood en 'n ander het in die hospitaal beland as die verteller se span die geleentheid kry om hulle verliese te vergeld. Tog, wanneer die verteller en sy vyand mekaar in die oë kyk, is beide se emosies nie dié van haat nie, maar eerder vrees. Die sosiale werklikheid van vrees vir jou medemens, vir die toekoms ens., veroorsaak dan ook vandag dat mense ander te na kom en eie gewin voorop stel.

*"Nagvlug"*

Die titel suggereer reeds 'n soeke na ontvlugting wat tydens verlov deur die troepe nagestreef word. Tog bestaan dit net uit 'n aand van konfrontasie, bakleiery, growwe taalgebruik, vandalisme en die mislukte poging tot seksuele ontvlugting. Ná dié nag bly slegs 'n vermoedigheid by die verteller oor: 'n lewensmoegheid en onvergenoegdheid wat ook 'n ernstige sosiale probleem by die hedendaagse mens is

*"Muurprent"*

Ook uit hierdie verhaal blyk die geestelike aftakeling, maar nou nie by die verteller self nie. Die verteller se vriend Jock word "bevorder" tot kleinspanoperasies, maar lyk moeg en vuil "vir sy vier-en-twintig jaar" (p.39). Hoewel hy aan die einde lag, is dit vir 'n baie siek vorm van humor en is dit duidelik dat Jock onvergenoegd is met dit wat hy doen.

Tabel 6.6

## ii Die hoofkarakter se sosiologiese posisie

Die ek-verteller wat geleidelik in 'n wêreld van geweld ingelyf word, transformeer stelselmatig van 'n naïewe jongman na 'n geharde soldaat. Die gemak waarmee hierdie ommeswaai plaasvind, laat egter die suggestie dat die verteller nie probleme ervaar om deel te word van hierdie wêreld nie en dat hy, per implikasie, "sy pa se seun" is en hom volkome binne die sisteem tuisvoel.

Die voortdurende blootstelling aan geweld veroorsaak 'n afstomping by die hoofkarakter. In "Die laaste RV" is dit duidelik dat 'n goeie soldaat bevele meganies moet kan nakom - al word hy fisies tot op die uiterste beproef. Die verteller skreeu in 'n taal wat hy nie verstaan nie en lag as hy sy seer lip stukkend byt. Tog gaan hy voort en voer bevele uit.

Deur sy skynbaar nonchalante houding betreffende sterk drank in "Grootmense se hoespoed" konformeer hy aan die nuwe standaard waaraan hy nou moet voldoen en waar drank dikwels 'n belangrike rol speel. Stelselmatig word die verteller ingetrek in die weermagwêreld sodat 'n afgestomptheid teenoor individualistiese denkpattone ontstaan en hy meer groepsgeoriënteerd word. In "Koebaai" is dit egter duidelik dat die verteller nog emosies kan toon as 'n vriend doodgeskiet word. Tog dui die manier waarop 'n dronkparty ter ere van die ontslapene op die trein gehou word, dat drank as ontvlugting en afstomping moet dien vir ware emosie.

Tydens 'n hinderlaag in "Vergelding" lê die verteller langs sy makkers en sien 'n Swapo-soldaat stadig nader kom:

Hy is onrustig ... sy kop draai effens, en dan sien hy my! Ons kyk mekaar vas in die oë, en op hierdie oomblik weet ek meteens: ek haat hom nie nou nie, ek vrees hom net. En in die wit van sy oë sien ek dieselfde vrees (p.30).

Soldate word tradisioneel geleer om die vyand te haat. Hier is dit egter duidelik dat die verteller nie haat teenoor die vyand koester nie, maar eerder vrees. Hierdie gedrag is simptome van baie moderne mense se afkeur aan oorlog en dit is die eerste aanduiding dat die verteller dalk nie meer die modelsoldaat is wat hy vroeër was nie, omdat hy nou afstomping teenoor sy eenheid se ideale toon.

In "Nagvlug" is dit duidelik dat die afstomping 'n hoogtepunt bereik het. As die soldate pas kry en die geleentheid gebied word om stad toe te gaan, kan hulle nie normaal en beheersd optree nie. Hulle soek skoor met almal, is vandalisties en probeer dan onsuksesvol by dronk meisies aamlê. Die hele verhaal staan tekenend van die groep se onvermoë om norm-bewus op te tree in die siviele lewe.

Jock sukkel in "Die muurprent" om homself te handhaaf. Hy tree doodsvragtend op deur homself nie in te graawe teen 'n moontlike mortieraanval nie en dit is duidelik dat, wanneer hy 'n lyk skend ter wille van 'n siek grap, hy só keelvol vir geweld is dat hy nie meer weet hoe om dit te hanteer nie.

### iii Verhoudings tussen die karakters

Min word tydens die veranderingsproses gesê oor verhoudings tussen karakters. In "Koebaai" word die soldate en 'n afgestowe makker se familie en siviele vriende sterk gekontrasteer deur die manier waarop hulle emosie openbaar. Jock word beskryf waar hy 'n grappie probeer maak en *luilekker* op sy graaf leun voor hy help om vir Joe te begrawe (maar dan draai hy "skielik" weg). Ná 'n kontak lag Jock hard (p.24). Albei insidente skep die (valse?) indruk dat die verhouding met sy vriende en sy gewelddadige milieu hom nie veel raak nie.

In skrilte kontras met Jock huil 'n siviele vriend van Jock se ma (wat beskryf word as 'n skraal, pieperige mannetjie teenoor die soldate met gespierde arms onder opgerolde moue) openlik. Die verteller onthou dat hy, toe hy sy vriend se liggaam teen hom vasgedruk het kort ná sy dood, bly was oor die reën sodat hy sy emosies kon verdoesel. In die wêreld van die soldaat mag emosies nie getoon word nie.

In "Vergelding" toon Jock dat hy wel emosie het, want sy hand bewe as Phil die moontlikheid opper dat dié operasie wat voorlê lewensgevaarlik mag wees (p.26). Jock vloek en spog oor 'n bakleiery ná 'n begrafnis. Hy neem leiding as hulle Gus dwing om te drink (p.28). Op p.29 toon hy sy gebrek aan rasionaliteit die duidelikste as hy doelbewus oor iemand wat nie vinnig genoeg voor sy voertuig wil padgee nie, se bene ry. Jock is die leier van die groep en in beheer tydens operasies. Tog wil dit voorkom asof hy beheer oor homself begin verloor.

In "Nagvlug" lei Jock sy groep by 'n nagklub in sonder om te betaal, ruk 'n handdoekhouer uit die muur en toon geen simpatie teenoor 'n persoon wat in 'n motorongeluk met hom betrokke is nie. Tydens "Die muurprent" kom die verandering wat by Jock aanwesig is die duidelikste na vore. Nie alleen gee hy nie meer vir ander mense om nie, maar ook nie meer vir homself nie. So tree hy doodsveragterend op as hy nie ingrawe wanneer hulle 'n mortieraanval verwag nie, maar begin hy ook om betrokke te raak in kleinspanoperasies en word oor sy aanleg, dapperheid en die goeie gehalte van sy werk gepraat. Tog, as die verteller weer vir Jock in die veld ontmoet, is Jock

moeg en lyk hy oud vir sy vier-en-twintig. Ten spyte van 'n siek grap kom Jock onvergenoegd voor.

Jock het 'n belangrike invloed op die verteller. Daarvan getuig die groot ruimte wat die verteller in die boek aan Jock afstaan. Die verteller laat hom deur Jock ompraat om saam met hom dorp toe te ry, hoewel hy vies is daaroor (p.29). Dit wil dus voorkom asof die onderliggende verhouding tussen die verteller en Jock baie sterker is as wat die verteller wil erken.

### **6.4.3. Die eindwerklikheid**

Die laaste twee verhale, "By die huis" en "Visioen", het op die oog af nie veel in gemeen nie. Tog is daar 'n belangrike raakpunt tussen hulle. In beide verhale is die hoofkarakter onvergenoegd met sy posisie en kom hy - eers redelik subtiel en dan blatant - in opstand teen die sisteme waarin hy hom bevind: 'n opstand waarin sy stropingsproses en die oorsteek van die grense van redelikheid volle neerslag vind. Al twee verhale vorm dus 'n integrale deel van die teks se eindwerklikheid.

#### **a Watter veranderinge word nou in die karakters voltrek?**

In "By die huis" beëindig die hoofkarakter voorlopig sy belangstelling in die weermag een dag nadat hy sy voet tydens 'n voertuigoefening beseer het. Hy poog om weg te vlug van die weermag deur te trou, kinders te kry, 'n bestendige werk te hê en erg huislik in 'n voorstedelike woonbuurt te bly. Die feit dat hierdie kortverhaal in die derdepersoon geskryf is, dui ook op die afstand wat die hoofkarakter van die weermag probeer verkry: iets wat hy dan ook inderdaad vir 'n paar jaar skynbaar redelik goed regkry.

Een dag het hy weer sy uitrusting nagegaan en "ontsteld gevoel toe destyds se sand onder sy vingers lewe" (p.42). Toe sy vrou vroeg by die huis kom, kon sy nie verstaan waarom alles gaan nie, maar sou sy die uitdrukking op sy gesig lank daarna nog onthou. Ten spyte van al sy pogings om aan te pas by sy nuwe lewe, bly iets in hom

onrustig. Dan, een middag as die donderweer al hoe dringender uitslaan, lig hy 'n groot potysterbal wat eens op die see skepe hokgeslaan het bo sy skouers en gooi dit op 'n klipplaat aan skerwe. Daarmee verbreek hy dan ook simbolies die bande wat hom ingehok het en vir 'n paar jaar uit die weermag gehou het, finaal.

In "Visioen" word die verteller, klaarblyklik sonder enige huiwering, weer by die weermag betrek as hy gevra word om vir Jock, sy eertydse vriend, te gaan elimineer. Dit lyk nie of hy enigsins twyfel of hy die aanbod moet aanvaar om terug te keer na die lewe waarmee hy vir so lank vertrou was nie. Hoewel sy beweegredes hiervoor nie baie duidelik is nie, dink hy wel dikwels aan sy biologiese pa wat gesterf het omdat, so lui die gerugte, sy soldate te lojaal aan hom geraak het en hy 'n gevaar vir die weermag geword het. Vanweë 'n oordrewe grootheidswaan neem die verteller nou sy rebellieleier-vriend se plek in om, soos sy vader waarskynlik ook wou, 'n volk te skep oor wie hy kan regeer (p.51). Hierdie keuse wat hy maak sal waarskynlik, net soos by sy vader voor hom, lei tot selfvernietiging.

Ook by Jock tree daar verandering in. Waar hy aanvanklik nooit oor sy eie vrese gepraat het nie, erken hy nou vir die eerste keer in woorde dat hy genoeg gehad het van aksie en geweld. Hy sê dat daar dinge is wat hy gedoen het wat hom begin pla (p.50). Dit is egter baie ironies, want in plaas daarvan om geweld af te sweer, word hy dan juis die leier van die groep rebelle wat nie alleen teen Swapo veg nie, maar ook teen hulle eie mense.

**b Het daar enige belangrike veranderings in verhoudings tussen die karakters plaasgevind?**

'n Baie belangrike verandering in verhoudings tussen karakters ontstaan in "By die huis", deurdat die hoofkarakter sy vriendskapsverhoudinge wat hy oor 'n lang tyd in die weermag opgebou het nou verbreek. Een dag, egter, kom kuier 'n geheimsinnige man op 'n motorfiets. Hoewel sy vrou die besoeker net skrams sien, kry sy die indruk dat dit 'n sterk man is.

In "Visioen" word die hoofkarakter gevra om sy gewese vriend en spanleier te gaan motiveer om sy opstand teen die weermag te staak of om hom te elimineer. Hy is nou bereid om Jock as leier van hierdie rebellie te dood: nie in nakoming van sy bevelvoerders se opdrag nie, maar sodat hy self die leier kan word. Sodoende verander die verhouding tussen die twee eertydse vriende sodanig dat die hoofkarakter vir Jock vermoor.

Deur die boek bestaan sterk parallels tussen die verteller en sy biologiese pa, asook die verteller en Jock. Nie alleen is en was aldrie lede van dieselfde eenheid nie, maar dra ook soortgelyke letsels van die weermag. Soos Jock word die verteller ook keelvol vir die oorlog en geweld en probeer - tevergeefs - sy bande met die eenheid breek. Soos sy biologiese pa voor hom, het die verteller ook die "visioen" om oor sy eie groep volgelinge te heers. Die manier waarop die verteller vir Jock, sy eertydse vriend en spanleier, vermoor, sowel as die opmerking dat sy pa ook deur een van sy eie makkers gedood is, laat die vermoede ontstaan dat die verteller moontlik dieselfde paadjie kan loop as iemand dalk in die toekoms teen sy leierskap wil rebelleer.

**c**     **Het die pogings om verandering te bewerkstellig tot wysigings in die eksterne situasie van karakters, groepe of maatskaplike kategorieë gelei?**

Die groot vraagstuk in die bundel is, meen ek, 'n eksistensiële vraag wat die verteller indirek stel naamlik: Wie is ek werklik? of Waar hoort ek tuis? Dit is bepaald so dat die verteller hom gedurende die verloop van die verhaal al hoe meer één begin voel in hierdie groep en in die eerste sewe verhale/hoofstukke lyk dit of die hoofkarakter hom binne die weermagopset uitleef. Selfs sy besluit om hierdie eenheid vaarwel te sê in "By die huis" is goed gemotiveerd, aangesien soldate nie vir altyd by sulke eenhede kan diens doen nie.

So slaag die hoofkarakter dan ook goed daarin om sy eie eksterne situasie vir 'n hele aantal jare radikaal te wysig. Hy slaag trouens só goed hierin dat sy vrou niks van sy verlede weet nie en vererg is daaroor dat daar iets is wat hy nie met haar wil deel nie. Tog weet sy nie presies wat dit is nie.

Die klimaks in "Visioen" bring 'n nuwe dimensie in die verteller se soeke na identiteit. Nou word die probleem op die spits gedryf as hy besluit om terug te keer na die weermagmilieu. Nie 'n woord word gesê oor sy vrou se gevoel daaromtrent nie - net soos wat daar ná "Herinnering" nooit weer na sy ma en haar man verwys word behalwe as "huismense" in "By die huis" nie.

Nadat dit aanvanklik in die teks bloot sy begeerte was om deel te word van hierdie spesiale groep, verander sy behoefte in "Visioen" totdat hy ten alle koste graag die leier van die rebellegroep téén die weermag wil word. Geen motivering word deur die rebelle gegee waarom en waarteen hulle rebelleer nie. Die verhaal se einde beklemtoon dus juis dat die verteller se eksistensiële bevraagtekening nog nie verby is nie. Hy verval in 'n barbaarse kringloop waar die natuurwet van oorlewing deur die sterkste uitgeleef word en eie belange vooropgestel word. Nie slegs vermoor hy sy eertydse vriend ter wille van eie gewin nie, maar beëindig hy ook alle vorme van redelikheid.

**d Vind daar enige verandering in die kulturele waardes en norme van die karakters plaas?**

Dit is in die aard van hierdie suggestieryke novelle dat etiese norme en die motivering vir optredes nie geëksplisiteer word nie. Al aanduiding wat ons uit die teks bekom van enige norm wat as motivering kon dien vir die hoofkarakter se belangstelling in, en betrokkenheid by, die eenheid, is dat sy biologiese pa se leefwyse hom daartoe kon inspireer. Later neem sy norme 'n karakter van sy eie aan totdat hy dan op die einde, soos reeds genoem, weens selfsugtige redes sy lojaliteit en vriendskap verloën. Nou probeer hy nie meer 'n saak bevorder nie en is bereid om verraad teenoor sy vriend, maar ook teenoor die weermag te pleeg. Die titel van hierdie novelle verwys dan ook inderdaad na die karakterverandering wat deur die boek progressief toeneem sodat grense van die huwelik, persoonlike integriteit, matigheid, lewensvreugde, sosiaal aanvaarbare gedrag en uiteindelik medemenslikheid sonder enige huiwering deur die hoofkarakter oorskry word.



In "By die huis" vlug die hoofkarakter uit die weermag en van geweld af weg. Deur die gebruik van 'n derdepersoonsverteller probeer die skrywer doelbewus afstand skep tussen die verteller en die weermag. Tog slaag die verteller slegs vir 'n paar jaar daarin om afstand te handhaaf en sy waardes en norme aan te pas. Met die stukkendgooi van die swaar ysterbal word hierdie norme en waardes weer gewysig.

In "Visioen" rig die dierlikheid waartydens die wette van die oerwoud geld, weer die optrede van die hoofkarakter. Die gemak waarmee hy terugkeer na sy vorige, gewelddadige leefwêreld (en die geslaagdheid daarvan) suggereer dat die beskaafde kulturele waardes en norme wat die hoofkarakter vir 'n aantal jare beoefen het, klaarblyklik oppervlakkig en oneg was. Dit is ook ironies dat die verteller dieselfde afgestomptheid wat die weermag hom aangeleer het, nou juis téén die weermag wil inspan. Dit is duidelik dat wanneer hy tydens die laaste insident vir Jock vermoor, die veranderinge in sy karakter nou onherroeplik geword het. Die hoofkarakter ontwikkel deur alle grense van gehoorsaamheid/verraad; vriendskap/vyandskap en reg/verkeerd: 'n ontwikkeling wat hom voer van onderdanigheid tot die "visioen" van mag (De Vries, 1989:184).

Die slottoneel in "Visioen" waar die verteller sy manskappe aanmoedig om teen die weermag op te tree, word deur Roos (1986:57) vergelyk met 'n verwante episode in *Bart Nel* van hurkende soldate tussen kampvure, terwyl die leier eenkant staan en moet besluit om 'n gewonde mederebelleier agter te laat of nie. Tog wys Roos op 'n belangrike verskil: Terwyl Bart Nel vanuit 'n morele kode van patriotisme, persoonlike integriteit en die "goeie saak" sy besluite regverdig, bestaan sodanig kode nie meer in 'n *Wêreld sonder grense* nie.

**e**     **Het die geslaagdheid of mislukking van die veranderingspogings enige veranderings in die behoeftes en belangstellings van die karakters veroorsaak?**

Terwyl sy vrou in "By die huis" die rustigheid van die tuin geniet (p.44), tuur die verteller in die verte waar die weerlig al hoe dringender uitslaan en word hy onrustig.

Hierdie gevoel veroorsaak dat hy die tuin verwoes, vreemde geluide uiter en 'n swaar potysterbal aan skerwe laat spat. Tog is dit nog nie duidelik hoe die hoofkarakter se onrustigheid gaan manifesteer en nuwe behoeftes en belangstellings by hom sal veroorsaak nie.

In "Visioen" word dit dan duidelik dat sy nuwe behoeftes en belangstellings die hoofkarakter weer terugdwing weermag toe en as hy die geleentheid kry om weer bos toe te gaan, gryp hy dit aan. Tog is sy teiken nou nie meer 'n eksterne vyand nie, maar sy eertydse vriend, Jock. Die ironie van die saak is dat Jock weet wat die doel van die verteller se missie is en opmerk: "Ek het gewonder wie hulle sou stuur" (p.47). Tog laat Jock hom toe om vry deur die basis te beweeg. Getrou aan sy karakter (soos toe hy in 'n vorige verhaal nie ingegrawe het toe hulle 'n mortieraanval verwag het nie) lyk dit nie of die dood vir hom enige verskrikking inhou nie.

En nou, miskien vir die eerste keer, is die wending wat sedert die veranderingsproses stelselmatig in die verteller se karakter begin plaasvind het, voltooi en word hy nou al hoe meer soos Jock. Die verteller wil nou die helfte van die Swapo-gevangenes doodskiet en sien ook kans daarvoor om Jock se plek gewelddadig en ter wille van eie gewin oor te neem. Nou het hy, soos Jock en sy pa voor hom, 'n visie om vir homself 'n eie koninkryk op te bou.

**f** Is die oorspronklike probleemstelling opgelos, vervang deur 'n ander probleemstelling of word dit nou net meer beklemtoon?

Waar die verteller se probleemstelling tydens die veranderingsproses klaarblyklik was om in te skakel by die leefwêreld van 'n spesiale groep soldate - iets waarin hy klaarblyklik baie goed slaag - word hierdie probleemstelling in "By die huis" vervang met 'n strewe om aan te pas by sy siviele lewe. Ook in hierdie aanpassing slaag hy skynbaar goed. Slegs af en toe kom daar 'n onrustigheid oor hom as hy met sy verlede gekonfronteer word.

In "Visioen" vind daar weer 'n radikale wysiging in die hoofkarakter se probleemstelling plaas. Hy besluit om - op versoek - terug te keer na sy weermagbestaan. Nou herleef sy eertydse strewe om by hierdie groep soldate in te skakel. Tog is daar belangrike verskille met sy aanvanklike ambisies. 'n Paar van hierdie verskille kan soos volg gekontrasteer word:

- 1      Aanvanklik wil hy deel word van die Verkenningsvleuel: die room van die weermag se soldate. Nou wil hy deel word van 'n groep rebelle wat teen die weermag draai en die wapen opneem teen hulle eertydse kamerade.
- 2      Aanvanklik aanvaar hy Jock se vriendskap en leierskap. Nou verwerp hy sy vriendskap en leierskap en gaan so ver om hom selfs te vermoor om self leier te word.
- 3      Aanvanklik neem hy - redelik onbetrokke - waar hoe ander mense geweld pleeg. Nou is hy van plan om die heffte van die Swapo-gevangenes dood te skiet. Hy vermoor vir Jock en inisieer geweld téén die weermag.

Die ambisie van die verteller om 'n eie "volk" te hê om oor te regeer, is miskien die realisering van sy pa se soortgelyke visioen. Die oop slot laat dit aan die leser oor om te besluit of hy daarin sal slaag om dit reg te kry.

**g           Watter aktiwiteite rondom die probleemstelling vind ná die lees van die teks plaas?**

Van Coller (1984b:6) waarsku dat hierdie bundel nie primêr gesien moet word as 'n realistiese uitbeelding van die oorlogsituasie in Suider-Afrika nie, "ten spyte van verskeie outentifiseringstegnieke en 'n duidelike referensiële werking". Geweld in die weermag word, volgens hom, eerder 'n blote vertrekpunt om die oorsteek van grense tussen gedragpatrone ens. aan te dui<sup>1</sup> (sien ook p.88).

---

<sup>1</sup>Kriel (1989:84) dui ook aan dat Strachan in *'n Wêreld sonder grense* doelbewus fiksionalisering toepas deur die hegte strukturering van die bundel, die spesiale aandag aan die vorm en die noukeurige vorm en komposisie van sy bundel.

As die leser dan die teks klaar gelees het, is dit duidelik dat die leser die probleemstelling, naamlik die hoofkarakter se strewe om in te skakel by 'n groep mense, nou anders sal interpreteer. Die titel van die slotverhaal "Visioen", dui daarop dat die hoofkarakter, ná hy deel van hierdie groep geword het, nou strewe om verder te gaan - hy wil poog om sy eie visioen te realiseer.

Die verteller se visioen is, net soos sy pa se mislukte droom, om 'n eie volk te hê om oor te reageer. In dié verbeeldingsvlug is daar nie plek vir realisme nie. Hy vermoor sy beste vriend, hy wil die helfte van die gevangenes om die lewe laat bring, hy rebelleer teen die weermag en wil selfs teen hulle veg. Grense van realiteit, moraliteit en uiteindelik ook normaliteit word opgehef.

Statistiek oor geestelike afwykings by Suid-Afrikaanse weermaglede wat aan die grensoorlog deelgeneem het is nie beskikbaar nie, maar dit is duidelik dat baie soldate wat in dié stryd betrokke was emosionele letsels oorgehou het. Die hoofkarakter se abnormale optrede is - hoewel ekstreem - bloot simptome van die sosiologiese gevolge wat geweldpleging op talle oudsoldate gehad het en miskien nog steeds het.

Dit is dus duidelik dat fiksie as kritiek op sosiale werklikhede gebruik kan word. Marcel van Heerden, wat die rol van Jock in die filmweergawe van dié boek gespeel het, beskryf die film as "anti-oorlog" (Irna van Zyl, 1987:100). Hierdie opmerking geld natuurlik ook vir die boek. 'n Beeld word geskep van hoe ingrypend 'n persoon se lewe verander kan word deur voortdurende blootstelling aan geweld sodat hy oplaas terugvlug na geweld - miskien omdat dit die enigste leefwêreld verteenwoordig waarmee hy nog vertrou is.

## **6.5. Die sosiologiese posisie van die literêre kanaal**

### **a Watter nasionale erkenning is daar aan hierdie werk verleen?**

#### **i Algemeen**

'n *Wêreld sonder grense* kan weens verskeie redes as 'n belangrike teks beskou word. Soos reeds aan die begin van die hoofstuk genoem is, wen Alexander Strachan in 1985

die Eugène Marais-prys vir die teks. Soos ons in tabel 6.8 ook sal sien, is verskillende toonaangewende resensente positief oor hierdie teks. Tot in 1991 het die teks reeds vyf drukke beleef en 'n klankopname van die teks word in 1986 deur die Pionierskool in Worcester gemaak. Nie minder nie as 30 kopieë van die teks was in 1994 in die negentien openbare biblioteke van Pretoria beskikbaar. Nie alleen gedurende die tagtigerjare nie, maar ook vyf jaar ná die tagtigerjare is die teks dus steeds 'n teks wat as gekanoniseerde tagtigerteks gelees word, op video beskikbaar is en selfs op klankkasset ter beskikbaar van 'n wye groep mense is.

In *Burgerband* (1985) resenseer J.P. Smuts die bundel (p.142-144) en in *Kortom* (1989) bespreek Abraham H.de Vries die kortverhaal "Visioen" (p.181-186). Verskeie universiteite skryf hierdie teks voor. So is dit bv. in 1989 by die Universiteit van Pretoria in eerstejaarsklasse en by die honneursgroep as voorgeskrewe teks behandel.

'n Aantal nagraadse studies word oor hierdie bundel aangepak. J.H. Kleynhans verwerf in 1993 'n MA-graad getiteld "*n Wêreld sonder grense*" as eksemplaries van die grensverhaal in Afrikaans by die Universiteit van die Oranje Vrystaat. In S.E.Kriel se MA-verhandeling *Vertellersmanipulasie in die Afrikaanse grensliteratuur* (1989) wat by die Universiteit van Suid-Afrika verwerf is, word '*n Wêreld sonder grense*' saam met twee kortverhale van Etienne van Heerden as verteenwoordigend van die Afrikaanse grensliteratuur bespreek. J.C.van Staden (1992) verwerf 'n MA-verhandeling getiteld *Manlike diskoerse: teorie, mag, politiek, teks, geweld en seks - gerig op die prosa van P.J.Haasbroek en Alexander Strachan* by die Universiteit van Pretoria waarin ook hierdie bundel bespreek word. In F.J.Viljoen se MA-verhandeling *Afrikaanse kortverhaaldebute 1976 tot 1992: Ontkragting en herwaardering van Afrikanermities* (1993) wat hy aan die Universiteit van Pretoria verwerf, bespreek hy o.a. die bundel op p.72-77. In 1985 registreer M.Kriel vir 'n MA-studie getiteld '*n Ondersoek na die teks en konteks van "n Wêreld sonder grense" (Alexander Strachan)*' by die Universiteit van Pretoria, maar in 1994 was dit nog nie voltooi nie.

M.J.Kühn bespreek die verhaal "Koebaai" in sy doktorsale proefskrif *Literêre teorie en letterkundeonderwys* (1989) op p.156-161 en p.166-167. In sy doktorsale proefskrif *Die*

*grens as meerduidige gegewe in die kontemporêre Afrikaanse prosa* (1989) aan die Universiteit van Pretoria, wy J.C.Cronje 20 bladsye aan 'n bespreking van dié teks.

## ii Die film 'n Wêreld sonder grense

Teenoor die ligte (of selfs verspotte) films met hulle romantiese helde wat oor die grensoorlog gemaak is (dink maar aan films soos "Kaptein Kaprivi" en die "Boetie gaan border toe"-reeks), is 'n *Wêreld sonder grense* 'n anti-oorlogprent met 'n sterk anti-oorlog boodskap (Irna van Zyl, 1987:100). In 1986 word die boek verfilm met die relatief klein begroting van R500 000. Dit was regisseur Frans Nel se eerste vollengte speelfilm en is in Pretoria en Durban en naby Hoedspruit en Heidelberg verfilm. Scot Scott, Marcel van Heerden, Brümilda van Rensburg, Anthony Wilson, Danny Keogh, Nicky Rebello en Rob Smith het die belangrikste rolle vertolk. Die vervaardiging van die film het net meer as 'n jaar geduur. In sy verduideliking van die doel met hierdie film, sê Nel (Delpont, 1987:7):

We are trying to make a statement about SA now. In the past the local film industry has shied away from criticising SA society or the Government. Our country is very violent; lots of suicides, murders, and people drink too much. I think this is because we have been at war with each other for 300 years. The film is about the effects of war and what it does to society and young people.

A certain breed of youth, ranging in age between 19 and 21 years old, lands up training as reconnaissance soldiers (recces) who go into places like Angola.

The film looks at how these youngsters cope with the violence of seeing people die almost daily. They all change. The situations they face are based on true facts.

The author was in the recces and we used former recces to show us how they train and cope with their experiences.

Nel beklemtoon ook die universaliteit van die vraagstuk wat in hierdie film aangeraak word as hy sê (Delpont, 1987:7):

It is an insight into a world about which most people know very little. We do not take sides in the film, the enemy is not called Swapo. It is a universal experience, what men have to face in war.

Alexander Strachan, wat self die draaiboek behartig het, het in sy teks baie getrou aan die boek gebly en het stukke uit die boek sommer direk oorgeskryf (Irna van Zyl,

1987:101). Volgens M.Smith (1988:20) wou hy self die draaiboek skryf omdat dit prakties "onmoontlik sou wees vir 'n ander skrywer om dieselfde visie te ervaar" met betrekking tot die kerninsigte van sy teks. Toe het hy van dié aantekeninge af die volgende weergawe geskryf: 'n proses wat hy binne vier dae en vier nagte moes afhandel (Gibson, 1987:13). Tydens die verfilming was hy ook deurentyd behulpzaam.

Aanvanklik het die Suid-Afrikaanse Weermag ingestem om die vervaardigers te help, maar nadat hulle die manuskrip gelees het, het hulle besluit om hul hulp te onttrek. Kapt. Richard Stevens van die Weermag se Direktoraat: Openbare Betrekkinge het die Weermag se besluit om nie te help nie, só verduidelik:

Die Weermag vind dit onmoontlik om bloot volgens 'n draaiboek te bepaal of 'n rolprent artistieke waarde sal hê en of dit 'n sukses by die loket sal wees.

Maar as dit blyk dat 'n rolprent die beeld van die Weermag of Suid-Afrika skade kan berokken, sal die Weermag uiteraard nie sy hulp verleen nie. In die geval van *Wêreld sonder grense* is die draaiboek vóór die vervaardiging van die rolprent aan die Weermag voorgelê. Die Weermag het besluit om nie hulp te verleen nie, omdat die rolprent die beeld van die Weermag en Suid-Afrika skade sou berokken (*Beeld*, 1988:1).

As gevolg van hierdie besluit, sê Tienie Leonard, mede-direkteur van die vervaardigers (Sattelite-films), moes helikopters privaat gehuur en spesiaal gevef word. Die enigste helikopters wat die filmspan kon kry, was Amerikaanse Bell Jetranger en Bell 47-helikopters. Aangesien die Suid-Afrikaanse Weermag nie van Bell-helikopters gebruik maak nie, moes dit, meen Leonard, noodwendig inbreuk maak op die realisme van die film. Verder moes uniforms gekoop en voertuie gehuur word wat veroorsaak het dat die film sowat R100000 meer gekos het as wat aanvanklik beplan is. Die SAW het bepaalde wysigings voorgestel wat nie aanvaar is nie. Alle verwysings na die Suid-Afrikaanse Weermag en Swapo moes egter noodgedwonge geskrap word (*Beeld*, 1988:1).

Strachan wys daarop dat die tema van die film en die boek dieselfde is (Van Manen, 1986:25):

Dit (die boek -JDH) handel oppervlakkig oor die bosoerlog op die grense, maar dit is ook 'n dieper kyk na 'n bepaalde soort mens, ook grense van menslikheid, pyn, moegheid ... en selfs die grense van die huwelik word

oorskrei ... Die rolprent moet ook in dié universele lig gesien word. Dit beeld nie net ons land se grense uit nie, maar kan enige plek in die wêreld afspeel. Dit vertel van 'n groep manne, enige plek in die wêreld, wat aan sekere eise blootgestel word en daarop moet reageer.

Die film is met gemengde welslae ontvang. Aan die een kant het kritici dit hoog aangeslaan, maar aan die ander kant is dit nie goed deur die publiek ondersteun nie. Die volgende sestien resensies is bestudeer en word kortliks opgesom (Die koerant waarin dit verskyn word telkens ná die verwysing genoem):

'n Wêreld sonder grense: resensies oor die film

*Jan Badenhorst (1987:2, Beeld)*

Nadat die film sy "literêre baadjie" begin afskud het, het die verhaal "met so 'n sidderende roggelstem wat diep uit die derm kom" begin spreek. Dit is die heel eerste rolprent vir volwasse Afrikaanse gehore wat terselfdertyd 'n universele boodskap dra.

*Sebastiaan Basson (1987:11, Patriot)*

Hierdie film is soos 'n draaiboek: sonder dialoog. In die proses moet die kyker té veel self probeer inlees. Dit is ongetwyfeld 'n diep verhaal wat deur swak kommunikasie in die verfilming daarvan verongeluk is.

*Fabius Burger (1987:23, Weekly Mail)*

Die belangrikste tekortkoming in hierdie film is 'n politieke dimensie. Die uitbeelding van die oorlog is eensydig deurdat die vyand se beweegredes nie uitgebeeld word nie. Tog is die teks belangrik, omdat dit help om die grense tussen hoofstroom en alternatief te begin afbreek. Dit is ons eerste werklike oorlogsprent.

*Carel Coetzee (1987:17, Die Vaderland)*

Hierdie prent is 'n dapper stap in die regte rigting. Omdat die grens in hierdie film nie beperk is tot landsgrense nie, maar ook dié van vriendskap, menslikheid en rede bekyk, is dit 'n beter film as enige ander wat die laaste tyd gesien is.



*Raeford Daniel (1987:7, The Star)*

Omdat belangwekkende Suid-Afrikaanse films met artistieke meriete skaars is, het mens uitgesien na hierdie film. Tog is dit 'n teleurstelling. Sommige tonele word té skematies aangebied. Die gedeeltes op die plaas en op die grens is só ver van mekaar verwyder, dat dit lyk of daar van twee totaal verskillende films sprake is.

*Anita de Kock (1987:15, Die Transvaler)*

Die film is 'n grootskaalse verbetering op die plaaslike produkte wat die afgelope tyd die lig sien. Tog is dit te lank en het te lang stiltes. Daarby is die gebeure plek-plek baie vaag. Hoewel dit in die algemeen gesien nie 'n swak prent is nie, sal dit baie meer dramaties wees en die boodskap van die prent duideliker oorgedra word indien verskeie van die stukke uitgesny word.

*Keith Dimbleby (1987:12, Weekend Post)*

Hierdie film is baie verskillend van die gewone Suid-Afrikaanse produksie. Dit is 'n ernstige werk wat staatmaak op atmosfeer en werklikheid vir effek. Tog sal dié teks waarskynlik minder populêr wees as die meeste kommersiële produksies. Dit is goed om te sien dat films van hierdie kwaliteit in Suid-Afrika gemaak word.

*André le Roux (1987c:9, Die Volksblad)*

Hoewel die prent droefgeestig begin, is dit veral in die slottonele dat Frans Nel se filmmaak-vermoëns wel blyk. Die film is nie 'n heldedaad nie, maar beslis ook nie sonder 'n handvol lofwaardighede nie.

*Rina Minervini (1987:10, The Sunday Star)*

Dit is 'n goed vervaardigde, boeiende - selfs skokkende - film. Dit gebeur selde dat 'n Suid-Afrikaanse film só 'n ernstige beeld van ons samelewing weergee. Tog duur die openingstonele op die plaas te lank en is die atmosfeer te somber. Die feit dat tien kopieë van die film gelyktydig vrygestel is, is 'n aanduiding daarvan dat verwag word dat die film tot 'n wye publiek sal spreek.

*Bridget Monk (1987:16, Pretoria News)*

Ten spyte van goeie fotografie, goeie effekte en 'n goeie tempo, lê die probleme van die film daarin dat daar telkens net geraak word aan die verskillende tipes grense wat ondersoek word. Hoewel die film nie 'n algehele sukses is nie, was dit 'n besonder moedige poging en is een van die beste plaaslike films nog.

*Roline Norval (1987:6, Oosterlig)*

Hoewel die prent mens 'n goeie idee gee van wat 'n oorlog aan mense kan doen, is die aanbieding uiters staties. Dit veroorsaak dat 'n mens verwyderd voel van die karakters. Die rol van die verteller word oorbeklemtoon en veroorsaak dat die karakters nie vorm aanneem nie. Die film is nie gemik op diegene wat oorlog as vermaaklik beskou nie.

*William Pretorius (1987:13, Rapport)*

Dit is die eerste rolprent wat eerlik na die plaaslike oorlogsmentaliteit kyk. Ondanks foute maak hierdie film as plaaslike prent op sy eie 'n deurbraak wat daartoe kan lei dat die plaaslike filmproduksie aansluit by die sterk protes-stemme van die letterkunde en die teater teen geweld.

*Barry Ronge (1987:25, Sunday Times)*

Ten spyte van 'n aantal probleme soos dat die hoofspeler se optrede baie gemiddeld is en dat die klein begroting eenvoudig nie die visuele aanslag van die film wou onderskryf nie, verdien die film krediet. Dit bekijk die realiteite van 'n grensoorlog en sy impak met 'n helderheid en waagmoed wat ons nêrens anders in ons films sien nie.

*Marianne Thamm (1987:21, Cape Times)*

Die film het meer slegte punte as goeies. Die teks bestaan net uit clichès, daar is geen kontinuïteit nie, karakters is onderontwikkeld en hulle motiverings is vaag. Dit is nie genoeg om te sê dat die prent geldig is omdat dit na 'n ander aspek vandie Suid-Afrikaanse samelewing kyk as vroeëre "ligte" films nie. Goeie bedoelings skep nie noodwendig goeie kuns nie.

*Michael Venables (1987:21, Citizen)*

Swak klankkwaliteit en artikulasie maak dit moeilik om, veral in die eerste gedeelte, die dialoog te volg. Ook is die tydsverhoudinge vaag en die verhoudinge tussen die karakters onnodiglik onduidelik en die hoofspeler se spel nie uitstaande nie. Tog, hoewel die film verskeie gebreke het, is dit 'n goeie poging om aan te dui hoe jong manne verander moet word in meedoënlose soldate.

*Derek Wilson (1987:11, The Argus)*

Hierdie film is baie vervelig. Frans Nel se regie is gekompartementaliseerd en die akteurs se spel onmerkwaardig. Hoewel die doel van die film klaarblyklik was om standpunt teen die Suid Afrikaanse weermag in te neem, voldoen die film ook nie aan hierdie verwagtinge nie.

Hoewel die meerderheid resensente in bogenoemde resensies dit verblydend vind dat 'n ernstige film oor die grensoorlog gemaak is en dit bv. as "'n dapper stap in die regte rigting" beskryf word, lyk dit asof growwe redigeringsfoute en die skematiese styl wat te veel oop plekke in die draaiboek laat, veroorsaak dat die film ten spyte van sy goeie bedoelings - ongelukkig nie 'n goeie film was nie.

#### **b                    Wat is die werk se internasionale posisie?**

Ten spyte van groot binnelandse belangstelling in die teks, is *'n Wêreld sonder grense* nie vertaal nie en het net 'n Afrikaanse weergawe van die film verskyn, hoewel die rolprent, volgens Strachan (*Beeld*, 1988:1), wel oorweeg is vir internasionale verspreiding. Soos ons egter in tabel 2.6 gesien het, is slegs sewe tagtigertekse vertaal. Dit is dus duidelik dat Afrikaanse tekste se internasionale posisie - op enkele uitsonderings na - baie swak daar uitsien.

#### **6.6.                Die sosiologiese posisie van die leser**

Hoe is die werk deur lesers en resensente ontvang?

*'n Wêreld sonder grense* kan as een van die beste verteenwoordigers van die Afrikaanse grensliteratuur in die tagtigerjare beskou word omdat dit, soos ons in hoofstuk 6.1 gesien het, wyd gelees is en die teks baie hoog aangeslaan is (hoewel die film minder suksesvol was).

Uit die ondersoek wat in hoofstuk 5.4.2 gedoen is om 50 biblioteekgebruikers as respondente se opinies rondom die belangrikste tagtigertekste vas te stel, blyk dit dat net sewe van die 50 respondente *'n Wêreld sonder grense* gelees het. Uit hierdie groep het net een persoon die teks as baie goed beskou. Vir vier persone was dit 'n redelik goeie teks, vir twee 'n redelik swak teks terwyl geen persone die teks as baie swak beskryf het nie.

Daar kan egter nie met dié reaksie volstaan word nie. Die bestudering van resensies kan 'n duideliker beeld van die sinvolle beleving aldan nie van 'n literêre teks verskaf. Deur die kritiese bestudering van resensies op 'n bepaalde werk kan 'n goeie idee gevorm word van die tipe kritiek wat lesers in die algemeen op die werk sal uitspreek, omdat die resensent tot 'n groot mate as 'n ingeligte leser beskou kan word en normaalweg in hulle kritiek verteenwoordigend van die waarskynlike leser sal wees. Die volgende twaalf resensies oor 'n *Wêreld sonder grense* wat op die Ineg-stelsel opgespoor is, is bestudeer (Die koerant of tydskrif waarin dit verskyn word telkens ná die verwysing genoem):

'n Wêreld sonder grense: resensies oor die teks

*Hennie Aucamp (1984b:12, Die Vaderland)*

Dit is 'n dinamiese debuut. Wat Strachan se tekste onderskei van talle grensverhale in Afrikaans, is dat hulle nie so bewustelik "literatuur" is nie. Dit is of hierdie teks nou reeds 'n draaiboek is wat na 'n filmregisseur soek. Ook plaas dit 'n vraagteken by die ou cliché dat mens weermag toe moet gaan om 'n man te word.

*André P.Brink (1984d:16, Rapport)*

Dat Strachan die basiese menslike beproewing in die verhaal sonder openlike moralisering, met soveel understatement en ellips aanbied, openbaar hom dadelik as 'n skrywer met 'n goeie toekoms. Tog is daar ook bepaalde aanduidinge - soos dat die betekenis te vlak lê en dat die onderlinge verbintenisse tussen onderdele nie méér gekompliseerd raak nie - wat wys dat dié skrywer nog nie volkome op sy verhaalvoete staan nie.

*Johan de Lange (1985:2, Die Transvaler)*

Strachan skryf tekste met 'n poëtiese digtheid en 'n sintuig vir ritme en klank. 'n Mens kom onder die indruk van Strachan se verteltrant en die dinamiek en vitaliteit van sy taal wat prosa weer opwindend maak.

*Herman Fourie (1984:22, The Argus)*

Terwyl treffende insigte en beelde sy verhaal ophelder, is baie gebeure sketsmatig. Te veel word gesuggereer en die leser moet dikwels dinge net op gesigwaarde aanvaar. Dit is die werk van 'n jong skrywer wat nog met sy medium eksperimenteer.

*A.P. Grové (1984a:6, Oosterlig)*

Hierdie stukke word met 'n besondere vaardigheid geskryf, 'n sterk gevoel vir die dramatiese en die understatement, die sinryke aanwending van die terugflitstegniek, die eerlike onopgesmukke taal, teenstellings en ironie: almal tekens van voortreflikheid wat 'n mens selde in dié mate in 'n debuut bundel aantref.

*Hans Pienaar (1985:37, Frontline)*

Strachan se onderbeklemtoonde beskrywings van die leë lewens wat die soldate lei en die aggressie wat die dominerende karaktertrekke in hulle persoonlikhede word, bied van die beste skryfwerk van die huidige generasie van Afrikaanse skrywers. Tog is daar 'n hinderlike mate van eensydige beskrywing van die bosoerlog, sonder om die wêreld daarbuite in ag te neem.

*Koos Prinsloo (1984b:3, Beeld)*

Nog nooit is oorlogsgeweld so genadeloos en brutaal in die Afrikaanse letterkunde verwoord as in hierdie bundel skokkende stories nie. Dit is verpletterende verhale wat tot op die been sny. Hiervoor het 'n mens 'n sterk maag nodig.

*Jan Rabie (1984:14, The Cape Times)*

In hierdie verhale word intense ervarings so rou as wat dit beleef is, vertel. Tog moes hierdie teks langer as 'n blote 50 bladsye lank gewees het.

*Roger Smith (1984:5, The Daily News)*

Hierdie boek is 'n besonder sensitiewe en gevoelvolle verslag van die brutale ervarings van 'n naamlose soldaat in die Suid Afrikaanse weermag. Dit is 'n boeiende teks wat gelees móét word. Hierdie is 'n duidelike boodskap aan diegene wat gewonder het oor die tipe skade wat die weermag aan jong mense se lewens aanrig.

*J.P. Smuts (1984c:13, Die Burger)*

Strachan se debuut toon dat hy beslis genoem moet word saam met die ander skrywers van grensliteratuur. In van sy sterkste stukke slaag hy daarin om die intensiteit van die oorlogsituasie en die spanninge van die soldaat oortuigend aan te dui. Die oorlogstaal wat in die bundel voorkom verruim die Afrikaanse literêre woordeskat opvallend.

*H.P. van Coller (1984a:6, Die Volksblad)*

Hierdie teks is een van die beste voorbeelde van 'n prosasiklus in Afrikaans. Dit is 'n bundel wat getuig van fyn beplanning, groot sorg en onmiskenbare talent. Ek beskou dit as een van die belowendste prosadebute in die afgelope jare.

*Ia van Zyl (1985a:14, Die Suidwester)*

Hierdie boek is tegelykertyd 'n stelling en 'n aanklag: 'n stelling omtrent die *condition humaine* en 'n aanklag teen 'n tyd waaruit alle menslikheidsoorwegings verdwyn het.

Tabel 6.8

Volgens Aucamp bevestig hierdie teks die gedagte (wat in die tagtigerjare onder baie jongmense geheers het) dat 'n mens weermag toe moet gaan om 'n man te word. Pienaar wys weer op leegheid en aggressie van hierdie soldate in die verhaal. Smith impliseer dat jong mense in die weermag dieselfde tipe skade ly as wat hierdie karakters ervaar en Van Zyl sien die teks as 'n klag teenoor die mensdom waaruit alle menslikheidsoorwegings verdwyn het. Dit is duidelik dat ten minste hierdie vier resensente 'n wyer sosiologiese boodskap in die teks raaksien: 'n boodskap dat die geweld waarmee die hoofkarakter gekonfronteer word simptome is van waarmee die soldate (en volgens Van Zyl selfs die wyer publiek) gedurende die tagtigerjare gekonfronteer is en wat hulle optrede teenoor hulle medemens negatief beïnvloed.

## 6.7. Gevolgtrekking

In breë sosiale konteks is 'n *Wêreld sonder grense* 'n tydsdokument (sien Strachan, 1985:15) waardeur 'n duidelike beeld van die militêre jargon en die grensoorlog van 'n groep soldate gedurende die tagtigerjare verkry kan word. As argetipe van die sogenaamde "grensliteratuur" is 'n *Wêreld sonder grense* baie verteenwoordigend van

die spanning waaronder 'n groot aantal dienspligtiges gedurende die tagtigerjare verkeer het. Gedurende die tagtigerjare was daar dienspligtiges wat ná 'n aanvanklike positiewe beleving van die weermag 'n gesindheidsverandering ondergaan het; daar was weermaglede wat die grense van fatsoenlikheid oorskry het en daar was (en is natuurlik nog steeds) individue wat vanuit 'n vertrekpunt soos bv. hulle weermagervaringe soek na eksistensiële helderheid. Hierdie bundel kan dus beslis beskou word as 'n belangrike sosiologiese merker van sommige persone se beleving van weermagervaringe gedurende die vroeë tagtigerjare.

Natuurlik verskil elke dienspligtige se herinneringe aan die weermag, afhangende daarvan watter rol hy self in die weermagopset vertolk het. So sal 'n kok in Kroonstad die weermag tog anders ervaar as 'n lid van die Verkenningsvleuel wat gereed by skermutselinge betrokke was. Tog, ten spyte daarvan dat die karakters en gebeure in *'n Wêreld sonder grense* grootliks fiktief is, is die skrywer se sketsing van die weermagmilieu tot by die kortverhaal "Muurprent" of selfs "By die huis" 'n uiters realistiese weergawe van hoe sommige soldate die weermag beleef het. Strachan self (Horn, 1990:15) erken bv. dat dié werk baie biografies is en wys daarop (*Die Transvaler*, 1985:3) dat die verhaal "Koebaai" ontstaan het ná hy 'n vriend van hom se begrafnis bygewoon het.

Verskeie grense, soos dié tussen vriend en vyand, 'n ordelike en 'n gewelddadige bestaan, rede en irrasionele optrede, word as 't ware "oorgesteek" sodat die teks 'n universeler betekenis verkry en die weermagmilieu dus bloot dien as vertrekpunt om veel groter lewensvraagstukke soos swak gesinsverhoudinge, die ontmenslikingsproses wat deur groepsdruk afgedwing word en mense se onvermoë om by veranderende omstandighede aan te pas, aan te spreek.

Die ontmenslikingsproses wat geleidelik in die verteller plaasvind is iets waarmee baie mense vandag kan identifiseer. Nie net in die weermag nie, maar in die onstabiele samelewing van die laaste paar jaar word die vreesneurose by individue só sterk dat drastiese optredes alledaags voorkom. Só het 300 Suid-Afrikaanse polisiemanne in 1993 selfmoord gepleeg (Capraro, 1994:5) omdat hulle volgens I. Labuschagne, 'n

krimonoloog, nie gewet het hoe om van die verskriklike, onuithoudbare spanning wat hulle werk veroorsaak ontslae te raak nie. Die leser kan hom dus vandag steeds met die verteller identifiseer - normaalweg 'n belangrike voorwaarde voordat enige boek suksesvol kan wees.

Die groot aantal weermagterme wat in die boek gebruik word (sien tabel 6.2) dui op 'n bepaalde voorkennis wat baie handig en feitlik onontbeerlik is vir 'n leser om hierdie teks ten volle te verstaan. Hierdie sosiale merkers doen baie om die verhaal tydruimtelik binne 'n bepaalde milieu te vestig. So verwys 'n term soos "Durban Bluff" (p.46) nie alleen daarna dat Durban as tuisbasis deur hierdie soldate aangewend word nie, maar weet die ingeligte leser ook dat dit 'n bekende basis van die Verkenningsvleuel van die Suid-Afrikaanse Weermag is. So het die verwysing na die "Golden Highway" (p.47) net vir die ingeligte leser betekenis as synde 'n belangrike pad in Angola wat 'n prominente rol tydens die grensoorlog gespeel het.

Dit is duidelik dat die novelle *'n Wêreld sonder grense* goed deur lesers én resensente ontvang is. Tog was die gelyknamige film nie so 'n groot sukses nie - waarskynlik vanweë die trae gang van die film en die onvermoë van die regisseur om die gaping tussen die verskillende kortverhale sinvol te oorbrug, sodat die film se vloei belemmer is. Die weiering van die weermag om die film te ondersteun - vanweë die negatiewe lig waarin die weermag in die boek geplaas is - kon beslis ook die geloofwaardigheid van die film by die breë kykerspubliek aangetas het.

Die ruimte waarbinne die literêre teks afspeel word reeds visueel op die voorblad uitgebeeld deur die foto van 'n handgranaat - 'n belangrike oorlogswapen. Tog kan die handgranaat - waarvan die funksie is om in honderde stukke te spat as dit detoneer - moontlik 'n metaforiese aanduiding wees van die verwoestende invloed wat die oorlog op die verteller, en op soldate in soortgelyke omstandighede, se lewens veroorsaak het.

Die grensoorlog van die tagtigerjare, en spesifiek die gedrag van die karakters in *'n Wêreld sonder grense*, word nie alleen deur die emosionele afstomping van soldate in



die spervuur wat gedurig met geweld gekonfronteer word uitgebeeld nie, maar help mee om die uitsiglose, morbiede lewenshouding van talle moderne Afrikaners duideliker te verwoord. Dit is, naas ander "ruimer" betekenis wat die teks óók vertoon, 'n realistiese uitbeelding van die sosiale werklikhede wat in die tagtigerjare die lewens van 'n groot aantal mense in Suid-Afrika oorheers het.

## HOOFSTUK SEWE

### BESLUIT

Een moontlike nadeel met 'n literatuursosiologiese ondersoek kort ná die tydperk wat ondersoek word, is die gebrek aan objektiewe afstand vanaf die tydperk wat ondersoek word. Om dié rede, sou geargumenteer kon word, is dit nog baie moeilik om werklik te bepaal watter literêre tekste en skrywers gedurende die tagtigerjare gekanoniseer is en wat die langtermyn implikasies van die skryfwerk wat tussen 1980 en 1989 gepubliseer is, sal wees.

'n Verdere nadeel is die ongestruktureerdheid in die literatuursosiologie as literêre ondersoekterrein, soos ons ook uit H.Viljoen (1992:275) se definisie van die literatuursosiologie kan aflei as hy sê: "Die literatuursosiologie kan beskou word as 'n byna onoorsigtelike veld wat nog omtrent glad nie in institute of formele strukture georganiseer is nie".

Tog is daar ook verskeie voordele verbonde aan sodanige ondersoek: argiefmateriaal, tydskrif- en koerantartikels en persoonlike kontak met skrywers, uitgewers en kritici is soveel meer geredelik beskikbaar. Dit is dan ook so dat sewentien van die negentien lede van die proefgroep skrywers wat as belangrike tagtigerskrywers geïdentifiseer is nog leef (en dat ek ook 'n indringende telefoongesprek met Koos Prinsloo kon voer voor sy onverwagse afsterwe).

Letterkunde is 'n barometer van die samelewing. Met die groterwordende gekompliseerdheid van en groter druk vanuit sy omwêreld, moet die letterkunde hierdie tendense dokumenteer. Hierdie hegte band tussen letterkunde en samelewing vind neerslag in die literatuursosiologie. As hipotese vir hierdie studie is in hoofstuk een gestel dat gepoog sal word om twee belangrike vrae in hierdie studie te beantwoord: wie was die belangrikste debuutskrywers in Afrikaans wat gedurende die tagtigerjare met verhalende prosatekste gedebuteer het en in watter verhouding staan hulle tekste wat tussen 1980 en 1989 gepubliseer is tot aspekte van die "werklikheid" waarbinne dit verskyn het?

Dit behoort ook duidelik te wees dat in hierdie studie nie gepoog is om oor die "volle werklikheid" van Suid-Afrika in die tagtigerjare te rapporteer nie, maar op die literêre aspekte van die "werklikheid" of "samelewing" (soos die literêre kanaal) binne die literêre sisteem, en spesifiek die Afrikaanse prosagenre gedurende die tagtigerjare, gekonsentreer is.

In hoofstuk twee is gepoog om die skrywers se algemene teenkating teen die gebruik van gelykmakende terme soos *Tagtiger* en *Tagtigerbeweging* uit te wys. Hoewel Etienne van Heerden, wat self in die tagtigerjare gedebuteer het, ontken dat daar van 'n Tagtigerbeweging gepraat kan word, is daar baie belangrike vernuwende prosawerke gedurende die tagtigerjare gepubliseer. Vanuit 'n agternaperspektief, glo ek, het die skrywers van die tagtigerjare nooit só vernuwend te werk gegaan dat daar van *een* groot beweging of homogene groepering sprake was nie, maar kan daar wel gepraat word van 'n diversiteit van kleiner tematiese indelings wat eiesoortige raaklyne met mekaar en met die samelewing waarbinne dit geskep is, vertoon.

Dit is duidelik dat die prosatekste wat gedurende die tagtigerjare geskryf is nié dieselfde hoogtes bereik het wat eiesoortigheid en radikale vernuwing betref as die beweging van Sestig se prosawerke, veral in die vroeë sestigerjare, nie: ten spyte daarvan dat ook die sestigerskrywers geensins 'n homogene groep gevorm het nie. Die gebruik van 'n term soos "Tagtiger" sal dus nie dieselfde ideologiese geladenheid hê as dit met die term "Sestiger" vergelyk word nie omdat vernuwing in die tagtigerjare meer gefragmenteerd voorgekom het as tydens die sestigerjare. Tog het heelwat vernuwende tendense gedurende die tagtigerjare in die Afrikaanse prosa gemanifesteer waarvan kennis geneem moet word, soos byvoorbeeld ten opsigte van die opbloeï van die kortkuns, die aanspreek van verskeie nuwe of vernuwende tematiese aangeleenthede, asook die eksperimentering met tegniese aangeleenthede (veral die postmodernistiese eksperimentering met die "dokumentering" van fiksie).

Ook in hoofstuk twee is negentien skrywers as proefgroep geïdentifiseer: skrywers wat gedurende die tagtigerjare gedebuteer het of vir die eerste keer in die *prosagenre* gepubliseer het en wie se tekste so 'n belangrike impak op die Afrikaanse prosagenre

gehad het dat hulle moontlik reeds as gekanoniseerde tekste beskou kan word. Aan die hand van 'n vraelys is hierdie skrywers se menings rondom 'n verskeidenheid aspekte getoets. Biografiese besonderhede is ook oor elkeen verskaf en aandag is verleen aan die beweegredes van elke skrywer om te skryf.

In hoofstuk drie word dan ses kategorieë waarin die proefgroep se tekste beduidende vernuwende bydraes gelewer het geïdentifiseer, naamlik betrokke (politieke) literatuur; tekste met realistiese elemente; grens- en gewelddliteratuur; tekste van postmodernistiese aard; tekste met homoërotiese inhoud en goeie gewilde prosa. 37 van die 51 tekste wat ondersoek word, word volgens hierdie ses kategoriele indelings bespreek.

Uit hoofstuk vier word die funksionering van die literêre kanaal ten opsigte van die bemerking van tekste ondersoek. Dit is ontstellend om vyf jaar ná die tagtigerdekade te sien dat sewentien van hierdie 51 tekste uit druk is en dus moeilik bekombaar of selfs onbekombaar is. Die posisie in biblioteke lyk darem enigsins beter, maar besonder min nuwer prosatekste word op sekondêre én tersiêre vlak voorgeskryf.

Dit is jammer om te sien dat die meeste "little magazines" van die vroeë tagtigerjare ontbind het, omdat hierdie tydskrifte as springbord vir verskeie belangrike tagtigerskrywers gedien het. Tog het groot uitgewers se houding teenoor die uitgee van tekste sodanig verander dat "pre-sensuur" by uitgewers 'n veel kleiner rol as aan die begin van die tagtigerjare speel en nuwe skrywers genoegsaam geleentheid gebied word om te publiseer.

Net 8,9% van die biblioteekgebruikers van 1994 wat ondervra is en waarvan die uitkomst in hoofstuk vyf aangebied word, het die proefgroep se 51 tekste gelees. Uit die geskiedskrywer Kannemeyer se bespreking van 44 van die proefgroep se tekste is dit ook duidelik dat skerp kritiek teenoor verskeie van hierdie tekste uitgespreek word: 'n opinie wat deur die bestudering van resensies oor dieselfde tekste bevestig word. Tog verskil resensente ook radikaal in hulle beoordeling van *dieselfde* teks. Hierdie toedrag van sake onderstreep slegs weer die feit dat lesers (ook ingeligte

lesers soos resesente) verreweg nie eensgesind is in hulle beoordeling van literêre werke nie.

In hoofstuk ses word Vanheste se kommunikasiemodel gekombineer met sy analisemodel ten einde 'n *Wêreld sonder grense* in literêr-sosiologiese opsigte te ontleed. Die voordeel van sodanige kombinasie is dat dit 'n literatuursosiologiese model skep waarin spesifieke vraagstukke aangeraak word en waarmee 'n ondersoek gedoen kan word aan die hand van 'n bepaalde literêre teks, aangesien geen reeds bestaande, bruikbare literatuursosiologiese model opgespoor kon word nie. Dit is duidelik dat 'n *Wêreld sonder grense* verteenwoordigend is van die belewinge en ervarings van 'n groot groep jong Suid-Afrikaners se weermagervaringe tydens die grensoorlog. Die sukses van hierdie teks kan dan ook toegeskryf word aan die assosiëring van lesers met die vraagstukke wat in die teks na vore kom: nie alleen weermagervaringe op die grens nie, maar ook die deurbreking van grense wat met ander sosiologiese vraagstukke verband hou, word in dié kort teks te berde gebring.

E.Botha (1992:322) wys daarop dat verskeie nuwe literêre pryse gedurende die laattagtigerjare ingestel is. Een van die belangrikste nuwe toekennings, veral betreffende die sogenaamde goeie gewilde prosa, was die instelling van die M-Net-Boekprys in 1989 wat ten doel het om die "gewildste Afrikaanse roman van die jaar" te bekroon. Volgens Greeff (1993:86) hou die instel van die nuwe pryse vir lesers én skrywers groot winste in:

Die literêre wedstryde wat saam met TV-programme soos die destydse *Potpourri* en *Antenne* gehou is, het boonop letterkunde na die massas geneem. Om nie te praat van die stroom kreatiwiteit wat dit op sigself onder Afrikaanse skrywers teweeggebring het nie

Die geweldige belangstelling in Dalene Matthee se bos-trilogie (Sien ook Van der Westhuizen (1993:123-128) se opmerkings oor die bemarkingstrategieë) wys dat Afrikaanse letterkunde geniet *kan* word. Die positiewe reaksie van skoliere wat hierdie werk as voorgeskrewe werk behandel het, is 'n sprekende voorbeeld. Aan die einde van die tagtigerjare en gedurende die vroeë negentigerjare beleef die Afrikaanse letterkunde 'n sterk opwaartse neiging. Meer toeganklike tekste, maar ook 'n groter

beskikbaarheid van tekste, is maar twee redes hiervoor. Hannes van Zyl, hoofbestuurder, Leserskring, stel dit só:

Daar is meer skrywers wat aktief en publiseerbaar skryf. Van hulle skryf lossier, vryer en meer toeganklik as tevore in Afrikaans, omdat hulle lesers meer volwasse geword het en omdat kleinlike, formele sensuur grotendeels opgehef is (Greeff, 1993:86).

Van Niekerk D.	<i>Karel Kousop</i>	44
Van Nieuwenhuizen J.	<i>Bloubaai</i>	21
Van Nieuwenhuizen J.	<i>Boodskap van die berge</i>	21
Van Nieuwenhuizen J.	<i>Ikanya</i>	21
Van Rooyen W.F.	<i>Die groot eier van Aghwibib</i>	36
Van Schalkwyk N.	<i>Die kluisenaar van Thaba Luma</i>	54
Van Tonder M.	<i>Die dertiende dissipel</i>	17
Van Wyk S.	<i>Legende van die liefde</i>	21
Van Wyk S.	<i>Toe kom die vreemdeling</i>	21
Van Wyk S.	<i>Wanneer die liefde sterf</i>	38
Van Zijl A.	<i>Nuutgevonden</i>	21
Venter P.C.	<i>Vuur in Eden</i>	13
Vermaak F.	<i>Rekenaar-roulette</i>	30
Vermeulen R.	<i>Die laaste tree</i>	17
Vermeulen R.	<i>Twee harte vir 'n dobbelspel</i>	30
Viljoen R.	<i>Ompad van die liefde</i>	38
Viljoen R.	<i>Onrustig dreun die branders</i>	38
Visser C.	<i>Trippe trappe trone</i>	30
Wessels M.	<i>Kringe op die water</i>	46
Wessels M.	<i>'n Tromp vir Trompsrus</i>	46

## 1986

Adamson W.	<i>Luitenant Sonja</i>	46
Aucamp H.	<i>Wat bly oor van soene</i>	44
Bakkes M.	<i>My ouma in kaneel</i>	17
Bergh R.	<i>Hartejag</i>	38
Beukes D.	<i>Die son sal weer skyn</i>	46
Beukes D.	<i>Kamberg se mense</i>	36
Bierman E.	<i>'n Rooikop vir Ras</i>	29
Bierman E.	<i>Operasie 202</i>	29
Blignaut T.	<i>Nag van die nuwemaan</i>	5
Brink A.P.	<i>Mal en ander stories</i>	40
Brown T.	<i>'n Reënboog van bloed</i>	27
Calitz-Bekker J.	<i>Roos van die Inka</i>	5

Cloete J.M.	<i>Die Blou Bul-eskapade</i>	27
Coetzee A.	<i>Die voorbarige professor</i>	5
Coetzeé J.	<i>Vasti van Babilon</i>	38
Coetzer T.	<i>As die nuwe dag breek</i>	17
Coetzer T.	<i>Miskien onthou jy nog</i>	29
De Klerk W.A.	<i>As die reier noord vlieg</i>	36
De Kock H.	<i>Ballade vir 'n bruid</i>	17
De Kock H.	<i>Kronkelpad na Vergenoeg</i>	17
De Kock J.R.	<i>Waters waar rus is</i>	30
De Witt A.G.	<i>Koos Kitaar en ander sketse</i>	5
Du Pisanie S.	<i>Die winskopie</i>	38
Du Pisanie S.	<i>Hard soos kameeldoringhout</i>	46
Du Pisanie S.	<i>Katrientjie</i>	21
Du Pisanie S.	<i>'n Juffrou vir Skurwekop</i>	21
Fouche H.	<i>Ben de Wet se meisiekind</i>	29
Goosen J.	<i>'n Kat in die sak</i>	15
Gouws E.	<i>Die huis van Marietjie</i>	30
Griessel N.	<i>Die wewenaar van Kapoet</i>	21
Griessel N.	<i>Koesterende maskerade</i>	21
Griessel N.	<i>Waisand in die wind</i>	38
Grobbelaar P.W.	<i>Die alsiende oog</i>	36
Heese H.	<i>Ek gooi my luike oop</i>	44
Heine M.	<i>Dan sal die liefde kosbaar wees</i>	21
Jansen A.	<i>Die Jerigo-krisis</i>	17
Joubert J.	<i>Om die liefde te eien</i>	5
Joubert J.	<i>Trappe na nêrens</i>	5
Kotze E.	<i>Silt van die aarde</i>	44
Lambrecht I.D.	<i>Daar's 'n gat in die grond</i>	27
Lambrecht I.D.	<i>Die rooi oog van Satan</i>	27
Leroux E.	<i>Die eerste siklus</i>	15
Letoit A.	<i>Breekwater en ander kortverhale</i>	36
Letoit A.	<i>Driekwarte</i>	36
Linde E.	<i>Liefie</i>	5
Lingua S.M.	<i>Reënboog op die horison</i>	21
Louw A.M.	<i>Die loop van die rivier</i>	44
Louw K.	<i>My vriend Andries</i>	7
Louw van Wyk N.P.	<i>Versamelde prosa</i>	44
Louw van Wyk N.P.	<i>Versamelde prosa 2</i>	17
Maartens M.	<i>Verste grense</i>	13
Mans V.	<i>Agter gordyne van glas</i>	46
Marais A.	<i>Die lang pad terug</i>	4

Marais A.	<i>Eenweg mobiele diens</i>	4
Marais E.	<i>Huis teen die rante</i>	44
Maree N.	<i>Dal van die dood</i>	5
Martin W.	<i>Jonkvrou Fleurette</i>	38
Martin W.	<i>Liefste Meneer</i>	21
Martin W.	<i>Maskerade</i>	46
Martin W.	<i>Wie is Marda Meyerling?</i>	5
Marx C.	<i>Akteur sonder rol</i>	27
Meiring D.	<i>Op wieke van geluk</i>	29
Meiring S.	<i>Die laggende mandaryn</i>	38
Meiring S.	<i>Smarag van wraak</i>	30
Morgan A.	<i>Die dans van die swaan</i>	30
Morgan A.	<i>Erfenis van liefde</i>	29
Morgan A.	<i>Pad na die skavot</i>	46
Muller C.	<i>Die hangende berg</i>	44
Murray E.	<i>Die dieper droom</i>	44
Murray E.	<i>Die uurglas loop leeg</i>	21
Murray E.	<i>Drie vroue-trilogie</i>	54
Murray E.	<i>Ena Murray-omnibus 7</i>	44
Murray E.	<i>Maddie</i>	54
Murray E.	<i>Sondes van die vaders</i>	44
Murray E.	<i>Verwonde jare</i>	44
Oberholzer L.	<i>Dokter Mydie</i>	21
Pauw N.	<i>Waar die wit valk vlieg</i>	21
Pienaar H.	<i>Die lewe ondergronds</i>	45
Potgieter L.L.	<i>As die wiel draai</i>	5
Prozesky O.	<i>Grobbelaartjie van Veldskoendorp</i>	15
Radlof S.	<i>Die donker uur</i>	27
Retief A.	<i>Die mense wat nooit vergeet het nie</i>	44
Retief B.	<i>Half boom, half mens</i>	50
Roux A.	<i>Die motief is wraak</i>	27
Roux A.	<i>Syferfontein</i>	27
Schutte J.H.	<i>Die versekeraars</i>	27
Serfontein D.	<i>Galery van reënmakers</i>	17
Steyn C.	<i>Sneeuman</i>	27
Steyn I.	<i>Aandele van die liefde</i>	21
Steyn I.	<i>Afspraak met cupido</i>	25
Steyn I.	<i>'n Laspos aan die Kaap</i>	46
Steytler K.	<i>Die walvisman</i>	17
Strydom M.	<i>Ek sal vir jou wag</i>	38
Strydom M.	<i>Kosbaar is die herfs</i>	46

Strydom M	<i>'n Hartseer gelede</i>	29
Strydom M.	<i>Was ek maar jy</i>	29
Strydom S.	<i>Eendag kom die lente</i>	21
Swart L.	<i>Daeraad oor Kinkelspruit</i>	21
Theron J.	<i>Bekende vreemdeling</i>	5
Van Bergen M.	<i>Om weer te kan droom</i>	21
Van der Merwe C.	<i>Die kluisenaar van KalamANJI</i>	46
Van der Merwe C.	<i>Om 'n brug te bou</i>	21
Van der Merwe C.	<i>Tralies van glas</i>	21
Van Heerden E.	<i>Toorberg</i>	44
Van Nieuwenhuizen J.	<i>Groen olyfbome in die herfs</i>	21
Van Nieuwenhuizen J.	<i>Winters wat verbygaan</i>	21
Van Schalkwyk N.	<i>Die klipmure van Neuhof</i>	30
Van Schalkwyk N.	<i>Die laaste vlug</i>	21
Van Schalkwyk N.	<i>Meulspel met harte</i>	5
Van Schalkwyk N.	<i>Somer van die bruinmeeu</i>	21
Van Tonder M.	<i>Die soenoffer</i>	17
Van Wyk S.	<i>Die grondbaron</i>	21
Van Wyk S.	<i>Melodie van die hart</i>	46
Van Zyl B.	<i>Dokter agter die masker</i>	36
Venter E.	<i>Witblitz</i>	45
Vermaak F.	<i>Goud van gister</i>	29
Vermaak F.	<i>Twee maal so mooi</i>	30
Viljoen L.	<i>Erf</i>	45
Walters M.M.	<i>Die tiende muse</i>	36
Wessels A.	<i>Oor grense heen</i>	38
Wessels M.	<i>Wit rose vir Adri</i>	38

## 1987

Aucamp H.	<i>Brandpunt</i>	44
Aucamp H.	<i>Spitsuur</i>	44
Bakkes M.	<i>Klein land van die liefde</i>	5
Basson M.	<i>Addie van die Terebinte</i>	5
Bergh R.	<i>Die buit is liefde</i>	21
Bergh R.	<i>Lig na 'n hartseer skemer</i>	46
Beukes D.	<i>Om die reënboog se goud te soek</i>	21
Beyers-Boshoff C.F.	<i>Kaapse boekaniër; Die seerower van Jacqueline; Slavin van die Kaptein</i>	21
Beyers-Boshoff C.F.	<i>Wanneer kom eendag?</i>	30
Bierman E.	<i>As die okkerneutbome bloei</i>	30

Bierman E.	<i>Meisie uit Meeubaai</i>	25
Bierman E.	<i>Onrus op Rustfontein</i>	46
Bierman E.	<i>Rabbedoe en rissiepit</i>	29
Bierman E.	<i>Ver pad na Königsee</i>	21
Bosch R.	<i>Toe Maretha kom kuier</i>	30
Botes T.	<i>Anderkant môre</i>	29
Botes T.	<i>Olka bolka</i>	38
Botha M.C.	<i>Sluvoet</i>	17
Broekhuizen M.	<i>Wat sal die mense sê?</i>	5
Brown T.	<i>Geleentheid vir aasvoëls</i>	27
Cloete J.	<i>Kandidaat vir my hart</i>	29
Cloete J.M.	<i>Stoute kabouters</i>	29
Deist F.	<i>Pofadder en peddelford</i>	50
De Kock L.	<i>'n Mens kan 'n masjien nie vertrou nie</i>	36
De Kock R.	<i>Maar een keer in jou lewe</i>	29
De Kock R.	<i>Vallei van verlange</i>	30
De Villiers F.	<i>Jana van die Overberg</i>	17
De Vries A.H.	<i>Soms op 'n reis</i>	17
Du Pisanie S.	<i>Dierbare drosters</i>	21
Du Pisanie S.	<i>'n Nooi vir Omdraaikans</i>	10
Du Pisanie S.	<i>Sandroos uit Meob</i>	38
Du Plessis E.	<i>Blombas en wildekastaaiing</i>	46
Du Plessis P.G.	<i>Het olifante elmboë?</i>	44
Du Toit T.	<i>Die sesde Tryna du Toit-omnibus</i>	17
Eloff C.Z.	<i>Die duiwel se oë</i>	13
Goosen J.	<i>Louoond</i>	17
Gouws K.	<i>Niks verniet nie</i>	12
Griessel N.	<i>Die liefdespaljas van Kadot</i>	46
Griessel N.	<i>Katryntjie van Soebatsfontein</i>	21
Griessel N.	<i>'n Melodie vir Salomien</i>	21
Griessel N.	<i>'n Rebel van Kadot</i>	46
Griessel N.	<i>Veel meer as juwele</i>	38
Groenewald J.A.	<i>Die man wat aan migraine gely het</i>	27
Haarhoff P.C.	<i>Uit 'n ander wêreld</i>	17
Haasbroek P.J.	<i>Die jaar nul</i>	17
Hattingh R.	<i>Markus vermoed 'n verhaal</i>	45
Hendriks H.	<i>Dwaas is die hart</i>	30
Hendriks P.G.	<i>Portret van 'n keuse</i>	36
Holmes M.	<i>Die mooiste van Marjorie Holmes</i>	17
Howarth A.	<i>'n Pad vol dorings</i>	21



Jacobs D.	<i>'n Gas om middernag</i>	27
Jacobs D.	<i>'n Laksman op loer</i>	27
Jooste G.A.	<i>Blou sweet</i>	47
Joubert E.	<i>Engele in die son</i>	44
Joubert J.	<i>Die brose dans</i>	5
Joubert J.	<i>Suggestie van 'n somer</i>	5
Kilian M.	<i>Lied vir Lomien</i>	34
Kotzé T.	<i>Die vlugroep van die kelkiewyn</i>	40
Kruger C.	<i>Liewe Meneer</i>	29
Lambrecht I.D.	<i>Die Megawatt-eksperiment</i>	27
Le Roux A.	<i>Sleep vir jou 'n stoel nader</i>	17
Le Roux J.L.	<i>Die perdetemmer</i>	5
Le Roux du Toit A.	<i>'n Roos vir die Karoomeisie</i>	46
Leroux M.	<i>Dosyne dae, dosyne maande</i>	44
Lingua S.M.	<i>Skemeruur</i>	21
Marais A.	<i>Soos ons vergewe</i>	8
Martin W.	<i>Erfgenaam van die Fleur-de Lis</i>	21
Martin W.	<i>Gevaarlik mooi</i>	46
Martin W.	<i>Skemerbruid</i>	38
Marx C.L.	<i>Die bitter vrug</i>	29
Mathee D.	<i>Moerbeibos</i>	44
Morgan A.	<i>Goud in die skemer</i>	46
Munnik V.	<i>In die oog van die Nyl</i>	45
Murray E.	<i>Ena Murray-omnibus 8</i>	44
Murray E.	<i>Ena Murray-omnibus 9</i>	44
Murray E.	<i>Huise van klei</i>	44
Murray E.	<i>Senor die seerower</i>	25
Murray E.	<i>Ter wille van ons drome</i>	44
Murray E.	<i>Weerklank van die liefde</i>	30
Oberholzer L.	<i>Oase in die vreemde</i>	38
Olivier G.	<i>Ongerymdhede</i>	17
Pauw N.	<i>Blinde oordeel</i>	38
Pieterse A.J.	<i>Roep van die bergpatrys</i>	38
Pieterse E.	<i>My broer my skuld is betaal</i>	5
Phillips F.	<i>Die wilde kind</i>	15
Prinsloo B.H.	<i>Die maagd van Mispa</i>	5
Prinsloo K.	<i>Die hemel help ons</i>	45
Prinsloo M.J.J.	<i>Die meisie van Hooglied</i>	5
Richter R.d W.	<i>Die heer van diamante</i>	30
Spence E.	<i>Mooier as 'n droom</i>	21
Steenberg I.	<i>Die eensame genugtig</i>	17

Steyll B.	<i>'n Erfgenaam vir Otjinga</i>	21
Steyn I.	<i>Draaiboek vir geluk</i>	21
Steyn I.	<i>Somersrus se hartseer</i>	21
Stockenström W.	<i>Kaapse rekwisiete</i>	17
Strydom M.	<i>Die onvoorspelbare</i>	46
Strydom M.	<i>Die prys van ambisie</i>	21
Strydom M.	<i>Lente in April</i>	21
Strydom M.	<i>Somer van die wensfontein</i>	21
Swart F.	<i>'n Sirkus in die Steppe</i>	44
Swart L.	<i>Flonkering van Fyngoud</i>	21
Swart L.	<i>Huldig net die liefde</i>	46
Swart L.	<i>Jaag die sterre na</i>	38
Swart L.	<i>Cupido, ai tog ...</i>	21
Van Bergen M.	<i>Liefhê is vir altyd</i>	21
Van den Berg M.	<i>Liefde op huurkoop</i>	29
Van der Merwe C.	<i>Die sigeunerprinses</i>	10
Van der Merwe C.	<i>Huis, paleis, pandok</i>	21
Van der Merwe C.	<i>Vondeling sonder verlede</i>	46
Van der Mescht E.	<i>'n Bruid vir Akkedisbult</i>	10
Van Heerden E.	<i>Die biskop en die bul</i>	44
Van Nieuwenhuizen J.	<i>Die ligtoring</i>	10
Van Schalkwyk N.	<i>Lokaas vir 'n valkenier</i>	30
Van Schalkwyk N.	<i>Wie die gety kenter</i>	5
Van Tonder J.	<i>Is Sagie</i>	15
Van Wyk L.	<i>Knoeiery in die doderyk</i>	27
Van Wyk S.	<i>Vallei van verlange</i>	5
Van Zyl B.	<i>Die proefjaar van dokter Diana</i>	46
Venter F.A.	<i>Die ou man en die duif</i>	44
Venter R.	<i>Viskoppe</i>	36
Venter S.	<i>Kom dans, Klaradyn</i>	38
Wessels M.	<i>Vreemde paaie</i>	38

## 1988

Anker J.	<i>Die middernagfees</i>	44
Baker E.	<i>Die kwart-voor-sewe-lelie</i>	17
Bakkes M.	<i>By omdraai verby</i>	21
Aucamp H.	<i>Brandglas</i>	44
Bakkes M.	<i>Kortverhale</i>	5
Barnard C.	<i>Klopdisselboom</i>	44
Barnard C.J.	<i>Die vyf swemmers</i>	44

Bergh R.	<i>Vuur vir 'n koue skemer</i>	21
Beukes D.	<i>Die liefde loop 'n ompad</i>	21
Beukes D.	<i>Kamberg se kinders</i>	21
Bierman E.	<i>Baas van die buurplaas</i>	30
Bierman E.	<i>Die duwweltjie draai om</i>	5
Bierman E.	<i>Strand van die stormwinde</i>	30
Blignaut A.	<i>Oulap se rooi</i>	44
Botha M.C.	<i>Zambezi</i>	17
Bouwer A.	<i>Die afdraend van die pad</i>	44
Bridges I.	<i>Kinders van Akkerstraat</i>	46
Brink A.P.	<i>Die eerste lewe van Adamastor</i>	40
Brown T.	<i>Wat jy saai sal jy maai</i>	27
Calitz H.	<i>Ter wille van 'n beter lewe</i>	5
Calitz-Bekker R.	<i>Die fees van Sita</i>	21
Calitz-Bekker R.	<i>Liefste cupido</i>	46
Coetzee A.	<i>Liefdesvlug uit die winterland</i>	38
Coetzee A.	<i>Trapsuurtjies Le Roux</i>	5
Deist F.	<i>Die pomporelkonserter</i>	50
De Kock H.	<i>Joernaal van 'n winterjaar</i>	44
De Kock H.	<i>'n Kind vir Vier Oude Vrinde</i>	17
De Villiers H.	<i>Kreupel Cupido</i>	29
Du Pisanie S.	<i>Prins van die duine</i>	21
Du Plessis E.	<i>Ver pad na more</i>	38
Du Toit T.	<i>Die helder lied</i>	5
Du Toit T.	<i>Die sewende Tryna du Toit-omnibus</i>	17
Folscher J.	<i>Vlug na vryheid</i>	36
Gouws D.	<i>Die verloorder</i>	27
Gouws D.	<i>Sending selfmoord</i>	27
Gouws E.	<i>Die nuwe Adam</i>	29
Gouws K.	<i>Vir vandag en môre</i>	21
Griessel N.	<i>Met komplimente aan Kapokkie</i>	21
Griessel N.	<i>Vredeslied van Kavango</i>	21
Grobler M.	<i>'n Man soos Markus</i>	29
Groenewald J.A.	<i>Die Langebaan-moorde</i>	27
Haasbroek P.J.	<i>Voornagvlug</i>	17
Heine M.	<i>Ewig soos die sandsteenkranse</i>	27
Hendriks H.	<i>Waar die liefde heen lei</i>	30
Hendriks P.G.	<i>'n Koning vir die volk</i>	17
Henrico L.	<i>Die Sandra wat ék ken</i>	30
Jacobs D.	<i>Nag van vergelding</i>	27
Joubert E.	<i>Missionaris</i>	44

Kellerman G.	<i>Wie de hel het jou vertel?</i>	44
Kock N.	<i>Nooi van Marein</i>	29
Korsten P.	<i>Goudkorrels uit sandsteen</i>	5
Kotze G.D.	<i>Operasie breinspoel</i>	21
Kotze H.	<i>Beminde Isabel</i>	29
Kotze H.	<i>Die heerser van Curitiba</i>	29
Lambrecht I.D.	<i>Blindemol</i>	27
Landsberg L.	<i>Tok, tok, Alikurk</i>	5
Letoit A.	<i>Suidpunt-jazz</i>	11
Lingua S.M.	<i>Blom van Venesië</i>	21
Lingua S.M.	<i>Staan op my beminde; Son op die horison; 'n Lang, vreemde pad</i>	21
Lingua S.M.	<i>Wonder van die liefde</i>	46
Loock A.	<i>Bittersoet liefde</i>	29
Louw N.P. van Wyk	<i>Gedagtes vir ons tyd</i>	44
Louw P.	<i>'n Swaard vir sy viool</i>	29
Maartens M.	<i>Vlug van die Eden-mens</i>	5
Maritz E.	<i>Net die prik van 'n naald</i>	29
Martin W.	<i>Mademoiselle Lola</i>	38
Martin W.	<i>Meisie van Edelweiss</i>	5
Martin W.	<i>'n Sluier vir die rookop</i>	21
Martin W.	<i>Sabeldans</i>	46
Marx C.L.	<i>Die dood om middernag</i>	27
Morgan A.	<i>Bruid van die woestyn</i>	44
Morgan A.	<i>Gister se drome</i>	21
Morgan A.	<i>Lied van die woestynwind</i>	29
Murray E.	<i>Ena Murray-omnibus 10</i>	44
Murray E.	<i>Kinders van Kis</i>	44
Murray E.	<i>Soekers na die son</i>	44
Pauw N.	<i>As die wit duif vlieg</i>	38
Pauw N.	<i>Die laaste profeet</i>	21
Pienaar C.	<i>Die spieëlkepetch</i>	17
Pieterse A.J.	<i>Liefde is 'n klagstaat</i>	38
Pieterse A.J.	<i>Tussen die waboomrante</i>	13
Phillips F.	<i>Theresa se droom</i>	17
Potgieter E.F.	<i>Ervarings op my voetslaanpad</i>	21
Rautenbach F.	<i>Mot deur mot</i>	49
Roux A.	<i>Onrus op Bosfontein</i>	27
Schumann A.	<i>Liewe patat</i>	17
Steyn I.	<i>Arend en sy bokkie</i>	21
Steyn I.	<i>Brand van die hart</i>	46

Steyn I.	<i>Drie ridders vir drie rooikoppe</i>	46
Steyn I.	<i>Meisie aan 'n tou</i>	21
Steyn P.	<i>Angeliere vir 'n rooikop</i>	29
Strydom M.	<i>Die grootste trougeskenk</i>	21
Strydom M.	<i>Die kruis van vooroordeel</i>	38
Strydom M.	<i>Meester van die spel</i>	30
Strydom S.	<i>Die liefde bedek alles</i>	21
Swart I.L.	<i>Op wieke van die wind</i>	38
Swart L.	<i>Impulsiewe harte</i>	21
Swart L.	<i>Na die hart se klop</i>	21
Swart S.J.	<i>Gister, vandag en dan môre</i>	5
Van der Merwe C.	<i>Elvira van Aberdeel</i>	21
Van der Merwe C.	<i>Erfgenaam van Skuilkrantz</i>	46
Van der Westhuizen I.	<i>Die liefde oorwin altyd</i>	46
Van Heerden E.	<i>Liegfabriek</i>	44
Van Nieuwenhuizen J.	<i>Vir jou wens ek ...</i>	46
Van Tonder M.	<i>Die vloed</i>	17
Van Zyl B.	<i>Dokter Constant en die jolprinses</i>	30
Van Zyl B.	<i>Dokter Rocco en die vlinder</i>	30
Vermaak F.	<i>Uit die oog</i>	29
Vermeulen R.	<i>Tussen vier mure</i>	38
Visser L.	<i>Dissipels van Satan</i>	27
Wardeck A.	<i>Die ligdraer</i>	46
Way R.	<i>Tuin van die liefde</i>	44
Wessels M.	<i>Een lyk maak dit moord</i>	38

## 1989

Anthony L.	<i>Skat van die Namib</i>	36
Aucamp H.	<i>Kommerkrale</i>	44
Bakkes M.	<i>Kroniek van die sewe blou waens: die kort lewe van Gerrit Maritz</i>	44
Bergh R.	<i>Liefdeslewe vir 'n marmerhart</i>	21
Bierman E.	<i>Koue water en kaviaar</i>	36
Bierman E.	<i>Liefste Lelani; En gister gaan verby; 'n Stadsjapie vir Pafuri</i>	21
Bierman E.	<i>Met vlieënde vaandels</i>	21
Bierman E.	<i>Rooikop te koop</i>	46
Boshoff M.	<i>Die hart se dieper dors</i>	5
Calitz-Bekker J.	<i>Kwacha vir 'n bruid</i>	5
Calitz-Bekker R.	<i>Sjamaan van die verlore stad</i>	21

Coetzee A.	<i>Ontembare rebel</i>	46
Coetzee J.	<i>Haar vreemde sending</i>	21
Deist F.	<i>Bom appeltiet</i>	50
Deist F.	<i>Klippe in my kerkskoen</i>	44
De Kock H.	<i>Seisoen van die skimmelson</i>	5
De Kock H.	<i>Uur van die sewester</i>	17
De Kock H.	<i>Windspoor</i>	44
De Villiers S.	<i>Kaviaar vir 'n kameraad</i>	36
De Vries A.H.	<i>Nag van die clown</i>	17
Du Pisanie S.	<i>Die meisie van Toekomspoort</i>	21
Du Pisanie S.	<i>Toe kom Klaartjie</i>	21
Du Toit T.	<i>Omnibus 8</i>	17
Ferreira J.	<i>Die mummies, die pappies, die boeties, die sussies</i>	17
Gilfillan J.M.	<i>Van stiltes en stemme</i>	17
Gouws D.	<i>Drie dae in Desember</i>	36
Griessel N.	<i>Bewaar die knikkertjie</i>	46
Griessel N.	<i>Geliefde voog; Die liefde van Tallie; Die dogter van Tallie</i>	21
Griessel N.	<i>Tolbos van verlange</i>	21
Griessel N.	<i>Tussenspel op Weltevrede</i>	21
Groenewald J.A.	<i>Operasie Oenahab</i>	36
Grové H.	<i>In die kamer was 'n kas</i>	44
Hendriks H.	<i>Bitter die smaad</i>	36
Hendriks H.	<i>Nog huil die wildernis</i>	36
Hendriks P.G.	<i>Anna Rudolphus</i>	17
Hendriks P.G.	<i>Portret van keuse</i>	36
Henning N.	<i>Die goue oomblik</i>	5
Henning N.	<i>Skadu voor die son</i>	5
Howarth A.	<i>Net 'n handvol liefdeskrummels</i>	46
Joubert J.	<i>Fluistergesprekke</i>	17
Joubert J.	<i>Swaard tussen die penvere</i>	38
Kalmer H.	<i>Die waarheid en ander stories</i>	45
Kemp A.H.	<i>Geld vir 'n heenreis</i>	46
Kirsten C.	<i>Stormbaai</i>	21
Kotze E.	<i>Die prys van Vogelsang</i>	5
Kotze G.D.	<i>Operasie defeksie</i>	21
Krige U.	<i>Na die Maluti's</i>	17
Lambrecht I.D.	<i>Sleurstroom</i>	36
Letoit A.	<i>Suidpunt-jazz</i>	15
Lingua S.M.	<i>Altyd weer die liefde</i>	46

Lingua S.M.	<i>Somer in Portugal</i>	38
Luus M.	<i>Miskruierongemak</i>	5
Maartens M.	<i>Een ligjaar</i>	5
Maartens M.	<i>Koms van die wolf</i>	5
Mans W.	<i>Angelierstraat</i>	21
Mans W.	<i>Soos die somer van 'n swaeltjie</i>	21
Marais P.	<i>Koms van die erfgenaam</i>	36
Martin W.	<i>Die Franse goewernante</i>	21
Martin W.	<i>Serenade vir Sarita</i>	5
Martin W.	<i>Tieroog</i>	5
Marx C.L.	<i>Erfporsie van vrees</i>	36
Muller E.	<i>Verhale en essays 1942-1981</i>	44
Murray E.	<i>Appelbloeisels en jasmyn</i>	44
Murray E.	<i>Ena Murray-omnibus 11</i>	44
Murray E.	<i>Ena Murray-omnibus 12</i>	44
Murray E.	<i>Erf dan my drome</i>	44
Murray E.	<i>'n Malva in Vinkelstraat</i>	54
Murray-Theron E.	<i>Wie is jy, Elisabeth?</i>	44
Nortje P.H.	<i>Korsies van growwebrood</i>	44
Oberholzer L.	<i>Lushof se prinsessie</i>	21
Penzhorn A.	<i>Saron</i>	17
Pieterse A.	<i>'n Kêrel vir die Boetebosfontein-nooi</i>	46
Prins N.	<i>Die ontmaskering</i>	52
Prinsloo M.	<i>By waters waar vrede is</i>	38
Prinsloo M.	<i>Laat vreugde</i>	5
Rall H.	<i>In die tyd van die uil</i>	17
Rawlins A.J.B.	<i>Iemand werk daar</i>	5
Rawlins A.J.B.	<i>Kontak landmyn lokval</i>	5
Roos K.	<i>Wenners</i>	21
Snyman A.	<i>Die arkbouer</i>	17
Spence E.	<i>Die meisie van Kaapland</i>	5
Steyn C.	<i>Moord op Brandvlei</i>	33
Steyn E.	<i>Die vlug van Francois du Buis</i>	36
Steyn I.	<i>'n Kaapse droom</i>	21
Strauss F.	<i>'n Man vir Marina</i>	36
Strydom C.	<i>Meisie by die wilgers</i>	36
Strydom M.	<i>Die hoogste offer</i>	38
Strydom M.	<i>Huis van dwalinge</i>	21
Strydom S.	<i>Geluk loop 'n bittersoet pad</i>	21
Strydom S.	<i>'n Mooier môre</i>	21
Swart L.	<i>Pandora op die plaas</i>	21

Theron J.	<i>Die liefdeseisoen</i>	21
Tulleken A.	<i>Geheim van die Maledive-eilande</i>	46
Van den Berg M.	<i>Die sonsoekers</i>	21
Van den Berg M.	<i>Goewernante vir Bergplaas</i>	36
Van der Merwe C.	<i>Die moordenaar wat liefgehad het</i>	44
Van der Merwe C.	<i>Heks van die Reënboogwoud</i>	21
Van der Merwe C.	<i>Kruistog van 'n vrou</i>	38
Van der Merwe C.	<i>Ter wille van Klein Eden</i>	38
Van Niekerk A.A.J.	<i>Kloutjie by die oor</i>	26
Van Nieuwenhuizen J.	<i>Fonteine in die laagte</i>	46
Van Schalkwyk N.	<i>Ringband van verraad</i>	21
Van Tonder J.	<i>Die kind</i>	15
Van Waart S.	<i>Swartberg en sy mense</i>	21
Van Wyk S.	<i>Skuiwergat vir geluk</i>	21
Van Zijl A.	<i>'n Meisie ver bo korale</i>	36
Van Zijl A.	<i>Tussen son en aarde</i>	21
Van Zyl I.	<i>Man in die skadu</i>	5
Venter C.J.	<i>Geheim van die meisie op die rots</i>	36
Vermeulen R.	<i>Die stormnagdroom</i>	38
Visser A.	<i>'n Sieraad vir Soetdorings</i>	21
Visser L.	<i>Gelouterde liefde</i>	46
Wardeck A.	<i>Kain se broer</i>	38
Wessels M.	<i>Wie laaste lag</i>	38

**Sleutel:**

- |                          |                                |
|--------------------------|--------------------------------|
| 1 = Abundant life        | 2 = Academica                  |
| 3 = Boekor               | 4 = Christelike lektuursentrum |
| 5 = Daan Retief          | 6 = Dagbreek-Boekkring         |
| 7 = De Jager-Haum        | 8 = Dibukeng                   |
| 9 = Educum               | 10 = Eike-Boekklub             |
| 11 = Ena Murray Boeke    | 12 = Femina                    |
| 13 = Folio Uitgewers     | 14 = Fonteine                  |
| 15 = Haum-literêr        | 16 = Hermit                    |
| 17 = Human & Rousseau    | 18 = Ignescio                  |
| 19 = In die kol-Boekklub | 20 = John Malherbe             |
| 21 = JP van der Walt     | 22 = Juta                      |
| 23 = Juventus            | 24 = Kabelkarnimfe             |
| 25 = Keurbiblioteek      | 26 = Klipbok-uitgewers         |
| 27 = Klub 707            | 28 = Klub-Dagboek              |
| 29 = Klub Dagbreek       | 30 = Klub Saffier              |
| 31 = Lubbe               | 32 = Mostertsaad Christelike   |
| Uitgewers                | 33 = Nemesis                   |
| 34 = NG Kerkboekhandel   | 35 = Ons eie boekklub          |



- |                               |                           |
|-------------------------------|---------------------------|
| 36 = Perskor                  | 37 = PJ de Villiers       |
| 38 = President                | 39 = Pronk-Boekklub       |
| 40 = Saayman en Weber         | 41 = Siesta Publikasies   |
| 42 = Sirkel Publikasies       | 43 = Stet                 |
| 44 = Tafelberg                | 45 = Taurus/Minotaurus    |
| 46 = Treffer-Boekklub         | 47 = Triolit              |
| 48 = Uitgewer Oranje          | 49 = Unibook              |
| 50 = Van Schaik               | 51 = Verenigde Geref Uitg |
| 52 = vertroosting Publikasies | 53 = Vrou Elegant         |
| 54 = Waterkant Uitgewers      |                           |

**ADDENDUM B****OPSOMMINGS VAN DIE 51 GEKOSE TAGTIGERTEKSTE**

Van die 51 tekste wat deur die gekose tagtigerskrywers tydens die tagtigerjare geskryf is, is 26 tekste kortverhaalbundels en 25 tekste romans (ek beskou 'n *Wêreld sonder grense* as 'n novelle wat dus by romans ingereken moet word). By kortverhaalbundels sal die titelverhaal of eerste verhaal in die bundel as eksemplaar van die geheel bespreek word, hoewel 'n paar kortverhaalbundels 'n groot verskeidenheid onderwerpe aansny. Vervolgens kort opsommings - in alfabetiese (en chronologiese) volgorde volgens die negentien skrywers se vanne - van elkeen van hierdie tekste:

**Die hartklop van gevoel M.C.Botha**

In die meeste van die 17 kortverhale in Botha se debuutbundel word interaktiewe verhoudings tussen mans en vrouens ondersoek. Die laaste verhaal in die bundel word as teenoorgestelde pool vir die eerste verhaal gestel, as die verhaal van 'n tikster by die SAUK en 'n hofverslaggewer wat elke dag met mekaar oor die foon praat en dan besluit om mekaar te sien, eers uit die vroulike en dan uit die manlike perspektief verwoord word.

**Skertse M.C.Botha**

In die 12 kortverhale word die Suid-Afrikaanse problematiek tydens die apartheidsregime indringend ondersoek. In die eerste verhaal, "Die kort lewe van 'n gemiddelde man", word die lewe van 'n, volgens die verteller, *gewone* Suid-Afrikaner in beskouing geneem. Hy word in die apartheidsera groot, ontwaak seksueel en beland ná skool toevallig op die grens waar hy "aan die verkeerde kant van vryheid" sneuwel.

**Die prys wat jy moet betaal M.C.Botha**

Die titelverhaal in hierdie bundel met 12 kortverhale handel oor Lukas, 'n onbelangrike skrywer wat sy hele lewe lank gepoog het om Die Groot Boek te skryf. In die proses

moes hy talle dinge prysgee om sy doel te verwesenlik. Aan die einde van die verhaal slaag hy, m.b.v. sy vrou se ondersteuning, om sy droom te verwesenlik. Ook in die ander verhale word alledaagse mense met gewone behoeftes aan die woord gestel.

#### **Die einde van 'n kluisenaar se lewe M.C.Botha**

Die hoofkarakter in die titelverhaal is 'n kluisenaar wat aanvanklik nie belangstel in wat in die wêreld om hom aangaan nie, maar wel in die natuur wat hy kan waarneem. As hy nuwe bure kry en betrokke raak by hulle lewens, besef hy dat mense bestem is om mekaar te help. Dan raak hy verlief op sy buurvrou en dié liefde lei tot groot konflik. Die bundel bestaan uit 14 kortverhale.

#### **Bome van kennis en ander verhale M.C.Botha**

Die twaalf kortverhale in dié bundel dek 'n wye verskeidenheid onderwerpe. In die titelverhaal plant 'n vrou 'n boom. Haar obsessie met die beveiliging daarvan, en ander bome wat later geplant word, word 'n rebellie teen die onvolmaaktheid van die menslike bestaan: 'n rebellie wat beëindig word as die vrou self boom word en sodoende "kennis" opdoen.

#### **Sluvoet M.C.Botha**

Hierdie roman is 'n humoristiese spel met die politiek en die apartheidsamelewing waarin 'n surrealistiese dekonstruksie van die sosiale werklikhede in Suid-Afrika deurgaans plaasvind. Verskeie bekende politieke leiers word gehekkel terwyl 'n Afrikaanse vryskut-fotograaf, 'n Zoeloe lyfwag en Sluvoet, verteenwoordiger van die bose of die onderbewussyn, op 'n reis deur 'n vreemde, maar ook bekende, wêreld beweeg.

### **Die waarheid gelieg T.T.Cloete**

In hierdie prosabundel met 22 kortverhale kom die waarheid-leuen motief deurgaans voor. In "Die vraag antwoordlieg" gee Hermien 'n tuisgebakte brood aan haar baas, prof Antonius, wat vergeet om dit saam te neem huis toe. Sy ontstel haar omdat hy "dankie gelieg" het, en weer 'n leuen vertel as hy sê hoe lekker dit was. Hermien huil "oor die vraag wat 'n leuen was ... oor die vrae wat antwoorde is, die vrae wat lieg".

### **Sitate om 'n rewolusie Jeanette Ferreira**

Jeanne is 'n blanke dosent aan 'n swart universiteit. Sy is pas deur 'n aborsie en probeer haar lewe regruk. Stadigaan raak sy betrokke by twee mense: 'n getroude joernalis en Dawn, 'n swart student en verloofde van die opstoker van onrus op die kampus. In albei verhoudings huiwer sy tussen betrokkenheid en onbetrokkenheid by haar nuwe vriende se leefwêreld. Onderliggend aan hierdie kontroversiële verhoudings is die verteller op soek na haar eie identiteit in 'n veranderende samelewing.

### **Die mammies, die pappies, die boeties, die sussies**

**Jeanette Ferreira**

Hierdie bundel bevat nege postmodernistiese kortverhale waarin vrouwees en politieke protes telkens aangeraak word. In "Die Candlelight Protests" vertel 'n kleurlingverteller van die 1976 opstande. Een nag het almal - swart én wit - met kerse na Kaapstad marsjeer. Hierdie optog was, volgens die verteller, die begin van 'n tydperk waarin mense begin glo het dat die polisie nie meer die mag het om die volk se wil te onderdruk nie.

### **'n Kat in die sak Jeanne Goosen**

Goosen se bundel met 10 kortverhale beeld 'n groot verskeidenheid menslike situasies uit. Tog handel al die verhale oor insidente uit gewone, soms minderbevoorregte,

mense se lewens. In die titelverhaal "n Kat in die sak" vind twee eensame oujongnooiens 'n straatkat en neem dit aan as troeteldier. As hy skielik sterf, besluit hulle om hom ordentlik te begrawe, maar die sak met die dooie kat daarin word deur kwaaijongens gesteel. Hulle volg 'n lykstoet en treur oor die kat, maar ook oor alles waaroor hulle nog altyd wou huil.

### **Louoond Jeanne Goosen**

Op die musiek van Maria Callas as agtergrond en die geselskap van haar buurvrou, die Armeense vrou, verwoord die verteller in haar kombuis haar eie filosofieë oor die lewe. Skoonheid word gekontrasteer met vlieë, hondemis en menslike uitskot. Dit lei daartoe dat sy besluit niks in die lewe is meer skoon en onaangetas nie.

### **Uit 'n ander wêreld P.C.Haarhoff**

In dié kortverhaalbundel met 12 verhale ondersoek die vertellers die werklikheid telkens vanuit 'n wetenskaplike perspektief. In die titelverhaal verkeer die verteller in gesprek met 'n orangoetang en twee kabouters in die dieretuin. Die verteller kom tot die insig dat, as hy vrede wil hê, dit van binne'n mens af moet kom. Dit is die hoogste vorm van innerlike vryheid. Ten spyte van die wetenskaplike agtergrond waarteen hierdie verhale afspeel, word 'n sterk menslike inslag in hierdie bundel aangetref.

### **Die tunnel Ryk Hattingh**

In dié humoristiese novelle word die draak gesteek met die verengende effek wat burokrasie op staatsamptenare kan hê. Tomas Johannes van Aarde, beampte by die Departement van Departemente, besluit om 'n tunnel te grawe op soek na vryheid uit 'n wêreld vol sirenes, godsdien, politiek en geweld. Omdat elkeen met wie hy in aanraking kom vasgevang is in hulle eie wêreldjies vol eiesoortige probleme, verstaan hulle egter nie wat hy probeer doen nie.

### **Markus vermoed 'n verhaal Ryk Hattingh**

Figar Figari is 'n skrywer wat wag vir 'n verhaal om neer te skryf. Sy wagtydperk word gevul met die onthou en neerskryf van gefragmenteerde momente in sy eie en bepaalde "vriende" se lewens. Weermagbeelde, seksuele verhoudings en geweld wissel mekaar af. Die skryfproses word 'n poging tot heling (p.69), 'n voortdurende strewe om sin te probeer maak in 'n verwarrende wêreld.

### **Wie de hel het jou vertel? Gawie Kellerman**

Dié kortprosadebuut met 29 kort-kortvertellings het meestal met die wreedhede en gevoelloosheid tydens 'n oorlog te make. In "van 'n terroris" word 'n swart baba gekoppel aan 'n handgranaat in 'n weermagbuffel gevind. Dieselfde onderbeklemtoonde manier waarop die ontknoping in dié verhaal plaasvind, is deurgaans in al die verhale aanwesig.

### **Halfkroner vir die nagmaal E.Kotze**

Kotze se prosadebuut met nege kortverhale beeld die harde lewe van verskeie Weskusinwoners uit. In "Halfkroner vir die nagmaal" gaan Frits, 'n arm, taai seun kreef vang in Suidwes. Ná vele ontberinge keer hy terug, gee al sy geld aan sy pa en vra hom geld om by die kerkbasaar te spandeer. Sy pa besluit egter hy moet eerder rus en gee hom net een halfkroon. Terleurgesteld besef Frits dat dit te min geld is en word gedwing om eerder te gaan slaap.

### **Silt van die aarde E.Kotze**

Met haar tweede kortverhaalbundel met nege kortverhale gebruik Kotze 'n wye verskeidenheid karakters. In "Silt van die aarde" moet Joos, 'n negejarige seun, by Oom Piet en Tant Fyta gaan bly om skool toe te gaan. Hier kom hy in aanraking met die soutpanbewerke en die vissermanne. Ten spyte van onderlinge struwelinge speel godsdiens 'n belangrike rol in hierdie arm mense, "die silt van die aarde", se lewens.

### **Die skerpskutter Louis Krüger**

Malcolm Owen is 'n skerpskutter in Belfast, Ierland, waar hy vir die vryheid van Noord-Ierland veg. Geweld omhul sy lewe: hy skiet per ongeluk 'n onskuldige seun dood en verwond doelbewus iemand wat 'n meisie verkrag het. Stelselmatig word hulle groep geïnfiltreer en sy eie posisie word onhoudbaar. In plaas daarvan om te vlug, gaan hy saam met sy stiefsuster na die Katolieke Mis, waar hy deur die Protestante voorgelê en tereggestel word.

### **'n Basis oorkant die grens Louis Krüger**

Sewe soldate word tydens die grensoorlog na Mosambiek gestuur om 'n vyandelike ammunisie-opslagplek uit te wis. Tydens 'n hinderlaag sterf hulle bevelvoerder. Dan, as 'n tipe astrale verteller, vertel die gevalle soldaat (wat orals saamgedra word) die verhaal van die ses oorblywende soldate se lotgevalle as hulle terugvlug na Suid-Afrika. Stelselmatig, op pad na die grens en vryheid - en te midde van die oorlog wat van almal gewelddoeners maak - leer hulle hulself en hulle makkers ken.

### **Te hel met ouma! André le Roux**

Op die titelblad word hierdie werk as 'n fotoverhaal beskryf (hoewel daar geen foto's in die teks voorkom nie!) Die losse verhaallyn strek oor 12 hoofstukke, waartydens bv. die gebruik van reële items soos 'n aantal aanhalings en 'n kalender die postmodernistiese verhaalstruktuur daarstel. Surrealistiese situasies word beskryf as die verteller sy ouma soek en vind en hulle verskeie ervarings deel.

### **Sleep vir jou 'n stoel nader André le Roux**

In hierdie bundel word 21 kortverhale uit die oogpunt van 'n verslaggewer geskryf. In "Hulle vang jou eers", word 'n aanduiding gegee wat gebeur met iemand wat tydens onluste op die halssnoermetode vermoor word, asook watter metode die polisie gebruik

om oproerige skares in bedwang te bring. Die vraag-en-antwoord metode skep die indruk dat die verhaal inderdaad werklikheidsgetrou is.

### **Nou's die Kaap weer Hollands André Letoit**

In Letoit se prosadebuut met 13 kortverhale word satiries, maar ook vol vreugde, na menslike betrokkenheid by hulle sosiale omgewings gekyk. In "Dominee met verlof" gaan Daniël, 'n jong, onkonvensionele predikant, na Johannesburg om sy lewe in heroënskou te neem. Dié aand ontmoet hy vir oubaas Kantelburg, 'n vertroueling van sy Kweekskool-dae af. Hy kom tot die insig dat hy en ander teoloë ook *mense* is. Dié selfinsig laat hom gelukkig voel.

### **My nooi is in 'n tikmasjien André Letoit**

In hierdie bundel met 14 kortverhale is die skrywer op 'n humoristiese wyse besig om na die wêreld te kyk. In "My nooi is in 'n tikmasjien" is die hoofkarakter 'n skrywer wat nie veel aandag skenk aan sy tikster (wat op hom verlief is) nie. Dan begin sy 'n storie skryf, maar dit bestaan net uit geluide want, volgens haar, meen hy dat sy 'n masjien is en tree sy daarom soos een op.

### **Somer II André Letoit**

Hierdie roman kan as parodie op C.M.van den Heever se *Somer* gesien word. In dié collage-roman word van drie deurmekaar-vloeiende vertelperspektiewe gebruik gemaak om die verhaal te vertel. 'n Ryloper, wat besig is om 'n roman te skryf, word met 'n inbreker verwar en in die tronk opgesluit waar sy roman deur die polisieersant gelees word. Tipiese postmodernistiese kenmerke kom in die roman voor, maar die styl bly deurgaans humoristies.



### **Breekwater en ander kortverhale André Letoit**

Heelwat van die 12 kortverhale in dié bundel spreek die sin van die lewe aan. In "Breekwater" bly 'n arm Afrikaanse skrywer tussen 'n klomp Engelssprekendes in 'n woonstel in Seepunt. Hy droom dat hy die beste Afrikaanse boek wat nog geskryf is, kan skryf "waarin ek sê dat my taal en my murg nog lewe". Vitaliteit en 'n dringendheid om die lewe te lééf straal uit hierdie, en ander, verhale in die bundel.

### **Suidpunt-jazz André Letoit**

Hierdie "jazz"-roman word as "alternatiewe Groot Trek-roman" met aspirasies as "die Groot Afrikaanse Roman" (flapteks) aangedui. In die roman ontwerp Timo Bezuidenhout, dosent in geskiedenis en geswore Marxis, 'n tydmasjien waarmee hy teruggaan in die geskiedenis - o.a. na wanneer Jan van Riebeeck aan die Kaap gearriveer het. In die proses word voortdurend die draak gesteek met baie bekende Suid-Afrikaanse politieke persoonlikhede.

### **'n Huis vir Nadia Dalene Matthee**

Nadia Hamman word as kind deur welsynsbeamptes van haar broer, Kella, geskei en hulle word apart grootgemaak. Tog koester sy die belofte wat sy gemaak het om eendag vir hom 'n ordentlike tuiste te skep. Sy begin om as klerk by die bank op Dalmanskraal te werk en ontmoet vir Rex de Waal, 'n ryk jong man wat dadelik in haar geïnteresseerd word. In die proses begin verskeie mense druk op haar te plaas om hulle te help. *'n Huis vir Nadia* is as ontspanningsroman Matthee se prosadebuut.

### **Die Judasbok Dalene Matthee**

Met "Die Judasbok", die eerste van 11 kortverhale in die bundel, kom Karel ná tien jaar se afwesigheid sy kleurlingma, Ou Bet Philander, groet. Hy wil hom saam met 'n blanke meisie oorsee gaan vestig. Sy bitterheid teenoor die blankes veroorsaak konfrontasie wat op die spits gedryf word as hy sy ma uitdaag om 'n blanke erediens by te woon. As

sy dié uitdaging aanneem en deur die koster die deur gewys word, strompel sy leeg en gestroop by die kerk uit.

### **Petronella van Aarde, burgemeester Dalene Matthee**

Ná 'n lang afwesigheid in die buiteland keer Zerk Raubenheimer na sy tuisdorp terug en verneem dat die burgemeester dood is en Petronella van Aarde as nuwe burgemeester verkies is. Dit lei tot groot onmin tussen die Raubenheimers en Petronella. Hierdie populêre roman word op sy flapteks beskryf as 'n "lekkerleesverhaal" met "iets vir elkeen".

### **Kringe in 'n bos Dalene Matthee**

In die eerste van Matthee se drie bosboeke kom Saul Barnard, 'n arm boswerker, aan die einde van die negentiende eeu in die Knysnabos in opstand teen die gewetenlose houtkopers, en veral MacDonald op wie se dogter Kate hy verlief raak. Saul besluit om die olifant Oupoot te skiet voor hy finaal uit die Bos padgee. Sy soektog na Oupoot word 'n soektog na klaarheid oor kwelvrae wat hy as uitgewekene moet oplos voor hy van die Bos "bevry" sal wees.

### **Fiela se kind Dalene Matthee**

Benjamin Kamoetie is 'n blanke weggooi-kind wat deur kleurlinge grootgemaak word. Op twaalfjarige ouderdom word hy aan blanke boswerkers gegee en moet as Lukas van Rooyen leer om homself in 'n wrede omgewing te handhaaf. As jong man vlug hy weg uit die bos en vestig hom in Knysna, waar hy vir John Benn se span begin roei. Hier moet hy sekerheid kry oor sy eie identiteit en besluite neem oor sy verhouding met Nina, sy "suster" en of hy weer moet terugkeer na sy gekleurde "familie".

### **Moerbeibos Dalene Matthee**

Silas Miggel woon saam met sy dogter Mirjam op kroongrond en probeer om hom nie met ander mense se sake te bemoei nie. Op 'n dag daag 32 Italiaanse sywurmboere, wat onder die wanindruk verkeer dat die bos uit moerbeibome bestaan, by sy huis op. Hy word gedwing om hulle te help ten einde sy eie grond te bekom, maar poog om die Italianers weg te kry van hom en sy dogter af. Sake word ingewikkelder as Mirjam swanger raak en hy met die gereg bots.

### **Die horlosie se wysers val af Fransi Phillips**

Phillips se debuut bestaan uit 51 kort prosastukke waarin werklikheid en fiksie onlosmaaklik verbind word. (In nr.17 sê die verteller bv.: "Die werklikheid bestaan uit 'n reeks drome".) In die prosastukke word na werklike plekke, straatname, gebruiksgoedere ens. verwys, maar die werklikheid word voortdurend gemanipuleer as mense, diere en voorwerpe na willekeur getransformeer word.

### **sewe en sewentig stories oor 'n clown Fransi Phillips**

In hierdie eksperimentele prosawerk met 77 kort prosastukkies ("stories") word werklikheid en illusie skynbaar lukraak vermeng. Die hoofkarakter is 'n clown wat rondtrek en vreemde ervarings beleef. Omdat die eerste (en twee laaste) "stories" reeds gedeeltelik in *Die horlosie se wysers val af* voorkom, kan die teks moontlik as voortsetting van Phillips se vorige teks beskou word.

### **Die wilde kind Fransi Phillips**

'n Beeldhouer wat in Londen bly hoor 'n stem wat hom na Afrika toe lok. Hy gaan vestig hom in Botswana waar hy beeldhouwerke maak. Daar raak hy betrokke by 'n operasanger wat geboorte skenk aan 'n kind wat as veldmens wild grootword. Na die operasanger se dood tydens 'n brand, versorg hy die kind wat - gepreokkupeerd met

vuur - gedurig brande stig. Sy leef in 'n fantasiewêreld, wat dan ook ten einde haar dood tydens 'n veldbrand veroorsaak.

### **Theresa se droom Fransi Phillips**

In hierdie verhaal, wat op die flapteks beskryf word as "die verhaal van 'n droom. 'n Droom van 'n verhaal", reis 'n skrywer deur Suid-Afrika en kom in aanraking met 'n meisietjie. Hy droom oor haar en hierdie droom word 'n verhaal. Theresa, die meisie, woon by haar broer en nare skoonsuster wat haar afknou. By 'n dwerg kry sy 'n sakkie vol diamante wat sy dan gebruik in 'n poging om haar drome te laat realiseer.

### **Jonkmanskas Koos Prinsloo**

In Prinsloo se debuutbundel met 10 kortverhale word menslike (veral manlike) swakhede en weerloosheid uitgebeeld. In "Jonkmanskas" gee die verteller se ouma haar man se opgetekende geskiedenis in Kenia aan hom en vra hom om dié se jeugervaringe persklaar te maak. Hierin lees die verteller van 'n jong man wat swaargekry het, maar "manlike" dinge gedoen het. As parallel vir sy oupa se "manlike" dade, besluit hy om 'n jonkmanskas te koop.

### **Die hemel help ons Koos Prinsloo**

Prinsloo se tweede bundel bestaan uit nege kortverhale waarin joernalistieke en persoonlike ervaringe verwoord word. In die kortverhaal "Die hemel help ons" skryf die verteller 'n verhaal waarin hy die geweld wat die land teister aanspreek, maar vertel terselfdertyd sy eie verhaal. Hy begin om nog 'n storie op sy nuutgekoopte woordverwerker te skryf. Die storie begin egter om *homself* te skryf.

### **Sonneskyn en Chevrolet Dan Roodt**

Die verteller ontferm hom oor Fellatio, 'n dowe dwerg wat in 'n weeshuis grootgeword het. Tussen die dwerg en die verteller se ervarings deur, word kru weermagstories

vertel en seksuele dade verwoord. *Sonneskyn en Chevrolet* maak van tipiese postmodernistiese elemente gebruik: feitelike gegewens, sketse, die name van bekende plekke en datums, briewe, aanhalings, ens.

### **Twee sinne Dan Roodt**

Hierdie bundel bestaan uit 338 segmente waardeur telkens met twee sinne (volgens die flapteks) die filosofie, die grammatika en die erotiek betrek word. Nr.154 lui bv. soos volg: "Om te verbruik is ook om verbruik te word. Om te leef is ook om die lewe by jou te laat uitloop."

### **'n Wêreld sonder grense Alexander Strachan**

In hierdie kort debuutnovelle (of kortverhaalbundel) word die blootstelling van 'n jong man aan die weermag se verkenningvleuel tydens die grensoorlog (aanvanklik) baie realisties uitgebeeld. Weermagbelewinge en ervaringe tydens verlof wissel mekaar af, maar stelselmatig word die hoofkarakter, net soos Jock, sy eertydse bevelvoerder - asook sy pa vóór hom - afgetakel. Aan die einde van die verhaal word alle grense van normaliteit verbygesteek.

### **My Kubaan Etienne van Heerden**

'n Wye verskeidenheid onderwerpe word in Van Heerden se prosadebuut met 10 kortverhale aangetref. In "My Kubaan" word van 'n Kubaan vertel wat met 'n leiriem aan die verteller vasgemaak is. Hy voer gesprekke oor oorlog en geweld met sy gevangene, totdat dit aan die einde van die verhaal blyk dat die Kubaan nie bestaan nie, maar slegs 'n duidelike herinnering is aan 'n soldaat wat hy tydens die grensoorlog doodgeskiet het.

### **Om te awol Etienne van Heerden**

'n Soldaat wat sy naam en identiteit agterlaat, awol uit die weermagkamp op Voortrekkerhoogte. In die proses sny hy hom los van alle bande. Hy vlug na Kaapstad en gaan skuil, met 'n pruik op, in die YMCA in Tuine. Hier word hy ingetrek in die lewens van Marc, die oud Selous Scout wat aan bomskok ly, Kees, die skisofreniese digter, en Bets die nimfomaan. Dan begin hy planne maak om landuit te vlug, maar dié besluit lei tot groter probleme.

### **Toorberg Etienne van Heerden**

Magistraat van der Ligt word na die plaas Toorberg gestuur om die dood van Druppeltjie du Pisani te ondersoek. Hy het in 'n boorgat geval en is ná 'n paar dae oorlede. Die vraag wie skuldig is aan sy dood kry egter universele betekenis. Uiteindelik moet die magistraat aan sy hoofkantoor erken: "Ek bly u 'n antwoord, tot my innige spyt, skuldig" (p.181). Die gekompliseerde tematiese eksplorasie en vernuwende gebruikmaking van die plaasgegewe in *Toorberg*, bevestig dié roman as een van die belangrikste tekste in die moderne Afrikaanse letterkunde.

### **Liegfabriek Etienne van Heerden**

Die bundel met 10 kortverhale spreek 'n wye verskeidenheid ervaringe in die hedendaagse Suid-Afrika aan. In "Liegfabriek" is die verteller lid van 'n advertensie-agentskap wat 'n voorlegging aan Groot Bill, 'n belangrike kliënt, moet doen. Die spanning van die aanbidding en die vreugde as dit suksesvol is, word uitgebeeld. Dan, ná die afwagting verby is, word prostitute gehuur om die aand mee af te sluit.

### **Wit vis Jan van Tonder**

Thea Stander is 'n sielkundige wat in die gevangenis werk. Sy is egter ook betrokke in 'n lesbiese verhouding met Riana, maar soek sekerheid of sy daarmee moet

voortgaan. Dan raak sy bevriend met Christo Dreyer, 'n teoloog, wat haar geheim ontdek en poog om haar te help. As sy uiteindelik besluit om haar verhouding met Riana te verbreek, kom die waarheid op die lappe en sy verloor haar werk en haar pa se liefde.

### **Aandenking vir 'n vry man Jan van Tonder**

In hierdie bundel met 23 kortverhale word die geweld en wreedhede wat deel vorm van die alledaagse lewe van gevangenes uitgebeeld. In die titelverhaal moet 'n nuwe gevangene, Allies, twintig jaar tronkstraf uitdien. Hy sluk skeermeslemmetjies om in die hospitaal te beland en dan te probeer ontsnap. In dié proses beseer hy homself egter baie erg en die ou man wat hom gehelp het, bly teleurgesteld agter as hy hospitaal toe geneem word.

### **Is Sagie Jan van Tonder**

In hierdie verhaal word die verhouding tussen twee geestelikgestremde "kinders", Sagie en Ansie, aangespreek. Albei se ouers poog om hulle van die harde realiteite van die lewe te weerhou. Tog is hulle nie meer jonk nie: Sagie is 27 en Ansie 22; en word hulle ouers se besorgdheid 'n juk wat keer dat hulle 'n groter mate van selfstandigheid bereik. As Ansie se pa besluit om te trek, ontken Sagie die werklikheid wat hy nou in die gesig moet staar.

### **Die kind Jan van Tonder**

Amozolo is 'n Zoeloevrou wat swanger word, maar wat aanvanklik nie haar kind wil hê nie. Thandi soog haar kind en slaag op 'n slinkse wyse daarin om die kind te steel as haar eie seun sterf. Amozolo vlug met haar kind, maar word tot tronkstraf gevonnis as Thandi 'n klag van ontvoering aanhangig maak. Intussen word die kind groot en raak verlief op die dogter van die man wat sy pa se dood veroorsaak het.

### **Klaaglied vir Koos Lettie Viljoen**

Die verteller in dié debuutnovelle van Viljoen se man het haar verlaat om vir die onderdrukte (waarskynlik Swapo) te gaan veg. Sy bly alleen in 'n onversorgde huis agter en moet haar man se afskeid pynlik verwerk. Stelselmatig word sy al hoe meer betrokke by die lot van swart bedelaars en woon versetvergaderings by. Haar bestaan sentreer om fantasieë en doellose obsessies oor dit wat op haar erf gebeur.

### **Erf Lettie Viljoen**

In hierdie roman, net soos in Viljoen se vorige boek, word die stryd van 'n vrou (Bets) wat haar weg moet vind in 'n land met wie se politiek sy nie saamstem nie, belig. Bets en haar kind leef in 'n vervalende huis, terwyl 'n werklose swartman, Loe-wie, agter op die erf onder 'n klomp rommel bly. Hoewel Bets telkens vir Loe-wie vra om haar erf te verlaat, kom hy maar net weer terug. Om hulle word die geweld in die samelewing al hoe erger.



**ADDENDUM C****BELANGRIKE RESENSIES EN ARTIKELS OOR****'N WÊRELD SONDER GRENSE****Resensies en artikels oor die boek**

- |                    |       |   |
|--------------------|-------|---|
| -                  | 1984. | Alexander Strachan 'n Wêreld sonder grense. <i>Dolos</i> , (7) 3: 35-36.                              |
| Aucamp<br>Hennie   | 1984. | 'n Wêreld sonder grense: 'n dinamiese debuut. <i>Die Vaderland</i> , 1 Oktober: 12.                   |
| Bertyn L.I.        | 1984. | Om binne die grense te bly 'n Flapteks word 'n verklapteks.<br><i>Die Burger</i> , 20 September: 8.   |
| Brink<br>André P.  | 1984. | Strachan se pen sê iets bó die RN.<br><i>Rapport</i> , 21 Oktober: 16.                                |
| De Lange<br>Johann | 1985. | Tekste met poëtiese digtheid. 'n Wêreld sonder grense. <i>Ritsgids, Die Transvaler</i> , 27 Junie: 2. |
| Ellis Z.           | 1985. | Strachan, Alexander 'n Wêreld sonder grense. <i>Kaapse bibliotekaris</i> , (25), Junie/Julie: 25.     |

- Fourie 1984. SA's border war and an altered life.  
Herman *The Argus*, 31 Oktober: 22.
- Grové A.P. 1984a. Kortverhale getuig van vaardigheid.  
*Beeld*, 17 September: 12.
- Grové A.P. 1984b. Oorlogwerklikheid in taalvorm.  
*Oosterlig*, 24 September: 6.
- Pienaar Hans 1985. Blissful war. *Frontline*, April: 37.
- Prinsloo 1984. Strachan skep 'n brutale oorlog. Kalender  
Koos *Beeld*, 20 Augustus: 3.
- Rabie Jan 1984. SA parallels with Biblical Israel.  
*The Cape Times*, 28 November: 14.
- Robinson M. 1985. Strachan se wêreld het geen grense ...  
Kalender, *Beeld*, 8 Mei: 3
- Roos 1986. Van twee debute uit twee wêrelde.  
Henriette *Standpunte* 184, Augustus: 51-59.

Resensies en artikels oor die boek

- Smith Roger 1984. 'n Wêreld sonder grense.  
*The Daily News*, 16 November: 5.

- |                    |       |   |
|--------------------|-------|---|
| Smuts J.P.         | 1984. | 'n Sterk nuwe stem.<br><i>Die Burger</i> , 13 September: 13.                                      |
| Van Coller<br>H.P. | 1984. | Prosadebuut toon talent.<br><i>Die Volksblad</i> , 8 September: 6.                                |
| Van Zyl la         | 1985. | Tekste wis grense uit.<br><i>Die Suidwester</i> , 22 Februarie: 14.                               |
| Van Zyl la         | 1985. | Alexander Strachan 'n Wêreld sonder<br>grense. <i>Tydskrif vir Letterkunde</i> ,<br>Mei: 124-127. |

Resensies en artikels oor die film

- |                         |       |  |
|-------------------------|-------|--|
| -                       | 1987. | Age restriction on Afrikaans war film.<br><i>Pretoria News</i> , 10 November: 6.         |
